# Christosentriese prediking in die AP Kerk – ’n prakties-teologiese studie

Hendrik Schalk Willem Strauss

23348259

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Theologiae* in Homiletiek aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

**Studieleier:** Prof Dr J Bosman

**Medestudieleier:** Prof Dr FW de Wet

**Desember 2012**

# OPGEDRA AAN

wyle ds. Hannes Joubert

# VOORWOORD

"En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom" (Kol. 3:17).  Dit is my wens dat hierdie navorsingstuk ook tot eer van God sal strek en daarom is dit net gepas om aan die Hemelse Vader, die troue Verbondsgod, al die lof, eer, dank en aanbidding te bring.  "Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen", lui die ou gesang.  Uit volle bors kan ek saamsing!  Hy bewys egter hierdie genade van Hom op besondere maniere en deur besondere mense aan ons en daarom my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies:

- My pragtige vrou, Doreen en my dierbare twee kinders, Marla en Hendré.  Baie dankie vir die begrip en deurnis waarmee julle my ondersteun en verdra het gedurende hierdie twee jaar.  Ek is voorwaar geseënd.
- My ouers, Schalk en Marita Strauss en skoonouers, Theunis en Ansie Duvenhage, Thys en Daleen de la Rey, my broers, oumas en oupa, familie en vriende.  Ek weet dat ek en my gesin gedurig in julle gebede en gedagtes was.
- My studieleiers, proff. J. Bosman en F.W. de Wet.  Ek kon nie vir meer bekwame studieleiers as u gevra het nie.  Ek is die Vader dankbaar dat Hy u oor my pad gestuur het om by te dra tot my vorming.  Al u tyd, opoffering, flinke reaksie, opbouende en bemoedigende woorde word opreg waardeer.
- Die kerkraad en lidmate van AP-Kerk Hoëveld Ermelo.  Dankie dat u my sonder voorbehoud ondersteun het.  Dat u my omstandighede verstaan en aan my meer as genoeg vryheid gegee het om hierdie studie te voltooi.
- Prof. Koos Adendorff, sy vrou Elmarie, asook al die personeel by die AP-Akademie en die FAH van Staden Biblioteek vir hulle hulp en ondersteuning.  U was altyd bereid om my van hulp te wees, ongeag u skedules.
- Dankbaar CVO-skool en uiteindelik die AP-Akademie.  Dit is hier waar my grondslag gelê is en my gereformeerde "voelhorings" hul sensitiwiteit ontwikkel het.
- Die ses predikante van die AP-Kerk wat bereid was om deel te neem aan hierdie studie en empiriese ondersoek.  Dankie, vir u tyd en hulp in die beskikbaar stel van die manuskripte van u preke.
- Dr. Alet Jacobs wat as taalversorger opgetree het.  U was van groot hulp en kon my in 'n baie kort tydjie op 'n baie bekwame wyse bystaan.  Ek waardeer die moeite.
- Die Noordwes-Universiteit vir die finansiële ondersteuning waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie.
- Al die administratiewe personeel by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom kampus. Annelize Liebenberg, Marietha Gericke en Marlise du Plessis – u vriendelike en flinke diens

word op prys gestel. ’n Besondere woord van dank aan mev. Hester Lombard van die Jan Lion Cachet Biblioteek. U vaardigheid en hulpvaardigheid het baie spanning van my skouers geneem.

- Radio Pretoria wat op aanvraag preke gratis aan my beskikbaar gestel het. In die besonder Phillip van Heerden wat baie moeite gedoen het om vir my al die inligting en preke bymekaar te kry.
- Prof. Izak Brink en mev. Tissa van Lille wat gehelp het met die opspoor van sinodebesluite en berigte in Die Boodskapper.
- Mnr. Wouter Hugo wat gehelp het om die besoek aan die V.S.A. moontlik te maak. Wat ’n voorreg! Dankie dat u hand en u hart oop is vir die saak van die Here.
- Die personeel van UNISA en UP se biblioteke.

# OPSOMMING EN SLEUTELTERME

*Christosentriese prediking in die AP Kerk – 'n prakties-teologiese studie*, is 'n verhandeling waarin Christosentriese prediking in die AP-Kerk vanuit die aartsvaderverhale, ondersoek word ten einde vas te stel in watter mate dit aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking voldoen. Hierdie studie het bevind dat deelnemende AP-Kerkpredikante se prediking uit die die aartsvaderverhale nie werklik aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking voldoen nie. 'n Duidelik omskrewe Christosentriese benadering waarin die basiese beginsels vir verantwoordelike Christosentriese prediking uitgestip word, sal Ou-Testamentiese prediking in die AP-Kerk, spesifiek uit die aartsvaderverhale se Christosentrisiteit verhoog. In hierdie studiestuk word 'n aangepaste weergawe van die prakties-teologiese model van Osmer gebruik. Dit hou hermeneutiese en normatiewe, empiriese en interpretatiewe, asook strategiese aspekte in.

Die volgende doelwitte is vir die studie gestel:

*Hermeneuties en normatief*

i) Om Skrifperspektiewe vas te stel vir die navorsingsbegrip Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50.

*Empiries en interpretatief*

ii) Om vas te stel in watter mate preke in die AP-Kerk na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50 werklik Christosentries is.

iii) Om vas te stel in watter mate daar bewustelik met 'n basisteorie oor Christosentriese prediking deur leraars van die AP-Kerk, gewerk word in preke na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50.

*Strategies*

iv) Om effektiewe, dog Skrifgetroue riglyne ten opsigte van Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50 te bied.

Ter uitvoering van bogenoemde doelwitte, is die volgende in die verloop van die studie gestel:

Skrifperspektiewe vir die navorsingsbegrip Christosentriese prediking is vasgestel deur onder andere die unieke aard en spesifieke eienskappe van die Hebreeuse narratief te belig. Die fokus op die hermeneutiese uitdaging het perspektiewe op bepalende oorwegings tydens omgang met die Skrif, 'n eksegetiese metode bevorderlik vir Christosentriese prediking, asook perspektiewe op 'n sinvolle oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus gestel. Die fokus op die homiletiese uitdaging het verklarende prediking as mees geskikte model vir verantwoordelike Christosentriese prediking aangetoon.

Vanuit die hermeneutiese en normatiewe perspektiewe is kriteria bepaal wat as riglyn gedien het vir die beoordeling van sestien preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars ten einde die Christosentrisiteit daarvan vas te stel. Voortvloeiend hieruit is ses temas bepaal aan die hand waarvan ongestruktureerde onderhoude met vyf leraars van die AP-Kerk gevoer is. Hierdie ontledings en onderhoude het aangetoon dat 'n duidelik geformuleerde basisteorie ten opsigte van Christosentriese prediking by deelnemende AP-Kerkleraars ontbreek.

*Christosentriese prediking in die AP Kerk – 'n prakties-teologiese studie* bied riglyne vir verantwoordelike Christosentriese prediking vanuit die aartsvaderverhale deur te konsentreer op sekere vertrekpunte ten opsigte van die Ou Testament, belangrike hermeneutiese aspekte, 'n sinvolle oorgang van die Ou Testament na Christus asook belangrike homiletiese aspekte.

Sleutelterme: Christosentries, Ou Testament, aartsvaderverhale, Genesis 12-50, prediking, AP-Kerk, homileties, hermeneuties, riglyne.

# ABSTRACT AND KEY WORDS

*Christocentric preaching in the AP Church – a practical theological study*, is a dissertation wherein Christocentric preaching from the patriarchal narratives by AP Church preachers, is being investigated to determine to what extend it complies with the basic principles of Christocentric preaching. This research found that the preaching from the patriarchal narratives by participating preachers of the AP Church, does not truly answer to the basic principles of Christocentric preaching. A clearly defined Christocentric approach which set out the basic principles for responsible Christocentric preaching, would improve the Christocentricity of Old Testament preaching, more specifically the patriarchal narratives, in the AP Church. A modified version of Osmers' practical-theological model was utilized as method of research. It entails hermeneutical and normative, empirical and interpretative, as well as strategic aspects.

The following goals are set for the study:

*Hermeneutical and normative*

i) To determine perspectives from Scripture for the research concept Christocentric preaching regarding passages from Genesis 12-50.

*Empirical and interpretative*

ii) To determine to what extend sermons in the AP Church based on passages from Genesis 12-50, are truly Christocentric.

iii) To determine to what extend preachers of the AP Church consciously make use of a base theory regarding Christocentric preaching when preaching on passages from Genesis 12-50.

*Strategically*

To provide effective, yet Biblical guidelines for Christocentric preaching on passages from Genesis 12-50.

In order to reach the above mentioned goals, the following aspects are discussed in the course of the study:

Perspectives from Scripture for the research concept Christocentric preaching are determined by, among others, illuminating the unique nature and specific characteristics of the Hebrew narrative. The focus on the hermeneutical challenge offers perspectives on decisive considerations when handling Scripture, an exegetical method conducive to Christocentric preaching, as well as perspectives on a meaningful transition to Christ from the Old Testament text. The focus on the homiletic challenge indicates expository preaching as the most appropriate vehicle for responsible Christocentric preaching.

From the hermeneutical and normative perspectives, a certain criteria is derived which served as a guideline for the evaluation of sixteen sermons and devotions by AP Church preachers in order to determine their Christocentricity. Flowing from this, six themes are determined on the basis of which unstructured interviews with five preachers of the AP Church are conducted. These analyses and interviews show the absence of a clearly formulated base theory regarding Christocentric preaching at participating AP Church preachers.

*Christocentric preaching in the AP Church – a practical theological study* offers guidelines for responsible Christocentric preaching from the patriarchal narratives by concentrating on certain points of departure in respect of the Old Testament, key hermeneutical aspects, a meaningful transition from the Old Testament to Christ as well as important homiletic aspects.

Key words: Christocentric, Christ centered, Old Testament, patriarchal narratives, Genesis 12-50, preaching, homiletics, hermeneutics, guidelines.

# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD………………………………………………………………………………… iii**

**OPSOMMING EN SLEUTELWOORDE / ABSTRACT AND KEY WORDS………………. v**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

1.1 Agtergrond en probleemstelling……………………………………………………... 1

1.1.1 Agtergrond………………………………………………………………… 1

1.1.2 Probleemstelling…………………………………………………………... 2

1.2 Sentrale navorsingsvraag………………………………………………………………. 4

1.3 Doelwit en doelstellings……………………………………………………………... 4

1.3.1 Doelwit…………………………………………………………………….4

1.3.2 Doelstellings………………………………………………………………. 5

1.4 Sentrale teoretiese argument……………………………………………………………5

1.5 Metodologie……………………………………………………………………………..5

1.6 Voorlopige hoofstukindeling……………………………………………………………7

1.7 Skematiese voorstelling…………………………………………………………………8

**HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP CHRISTOSENTRIESE PREDIKING UIT DIE OU TESTAMENT**

2.1 Inleiding………………………………………………………………………………10

2.2 Ou Testament narratiewe omskryf………………………………………………….... 10

2.3 Ou Testament narratiewe afgebaken………………………………………………… 12

2.4 Aspekte om te verreken ten einde Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale te bevorder en integraal te laat verloop…………………………………………………… 13

2.4.1 Hebreeuse geskiedskrywing………………………………………………. 13

2.4.1.1 Die vraag na historisiteit………………………………………..13

2.4.1.2 Geskiedskrywing………………………………………………. 14

2.4.1.3 Historiese en a-historiese narratiewe…………………………... 17

2.4.1.4 Die belangrikheid van historisiteit……………………………...17

2.4.1.5 Funksies van historiese verwysings……………………………17

2.4.1.6 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings……………………..18

2.4.2 Literêre eienskappe van die Hebreeuse narratief……………………………..18

2.4.2.1 Die toneel (scene)……………………………………………… 19

2.4.2.2 Tyd en ruimte…………………………………………………...20

2.4.2.3 Karakters………………………………………………………..21

2.4.2.4 Karakterisering………………………………………………………… 22
2.4.2.5 Dialoog………………………………………………………………… 23
2.4.2.6 Intrige/storielyn (Plot)………………………………………………. 24
2.4.2.7 Die verteller…………………………………………………………..... 26
2.4.2.8 Retoriese strukture…………………………………………………... 27
2.4.2.9 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 28
2.5 Die Hermeneutiese uitdaging……………………………………………………….... 29
2.5.1 Die gevaar van die postmodernisme vir gereformeerde hermeneutiek…………… 29
2.5.2 Bepalende oorwegings tydens omgang met die Heilige Skrif……………………..30
2.5.2.1 Die unieke karakter van die Ou Testament………………………………. 30
2.5.2.2 Die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament…………………………..32
2.5.2.3 Een boodskap………………………………………………………...34
2.5.2.4 Verreken die heilshistoriese ontplooiing……………………………..... 41
2.5.2.5 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 45
2.5.3 Eksegetiese metode…………………………………………………………...46
2.5.3.1 Die werk van die Heilige Gees in Skrifverklaring……………………….. 46
2.5.3.2 Die rol van geloof by interpretasie……………………………………….. 47
2.5.3.3 Die gevare van die histories-kritiese metode……………………………...48
2.5.3.4 Holistiese histories-kritiese interpretasie van die Ou-Testamentiese narratiewe…………………………………………………………… 51
2.5.3.4.1 Voorveronderstellings by eksegese……………………………… 52
2.5.3.4.2 Literêre interpretasie as deel van die holisties histories-kritiese metode……………………………………………………… 54
2.5.3.4.3 Historiese interpretasie as deel van die holisties histories-kritiese metode……………………………………………59
2.5.3.4.4 Teologiese interpretasie as deel van die holisties histories-kritiese metode……………………………………………61
2.5.3.5 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 65
2.5.4 Van die Ou Testament na Christus………………………………………………….. 66
2.5.4.1 Fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand………………………… 66
2.5.4.2 Vasstel van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand…. 68
2.5.5 ’n Sinvolle oorgang…………………………………………………………...69
2.5.5.1 Heilshistoriese ontplooiing……………………………………………….. 71
2.5.5.2 Belofte-vervulling………………………………………………………75
2.5.5.3 Tipologie……………………………………………………………...78
2.5.5.4 Analogie………………………………………………………………...82
2.5.5.5 Deurlopende temas……………………………………………………….. 83
2.5.5.6 Nuwe-Testamentiese verwysings…………………………………………… 85

2.5.5.7 Kontras……85
2.5.5.8 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings…… 86
2.5.5.9 Voorlopige bevindinge…… 88
2.6 Die Homiletiese uitdaging……89
2.6.1 Verklarende prediking…….. 89
2.6.1.1 Die noodsaak vir verklarende prediking……..89
2.6.1.2 Verklarende (expository) prediking omskryf…….. 90
2.6.1.3 Die voordeel van die verklarende metode vir Christosentriese prediking.. 92
2.6.2 Verklarende prediking toegepas op Ou Testamentiese narratiewe, in besonder die aartsvaderverhale…… 93
2.6.2.1 Tekskeuse…… 93
2.6.2.2 Holistiese interpretasie…… 94
2.6.2.3 Tema- en doelformulering……........... 95
2.6.2.4 Die aard en vorm van die preek……...97
2.6.2.5 Toepaslikheid…….. 99
2.6.3 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings……...103
2.7 Hoofstuk samevatting…….......................104

**HOOFSTUK 3: HUIDIGE PRAKTYK BINNE DIE AP KERK**

3.1 Inleiding……107
3.2 Insameling van inligting……...107
3.3 Kriteria vir analise…… 108
3.4 Oorsig en ontleding van preke en oordenkings…… 111
3.4.1 Preek: Genesis 17:1-14 en 24-27 en Galasiërs 3:6-29 (HK So 27)…….. 111
3.4.1.1 Oorsig…….. 111
3.4.1.2 Ontleding……. 113
3.4.2 Preek: Genesis 17:7 – 14 en 23 – 27 asook Galasiërs 3:13 – 29 (HK V/A 69-71).. 114
3.4.2.1 Oorsig…….. 114
3.4.2.2 Ontleding……. 115
3.4.3 Preek: Genesis 22……. 116
3.4.3.1 Oorsig…….. 116
3.4.3.2 Ontleding……. 117
3.4.4 Oordenking: Genesis 12:1-4…… 118
3.4.4.1 Oorsig…….. 118
3.4.4.2 Ontleding……. 119
3.4.5 Oordenking: Genesis 16:1-4……. 120
3.4.5.1 Oorsig…….. 120

3.4.5.2 Ontleding…………………………………………………………………. 121
3.4.6 Oordenking: Genesis 16:1-16………………………………………………….. 122
3.4.6.1 Oorsig…………………………………………………………………...122
3.4.6.2 Ontleding…………………………………………………………………. 123
3.4.7 Oordenking: Genesis 17:1-19 en 18:1-15…………………………………….124
3.4.7.1 Oorsig………………………………………………………………….. 124
3.4.7.2 Ontleding…………………………………………………………………. 125
3.4.8 Oordenking: Genesis 22:1-14………………………………………………….. 126
3.4.8.1 Oorsig………………………………………………………………….. 126
3.4.8.2 Ontleding…………………………………………………………………. 126
3.4.9 Oordenking: Genesis 22:1-18………………………………………………….. 127
3.4.9.1 Oorsig………………………………………………………………….. 127
3.4.9.2 Ontleding…………………………………………………………………. 129
3.4.10 Oordenking: Genesis 22:1-18 en Romeine 12:1 en 2…………………………….. 130
3.4.10.1 Oorsig………………………………………………………………….. 130
3.4.10.2 Ontleding…………………………………………………………………. 131
3.4.11 Oordenking: Genesis 25:28-34…………………………………………………. 131
3.4.11.1 Oorsig………………………………………………………………….. 131
3.4.11.2 Ontleding…………………………………………………………………. 132
3.4.12 Oordenking: Genesis 32:22-32…………………………………………………. 133
3.4.12.1 Oorsig………………………………………………………………….. 133
3.4.12.2 Ontleding…………………………………………………………………. 134
3.4.13 Oordenking: Genesis 37…………………………………………………………...135
3.4.13.1 Oorsig………………………………………………………………….. 135
3.4.13.2 Ontleding…………………………………………………………………. 136
3.4.14 Oordenking: Genesis 40:1-23………………………………………………….. 137
3.4.14.1 Oorsig………………………………………………………………….. 137
3.4.14.2 Ontleding…………………………………………………………………. 138
3.4.15 Oordenking: Genesis 41:39-51…………………………………………………. 139
3.4.15.1 Oorsig………………………………………………………………….. 139
3.4.15.2 Ontleding…………………………………………………………………. 140
3.4.16 Oordenking: Genesis 50…………………………………………………………141
3.4.16.1 Oorsig…………………………………………………………………...141
3.4.16.2 Ontleding…………………………………………………………………. 142
3.5 Samevattende analitiese en interpretatiewe gevolgtrekkings…………………………………...143

**HOOFSTUK 4: ONDERHOUDE MET AP KERK PREDIKANTE**


4.1 Inleiding……………………………………………………………………………………146
4.2 Formaat van onderhoude……………………………………………………………………. 146
4.3 Analise en interpretasie van onderhoude…………………………………………………. 147
4.3.1 Bepaling van die boodskap van 'n teks…………………………………………… 147
4.3.1.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 148
4.3.2 Hantering van Ou Testamentiese narratiewe stof…………………………………. 149
4.3.2.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………..151
4.3.3 Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament……………………………151
4.3.3.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………..153
4.3.4 Hermeneutiese aspekte…………………………………………………………… 154
4.3.4.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 157
4.3.5 Oorgang van die Ou Testament na Christus………………………………………. 158
4.3.5.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 160
4.3.6 Homiletiese aspekte……………………………………………………………….. 161
4.3.6.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings………………………………. 163
4.4 Toeligting vanuit die sosiale wetenskappe……………………………………………... 164
4.5 Samevattende gevolgtrekkings…………………………………………………………165


**HOOFSTUK 5: RIGLYNE VIR EFFEKTIEWE EN SKRIFGETROUE CHRISTOSENTRIESE PREDIKING**


5.1 Inleiding……………………………………………………………………………………170
5.2 Riglyne vir verantwoordelike Christosentriese prediking toegespits op Genesis 12-50………. 170
5.2.1 Vertrekpunte………………………………………………………………………. 170
5.2.1.1 Die unieke karakter van die Ou Testament………………………………..170
5.2.1.2 Die eenheid van die Ou en Nuwe Testament……………………………...171
5.2.1.3 Een boodskap……………………………………………………………...171
5.2.1.4 Verreken die heilshistoriese ontplooiing…………………………………. 171
5.2.2 Hermeneuties……………………………………………………………………… 172
5.2.2.1 Noodsaaklike voorveronderstellings by eksegese………………………... 172
5.2.2.2 Literêre interpretasie………………………………………………………172
5.2.2.3 Historiese interpretasie…………………………………………………… 174
5.2.2.4 Teologiese interpretasie………………………………………………….. 175
5.2.3 Van die Ou Testament na Christus……………………………………………... 176
5.2.3.1 Bepaling van die spesifieke aspek van die mens se in-sonde-gevalle toestand waarop die teks fokus……………………………………………176

5.2.3.2 Kies ’n sinvolle, verantwoordelike en teksbegronde oorgang……………177
5.2.3.3 Vrae wat die keuse van ’n oorgang vergemaklik…………………………178
5.2.3.4 Wees bedag op slaggate………………………………………………….. 178
5.2.4 Homileties………………………………………………………………………179
5.2.4.1 Verklarende prediking die beste middel tot verantwoordelike Christosentriese prediking……………………………………………... 179
5.2.4.2 Keuse en vasstelling van die preekteks…………………………………. 179
5.2.4.3 Tema- en doelformulering………………………………………………180
5.2.4.4 Die aard en vorm van die preek………………………………………….. 181
5.2.4.5 Toepaslikheid…………………………………………………………….. 182
5.3 ’n Voorbeeld van ’n Christosentriese preek uit Genesis 22:1-19…………………………….. 182
5.4 Samevattende gevolgtrekking………………………………………………………….. 186

**HOOFSTUK 6: SLOT**

6.1 ’n Terugblik……………………………………………………………………………..189
6.2 Hermeneuties en normatief……………………………………………………………….. 189
6.3 Empiries en interpretatief………………………………………………………………. 191
6.4 Strategies………………………………………………………………………………….. 196
6.5 Finale bevinding……………………………………………………………………... 198
6.6 Moontlike terreine vir verdere navorsing…………………………………………………… 198

**BRONNELYS…..…………………………………………………………………………..199**
**BYLAES**

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1.1 Agtergrond

Artikel 42.4 van die Afrikaanse Protestantse Kerk (hierna genoem AP-Kerk) se kerkorde (1987:16; 2012:42) bepaal: "Die inhoud van die prediking moet steeds die verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees en moet teologies verantwoord en Christosentries wees." Sodanige vereiste bestaan reeds vanaf die heel eerste AP-Kerk Sinode (vgl. Sakelys, 1987: A4:1 en Handelinge, 1987:61). In die eerste deel van hierdie bepaling word prediking, in hierdie verband tussen kerke, bewus in die klassiek gereformeerde tradisie van prediking geposisioneer (vgl. Hoekstra, 1926:107-143; 157-163). By die Afrikaanse Protestantse Akademie (hierna genoem AP Akademie) wat predikante vir die AP-Kerk oplei, word aan hierdie artikel uitvoering gegee deur onder andere publikasies vir voornemende predikers voor te skryf (vgl. studiegidse vir Eksegese, asook Homiletiek BTh 1-3, 2012), soos: *Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25*, deur die outeurs De Klerk & Van Rensburg (2005). Daarin skenk die outeurs onder andere aandag aan teologiese verantwoording. Greidanus (1988:119; vgl. ook 1999a) se publikasie: *The Modern Preacher and The Ancient Text*, fokus ook op teologiese verantwoording, maar gee ook 'n aanduiding van wat onder "Christosentries" verstaan behoort te word: *the preaching of God's acts* ***from the perspective of the New Testament***. Greidanus bedoel daarmee dat teosentriese interpretasie nie alleen tot die eie (Ou Testamentiese) horison beperk mag bly nie, maar ook binne die breër horison van die hele kanon geïnterpreteer behoort te word. Derhalwe definieer Greidanus (1999a:10) Christosentriese prediking soos volg: "Preaching sermons which authentically integrate the message of the text with the climax of God's revelation in the person, work, and/or teaching of Jesus Christ as revealed in the New Testament." Keller (2002) se publikasie: *Preaching the gospel in a post-modern world*, dien as 'n verdere verdieping vir "Christosentriese prediking" soos aangedui deur Greidanus (vgl. studiegids vir Homiletiek BTh 3).

Carrick (2002:108-146) wys egter daarop dat 'n hele debat sedert die 1930's in gereformeerde kring bestaan betreffende pogings om eerlik en opreg aan die glorie van Christus Jesus reg te laat geskied in die prediking. Strydom (1989) in Suid-Afrika, Trimp (1988) in Nederland en Krabbendam (1986) in die VSA het daarop gewys dat "Christosentriese prediking" volgens die sg. "heilshistoriese" preekmetode nie sonder probleme is nie. Bos (2008:ligging 766-929; vgl. ook Van Rooy, 2001) het onlangs pertinente bedenkings teen hierdie preekbenadering uitgespreek en De Wet (2011:25-51) pleit daarvoor om bewus 'n verantwoorde pneumatologiese dimensie by die Christusprediking deur gelowiges van gereformeerde

oortuiging te verreken. Intussen wys Snyman (2007:244-256) op talle probleme in die hantering en verklaring van veral die Ou Testament: Behoort die Ou Testament los van die Nuwe Testament verstaan te word met ’n unieke boodskap wat nie deur die Nuwe Testament beïnvloed of bepaal word nie, of behoort die Ou Testament in terme van die Nuwe Testament se hantering daarvan verstaan te word? Moontlik is dit ’n bydraende faktor vir die hernude soeke na Christus in die Ou Testament (vgl. Haasbroek, 2001 en 2003). De Bruyn (2005) wat as AP-Kerkpredikant in 2009 gedoktoreer het, se standpunte onderstreep die aktualiteit van die probleem. Deur na die Ou en Nuwe Testamente te verwys as Eerste en Tweede Testamente (vgl. ook Groenewald, 2008), is dit moontlik dat die persepsie gewek kan word dat De Bruyn van die veronderstelling uitgaan dat elke Testament ’n afgeslote geheel vorm wat nie van mekaar afhanklik is in die verstaanproses nie (vgl. De Bruyn, 2005:6,9,83,85,93-98[elektronies]). Indien die persepsie waar is en die Skrif op só ’n wyse hanteer word, dan lyk dit asof daar nie rekening gehou word met die koms van Christus en die verband tussen Ou en Nuwe Testament nie; inteendeel, die bedoeling van die Goddelike outeur word heeltemal buite rekening gelaat.

Dit was veral die opkoms van die histories-kritiese verklaringsmetode wat ’n bepalende invloed op hierdie twee perspektiewe gehad het, aangesien dit ’n meer kritiese hantering van die Ou Testament bepleit (vgl. Le Roux, 1993:26-27). Op grond hiervan is daar tans ’n geneigdheid in die algemene wêreld van wetenskaplike navorsing om die Ou Testament los te maak van die Nuwe Testament sodat die Ou Testament eintlik weer “Joods” word, aangesien daar aangevoer word dat die Ou Testament nie die Nuwe Testament nodig het in die verklaring daarvan nie (vgl. Nederduitse Gereformeerde Kerk [hierna genoem NG Kerk] Ring van Pretoria-Oos, 2005; Deist, 1994:272, 284; Deist & Le Roux, 1987:139; Groenewald, 2008; Le Roux, 1993:154, 174, 245-246, 248-249; Thirion, 1999; Le Roux, 2008a, 2008b; Human, 2008a; 2008b). Sodoende verloor die Ou Testament eintlik sy Christelike karakter en verg bogenoemde beskouing dringende aandag, ook in die AP-Kerk. Gunneweg (1978:11) skryf dat “our whole understanding of the Christian faith is determined by our attitude to the Old Testament.” Aangesien die Ou Testament die basis vorm vir die verstaan van die Nuwe Testament, behoort Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament ook die Christosentriese interpretasie en prediking van die Nuwe Testament te bevorder.

### 1.1.2 Probleemstelling

Waarop dui “Christosentriese prediking” in die AP-Kerk, as die predikantsopleiding in ag geneem word? Só lui ’n eerste vraag. In sy werk *Die uitwissing van God op die kansel* (1996), toon Cilliers (2008a:13) aan hoedat meer as 90% van preke wat oor ’n paar jaar oor Suid-Afrikaanse radio uitgesaai is, ten diepste Christusloos was: “Through research that was done during 1996-2000, it became clear that the basic moralistic trend that also characterized the apartheid sermons was alive and well in preaching in the “new South Africa (2008a:13)”. Hierdie navorsing wil bepaal of dieselfde van predikers in die AP-Kerk gesê kan word. In hierdie ondersoek (bepaald binne die konteks van die AP-Kerk) word vasgestel in watter

mate prediking die lokaliteit van die lewensveranderende krag waarbinne God verheerlik wil word steeds in `n Christosentriese benadering anker. Immers, die bediening van die versoening wat aan ons gegee is, is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus, deur misdade nie toe te reken nie omdat Christus vir ons tot sonde gemaak is sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (vgl. 2 Kor. 5:17-21). Of die lokaliteit van lewensverandering steeds pneumatologies in die verlossingswerk van Christus geanker word, sal dus ondersoek moet word. Gevolglik sal vasgestel moet word of daar nie reeds sprake is van `n praksis waarin wettiese Christenskap verkondig word nie. In hierdie studie sal gepoog word om te ondersoek in watter mate gelowiges "die genade van gehoorsaamheid" (vgl. Cilliers, 2000) deur Christosentriese prediking kan ontdek. Daar sal in `n studie oor hierdie saak dus gepoog word om te onderskei tussen `n ongebalanseerde soort Christosentriese prediking waardeur die boodskap van die Skrif, naamlik God se verlossingswerk in en deur Jesus Christus (vgl. Bright, 1967:110-161; Pieterse, 1979:91; Goldsworthy, 2000:16-18; Chapell, 2005[1994]:27-30; Goldsworthy, 2006:48; Broadhurst, 2006; Tipton, 2011:203-206), gereduseer word en `n soort Christosentriese prediking waarin die besondere plek van Christus se werk trinitaries in die volle openbaring van God in die Skrif geanker word. Indien prediking "Christosentries" behoort te wees veronderstel dit ook 'n hermeneutiese benadering waarin Christus die uiteindelike fokus van elke teks[1] behoort te wees. Dit is nie seker in watter mate leraars binne die AP-Kerk van 'n duidelik omskrewe Christosentriese benadering gebruik maak in hulle prediking nie. Databasisondersoeke by die Ferdinand Postma Biblioteek (27 Junie 2012) toon dat 'n wetenskaplike ondersoek na Christosentriese prediking (spesifiek in Ou Testamentiese konteks) by die AP-Kerk nog nie onderneem is nie.

Ten einde die studieveld af te baken, fokus hierdie navorsing spesifiek op die narratiewe genre van die Ou Testament. Greidanus (2007:1-42) tipeer die gedeeltes van Genesis 12-50 as deel van die narratiewe genre. Navorser hoop om uitsluitsel te gee oor die manier waarop post-moderne denke die belang daarvan beklemtoon om relevansie te laat deurbreek (vgl. Buczynski, 2000:320; Long, 2000:329; Janse van Rensburg, 2003). Die post-moderne belangstelling in plaaslike, selfs individuele "stories" word daardeur gedien (vgl. Wells, 2005:81). Dit is juis deur "stories" wat selfontdekking by ou Israel en die Nuwe-Testamentiese Kerk plaasvind: "in a very real sense these are our stories, our history, and therefore directly relevant to the church today" (Greidanus, 1988:226). Slaag AP-Kerkpredikers daarin om by die ontknoping van die Ou-Testamentiese verhale, in besonder verhale wat voorkom in Genesis 12-50, postmoderne mense tot 'n ontdekking van Jesus Christus te lei? Anders gestel, word 'n storie gepreek waaraan Christus Jesus alleen ware betekenis kan gee? So 'n perspektief vergemaklik ook die trek van openbaringshistoriese lyne tussen die Ou en Nuwe Testament. Tekste vanuit die Ou en Nuwe Testament word gevolglik nie in isolasie van mekaar hanteer nie, maar as deel van 'n groter geheel. Elke storie word binne die konteks van die groter Storie[2] van die Bybel geplaas waar Jesus as beloofde en gekome Christus per slot van rekening die deurslag gee (vgl. Trimp, 1988:29; Buttrick, 1988:70-73; Keller, 2002:9,22;

[1] Ingeslote die vloekpsalms (vgl. Keller 2002:54).
[2] Na die groter Storie van die Bybel word ook verwys as die meta-narratief van die Bybel (vgl. Goldsworthy, 2002:282; 2006:201; Webber, 2002:84-87; Bos, 2008:ligging 889).

Goldsworthy, 2006:48; Webber, 2008:24-38). Sodoende word die organiese eenheid van die Skrif beklemtoon en gehandhaaf.

## 1.2 Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag waaraan daar in hierdie studie aandag gegee sal word, is dus die volgende: In watter mate beantwoord prediking uit die Ou Testament (met besondere fokus op gedeeltes Gen. 12-50) by die AP-Kerk aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking?

Die volgende vier vrae vloei voort vanuit die sentrale navorsingsvraag:

i) Wat is, Skriftuurlik gesproke, "Christosentriese prediking"? Watter basiese beginsels lê ten grondslag van hierdie uitdrukking? Hoe lyk 'n Skriftuurlike benadering waarvolgens die Ou Testament (met besondere fokus op Gen. 12-50) Christosentries verklaar en gepreek kan word? (Die normatiewe vraag)

ii) Wat verstaan predikers van die AP-Kerk onder "Christosentriese prediking"? In hoe 'n mate word daar in preke na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50 voldoen aan die Skriftuurlike beginsels vir Christosentriese prediking? (Die deskriptiewe vraag in interaksie met die normatiewe vraag)

iii) Hoe kan dit verklaar word dat daar in sommige preke van AP-Kerkpredikers, na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50, in 'n mindere of meerdere mate voldoen word aan die beginsel van Christosentriese prediking? (Die interpretatiewe vraag in interaksie met die normatiewe vraag)

iv) Watter teoretiese riglyne kan ontwerp word vir 'n strategie om prediking uit die Ou Testament (met besondere fokus op gedeeltes uit Gen. 12-50) meer in ooreenstemming te bring met die basiese beginsels vir Christosentriese prediking? (Die strategiese vraag in interaksie met normatiewe, deskriptiewe en interpretatiewe vrae)

## 1.3 Doelwit en doelstellings

### 1.3.1 Doelwit

Die doelwit van hierdie studie is om vas te stel in hoe 'n mate prediking in die AP-Kerk vanuit die Ou Testament (met besondere verwysing na gedeeltes uit Gen. 12-50) voldoen aan die beginsels vir Christosentriese prediking.

### 1.3.2 Doelstellings

Die spesifieke doelstellings van die ondersoek is soos volg:

i) Om 'n uiteensetting te gee van wat, Skriftuurlik gesproke, met "Christosentriese prediking" (spesifiek gerig op gedeeltes uit Gen. 12-50) bedoel word. Die basiese beginsels wat ten grondslag van hierdie uitdrukking lê, sal uitgelig word. Daar sal gepoog word om 'n Skriftuurlike benadering te vind, veral met betrekking tot die manier waarop gedeeltes van Genesis 12-50 Christosentries verklaar en gepreek kan word.

ii) Om deur middel van 'n analise van radiopreke, asook kwalitatiewe empiriese ondersoek uit te vind hoe leraars binne die AP-Kerk, wie se preke ontleed is, die term "Christosentriese prediking" verstaan en hoe hulle dit toepas al dan nie tydens prediking vanuit gedeeltes uit Genesis 12-50. Spesifieke preke van AP-Kerkleraars na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50, sal ondersoek en beoordeel word om vas te stel in watter mate, indien enigsins, hulle aan die beginsels vir Christosentriese prediking voldoen.

iii) Om vas te stel waarom sommige preke binne die AP-Kerk in 'n mindere of meerdere mate gevolg gee aan die beginsel van Christosentriese prediking? Onderhoude sal met deelnemende AP-Kerkleraars wie se preke ontleed is, gehou word.

iv) Om teoretiese riglyne te ontwerp vir 'n strategie om Ou Testament prediking (met besondere verwysing na gedeeltes uit Gen. 12-50) meer in ooreenstemming te bring met die basiese beginsels vir Christosentriese prediking.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

'n Duidelik omskrewe Christosentriese benadering wat teologies en hermeneuties verantwoord is, kan moontlik na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50 daartoe bydra om postmoderne mense tot 'n ontdekking van Jesus Christus te lei. Anders gestel, hierdie gedeeltes moet so gepreek word dat Christus Jesus alleen daaraan ware betekenis kan gee.

## 1.5 Metodologie

Hierdie studie sal aan die hand van Osmer (2008) se navorsingsmetodologiese model gedoen word. Volgens Osmer (2008:4) behoort daar in die soeke na 'n korrektief vir die bestaande praxis gefokus te word op vier vrae:

i) Wat is aan die gebeur? Hierdie vraag behels die beskrywend-empiriese taak.
ii) Waarom is dit aan die gebeur? Hierdie vraag behels die interpretatiewe taak.
iii) Wat behoort te gebeur? Hierdie vraag behels op die normatiewe taak.
iv) Hoe behoort ons te reageer? Hierdie vraag behels die pragmatiese taak.

Wanneer hierdie vrae bestudeer word, is daar duidelike ooreenkomste tussen die voorgestelde modelle van Osmer en die ouer model van Zerfass. Vraag een van Osmer toon sterk ooreenkomste met Zerfass se "bestaande praxis" as vertrekpunt (vgl. Heyns en Pieterse, 1990:33-34). Vrae twee en drie van Osmer toon ooreenkomste met die wisselwerking tussen Zerfass se "teologiese oorlewering" en "situasie analise" en vraag vier van Osmer kom ooreen met Zerfass se prakties-teologiese teorie wat aanleiding gee tot 'n nuwe praxis.

Hoewel dit so is dat daar 'n bepaalde spanning tussen praxis en teorie bestaan (Heyns en Pieterse, 1990:33-34) en dat die twee mekaar in sommige gevalle wedersyds beïnvloed, behoort daar tog gewaak te word teen die neiging om binne 'n gereformeerde benadering meer klem op die praxis as die Skrifgefundeerde teorie te plaas. Om hierdie rede stel De Wet tereg voor dat Zerfass se model met die volgende wysigings aangewend behoort te word binne 'n gereformeerde konteks:

- "Die fokus van die navorsingsvraag sal verskuif moet word vanaf 'n vraag wat geformuleer word kragtens 'n meer effektiewe inrigting van 'n bepaalde handelingspraksis (antroposentries), na 'n vraag wat geformuleer word in terme van hoe God se eer gedien kan word (teosentries).
- Hermeneutiese wisselwerking tussen Skrif en praksis sal sy vertrekpunt neem in die openbaring van God in sy Woord. Deur die Woord van God word lig gebring in 'n konkrete situasie en word die mens opgewek tot gehoorsaamheid aan die Woord. Vanuit die situasie sal geantwoord word deur geloofsverwondering oor die Woord en geloofsgehoorsaamheid aan die Woord.
- Die reformatoriese gerigtheid van die arbeid sal nie vasgevang wees in 'n sikliese gang om 'n bestaande praksis deur 'n nuwe praksis te korrigeer nie, maar sal in die geloof gefokus wees op Christus deur Wie die handelingspraksis van sy kerk met reddende krag oopgebreek word en uiteindelik sy voleindiging vind in 'n nuwe hemel en aarde.
- Die hooffokus van die teorievormende arbeid sal verskuif na die prakties-teologiese formulering van die basisteorie uit die Skrif wat in hermeneutiese wisselwerking gerig word op resultate wat uit die analise van die konkrete situasie verkry word (metateorie). Normatief sal die fokus agogies gerig word op die vernuwing en voleinding van die handelingspraksis van die kerk (praktyk-teorie) [De Wet, 2006:84]."

Krities beskou, kan die aanwending van Osmer se model dieselfde leemtes as die aanwending van Zerfass se model toon en behoort die kritiek deur De Wet teenoor die aanwending van Zerfass se model

uitgespreek (2006:58-87) en die voorstelle deur hom aan die hand gedoen (2006:84), ook op die model van Osmer toegepas te word.

Vir die doel van hierdie studie sal Osmer se model vanuit ’n gereformeerde perspektief dus soos volg aangepas word ten opsigte van die verhouding tussen die verskillende navorsingsfokuspunte:

i) Wat behoort te gebeur? Aan die hand van die Skrif sal ’n basisteorie oor Christosentriese prediking gevorm word as normatiewe perspektief vir die praxis (vgl. ook Bosman [2007:7] se verwysing na Lotter se gebruik van die begrip “Skrifperspektiewe”).

ii) Wat is aan die gebeur? Ten einde aandag te gee aan die beskrywend-empiriese taak, sal daar op ’n kwalitatiewe wyse (vgl. Heyns en Pieterse, 1990:81-83) te werk gegaan word deur middel van ’n populasie ondersoek (vgl. Baily, 1987:81-82; Neuman, 1997:202-204; Babbie, 2008:121). ’n Openbare uitsaaier sal gekontak word met die oog op die beskikbaarstelling van radiopreke na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50, gelewer deur AP-Kerkleraars leraars oor die afgelope tien jaar. Hierdie preke sal, in ooreenstemming met die etiese riglyne van die NWU en met die nodige toestemming van die betrokke leraars, bestudeer en geanaliseer word ten einde vas te stel of, indien enigsins, dusdanige preke aan die basisteorie (Christosentriese prediking) voldoen.

iii) Waarom is dit aan die gebeur? As interpretatiewe deel van die navorsing sal daar kwalitatief (vgl. Heyns en Pieterse, 1990:81-83) te werk gegaan word. Onderhoude sal met leraars van die AP-Kerk wie se preke geanaliseer is, gehou word met die oog daarop om vas te stel in hoe `n mate daar bewustelik met ’n basisteorie oor Christosentriese prediking te werk gegaan word. Daar sal voortdurende interaksie bestaan tussen die interpretatiewe proses en die normatiewe beginsels wat uit die Skrif geformuleer is.

iv) Hoe behoort ons te reageer? Aan die hand van hierdie vraag sal daar gepoog word om na ’n nuwe voorgestelde praxis te beweeg. Gevolgtrekkings uit die basisteoretiese, empiriese en interpretatiewe ondersoeke sal gedoen word om nuwe voorstelle vir ’n verbeterde praktyk aan die hand te probeer doen.

## 1.6 Voorlopige hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding

*Hermeneuties en normatief*

Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe op Christosentriese prediking.

*Empiries en interpretatief*

Hoofstuk 3: Praktyk perspektiewe van AP-Kerkpreke.

Hoofstuk 4: Onderhoude met AP-Kerkleraars.

*Strategies*

Hoofstuk 5: Riglyne vir effektiewe en Skrifgetroue Christosentriese prediking

Hoofstuk 6: Slot

### 1.6 Skematiese voorstelling

| | **Probleemstelling** | **Doelstelling & Doelwitte** | **Metodologie** |
|---|---|---|---|
| 1 | | Inleiding | |
| | | ***Hermeneuties*** | |
| 2 | Watter perspektief bied die Skrif as basis op die navorsingsbegrip "Christosentriese prediking" met die oog op prediking uit Gen. 12-50? | Om Skrifperspektiewe vas te stel vir die navorsingsbegrip Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50. | Literatuurstudie asook 'n eksegetiese studie van koersgewende Skrifgedeeltes met die oog op prediking na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50. |
| | | ***Empiries*** | |
| 3 | Hoe sien preke na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50, tans daarna uit in die AP-Kerk? | Om vas te stel in watter mate preke in die AP-Kerk na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50 werklik Christosentries is. | Bestudering en analisering van radiopreke na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50, gelewer deur AP-Kerkleraars. |
| 4 | Word daar bewustelik met 'n basisteorie oor Christosentriese prediking te werk gegaan deur leraars van die AP-Kerk in preke na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50. | Om vas te stel in watter mate daar bewustelik met 'n basisteorie oor Christosentriese prediking gewerk word, deur leraars van die AP-Kerk, in preke na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50. | Kwalitatief-empiriese ondersoek by wyse van onderhoude met vyf AP-Kerkleraars oor hulle radiopreke na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50. |
| | | ***Strategies*** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 | Watter riglyne kan aan die hand gedoen word vir effektiewe, dog Skrifgetroue Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50? | Om effektiewe, dog Skrifgetroue riglyne ten opsigte van Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Gen. 12-50, te probeer bied. | Deur middel van terugskouing na die hermeneutiese en empiriese navorsing sal bepaalde riglyne geformuleer word vir die praktyk. |
| 6 | Slot | | |

# HOOFSTUK 2

## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP CHRISTOSENTRIESE PREDIKING UIT DIE OU TESTAMENT
## (met spesifieke fokus op die aartsvaderverhale: Gen. 12-50)

### 2.1 Inleiding

Na aanleiding van Osmer (2008:4) se aangepaste model, kom die volgende vraag aan die orde: *Wat behoort aan te gaan?* Hoe behoort Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament te lyk? Dit is die inleidende vraag waaraan daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word met spesifieke fokus op die aartsvaderverhale (vgl. Gen. 12-50). Eerstens val die fokus op die Ou-Testamentiese narratiewe. Dit is die omskrywing en afbakening daarvan asook 'n bespreking van literêre eienskappe. Vervolgens sal die hermeneutiese uitdaging rakende die interpretasie van die Ou-Testamentiese narratiewe aan die orde kom. In hierdie afdeling sal verskillende invalshoeke vanuit die hermeneutiek belig word sodat 'n sinvolle hermeneutiese invalshoek gevind kan word waarvolgens Ou-Testamentiese narratiewe geïnterpreteer sal kan word. Uiteindelik kom ook die homiletiese uitdaging ten opsigte van prediking vanuit Ou-Testamentiese narratiewe gedeeltes (met spesifieke verwysing na die aartsvaderverhale), aan die orde.

Allereers word rekenskap gegee van Navorser se geloofsperspektief: Aangesien die Heilige Skrif, vanuit 'n gereformeerde perspektief, alleen die reël vir geloof is (vgl. NGB art. 7; Kloosterman, 2006:194-196), sal dit as basis gebruik word om sekere riglyne af te lei waaraan die praxis van Christosentriese prediking uit die Ou Testament behoort te voldoen. Dit is veral noodsaaklik aangesien daar nie los van die Woord met profetiese onderskeid opgetree kan word nie. Dus kan die normatiewe vraag nie los van die Skrif as gesagsbron sinvol beantwoord word nie.

Die Heilige Skrif is egter nie 'n prakties-teologiese handleiding nie, maar die openbaring van God se wil, sy karakter en sy dade. Daar behoort dus gewaak te word daarteen om die Skrif te *oorvra* (Jordaan et al., 2011:231). Daarom sal daar ook in hierdie hoofstuk gebruik gemaak word van hermeneutiese vakliteratuur en besinning ten einde die betekenis van die Heilige Skrif rakende Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament op verantwoordelike en gekontroleerde wyse te ontsluit (vgl. Bosman 2007:12 se gebruik van die term "sinshorison van die Skrif"). Ten einde werklik profeties op te tree ten opsigte van die normatiewe taak, behoort die mens nie sy ervaring te gebruik om die Heilige Skrif te interpreteer nie, maar behoort hy eerder die Heilige Skrif te gebruik om sy ervaring (ook ten opsigte van die prediking) te interpreteer en te bepaal (Goldsworthy, 2006:59).

### 2.2 Ou-Testamentiese narratiewe omskryf

Greidanus (1988:188) is van mening dat onder al die literêre genres wat in die Bybel aangetref word, die narratiewe genre beskryf kan word as die sentrale, fundamentele en allesomvattende genre. Hierdie belangrike posisie word daaraan toegeken omdat die narratiewe genre buitengewoon sterk verbind is aan die boodskap dat God werksaam is in die geskiedenis (vgl. Fant, 2010:xv). Daar is geen ander literatuursoort wat hierdie boodskap so duidelik kan oordra as die narratief nie.

Fant (2010:7) beskryf literêre narratiewe as "the written expression of shared human experiences." Deel hiervan is historiese narratiewe. Met die term "historiese narratiewe" word verwys na daardie gedeeltes in die Bybel wat in verhalende vorm gegiet is. Dit wil sê die storie. Historiese narratiewe kan beskou word as 'n sekere vorm van prosa (Kaiser, 1981:92). "Narratives are stories – purposeful stories retelling the *historical events* of the past that are intended to give meaning and direction for a given people *in the present*" (Fee & Stuart, 2003:80). Bybelse narratiewe is egter uniek in dié opsig dat dit nie bloot vertellings oor die geskiedenis is nie, maar dat dit 'n weergawe is van God se storie waarvan Hy ons deel gemaak het. Hierdie storie is nie 'n fiktiewe verhaal met fiktiewe karakters met wie die mens kan assosieer nie, maar dit is die verhaal van God se saamloop met sy volk dwarsdeur die geskiedenis. Hierdie verhaal het 'n geografiese en historiese karakter (Goldsworthy, 2012:57).

Alle historiese gedeeltes, gelykenisse, dele van apokaliptiese hoofstukke, selfs onderdele van briewe en bepaalde *dramatiese* gedeeltes is voorbeelde van teksgedeeltes wat narratief of verhalend van aard is (Die Bybel in Afrikaans [DBA] handboek, 2009:afd. C §1). 'n Kenmerkende eienskap van die narratiewe genre, is dat daar dikwels meer as een literatuursoort in die narratief opgeneem word (Greidanus, 1988:189; DBA-handboek, 2009: afd. C §1). Fackre (vgl. Greidanus, 1988:189) gee die volgende definisie van die narratiewe genre in die algemeen (vgl. ook DBA-handboek, 2009: afd. C §2):

> Narrative, in its encompassing sense, is an account of events and participants moving over time and space, a recital with beginning and ending patterned by the narrator's principle of selection.

Brink (vgl. Vos, 1995:262) sê "dat selfs die mees verwikkelde verhaal teruggevoer kan word tot die kernelemente dat daar iets met iemand gebeur op 'n sekere tyd en plek. Dit beteken dat daar twee elemente in enige verhaal voorkom (gebeure en karakters) en twee dimensies (tyd en ruimte)" (vgl. ook DBA-handboek, 2009:afd. C §3.1). In sy riglyne vir die vertaling van narratiewe teksgedeeltes in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, wys die DBA-handboek (2009: afd. C §3.1) daarop dat sonder hierdie vier basiese elemente geen verhalende teks kan bestaan nie. In die narratologie word gepraat van die **storie** wat gedefinieer word as die chronologiese, logiese en kousale versameling elemente wat in 'n verhalende teks voorkom. Gevolglik kan die storie dus gesien word as 'n rekonstruksie van die verhalende elemente om 'n samehangende begrip van die gebeure te vorm. Op grond van hierdie logiese

storie kan bepaal word watter verhaalstof **geselekteer** is en watter **weggelaat** is sodat dit duidelik word wat belangrik is vir die bepaalde vertelling (DBA-handboek, 2009: afd. C §3.1).

Brueggemann (vgl. Long, 1989:73) verdeel die narratiewe genre in drie afdelings, te wete:

*Primitiewe (oorspronklike) narratief*

Hierdie tekste is in storie - of storie-agtige vorm geskryf en verwoord die elementêre narratief wat ten grondslag lê van die res van die Bybel. Die primitiewe narratief is die wynstok waaraan alle ander tekste verbind is as vertakkings daarvan. Hierdie narratiewe verwoord sonder enige tierlantyntjies of dramatiese uitbreiding die magtige dade van God wat verantwoordelik is vir die identiteit, geloof en lewe van die geloofsgemeenskap. ’n Voorbeeld van hierdie tipe narratief is die verlossingslied van Eksodus 15:1-19.

*Die uitgebreide narratief*

Hierdie tekste is ook verhalend van aard, maar brei en bou die oorspronklike narratief uit (vgl. Clements, 1978:33; Pratt, 1990:114 en Gamble, 2009:19). Voorbeelde van hierdie tipe narratief, is die beskrywing van die woestynomswerwinge en die intog in die beloofde land. “These stories constitute “an *epic* derived from the *credo* (Long, 1989:73).

*Die afgeleide narratief*

Hierdie narratiewe word veral aangetref in daardie tekste wat die geskiedenis van die geloofsgemeenskap beskryf in hul stryd om hul identiteit uit te leef. Hierdie narratiewe bestaan uit oorspronklike en uitgebreide narratiewe en beslaan die boeke vanaf Rigters tot Nehemia.

### 2.3 Ou-Testamentiese narratiewe afgebaken

Ongeveer 40% van die Ou Testament bestaan uit narratiewe stof (Fee & Stuart, 2003:78 e.v.). Greidanus (1988:188-189) verdeel die Ou-Testamentiese narratiewe in hoofsaaklik twee groot historiese werke, te wete Genesis tot 2 Konings en Kronieke tot Nehemia (vgl. ook Fee & Stuart, 2003:79). Hy wys ook daarop dat daar in elke afdeling van die Hebreeuse Ou-Testamentiese narratiewe gedeeltes te vinde is: In die Tora kom narratiewe gedeeltes hoofsaaklik in Genesis, Eksodus en Numeri voor, in die Profete hoofsaaklik in Josua, Rigters, Samuel, Konings en Jona en in die Geskrifte hoofsaaklik in Kronieke, Esra, Nehemia, Rut, Ester en Daniël.

Pratt (1990:279) sluit aan by Greidanus se indeling deur die narratiewe stof van die Ou Testament soos volg in te deel:

i) Die Mosaïese geskiedenis (Genesis, Eksodus, Numeri en Deuteronomium)
ii) Die Deuteronomistiese geskiedenis (Joshua, Rigters, Samuel en Konings)
iii) Die Kronistiese geskiedenis (Kronieke, Esra en Nehemia)
iv) Ander boeke (Rut, Ester en Jona)

Keller (2002:42) onderskei narratiewe gedeeltes binne elke tydvak. Die groter narratiewe gedeeltes kan ook verder verdeel word. Keller (2002:24) verdeel byvoorbeeld die Genesis narratiewe soos volg: Pre-sondevalnarratiewe, post-sondevalnarratiewe en aartsvaderverhale (vgl. ook Davies, 2006:31). Laasgenoemde sal dien as fokuspunt van hierdie studie.

## 2.4 Aspekte om te verreken ten einde Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale te bevorder en integraal te laat verloop

### 2.4.1 Hebreeuse geskiedskrywing

#### 2.4.1.1 Die vraag na historisiteit

Aangesien die narratiewe genre uit soveel verskillende vorms bestaan wat wissel van feitelike geskiedskrywing tot fiktiewe gelykenisse, bemoeilik dit soms die taak om te onderskei tussen feit en fiksie. Walhout (1985:74 en 77) waarsku dat fiksie nie noodwendig onwaar is nie (vgl. ook Greidanus, 1988:189; Provan et al., 2003:75-97). Hy is van mening dat een van die mees konstante foute wat deur tekstuele hermeneute gemaak word, is dat hulle ooreenkomste trek tussen die waar-vals onderskeid en die geskiedenis-fiksie onderskeid. Alleen dit wat geskiedkundig en feitelik is, word beskou as waarheid en dit lei daartoe dat dit wat fiktief en verbeelding is, as onwaar beskou word.

Vorm-kritiese klassifikasies is ook nie van veel hulp nie (Greidanus, 1988:190). Aangesien vorm-kritici dikwels probeer om die basiese narratiewe genre van die Ou Testament in verskillende kleiner vorms, soos legende, geskiedenis, fabel, mite, ensovoorts in te deel, dra dit by tot die siening dat nie alle narratiewe histories van aard is nie (vgl. Van Seters, 1992:20; Greidanus, 2007:23-24). Dikwels word die oorsprong vir hierdie verhale selfs as nie-Israelities aangetoon (vgl. McKane, 1979:18-20). Die feit dat geskiedskrywing as een van hierdie vorms aangedui word, wek die indruk dat dit die enigste vorm van die narratief is wat histories korrek is. Die vorm-kritiek het die nadeel dat dit die hermeneut uit die staanspoor bevooroordeeld laat ten opsigte van die historisiteit van ’n teks, soveel te meer wanneer daar van die veronderstelling uitgegaan word dat literêre vorms deur middel van evolusie ontstaan het (vgl. Van Seters, 1983:209). Die gevolg is dat historiese narratiewe, volgens geleerdes soos Gunkel en Gressmann (Van Seters, 1983:210), vanuit legendes ontwikkel het en dit bring die historisiteit daarvan in gedrang. Daarom skryf Long (1994:57) dat genre-klassifikasie nie mag voorskryf wat ’n teks mag en nie

mag bevat nie. Pratt (1990:93) meen dat voorstanders van die vorm-kritiese benadering van die veronderstelling uitgaan dat skrywers van historiese narratiewe nie bedoel het dat hulle gehoor hul weergawes as histories korrek moet beskou nie (vgl. ook Davies, 2006:29 voetnota 1). Hieruit volg die siening dat, indien ’n teks in die vorm van ’n fabel geskryf is, moet dit nie as histories korrek geïnterpreteer word nie (vgl. Deist, 1978:12). Gamble (2009:121) wys egter daarop dat wanneer Dawid byvoorbeeld as karakter geanaliseer word, dit nie beteken dat die historisiteit van sy bestaan bevraagteken word nie. Kaiser (1981:92) is dus korrek wanneer hy reken dat die sleutelprobleem die verband is tussen dit wat histories waar is en die teologiese boodskap van ’n teks.

Aangesien die klassifisering van genres steeds nie ’n maklike taak is nie (vgl. Van Seters, 1983:220-227); dit deurtrek is met onsekerheid en daar gevolglik ook nie altyd eenstemmigheid daaroor bestaan nie, behoort die Christus-belydende hermeneut versigtig te wees om vorm-kritiek as gesaghebbende beginsel te gebruik by die vasstelling van die historisiteit van ’n teks. ’n Probleem van die vorm-kritiese metode is dat dit ook nie altyd objektief is nie en die gevaar bestaan dat die historisiteit van belangrike historiese gebeure ter wille van persoonlike voorkeur as fabels of legendes geklassifiseer kan word (vgl. Pratt, 1990:94).

Pratt (1990:94) stel voor dat daar eerder binne die narratiewe self gesoek behoort te word vir aanduidings van spesifieke genres. Indien daar taalgebruik, styl of struktuur eie aan ’n spesifieke genre binne ’n bepaalde teksgedeelte geïdentifiseer kan word, behoort die gevolgtrekkings waartoe gekom word baie meer betroubaar te wees. Pratt (1990:94-95) waarsku egter ook teen die keersy, naamlik dat alle historiese gedeeltes binne die Bybel as presiese weergawes van geskiedkundige gebeure beskou word. “Evangelicals affirm the inerrancy of Old Testament narratives in the sense that they do not intentionally or unintentionally misrepresent history, but these accounts may not give the detailed historical record modern readers often demand” (Pratt, 1990:95).

#### 2.4.1.2 Geskiedskrywing

Dit is alombekend en behoort ook in ag geneem te word dat Hebreeuse geskiedskrywing groot verskille toon met die hedendaagse ideaal van “akkurate, objektiewe geskiedenis” (Greidanus, 1988:191; Pratt, 1990:95; vgl. ook Von Rad, 1980:13). Geen geskiedskrywing, selfs nie moderne vorme daarvan, voldoen aan hierdie ideaal nie, aangesien geen geskiedskrywer werklik objektief teenoor die geskiedenis kan staan nie. Afgesien hiervan, kan egter nie met Le Roux (2002 en vgl. Louw 2010) se standpunt saamgestem word dat geskiedenis bloot uit die perspektiewe van die geskiedskrywer(s) bestaan en dat daar niks “vas” aan geskiedenis is nie. Volgens Le Roux (vgl. Mulder, 2007:4) bestaan historiese feite nie. Hy is daarvan oortuig: “…feite is iets wat jyself maak.” Hy verduidelik: “jy maak dit ... jy selekteer dit wat jy... later gaan noem as feite” (spasies en weglating: HSW Strauss).

Hoewel daar aan Le Roux gelyk gegee kan word oor die subjektiewe weergee van ‘feite’, skep sy hermeneutiese subjektivisme egter probleme. Byvoorbeeld, dit vernietig nie net teologiese ondersoek nie, maar ook die regswese. Neem as voorbeeld Le Roux is volgens getuies tydens ’n motorkaping op die hoek van Lynnwood en Roper net toe sy motor die universiteitsgronde verlaat het, doodgeskiet op Maandag 27 Augustus 2012 om ongeveer 13:00. Die motorkapers het hulle egter misreken met die verkeer en het direk na die kaping ’n dubbele botsing veroorsaak met ernstige beserings, sodat hulle nie kon ontsnap nie. Die vraag vir Le Roux is natuurlik of daar ‘feite’ ter sprake is. Moet die regter op sy hermeneutiese standpunt besluit dat die geskiedenis nie “vas” is nie? Geen feite is betrokke nie, behalwe wat volgens hom gemaak is, dus kan daar geen saak wees nie? Wie se “seleksie” gaan dien as “feite”? Intussen dui die polisieverslag op ooggetuies, sy motor, sy liggaam, en die twee mortorkapers met hulle vuurwapens op die toneel in terme van datum, tyd en plek. Gegewe die voorbeeld sal Le Roux wel ’n antwoord skuldig bly. Hy is immers dood. Al waarom die samelewing van Suid-Afrika in 2012 so kan sê, is omdat hulle uit die inligting voorhande vir hulself ’n seleksie gemaak het wat hulle nou ‘feite’ noem. Almal het wel die Donderdagoggend 30 Augustus 2012 om 11:00 sy begrafnis bygewoon.

Wanneer die vertrekpunt verkeerd is en die Bybel uit die staanspoor bloot as ’n menslike dokument en nie as die Woord van God beskou word nie, het dit ’n wesenlike invloed op die waarheidselement van die Bybel (Long, 1994:30). Daar sal dus na ’n ander benadering as dié van Le Roux gesoek moet word, aangesien daar te veel aspekte van antieke geskiedskrywing is wat deur hom geïgnoreer word. Miller (vgl. Osborne, 2005:675; ook Van Seters, 1983:4-5; Merrill, 2008:27-29) noem agt karaktereienskappe van die geskiedenis in die Ou Testament wat nie geïgnoreer kan word nie:

- i) Dit is verhale wat sentreer rondom mense en gebeure.
- ii) Dit is biografies van aard. Dit vertel die storie van God se werk in die wêreld deur middel van mense.
- iii) Dit is tendensieus, gesien deur die perspektief en interpretasie van die skrywer.
- iv) Dit is teosentries en word aangebied as Woord van God en nie bloot as menslike rekord nie.
- v) Dit is selektief aangesien alle detail wat nie verband hou met die boodskap nie, geïgnoreer word.
- vi) Dit is historiografie aangesien dit aangebied word as die vaspen van geskiedenis.
- vii) Dit is deurlopend kontekstueel. Dit vertel nie net die geskiedenis oor nie, maar verbind dit aan die behoeftes van die eietydse hoorders.
- viii) Dit is interpretatief aangesien dit dikwels die skrywer se beoordeling van gebeure ook weergee.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat geskiedenis en die weergawe van geskiedkundige feite deur die skrywers daarvan aangewend is vir ’n spesifieke doel. Hierdie doel bepaal vanuit watter oogpunt geskiedkundige gebeure beskou word; watter feite geselekteer word en hoe daardie feite gerangskik word

(vgl. Kaiser, 1981:205-208; Pratt, 1990:95; Davies, 2006:14-16 en Greidanus, 2007:26). Deist (1978:11-13, vgl. ook 33-34) stel dit soos volg: "…we are not dealing in the Old Testament with history in the twentieth-century sense of the word, but with a *selection* of facts which are then presented *interpretively* or applied *kerygmatically*." Daarom verkies Buttrick (1987:285-286) om liewer nie van geskiedenis te praat nie, maar eerder van verskillende intriges binne geskiedkundige gebeure. Long (1994:58-63) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat daar 'n belangrike onderskeid te tref is tussen geskiedenis as gebeure en geskiedenis as die weergawe van gebeure. Aangesien moderne vorme van geskiedskrywing self nie aan die ideaal van "akkurate, objektiewe geskiedenis" voldoen nie en weens die feit dat dit ook nie noodwendig die doel van die Bybelse geskiedskrywers was om die geskiedenis op so wyse weer te gee nie, behoort Navorsers nie moderne standaarde op Bybelse geskiedskrywing toe te pas nie (vgl. Greidanus, 1988:191, Merrill, 1991:13). "The ancient author is clearly not confined by nineteenth-century standards of exactitude" (Greidanus, 2007:26; vgl. ook Osborne, 2005:683). Aangesien Bybelse geskiedskrywing 'n teologiese aktiwiteit is waarin geskiedenis en teologie nie van mekaar geskei kan word nie, behoort die soort negatiewe skeptisisme wat deel is van konvensionele geskiedskrywing, geen plek te hê in gelowiges se hantering van die Ou Testament nie (vgl. Merrill, 2008:20). Wat belangrik is, is dat die intrinsieke betekenis van 'n bron nie gesoek moet word vanuit die interpreteerder se eie stel waardes nie, maar vanuit die waardes van die oorspronklike skrywer (Long, 1994:33-35). Die hermeneut behoort dus gedurig bewus te wees van die verskille tussen die wêreld van die Bybel en die moderne wêreld (Long, 1994:36).

In teenstelling met sekulêre geskiedskrywing, het Bybelskrywers die geskiedenis op 'n teosentriese wyse vasgepen en beskou hulle dus die geskiedenis vanuit 'n profetiese oogpunt (Greidanus, 1988:191-192; Pratt, 1990:95; Van der Walt, 2009:7). Vrae van teologiese en godsdienstige aard was meer bepalend vir die wyse waarop die geskiedenis neergepen is as die korrekte weergee van historiese feite ter wille van historiese betroubaarheid (Greidanus, 1988:191; vgl. ook McKeown, 2008:239). In aansluiting hierby, wys Osborne (2005:673) dat daar in historiese narratiewe altyd twee vlakke van waarheid is wat in ag geneem behoort te word: "the correspondence of the event or speech to what happened and the correspondence of the theological message to the rest of Scripture." 'n Belangrike argument wat Pratt (1990:93; vgl. ook Long, 1994:97-98; McKeown, 2008:360-370) aanvoer as bewys vir die historiese betroubaarheid van die narratiewe, is die wyse waarop Bybelskrywers van hierdie narratiewe gebruik gemaak het. Hulle hanteer narratiewe deurgaans as histories betroubare stof (vgl. ook Osborne, 2005:681; Greidanus, 2007:31; Gamble, 2009:105). Die vraag na historisiteit kan nie uitgesluit word wanneer met narratiewe stof omgegaan word nie. Goldingay (1980:36) belig juis die gevaar van relativisme wanneer hy skryf: "If the events did not take place, the grounds of faith are removed." Daarom waarsku Osborne (2006:216) tereg: "If cut off from historical and referential meaning, they become arbitrary and subjective. Therefore, any proper methodology must blend the two (literary and historical) in such a way that they modify one another, magnifying the strengths and avoiding the

weaknesses of each." Dit is interessant dat Schilder (1983:19-20) daarop wys dat die Ou Testament in hedendaagse Israel gelees word as "vaderlandse geskiedenis".

#### 2.4.1.3 Historiese en a-historiese narratiewe

Perdue (1994:232) meen dat narratiewe histories korrek, fiktief of 'n kombinasie van die twee kan wees. Die vraag na die historisiteit van narratiewe, is meer kompleks as om bloot in die algemeen die historiese betroubaarheid van Hebreeuse narratiewe te bevestig (Greidanus, 1988:192). Die onderskeid tussen historiese en a-historiese narratiewe, is dikwels problematies. In hoe 'n mate hierdie onderskeid die interpretasie van 'n spesifieke narratief beïnvloed, is 'n verdere probleem (vgl. Van Seters, 1992:24; Osborne, 2005:678, 682). Sommige narratiewe is nie afhanklik van hul historisiteit ten einde hul boodskap oor te dra nie (bv. gelykenisse soos 2 Sam. 12:1-4). Dit is egter gevaarlik om alle narratiewe oor dieselfde kam te skeer, aangesien historisiteit by sommige narratiewe wel baie belangrik is vir die interpretasie daarvan. Die belang van hierdie onderskeid sal vervolgens aangetoon word.

#### 2.4.1.4 Die belangrikheid van historisiteit

Perdue (1994:232) se vraag: "Can fiction, not grounded in history, be theologically true?" beklemtoon die aktualiteit van die belangrikheid van historisiteit ten opsigte van historiese narratiewe. Gowan (vgl. Greidanus, 1988:193) skryf gevolglik: "If a narrative claims by its form and intent to be history, then is does matter whether the event recorded really happened or not." Historiese narratiewe fokus nie soseer op die estetiese nie, maar eerder op die oorvertel en interpretasie van gebeure. Juis hierom is die historisiteit van hierdie gebeure belangrik vir interpretasie (Greidanus, 1988:193; vgl. ook Dijk, 1955:199-200; Long, 1994:93-99; Keller, 2002:64; Greidanus, 2007:32; Merrill, 2008:26). Die Ou Testament beklemtoon self die belangrikheid daarvan dat sy historisiteit ernstig opgeneem behoort te word (vgl. Schilder, 1983:20-21; Van der Walt, 2009:7). 'n Historiese gebeurtenis, die uittog uit Egipte, vorm byvoorbeeld die hartklop van Israel se geloof. Die aanspraak op die waarheid van Israel se geloof word hierdeur bepaal (vgl. Long, 1994:97). Die Christelike geloof is nie gefundeer op "geskiedenis-agtige" stories nie, maar op die geskiedenis self – God wat optree in die geskiedenis (Greidanus, 1988:194; vgl. ook Schilder, 1983:21 se verwysing na Stefanus se hantering van die geskiedenis gedurende sy toespraak in Hand. 7). Spykman (vgl. Van der Walt, 2009:7) stel dit so: "… die Bybel (is) sowel geskiedenis van die *verlossing* as *geskiedenis* van die verlossing…"

#### 2.4.1.5 Funksies van historiese verwysings

Verwysings na die geskiedenis funksioneer verskillend in verskillende narratiewe (Greidanus, 1988:194). In sommige gevalle is die historisiteit van gebeure onmisbaar belangrik vir die hermeneutiese proses. In die geval van die uittoggebeure, sou 'n miskenning van die historisiteit 'n miskenning van die boodskap

van die teks wees. Die meeste Ou-Testamentiese narratiewe val in hierdie kategorie (Greidanus, 1988:194). Soms is die weergee van die geskiedenis self nie die kern van die narratief nie, maar dit is tog belangrik om die egtheid van die boodskap te bevestig (Greidanus, 1988:194-195; vgl. ook Clowney, 1988:13). Goldsworthy (2006:73) meen dat daar min twyfel daaroor bestaan dat die aartsvaderverhale bedoel is om as geskiedenis gelees te word.

In die geval van narratiewe soos Job en Jona, is die historisiteit van gebeure hermeneuties minder belangrik, aangesien die doel van die skrywer nie die historisiteit van gebeure verlang nie (Greidanus, 1988:195). Soms gebeur dit ook dat 'n verteller van ironie (waar die teenoorgestelde van wat bedoel word, gesê word) gebruik maak en dat die inhoud daarvan dan nie noodwendig histories korrek is nie (vgl. DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.11).

#### 2.4.1.6 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Die verskillende vorme waarin die narratiewe genre voorkom, bemoeilik die onderskeid tussen feit en fiksie. Vorm-kritiese klassifikasies dra dikwels by tot die bevraagtekening van die historisiteit van narratiewe stof. Daar behoort egter gewaak te word daarteen om alle inligting binne narratiewe stof as histories korrek te hanteer, aangesien skrywers dit nie bedoel het as gedetailleerde weergawes van die geskiedenis nie.

Hebreeuse geskiedskrywing toon groot verskille met moderne vorme van geskiedskrywing. Hebreeuse geskiedskrywing bestaan nie net uit perspektiewe van die geskiedskrywer nie, maar geskiedkundige feite word aangewend en weergegee met 'n spesifieke doel waarvoor feite geselekteer en op 'n spesifieke wyse gerangskik word. Bybelse geskiedskrywing is 'n teologiese aktiwiteit waarin teologie en geskiedenis nie van mekaar geskei kan word nie. Vrae van teologiese en godsdienstige aard was bepalend vir die wyse waarop die geskiedenis neergepen is. Bybelskrywers hanteer self die narratiewe stof as histories betroubaar. Daar behoort gevolglik gewaak te word teen die gevaar van relatiwisme wanneer gevra word na die historisiteit van narratiewe stof. A-historiese narratiewe is nie afhanklik van hul historisiteit ten einde boodskapdraend te wees nie. Daarteenoor is die fokus van historiese narratiewe op die oorvertel en interpretasie van gebeure en juis daarom is die historisiteit van hierdie gebeure belangrik vir interpretasie. Hoewel die patriargale narratiewe nie primêr die weergee van geskiedkundige feite ten doel het nie, is die historisiteit van hierdie narratiewe belangrik ten einde die egtheid van hul boodskap te bevestig.

### 2.4.2 Literêre eienskappe van die Hebreeuse narratief

Hebreeuse narratiewe (ook die aartsvaderverhale) is artistieke produksies en behoort dus as sulks hanteer te word. Robert Alter (vgl. Greidanus, 1988:197) wys op die belangrike rol wat literêre kuns speel in die vorming van 'n Bybelse narratief. Wanneer die Hebreeuse narratief bestudeer word, is dit belangrik om

dit nie in die lig van Griekse of moderne, Westerse gebruike te lees nie (Greidanus, 1988:197). Hoewel daar sekerlik heelwat ooreenkomste is met byvoorbeeld Westerse narratiewe, sal die Hebreeuse narratief, wanneer uit 'n Westerse perspektief gelees, eerstens nie ten volle tot sy reg kom nie en tweedens sal dit lei tot foutiewe interpretasie. Pratt (1990:151) vergelyk die Ou-Testamentiese narratiewe met kreatiewe skilderye van Israel se geskiedenis. Hierdie eiesoortigheid behoort gerespekteer te word. Greenstein (vgl. Greidanus, 1988:198) spesifiseer sommige verskille tussen Westerse en Hebreeuse narratiewe soos volg:

> Because the Bible's stories are so familiar, we are prone to underestimate the considerable differences in narrative style between biblical storytelling and that of most Western literature. For example – and at the risk of oversimplifying – the Western narrative in which we are steeped is meant to be read by leaps and bounds, passage after passage. The biblical text, by contrast, is intricate and intensive, demanding slow-paced attentiveness to detail… Biblical literature is geared toward the ear, and meant to be listened to at a sitting. In a "live" setting the storyteller negotiates each phrase with his audience. A nuance, an allusion hangs on nearly every word. Indeed, wordplay per se is a regular feature of the Bible's art.

Kaiser (2003:63) wys daarop dat ten einde in staat te wees om voor te berei om vanuit narratiewe stof te preek, dit noodsaaklik is om te verstaan hoe 'n narratief aanmekaargesit is. Om die Hebreeuse narratief tot sy reg te laat kom, is dit belangrik dat die verklaarder homself in die skoene van die oorspronklike hoorders sal plaas en bewus sal wees van antieke Hebreeuse gebruike by kommunikasie wat vir hulle 'n gegewe was (Greidanus, 1988:198; vgl. Davies, 2006:11-30). Betekenis lê nie net in die inhoud van die verhaal nie, maar ook in die vorm waarin dit aangebied word en daarom moet die vorm gerespekteer word (DBA-handboek, 2009:afd. C §3.1).

#### 2.4.2.1 Die toneel (*scene*)

Fokkelman (1975:9) is van mening dat die toneel die heel belangrikste gedeelte van die Ou-Testamentiese narratief uitmaak. Die verskillende tonele vorm die boustene van Ou-Testamentiese verhale (Pratt, 1990:151; Fee & Stuart, 2003:94; DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.8). Die vernaamste vorm van die Ou-Testamentiese narratief, is waar die narratief in verskillende tonele opgedeel word. Hierdie tonele kan vergelyk word met die tonele waaruit 'n rolprent bestaan: Buite die rolprent as 'n geheel het die tonele geen bestaansreg nie (vgl. Bar-Erat, 1989:102). Aangesien die meeste Hebreeuse narratiewe op hierdie wyse geskryf is, beklemtoon dit die belangrikheid daarvan om elke tema binne die konteks van die narratief as geheel te verstaan (net soos wat die narratief binne die konteks van die hele boek verstaan behoort te word) (Greidanus, 1988:199). Gewoonlik bevat so 'n toneel nie meer as twee karakters nie (vgl. McKane, 1979:31; Bar-Erat, 1989:96; DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.9). Indien daar meer as een

karakter is, geld die tweeledigheid steeds aangesien ’n groep karakters gewoonlik as ’n kollektiewe karakter optree (Greidanus, 1988:199, Kaiser, 2003:65). Die verhaal van Josef en sy broers (Gen. 37) is ’n goeie voorbeeld hiervan.

Dit is dikwels moeilik om verskillende tonele te onderskei. Daar bestaan twee oorheersende struikelblokke wat die onderskeiding van verskillende tonele bemoeilik. Die eerste is ’n spesifieke hermeneutiese oriëntasie wat so gefokus is op kleiner eenhede dat groter gedeeltes van Ou-Testamentiese narratiewe misgekyk word (vgl. Davies, 2006:45-60). Die tweede probleem is geleë in die Hebreeuse verhaal self. Anders as ander verhalende vorms, bevat die Hebreeuse narratief nie altyd duidelike aanwysings wat die begin en die einde van tonele aandui nie (Pratt, 1990:152). Tog wys Bar-Efrat (1989:96; vgl. Kaiser, 2003:65) een so ’n aanwysing uit: Wanneer almal, of selfs net van die karakters verander, begin daar gewoonlik ’n nuwe toneel.

#### 2.4.2.2 Tyd en ruimte

Menslike handeling is onlosmaaklik verbind aan ’n spesifieke plek en tyd. Die tyd en ruimte waarin enige verhaal afspeel, is dikwels van groot hulp in die bepaling van narratiewe se betekenis (Bar-Erat, 1989:141-196; Mathewson, 2002:67-70). ’n Narratief het ’n tweeledige verhouding tot tyd: Dit ontvou binne die tyd en die tyd verloop binne die narratief self (Bar-Erat, 1989:141). Vertelde tyd is nooit aaneenlopend nie, maar bevat gapings, vertragings en spring rond tussen verlede en hede (Bar-Erat, 1989:142). Wie deeglik aandag gee aan tyd binne die narratief, sal dit van groot waarde vind om by die kern van die narratief te kan uitkom (Bar-Erat, 1989:143).

“Space exists within the narrative, but the narrative does not exist within space and therefore the internal space of narrative is realized not in external space (as in a painting but in external time” (Bar-Efrat, 1989:184). Hierdeur toon Bar-Efrat hoe tyd en ruimte onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Volgens Mathewson (2002:68-70) behoort beide die “inner textual setting” (Waar het hierdie verhaal afgespeel? Dus die geografiese ligging) en die “inter-textual setting” (Waar pas die verhaal binne die groter geheel in?) in ag geneem te word. Ruimtelike aanduidings dien nie net ’n geografiese funksie binne narratiewe nie, maar is ’n literêre element waarin belangrike betekenis opgesluit lê (Bar-Efrat, 1989:194). Aspekte van die uitbeelding van ruimte wat in ag geneem behoort te word, is byvoorbeeld (DBA-handboek, 2009:afd. C §3.2.3 en 6.9):

- Die aard van die plek waar die handeling afspeel
- Naamgewing
- Teenoormekaarstelling van byvoorbeeld oop en toe, bo en onder, buite en binne, ensovoorts
- Die sensoriese waarneming van ruimte (visueel, ouditief, taktiel) insluitende temperatuur en weersomstandighede

- Die ruimte as ’n kader of die invulling van ’n afgebakende ruimte
- Die verhouding tussen karakters en die ruimte
- Die simboliese assosiasies wat in ruimtelike beskrywings voorkom

#### 2.4.2.3 Karakters

Karakters vorm die sentrale element van die Hebreeuse narratief (Fee & Stuart, 2003:95). Ten einde die rol van karakters in Ou-Testamentiese narratiewe te begryp, behoort twee sake oorweeg te word: Watter karakters word deur die verteller ingesluit en op watter wyse word hulle uitgebeeld? (Pratt, 1990:130). Hebreeuse narratiewe maak gebruik van ronde karakters, plat karakters en funksionele karakters (vgl. Berlin, 1983:23; Mathewson, 2002:58-60); daarom word alle karakters nie volledig beskryf nie (Pratt, 1990:141-143). Daar is veral drie prominente soorte karakters in Ou-Testamentiese narratiewe, te wete God, bo-natuurlike wesens en mense.

*God*

Aangesien dit die doel van Ou-Testamentiese skrywers was om God se wil aan Israel bekend te maak, is God waarskynlik die belangrikste karakter in die Hebreeuse narratief (Pratt, 1990:130; Goldsworthy, 2012:112). ’n Duidelik waarneembare eienskap van God as karakter, is sy (alom)teenwoordigheid – hetsy op die voorgrond of op die agtergrond. Dikwels is Hy een van die twee karakters in ’n toneel (byvoorbeeld God en Adam – Gen. 3), ander kere sal Hy slegs vlugtig op die toneel verskyn en weer onttrek, maar soms is Hy ’n indirekte karakter wat byvoorbeeld verteenwoordig word deur die profeet wat namens God spreek (vgl. Kaiser, 2003:65; Arthurs, 2006:74). Daar is ook gevalle waar Hy nie op een van hierdie wyses teenwoordig is nie, maar eerder op die agtergrond beweeg (Pratt, 1990:131; vgl. ook Davies, 2006:140-145). In sulke gevalle sal die toneel as ’n geheel sy teenwoordigheid onthul aangesien die karakters die toneel vertolk teen die agtergrond van God se beloftes, sy krag, sy eise, sy voorsienigheid, ensovoorts (Greidanus, 1988:199). Dit gebeur ook dat God as bo-natuurlike of menslike karakter voorgestel word, byvoorbeeld die Engel van die HERE of die drie manne wat Abraham besoek het waarvan een God self was (DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.6).

*Bo-natuurlike wesens*

Binne sommige tonele is engele en selfs die Satan as karakters teenwoordig (Pratt, 1990:132).

*Mense*

Mense vorm die primêre karakters in Hebreeuse narratiewe. Soos reeds genoem (2.4.2.1), bestaan tonele hoofsaaklik uit twee karakters, maar soms word groepe, stede nasies en selfs die totale mensdom as karakters uitgebeeld (Pratt, 1990:132; Kaiser, 2003:65).

Ten einde hierdie karakters ten volle te begryp, is dit belangrik om ook die wyse waarop vertellers hul karakters rangskik, in ag te neem (Pratt, 1990:143). Protagoniste is gewoonlik die hoofkarakters uit wie se oogpunt die gebeure beleef word. Aangesien God nie altyd op die voorgrond is nie, moet interpreteerders versigtig wees om Hom as protagonis uit te skakel. In metafisiese sin is Hy wel teenwoordig (Pratt, 1990:143). Die protagonis is gewoonlik omring deur karakters wat hom deur die gebeure in die verhaal help. Soms word ook van antagoniste gebruik gemaak wat teenoor die protagonis gestel word. God self vervul dikwels die rol van antagonis. Dikwels is karakters onpartydig. (Pratt, 1990:144).

**2.4.2.4 Karakterisering**

Hebreeuse vertellers beskryf gewoonlik nie hul karakters in detail nie (vgl. McKane, 1979:32; Bar-Efrat, 1989:47-48; Mathewson, 2002:60; Fee & Stuart, 2003:95). Minimum diskoers word aangewend (Berlin, 1983:34; DBA-handboek, 2009: Afd. C § 6.3). Hulle is egter ooglopend selektief ten opsigte van dit wat hulle besluit om oor hul karakters te sê en van dit wat hulle kies om weg te laat. Hulle seleksie is doelmatig (Pratt, 1990:134-136; Davies, 2006:14-16). Hulle openbaar 'n besonderse eerlikheid wanneer hulle wel karakteriseer. Hulle fabriseer nie eienskappe nie. Elke karakter openbaar goeie sowel as slegte eienskappe. Ook God se karakter word met groot opregtheid uitgebeeld; selfs waarhede van sy karakter wat moeilik verklaarbaar is (Pratt, 1990:133-144). In die lig van hierdie eerlike uitbeelding van karakters, hoef daar dan geen twyfel te bestaan oor die geloofwaardigheid van karakters nie.

Wanneer karakters wel beskryf word, is dit gewoonlik betekenisvol en behoort die onmiddellike of uiteindelike gevolge daarvan ten opsigte van die storielyn of tema, in gedagte gehou te word (vgl. Bar-Efrat, 1989:48-53; Mathewson, 2002:61). Hoewel Ou-Testamentiese skrywers primêr op die innerlike kwaliteite van hulle karakters fokus, dinge soos motiewe, ingesteldheid, moraal, ensovoorts, verskaf die beskrywing van eksterne faktore baie leidrade ten opsigte van hierdie innerlike karaktereienskappe (Pratt, 1990:137; DBA-handboek, 2009: afd. C §3.2.2). Fisiese beskrywing van karakters kom baie min voor en verdien groot aandag wanneer hul wel voorkom (vgl. Berlin, 1983:35; DBA-handboek, 2009: afd. C §3.2.2). Beskrywende terme kan gebaseer wees op status (koning, weduwee, ryk, arm, ensovoorts), posisie in die samelewing (prostituut, man van God, ensovoorts) of herkoms (Hetiet, Amoriet, ensovoorts) (Berlin, 1983:35-36; Greidanus, 1988:200). Berlin (1983:35-36; Pratt, 1990:137) is van mening dat die doel van karakterbeskrywing nie soseer daarop gemik is om die leser te help om die karakter te visualiseer nie, maar eerder om die leser te help om te begryp watter soort persoon hy/sy is.

’n Ander manier waarop karakters soms beskryf word, is deur hulle in kontras met mekaar te stel, byvoorbeeld Lot en Abraham, Sara en Hagar, Jakob en Esau, ensovoorts (Berlin, 1983:40-41; Greidanus, 1988:200; Fee & Stuart, 2003:95; DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.4 en 6.5). Kontrastering vind nie noodwendig altyd binne ’n spesifieke narratief plaas nie, maar gebeur soms oor ’n afstand binne ’n groter geheel van narratiewe, byvoorbeeld Samuel en die seuns van Eli of Dawid en Saul (Greidanus, 1988:200; vgl. ook Pratt, 1990:137). Soms dien die karakter wat negatief geskets word, as weerkaatsing om sodoende die ander karakter se positiewe eienskappe deur middel van kontras nog duideliker na vore te laat kom.

In ander gevalle word karakters parallel teenoor mekaar geplaas sodat die eienskappe van die een ook op die ander van toepassing gemaak word. So word parallelle getrek tussen Moses en Josua sodat Josua die eienskappe van ’n “tweede Moses” toegedig word (Greidanus, 1988:201). Die bedoeling van parallelle karakters is dat die een karakter in die lig van die ander verstaan behoort te word (Greidanus, 1988:201).

Die belangrikste wyse van karakterisering in die Hebreeuse narratief is nie soseer deur beskrywing van die karakters nie, maar eerder deur hulle woorde, dade en gedagtes aangesien dit hulle innerlike motiewe die duidelikste openbaar (Greidanus, 1988:201; Pratt, 1990:138-140; Mathewson, 2002:61-62; Fee & Stuart, 2003:95; Davies, 2006:19-22). Dikwels word die een karakter by monde van ’n ander gekarakteriseer (vgl. Berlin, 1983:38; Bar-Efrat, 1989:59-62). Berlin (1983:39) wys daarop dat karakterisering soms deur middel van handeling waar woorde heeltemal ontbreek, kan plaasvind. God en sy verteenwoordigers word soms deur die verteller aangewend om karakters te karakteriseer (byvoorbeeld Wanneer God iemand seën, vervloek of op die een of ander wyse kommentaar lewer oor hulle optrede) (Bar-Efrat, 1989:53; Pratt, 1990:138). Wanneer karakterisering by monde van God self plaasvind, verdien dit besondere aandag (Bar-Efrat, 1989:54). Hebreeuse narratiewe gee as gewoonlik ook nie inligting oor die daaglikse bestaan van karakters nie, maar beskryf eerder sekere aksies en optredes van hulle karakters wat opval en buitengewoon is (Greidanus, 1988:201).

Deur beskrywende opmerkings, hoewel soms baie kripties, verskaf vertellers gewoonlik waardevolle inligting ten opsigte van sekere karakters (vgl. Bar-Efrat, 1989:53). Bar-Efrat (1989:56-57) beklemtoon ook die belangrikheid van karakterisering deur middel van metafore. Dit help die mens om te verstaan watter beeld van sy karakters die verteller vir sy lesers wil skets (Pratt, 1990:140-141). Mathewson (2002:62-63) voeg verder naamgewing en benoeming by as wyses van karakterisering, terwyl Bar-Efrat (1989:77-86) ook daarop wys hoe die handelinge van karakters, asook die rol van newe karakters (1989:86-92) aangewend word ter wille van karakterisering.

#### 2.4.2.5 Dialoog

Dialoog is een van die belangrikste wyses waarvolgens karakterisering binne die Hebreeuse narratief plaasvind (Bar-Efrat, 1989:64-77; Mathewson, 2002:64-66; Fee & Stuart, 2003:96). "Die dialoog as 'n vorm van indirekte presentasie kompenseer vir die verlies aan die overte *teenwoordigheid* van die verteller. Daarom is die dialoog in die verhale nie 'n toevallige seleksie van die verteller nie, maar essensieel vir die plot en vir karakterisering" (DBA-handboek, 2009: Afd. C § 6.4). Hebreeuse vertellers vertel gewoonlik hul verhale met 'n spesifieke ritme: Hulle begin gewoonlik met vertelling, daarna beweeg hulle na dialoog, waarna hulle sal terugkeer (soms net kortliks, ander kere meer uitgebreid) om voort te gaan met die vertelling (Greidanus, 1988:202 en DBA-handboek, 2009: Afd. C § 3.3.3). Alter, (vgl. Greidanus, 1988:202) is van mening dat die openingswoorde van die dialoog baie belangrik is as gevolg van die openbarende aard daarvan (vgl. Fee & Stuart, 2003:96). Die eerste woorde van 'n karakter kan byvoorbeeld selfs die storielyn (plot) bekendstel. Die taalgebruik en woordkeuse van karakters word ook dikwels deur die verteller aangewend om karakters te kontrasteer (vgl. Pratt, 1990:140).

Stilistiese spraakgebruik kom dikwels voor wanneer een karakter die woorde van 'n ander karakter aanhaal. Wanneer dit gebeur is dit belangrik om op te let na verskille wat in die algemene patroon of in die herhaling kan voorkom; omgekeerde woordorde; uitbreidings of uitlating van sekere gedeeltes ensovoorts. Laasgenoemde kan baie inligting verskaf rakende die karakter, sy morele, sosiale of politieke standpunte en selfs die storielyn (plot) kan daarin ontdek word (Greidanus, 1988:202-203). Somtyds gebeur dit egter dat die verteller eerder 'n toespraak sal opsom as om dit woordeliks aan te haal. Die rede hiervoor, volgens Alter (vgl. Greidanus, 1988:203), kan enige iets wees: 'n behoefte van die verteller om die verhaal vinniger te laat beweeg, 'n poging om onnodige herhaling te vermy; die verberging van sekere inligting of selfs devaluasie van wat gesê is (vgl. ook Davies, 2006:24-25).

Pratt (1990:119) wys op die belangrikheid van woordkeuse deur 'n verteller. Die woorde van karakters behoort deeglik ontleed te word volgens ander woorde in die persoon se woordeskat. *Waarom het hy 'n spesifieke woord gekies om iets mee te sê?* is 'n belangrike vraag. Daar moet veral gelet word op die beskrywende aard van woorde en woorde se konnotasies, aangesien dit woordkeuse beïnvloed. Thiselton (vgl. Pratt, 1990:120) merk tereg op dat 'n interpreteerder nie in staat is om te bepaal hoeveel waarde om aan 'n spesifieke woord te heg, totdat hy in staat is om te bepaal watter alternatiewe tot die skrywer se beskikking was nie.


Die sintagmatiese konteks waarin woorde aangewend word, is ook belangrik, aangesien woorde van mekaar vir hulle betekenis afhanklik is. Dit is dus belangrik om deeglik aandag te skenk aan die sin, die frase of die gedeelte waarin 'n woord voorkom (Pratt, 1990:121).

#### 2.4.2.6 Intrige/storielyn[1] (Plot)

[1] Vir die voordele wat die vasstel van die intrige vir die prediking inhou, raadpleeg Greidanus (2008a:66-67).

"If the characters are the soul of the narrative, the plot is the body" (Bar-Erat, 1989:93). Aangesien dit die storielyn is wat 'n verhaal dra, is die bepaling daarvan baie belangrik (Greidanus, 2008a:65). Die storielyn bestaan uit die rangskikking en interafhanklikheid van vertelde gebeure (Bar-Erat, 1989:93). Volgens Wilcoxen (vgl. Greidanus, 1988:203; Mathewson, 2002:44) bestaan 'n storielyn uit 'n begin, 'n middel en 'n einde wat bydra tot die opbou en ontlading van die dramatiese spanning binne 'n verhaal. Konflik is dit wat 'n storielyn vorentoe laat beweeg en daarom onthul die vraag na wat die konflik in die teks is en hoe die konflik opgelos word, gewoonlik die storielyn (vgl. Greidanus, 2007:21; 2008a:65). "Die hoë frekwensie van dialoog verleen ook aan die verhale 'n dramatiese karakter. Die intriges en die plot word normaalweg in die dialoogpassasies vermeld" (DBA-handboek, 2009: Afd. C § 6.4).

**Figuur 1. Struktuur van die Bybelse narratief (Greidanus, 1988:204)**




Volgens Bar-Erat (1989:95-140; vgl. Greidanus, 1988:203; 2008a:66) kan intriges of enkelvoudig of kompleks van aard wees, maar enkelvoudige intriges is die mees algemene in Bybelse narratiewe. Enkelvoudige intriges vertoon die klassieke piramiede patroon (sien figuur 1) waar die aksie styg vanaf 'n rustige situasie tot by die klimaks en ontknoping en weer terugkeer na 'n rustige situasie (vgl. Bar-Erat, 1989:121; Kaiser, 2003:66). Die volgorde waarin die die dele van die enkelvoudige narratief gerangskik word, is beide temporeel en kousaal (Bar-Erat, 1989:95). Mathewson (2002:44) ondersteun Greidanus se uiteensetting van die intrige wanneer hy daarop wys dat 'n intrige gewoonlik uit vier dele bestaan: Verduideliking, krisis, ontknoping en gevolgtrekking. 'n Meer komplekse intrige is byvoorbeeld aan te tref in die verhaal van Isak se seën (Gen. 27). 'n Komplekse intrige het gewoonlik meer as een klimaks met 'n rusperiode(s) tussenin, byvoorbeeld tussen Jakob se seën en Esau se terugkeer uit die veld (Greidanus, 1988:205). So 'n komplekse intrige kan etlike hoofstukke, tonele en selfs 'n hele boek beslaan (Pratt, 1990:146). Elke narratief in 'n siklus is 'n onafhanklike eenheid met 'n selfstandige narratief, maar bewerk terselfdertyd 'n verbintenis met die oorkoepelende patroon en dra by tot die vorming van die oorkoepelende intrige (Bar-Erat, 1989:136). Dikwels word 'n interne konneksie tussen narratiewe wat die onderdele van 'n komplekse intrige uitmaak, bewerk omdat hulle dieselfde hoofkarakter bevat (Bar-Erat, 1989:135). Greidanus (2008a:66) verdeel hierdie komplekse intriges op in oorkoepelende intriges en novelle intriges. Hy (2008a:66) benadruk ook die belangrikheid van die

Bybelse storielyn waarvan elke narratief deel is. Hierdie verweefdheid van storielyne behoort veral in ag geneem te word by die hantering van aartsvaderverhale (vgl. Osborne, 2006:217; Greidanus, 2007:22).

Die intrige in die Hebreeuse narratief beweeg in die algemeen teen 'n vinniger pas as in moderne narratiewe (vgl. Davies, 2006:24-25). Hierdie vinnige pas is die gevolg van die gebruik van korter sinne, die afwesigheid van te veel detail en die feit dat daar nie normaalweg uitgebreide karaktersketse in die Hebreeuse narratief is nie (Greidanus, 1988:205). Die pas kan natuurlik ook op verskillende maniere vertraag word. Hiervoor word gewoonlik dialoog deur die karakters; 'n woordelikse herhaling van toesprake en uitgebreide detail beskrywings gebruik. Wanneer die pas vertraag word, is dit gewoonlik 'n aanduiding daarvan dat die skrywer/verteller besig is om dit wat hy belangrik ag, te beklemtoon.

#### 2.4.2.7 Die verteller

Behalwe die karakters, speel die verteller 'n baie belangrike rol in die Hebreeuse narratief (Bar-Efrat, 1989:13; DBA-handboek, 2009: Afd. C § 3.3.1). Die verteller is dikwels deel van die narratief self (Bar-Efrat, 1989:13). Hy is soms duidelik herkenbaar (vgl. Bar-Efrat, 1989:23-32) en soms word sy bestaan geminimaliseer (vgl. Bar-Efrat, 1989:32-45). Sy stem word voortdurend gehoor saam met die stemme van die karakters. Deur sy oë en ore sien en hoor die leser wat aangaan in die narratiewe wêreld, terwyl die verteller ook dikwels die gebeure interpreteer (Greidanus, 1988:206; vgl. Bar-Efrat, 1989:13; Fee & Stuart, 2003:94; Davies, 2006:12-29 en DBA-handboek, 2009: Afd. C § 6.2). Dit is belangrik om te onderskei op watter wyse die verteller die gebeure evalueer, aangesien dit van groot hulp is om die koers waarin die verhaal beweeg, te bepaal (vgl. Berlin, 1983:43). Dit is belangrik om ook die fokalisasie (uit watter gesigspunt die verhaal aangebied word) binne 'n verhaal in ag te neem (Bar-Efrat, 1989:14-16; Mathewson, 2002:71-78; DBA-handboek, 2009:Afd. C § 3.2.4).

Die verteller is meestal alomteenwoordig en weet alles (Greidanus, 1988:206; Bar-Efrat, 1989:17; Fee & Stuart, 2003:93; Davies, 2006:13-14). Gewoonlik geskied vertellings in die derdepersoon (Berlin, 1983:43). Daar is egter gevalle waar die verteller op een plek bly en nie alomteenwoordig is nie (Bar-Efrat, 1989:17). Hy is in staat om intieme inligting oor karakters en hulle woorde en optrede wat normaalweg verborge sou wees, te openbaar (Bar-Efrat, 1989:17-18). Bar-Efrat (Bar-Efrat, 1989:19) is van mening dat die mees herkenbare bewys vir sy alomteenwoordigheid te vinde is in wat hy ons vertel van God; sy oordeel; sy gevoelens en sy intensies. Ten spyte van sy alomteenwoordigheid, deel die verteller nie noodwendig al sy inligting met die leser nie. Hierin is hy baie selektief (Berlin, 1983:44; Davies, 2006:14-16). Hierdie doelbewuste seleksie is 'n belangrike leidraad vir die verstaan van die doel van 'n spesifieke narratief (vgl. Bar-Efrat, 1989:19; DBA-handboek, 2009:afd. C §3.2 en 3.2.1). Pratt (1990:118) praat hiervan as die paradigmatiese perspektief. Vrae wat hieruit voortvloei is onder meer: *Waarom evalueer die verteller sekere karakters en gebeure en ander nie? Wat is sy standpunt?*

Met die verteller se standpunt word bedoel die posisie of perspektief waaruit 'n verhaal vertel word (Greidanus, 1988:207; Bar-Efrat, 1989:14-16). Ook genoem sy "ingesteldheid teenoor die gebeure en karakter(s)". Dikwels gee die verteller nie net sy eie ingesteldheid te kenne nie, maar in sy kommentaar maak hy dikwels God se standpunt bekend, byvoorbeeld 2 Sam. 11:27b. Soms word God se standpunt of mening direk, in sy eie woorde, bekendgemaak en soms op 'n indirekte wyse by monde van een van die karakters (Greidanus, 1988:207). Hierdie soort evaluering is egter nie baie algemeen in die Hebreeuse narratief nie. Wanneer hy wel kommentaar lewer, is dit om sy lesers se aandag te vestig op God; nie net op sy uitkyk van sake nie, maar ook om die mens bewus te maak van sy teenwoordigheid en werksaamheid ten spyte daarvan dat die narratief primêr oor menslike karakters handel (Greidanus, 1988:208).

**2.4.2.8 Retoriese strukture**

Soos in ander literatuurvorme, word die Hebreeuse narratiewe ook gevul met verskillende retoriese strukture. Enkeles word kortliks beklemtoon. Vir 'n vollediger uiteensetting hiervan, sien Bar-Efrat, 1989:200-218 en vgl. Greidanus, 1988:58-67.

*Klanke en ritme*

Daar behoort onderskei te word tussen die klank en betekenis van 'n woord. Die klank van 'n woord speel dikwels 'n betekenisvolle rol (vgl. Bar-Efrat, 1989:200-206).

*Die betekenis van die woord*

Daar behoort onderskei te word tussen prinsipiële en sekondêre betekenisse van 'n woord. In literêre stof speel beide 'n belangrike en betekenisvolle rol, veral in metaforiese taalgebruik (vgl. Bar-Efrat, 1989:206-211).

*Repetisie*

Herhaling is baie algemeen in die Hebreeuse narratief (vgl. Bar-Efrat, 1989:211; DBA-handboek, 2009: afd. C §3.2.1). Dit wissel van die herhaling van woorde tot die herhaling van volledige toesprake. Repetisie is 'n belangrike hulpmiddel in die bepaling van 'n teks se betekenis (Davies, 2006:22-23, vgl. ook Mathewson, 2002:51-53). Alter (vgl. Greidanus, 1988:208) wys daarop dat repetisie nie slegs in die herhaling van sleutelwoorde teenwoordig is nie, maar ook in die herhaling van motiewe, temas en in die herhaling van 'n spesifieke volgorde van gebeure. Dit is belangrik om op die uitkyk te wees vir 'n afwyking in die normale patroon van repetisie aangesien dit belangrike inligting bekend kan maak.

*Ringskomposisie*

Ringskomposisie is 'n spesiale vorm van repetisie wat normaalweg ten doel het om die begin en die einde van die narratief aan te dui, maar dit kan ook dien om die boodskap te beklemtoon deur weer by die openingstelling aan te sluit (Greidanus, 1988:209; vgl. Bar-Erat, 1989:130).

*Chiasme*

Chiasmes word nie net aangetref binne verse en sinne nie, maar kan selfs binne die groter geheel van 'n hele boek aangetref word. Fokkelman (1975:93) gee 'n goeie voorbeeld van 'n chiasme in sy ontleding van Genesis 25:20-26. Hierdie patroon word aangetref in dialoog en tonele (vgl. Greidanus, 1988:209-213). In hierdie verband wys Bar-Efrat (1989:216-218) op die belangrikheid van woordorde binne die narratief.

#### 2.4.2.9 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Hebreeuse narratiewe is uniek in karakter en toon heelwat verskille van Westerse narratiewe. Ten einde die aartsvaderverhale effektief te interpreteer, is 'n deeglike kennis van die Hebreeuse narratiewe genre as unieke middel van kommunikasie, noodsaaklik. Inhoud en vorm is belangrik vir betekenis.

Hebreeuse narratiewe bestaan gewoonlik uit een of meer tonele. Waar meer as een toneel voorkom, is die konteks binne die narratief as geheel belangrik, byvoorbeeld Genesis 27 waar die verkoop van die eersgeboortereg 'n toneel binne die groter narratief is. Verskillende tonele is dikwels moeilik te onderskei. Die tyd en ruimte waarbinne die verhaal afspeel, help ook om die verhaal se betekenis vas te stel.

Aartsvaderverhale maak gebruik van ronde karakters, plat karakters en funksionele karakters. God, bo-natuurlike wesens en mense is die prominentste karakters in Ou-Testamentiese narratiewe. Ook die wyse waarop die verteller sy karakters rangskik, is belangrik. Karakters word gewoonlik nie in groot detail beskryf nie. Karakterisering vind plaas deur middel van fisiese beskrywing, kontrastering, parallelisering of deur hul woorde, dade en gedagtes weer te gee. Beskrywende opmerkings verskaf ook belangrike inligting ten opsigte van sommige karakters. Dialoog is 'n belangrike vorm van karakterisering, maar speel ook 'n belangrike rol in die bepaling van die storielyn. Woordkeuse en die betekenis van woorde binne sintagmatiese konteks behoort in ag geneem te word.

Die storielyn dra die verhaal en bestaan uit die rangskikking en interafhanklikheid van vertelde gebeure. Konflik is dit wat die verhaal vorentoe laat beweeg en kan help om die storielyn in aartsvaderverhale te

bepaal. Intriges kan enkelvoudig of kompleks van aard wees. Die intrige binne die Hebreeuse narratief beweeg in die algemeen teen ’n vinniger pas as moderne narratiewe (vgl. Gen. 22:1-19).

Die verteller is soms duidelik herkenbaar, maar word soms ook geminimaliseer. Dit is belangrik om te onderskei op watter wyse die verteller die gebeure in die aartsvaderverhale evalueer en rangskik. Die fokalisasie is belangrik. Die verteller is meestal alomteenwoordig en alwetend. Sy standpunte en perspektief is belangrik vir die verstaan van die verhaal. Hebreeuse narratiewe bevat ook verskillende retoriese strukture wat nie geïgnoreer behoort te word nie aangesien hulle ’n belangrike rol speel in die bepaling van die boodskap van ’n narratiewe teks.

Ook vir die verstaan van die aartsvaderverhale is die eienskappe van die Hebreeuse narratief onontbeerlik. Hierdie eienskappe help om die boodskap van die verhaal te bepaal sodat uiteindelik sinvol na Christus beweeg kan word. Tydens die evaluering van die preke van AP-Kerkleraars in hoofstuk 3, asook die onderhoude met predikers in hoofstuk 4, sal gepoog word om vas te stel in watter mate hierdie eienskappe as deel van die literêre interpretasie van ’n teks in ag geneem word.

## 2.5 Die Hermeneutiese uitdaging

Die eienskappe van Hebreeuse narratiewe is nie al wat ’n invloed op die verstaan van die aartsvaderverhale het nie. Gevolglik word daar nou aandag gegee aan ander sake wat ook ’n uitdaging bied in die verstaanproses (Hermeneuse) van die aartsvaderverhale. Indien die boodskap van die aartsvaderverhale nie behoorlik begryp word nie, sal Christosentriese prediking daaroor nie tot sy reg kom nie. Hier word veral sterk op die werke van Greidanus (1988,1999a) gekonsentreer aangesien dit as standaardwerke op die terrein van Christosentriese prediking beskou word (Van Rooy, 2001:95). Bos (2008:ligging 1218-1222) stel dit duidelik dat daar nie een perfekte hermeneutiese model kan wees nie en dat daar dus ’n multiplekse aanslag behoort te wees. Hierin slaag Greidanus, aldus Van Rooy (2001:95): “Die feit dat Greidanus ook nie na ’n enkelvoudige oplossing soek nie, maar verskillende lyne vir die prediker aandui, is ook ’n besliste winspunt”.

### 2.5.1 Die gevaar van die postmodernisme vir gereformeerde hermeneutiek

Die vraag na die betekenisvolheid van die Woord, is altyd relevant (vgl. Buttrick, 1987:263). Jordaan et al. (2011:227) wys daarop dat die gereformeerde hermeneutiek tans in ’n impasse verkeer as gevolg van die invloed van die postmodernisme (vgl. ook Goldsworthy, 2006:135-137). In die postmoderne denkrigting bestaan daar geen plek vir die waarheid van ’n kontroleerbare bevinding nie; inteendeel, dit moet eerder plek maak vir die individu se subjektiewe persepsie van die waarheid en die werklikheid (vgl. De Wet, 2011:4). “In só ’n opset is daar geen reëls vir verstaan nie en het Hermeneutiek as wetenskaplike

dissipline inderwaarheid sy bestaansreg verloor. Anders gestel: alles het hermeneutiek geword, en hermeneutiek het onmoontlik geword" (Jordaan et al.,2011:227).

Vir die gereformeerde hermeneut is dit dus belangrik om homself deeglik te verantwoord ten opsigte van watter grondbeginsels gehandhaaf behoort te word tydens die hermeneutiese proses. Dit is noodsaaklik om sy vaste punt opnuut te definieer (Jordaan et al., 2011:227). Wanneer hierdie grondbeginsels deeglik verantwoord is, sal dit dien as korrektief op die invloed wat die postmodernisme op die hermeneutiese proses het.

### 2.5.2 Bepalende oorwegings tydens omgang met die Heilige Skrif

In 'n postmoderne wêreld waarin waarheid relatief geword het, bestaan die gevaar dat die Bybel ook in relatiewe terme gehanteer en vertolk kan word. Robinson (2001b) is van mening die rede waarom daar juis met die Bybelse teks gewerk word, is omdat die gesaghebbendheid van die Skrif in die teks self geleë is en nie in die prediker nie. Wie met die Skrif omgaan as Woord van God, neem gevolglik die betroubaarheid en gesaghebbendheid daarvan as basiese vertrekpunt; nie slegs ten opsigte van teologiese en dogmatiese waarhede daarin vervat nie, maar ook wanneer dit aanspraak maak op die historisiteit van sy stof (vgl. Merrill, 2008:25). Daarom behoort die volgende bepalende oorwegings (soos bespreek in 2.5.2.1-2.5.2.4) in ag geneem te word ten einde relatiwiteit te vermy en die Skrif se gesaghebbendheid te openbaar.

#### 2.5.2.1 Die unieke karakter van die Ou Testament

Verklaarders se siening oor die Ou Testament, is hermeneuties só bepalend dat dit alle interpretasies van die Ou Testament beheers (Greidanus, 1999a:39). Greidanus (1999a:39-46) noem veral vier moontlik posisies wat ingeneem kan word jeens die Ou Testament:

*i) Die Ou Testament is sub-Christelik*

Volgens dié siening word die Ou Testament óf in sy geheel verwerp, óf minimaal en selektief gebruik. Greidanus (1999a:39) noem Marcion, Schleiermacher, Harnack, Bultmann en andere as eksponente.

*ii) Die Ou Testament is nie-Christelik*

Hierdie posisie word ingeneem deur veral Joodse en Christelike geleerdes wat die Ou Testament onafhanklik van die Nuwe Testament beskou (vgl. Peels, 2009:237). Voorstanders van hierdie siening voer aan dat die Ou Testament selfstandig en in homself genoegsaam is en daarom nie die Nuwe Testament nodig het nie. Vir gelowiges kan die Ou Testament alleenlik sy finale interpretasie vanuit die

Nuwe Testament verkry. Teen eersgenoemde siening moes die apostel Paulus alreeds walgooi wanneer hy in 2 Korinthiërs 3:15-16 skryf: "Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem."

*iii) Die Ou Testament is pre-Christelik*

Volgens hierdie siening bevat die Ou Testament nie uit die staanspoor 'n Christelike boodskap nie, maar wanneer die lig van die Nuwe Testament daaroor skyn, raak dit boodskapdraend vir die Christelike Kerk. Greidanus (1999a:41-42) noem John Bright en Elizabeth Achtemeier as eksponente. Hierdie rigting stel voor dat wanneer predikers 'n keuse uitoefen ten opsigte van 'n spesifieke Ou-Testamentiese teks, hulle tegelykertyd ook 'n Nuwe-Testamentiese teks moet kies wat sal bydra om die Ou-Testamentiese teks vanuit 'n Christelike oogpunt te interpreteer.

*iv) Die Ou Testament is Christelik*

Die enigste sin waarin die Christus-belydende hermeneut werklik van die Ou Testament as pre-Christelik kan praat, is in 'n chronologiese sin (vgl. Greidanus, 1999a:44). Tog is die Ou Testament wesenlik Christelik van karakter (Tipton, 2011:213; vgl. ook Goldsworthy, 2000:2). Jesus Christus en sy apostels het uit die staanspoor die Ou Testament as gesaghebbende kanon gebruik (Greidanus, 1999b:192). Die twyfel oor hoe daar uit 'n nie-Christelike of pre-Christelike boek 'n boodskap vir die Christelike kerk geformuleer behoort te word, is 'n vraagstuk wat deur die hedendaagse mens self veroorsaak is, aangesien dit nie vanuit die Skrif na vore kom, of as problematies aangedui word nie. Die ontvouing in die heilsgeskiedenis en openbaring vind plaas sonder om die verlede te diskwalifiseer. Christus se uitspraak in Mattheüs 5:17 waarin Hy verklaar dat Hy nie gekom het om die wet en die profete, dit wil sê Ou Testament, tot niet te maak nie, maar juis om dit te vervul, is betekenisvol. Met die vervulling van die wet het Hy nie slegs volmaakte gehoorsaamheid aan die wet in gedagte nie (vgl. France, 1985:114; Gundry, 1994:80-81). Jesus sluit spesifiek ook "die profete" in om daardeur die hele Ou Testament aan sy leer en lewe te verbind (Gundry, 1994:80-81). Die "wet en profete" (vgl. Mat. 5:17) was 'n tradisionele uitdrukking waarmee die Rabbyne na "die Skrifte" verwys het (vgl. France, 1985:114; Davies en Alisson, 1988:484). Christus sluit dus nie die Ou Testament uit nie, maar sien dit juis as integrerende deel van die een heilsgeskiedenis waarmee die ganse Skrif besig is (vgl. France, 1985:114; Davies & Allison, 1988:484-487; Gundry, 1994:80-81).

Robbertze (s.a.:11) sluit sterk by laasgenoemde siening aan wanneer hy skryf: "Die woord Testament moet nie in sy oorspronklike betekenis gesien word nie. Die Ou Testament is oud in sy relasie tot die Nuwe Testament en die Nuwe Testament is nuut in sy relasie tot die Ou Testament. Die 27 boeke (Nuwe

Testament) is op dié manier stewig verbind met die erfenis van 39 boeke (Ou Testament). Die Nuwe Testament was dus nooit gesien as die geskrif van 'n nuwe religie nie, maar is gesien as die getuienis van 'n nuwe eskatologiese daad van dieselfde God wat altyd aan die werk was deur die wet en die profete en die geskrifte." Hierdie gedagte word ook sterk deur Janse van Rensburg (2007b:108-110) ondersteun. Greidanus (1999a:46-52) verduidelik die eenheid en interafhanklikheid van die Ou en die Nuwe Testament aan die hand van die volgende vyf aspekte:

- Beide Ou en die Nuwe Testament is eskatologies van aard (verwag vervulling / afsluiting)
- 'n Enkele heilsgeskiedenis is onderliggend aan beide Testamente
- Jesus Christus vorm die skakel tussen die Ou en die Nuwe Testament
- Nuwe-Testamentiese skrywers se geskrifte is deurdrenk van die Ou Testament
- Die Ou Testament moet vanuit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief geïnterpreteer word

Wanneer hermeneuties verantwoordelik met die Ou-Testamentiese narratiewe omgegaan word, behoort laasgenoemde standpunt, naamlik dat die Ou Testament Christelik van karakter is, ingeneem te word. "We can't think about hermeneutics without thinking about Christ" (Goldsworthy, s.a.). VanGemeren (1995:26-27) stel dit duidelik dat die Christelike hermeneut nie die Ou Testament van die Nuwe Testament kan isoleer nie. Tereg verwys hy na die woorde van Childs: "The Old Testament is interpreted by the New, and the New is understood through the Old, but the unity of its witness is grounded in One Lord" (vgl. ook Bright, 1967:110-161). Die stories van die Ou Testament behoort dus vertolk te word binne die groter Storie (vgl. Trimp, 1988:29; Buttrick, 1988:70-73; Keller, 2002:9,22; Webber, 2008:24-38) van die Bybel, naamlik God se verlossingstorie wat in Christus sy klimaks en ontknoping bereik. Dit is Jesus Christus wat van al die stories van die Ou Testament *een* storie maak (Keller, 2002:25). Goldsworthy (2002:282; 2006:201) en Webber (2002:84-87) verwys na hierdie Storie as die oorkoepelende meta-narratief[2] van die Bybel (vgl. ook Greidanus, 1999a:234, Bos, 2008:ligging 889), terwyl Motyer (1996:22) daarvan praat as die "grand theme" van die storielyn en Clowney (1988:11) van die "unfolding drama". Geen narratief kan behoorlik verklaar en gepreek word wanneer die onderafdelings nie binne hierdie groter geheel geïnterpreteer word nie (Greidanus, 2008a:73).

### 2.5.2.2 Die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament

Goldsworthy (2000:xii-xiii; 2006:235; vgl. ook Strydom 1989; Greidanus, 1999b:191-192) wys op die skeiding wat daar in die akademiese wêreld gekom het tussen die Ou en die Nuwe Testamente. Odendaal (2006:82-96) toon aan dat die vroeë kerkvaders, wat die grondbeginsels vir die gereformeerde leer daargestel het, sonder skroom die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament erken het en dat die Skrif vir hulle hoofsaaklik Christosentries was. Ter ondersteuning haal Odendaal (2006:82) Augustinus onder meer soos volg aan:

[2] Vgl. Goldsworthy (2012:62-63) se tabellering hiervan.

> "To enumerate all the passages in the Hebrew prophets referring to our Lord and Savior Jesus Christ would exceed the limits of a volume, not to speak of the brief replies of which this treatise consists. The whole contents of these Scriptures are directly or indirectly about Christ. Often the reference is allegorical or enigmatical, perhaps in a verbal allusion, or in a historical narrative, requiring diligence in a student, and rewarding him with the pleasure of discovery. Other passages, again, are plain, for, without the help of what is clear, we could not understand what is obscure. And even the figurative passages, when brought together, will be found so harmonious in their testimony to Christ as to put to shame the obtuseness of the sceptic".

Gaffin (vgl. Vos, 1980:xvii-xviii) verduidelik onder andere die belangrike rol wat die reformasie gespeel het met betrekking tot Bybelse interpretasie. Hy betoog dat die beginsel van *sola scriptura* op sigself hermeneuties toonaangewend is. Vanuit hierdie beginsel en die beginsel van *sacra scriptura sui ipsius interpres,* maak Gaffin die volgende afleiding wat duidelik toon hoedat die Hervormers ook die Woord as eenheid beskou het: "…to say that Scripture interprets itself means that it has one pervasive sense – a unified meaning" (vgl. Vos, 1980:xviii).

"The Old Testament and the New Testament are two forms of *one divine administration* of grace, which includes all specific covenants. The covenants and both Testaments are most significantly based on the one foundation; Christ, the Mediator of the covenant (1 Tim 2:5)" (VanGemeren (1995:23, skuinsgedruk: HSW Strauss). Derhalwe skryf Jordaan et al. (2011:241; vgl. ook Trimp, 1988:28) dat dit Christus is wat tussen die Ou en die Nuwe Testament staan, wat dit skei en wat dit aan mekaar verbind. Alle spanningslyne kom in Christus bymekaar wat inhou dat daar nie 'n ander waarheid in die Nuwe Testament as in die Ou Testament geopenbaar word nie. "Die spanningslyne wat in die Ou Testament is, integreer Christus in sy Persoon, veral in en deur sy sterwe en opstanding. Só bring Hy oordeel en genade saam; só bring Hy dood en lewe saam. Hy bring 'n nuwe bedeling, 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament. Dit is nog dieselfde verbond, woord, wet, genade en heerskappy" (Jordaan et al., 2011:241).

Motyer (1996:20) verduidelik die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament op 'n baie behendige wyse deur daarvan te praat as 'n toneelstuk bestaande uit twee tonele. Aan die hand van hierdie analogie verduidelik hy dat hierdie toneelstuk sonder een van sy twee tonele, onvolledig sou wees. Die twee tonele het 'n individuele boodskap, maar nie een van die tonele kan los van die ander bestaan nie. Packer (vgl. Clowney, 1988:7). skryf: "The Bible is a unity. That is perhaps, the most amazing of all the amazing things that are true of it". Hierdie gedagte word deur Clowney (2003:9-11) self ondersteun wanneer hy verduidelik wat hy bedoel met sy verwysing na die Bybel as "The Greatest Story Ever Told". Die Bybel is nie 'n aantal losstaande literêre eenhede/stories wat geen verband met mekaar het nie, maar

al hierdie onderdele is onlosmaaklik deel van 'n groter geheel. In hierdie groter geheel, die openbaringsgeskiedenis, neem Jesus Christus die sentrale plek in (De Wet, 2007:459).

Hoewel God van verskillende en dikwels uiteenlopende, skrywers gebruik gemaak het, bly die Bybel *God* se Woord (vgl. 2 Tim 3:16 en 2 Pet. 1:21) waardeur Hy Homself en sy verlossingsplan aan die mens bekendmaak (vgl. Goldsworthy, 2000:13,60-61). Poythress (1999:28) verduidelik dat die geskrewe Woord nie slegs produk van menslike arbeid is nie, maar dit bevat, soos hy dit noem, "a communication breathed out by God." God kommunikeer Homself aan ander – "The Triune God is communicative agent (Father/author), action (Word/text), and result (Spirit/power of reception)" [Vanhoozer, 1998:199]. Aangesien die Bybel God se Woord is, vorm die Bybel 'n eenheid, sodat elke afsonderlike gedeelte 'n spesifieke plek het binne dít wat deur die groter geheel verkondig word (Vos, 1980:xviii). Wie dus hermeneuties met die Woord wil omgaan, behoort nie die eenheid tussen Ou en die Nuwe Testament te ontken nie. Ou-Testamentiese narratiewe mag gevolglik nooit buite hierdie eenheid gelees of geïnterpreteer word nie.

#### 2.5.2.3 Een boodskap

Wie die Ou en die Nuwe Testament as 'n eenheid beskou en as sulks hanteer, behoort, op grond van die eenheid van die Woord, ook te erken dat die Woord gevolglik slegs een boodskap bevat. Goldsworthy (2002:280; vgl. ook Vos, 1980:4-21) verwys hierna as "Bybelse teologie". Hierdie boodskap is God se verlossingsboodskap aan die mens soos vergestalt in Jesus Christus (vgl. Goldsworthy, 2000:16-18 en Broadhurst, 2006). Teenoor die postmoderne siening dat elke interpreteerder die boodskap van die teks bepaal, antwoord Vanhoozer (1998:218) dat die boodskap wel in die teks opgesluit is aangesien "someone has said something about something to someone. Not just *anything*, but *something*." Ook in hierdie *een* boodskap sien ons 'n samebindende faktor tussen Ou en die Nuwe Testament. Chapell (2005:28) verduidelik dit soos volg:

> Christ's redemptive power and the power of his Word coalesce in the New Testament, with *Logos* (the incarnation of God) and *logos* (the message about God) becoming so reflexive as to form a conceptual identity. As the work of the original creation comes through the spoken word of God, so the work of the new creation (i.e., redemption) comes through the living Word of God (vgl. ook Von Rad, 1980:155,158; Smith, 2008:137-139; Van der Walt, 2009:3).

Hiervolgens word dus verskil van De Bruyn (2009:252-269) wat die selfstandigheid van die Ou Testament so sterk beklemtoon dat die betekenis van die Ou Testament uiteindelik losgemaak word van die Nuwe Testament.

Hierdie één boodskap word deur die Here Jesus self beklemtoon (vgl. Keller, 2002:22; Chapell, 2004:73). Tydens sy optrede in die tempel waartydens Hy uit die boekrol van Jesaja voorgelees het, verklaar Christus wat Hy gelees het met hierdie kragtige uitspraak: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (Lukas 4:21)[Greidanus, 2004:8]. Greidanus (2004:4) wys ook daarop dat die groot opdrag van Mattheus 28:19 nie vervul kan word sonder dat Christus gepreek word nie. Daarom noem De Wet (2011:27) Christus die "saamtrekpunt en ontknopingspunt van die Skrifopenbaring". Inderdaad kan Hy as die *telos* van die Ou Testament beskryf word (vgl. Peels, 2009:242). Wanneer Christus na sy opstanding uit die dood saam met die Emmaüsgangers stap, begin Hy om vir hulle uit ál die Skrifte, vanaf Moses en die profete, uit te lê en te verduidelik in watter mate die Ou-Testamentiese geskrifte op Hom betrekking het (Luk. 24:27). Chapell (2005:279) verduidelik hoe hierdie uitspraak van Christus visueel uitgebeeld is tydens Christus se verheerliking op die Olyfberg. Tydens hierdie gebeurtenis het die argetipes, Moses en Elia, verskyn en saam met Hom verkeer. Hierdie gebeurtenis getuig dus dat die voorafgaande Skrif wat deur hulle verteenwoordig word, naamlik die wet en die profete, ten doel het om die gelowige se gesig te rig op Jesus Christus. Die getuienis van die Skrif omring Jesus. "Jesus said that all Scripture is about him. This does nog mean that every phrase, punctuation mark, or verse directly reveals Christ but rather that all passages in their context disclose his nature and/ or necessity" (Chapell, 2005:279).

Hoewel die apostels drie jaar in die teenwoordigheid van Christus deurgebring het, het hulle die Skrifte nog nie ten volle verstaan nie. Eers na sy opstanding het Hy hul oë geopen (Luk. 24:45-47) sodat hulle kon verstaan hoedat die Skrifte, dit wat geskryf is in die wet van Moses en die profete en die psalms, in Hom vervul is (Luk. 24:44) [vgl. Clowney, 1986:164]. Van toe af het die apostels vanuit hierdie geloofsoortuiging teruggekyk na die Ou Testament en dit in die lig van hulle kennis van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, gelees en vertolk (Clowney, 1986:165-166; Greidanus, 1999a:184; Keller, 2002:22; vgl. Peels, 2009:242). Om hierdie rede skryf Paulus ook in Romeine 1:1-4 van die evangelie van God "wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte." Paulus brei hierdie gedagte verder uit in 1 Korinthiërs 15:1-4 waarin hy dit duidelik stel dat die evangelie wat hy verkondig, die evangelie van Jesus Christus is; sy dood en opstanding *volgens die Skrifte* van die Ou Testament (vgl. Ciampa & Rosner, 2007:744; Tipton, 2011:189-193). Die evangelie wat deur Christus en Paulus verkondig word, is dus ingebed in die geskrifte van die Ou Testament (vgl. Keller, 2002:30; Seifrid, 2007:607; Baars, 2007:244; Tipton, 2011:186-187).

Clowney (2003:39; vgl. ook Goldsworthy, 2006:48) skryf tereg dat die wyse waarop die Here Jesus self die Ou Testament hanteer het, die sleutel is vir ons hantering van die Ou Testament; dus ook die narratiewe gedeeltes. Hoewel God van menslike outeurs gebruik gemaak het vir die opskrifstelling van sy geopenbaarde Woord, kan die boodskap en bedoeling van 'n teks nie apart beskou word van die bedoeling van die Goddelike outeur nie (vgl. Deist, 1978:13; Broadhurst, 2006). Tipton (2011:203-206) is van mening dat ons reeds in die historiese konteks van 'n teks nie slegs te doen het met die oorspronklike lesers se verstaan van die teks nie, maar aangesien die Ou Testament ook God se besondere

heilsopenbaring bevat, het ons ten diepste te doen met God se bedoeling soos uiteindelik beliggaam in Christus. Daarom verkies Whitacre (Keller, 2002:29) ’n “organiese aanslag” ten opsigte van Bybelse hermeneutiek aangesien so ’n aanslag nie net rekening hou met die menslike outeur se bedoeling met ’n teks nie, maar ook die Goddelike outeur se bedoeling verreken. Dit mag wees dat skrywers van die Ou Testament miskien self nie eens bewus was van die volle betekenis van dit wat hulle neergeskryf het nie, maar hulle onkunde oor die dieper en ryker betekenis van ’n teks impliseer nie dat God nie méér bedoel het as wat hulle gedink het nie (vgl. Greidanus, 1999a:233; Phillips et al., 2012:7). Dalk is dit waarom Cilliers (2008b:65) skryf: “Die aardse woord, waarin die openbaring tot ons kom, word in ‘n sin (sinne, woorde, grammatika!) die *verberging van die openbaring*.”

Kaiser (2008) trek hewig te velde teen die standpunt dat God méér bedoel het as wat die oorspronklike skrywer bedoel het. Hierin staan hy nie alleen nie, maar verteenwoordig ’n groep wat ’n meer gematigde toepassing van die histories-kritiese metode voorstaan (vgl. Keller, 2002:29). Hy (2008) is van mening dat die outeurs van die Ou Testament in die raad van God gestaan het en dus bewus was van die diepste bedoeling van sy openbaring. Hy (2008) vra die vraag: “But if the meaning God intended exceeds the meaning the human authors recorded, where shall we locate this additional surplus meaning?” Volgens hom (2008) behoort die verklaarder te soek na die historiese betekenis (soos deur die oorspronklike outeur bedoel) en dan te kyk word hoe God hierdie boodskap laat ontwikkel het tot in die Nuwe Testament. Dit is egter ’n baie simplistiese antwoord vir ’n ingewikkelde probleem, aangesien die vraag tereg gevra kan word wat Kaiser bedoel met die “raad van God”? Dit lyk asof hy daarmee bedoel dat die outeur(s) van die Ou Testament die diepste konsekwensies en betekenis van die openbaring van God begryp het en dat daar daarom geen “dieper” betekenis aan ’n spesifieke teksgedeelte toegedig kan word as wat deur die Ou-Testamentiese skrywers bedoel is nie. Dit bly egter ’n vraag in hoe ’n mate God sy “volle raad” aan die skrywers van die Ou Testament openbaar het (vgl. Job. 15:8)? Kon Hy nie ook kies om aan die skrywers deur middel van die openbaring ’n vergesig te gee waarvan die detail vir hulle nog nie so duidelik was nie? Broadhurst (2006) ondersteun hierdie gedagte wanneer hy skryf dat die die skrywers van die Ou Testament die doel waarom God historiese gebeure laat opteken het, nie noodwendig verstaan het nie. Heyns (1972:1-19; vgl. Deist, 1994:275 en ook Burge, 2009) is van mening dat die inspirasie ten opsigte van bepaalde sake moontlik selfs die skrywers se “begrip en insig te bowe gegaan het.” Kaiser (1981:245) moet self in ’n mate ’n toegewing maak in sy argument wanneer hy skryf: “…the search for the *übergeschichtliche* (superhistorical) moment is necessary if we are to discover the profound sense and lasting major value.”

Aan die hand van Handelinge. 2:14-36 (vgl. ook Joh. 8:56) wat dit duidelik stel dat Dawid as profeet geweet het dat hy van Christus getuig, moet gedeeltelik met Kaiser saamgestem word dat die skrywers van die Ou Testament moontlik wel geweet het wat God se bedoeling met sy openbaring was. Tog bestaan die vraag steeds of hulle reeds die volle omvang daarvan besef het (vgl. 2 Kor. 3:12-16), veral gelees teen die agtergrond van ’n teks soos Kolossense 1:26 wat verduidelik dat daar tog sekere dinge

verborge was wat eers in die Nuwe-Testamentiese tyd duidelik geword het. Ook ’n teks soos 1 Petrus 1:10-11 is volgens Burge (2009) ’n bewys daarvan dat daar wel sprake is van ’n *sensus plenior*.

Navorser is van mening dat die onkunde oor die Goddelike outeur se bedoeling moontlik tweeledig is. Op die een vlak vind ons die gedeeltelike onkunde van die Ou-Testamentiese outeur, maar aan die ander kant was daar ook die gedeeltelike onkunde by die hoorders van die Ou-Testamentiese boodskap. Beide die outeur se bedoeling asook die hoorder se verstaan of misverstaan, is bepalend vir die boodskap[3] (vgl. Ferguson, 1986:200). Wat met die Goddelike openbaring “bedoel” was, sowel as hoe dit “verstaan” was, is boodskapdraend. Greidanus en Kaiser se sienings kan versoen word wanneer in ag geneem word dat Greidanus nie ’n willekeurige hantering van die Ou-Testamentiese teks voorstaan waarin Christus op kunsmatige heilshistoriese wyse “ingelees” word in die teks nie. Greidanus (1999a:227-234) benadruk juis die feit dat ’n teks eers binne sy eie historiese konteks verstaan behoort te word, soos die oorspronklike outeur dit bedoel het, voordat dit in die lig van die breër heilshistoriese konteks verklaar kan word. Sodoende word nie ’n “nuwe boodskap” uit die teks gehaal nie, maar eerder ’n verruiming of verdieping van die oorspronklike boodskap. In hierdie verband merk Tipton (2011:186) tereg op: “… the Old Testament, on its own terms, objectively foresignifies and supernaturally presents Christ to the faith of the Old Testament saints…” Hy (2011:200; vgl. ook Clowney, 1986:163) gaan nog verder deur aan te toon dat die Ou Testament nie van die Nuwe Testament afhanklik is vir die openbaring van die evangelie nie, maar wys daarop dat die evangelie wat reeds teenwoordig is in die Ou-Testamentiese tipes, beloftes en offers, genoegsaam is om die heilswaarhede oor te dra na die Nuwe Testament waar dit ten diepste vervul is in Jesus Christus.

Wright (2007:13) is van mening dat ’n Bybelse perspektief oor verlossing onmoontlik is sonder om die oorhoofse verhaal van God se betrokkenheid by die volk Israel in die Bybelse tyd; sy belofte aan Abraham; die uittog; die verbond by Sinai; die tempel en die offers asook die messiaanse beloftes wat lei na Christus, in ag te neem. Ten einde iets hiervan te begryp, word enkele eksegetiese perspektiewe aan die hand van twee Ou-Testamentiese en twee Nuwe-Testamentiese teksgedeeltes gebied. Die gekose Ou-Testamentiese teksgedeeltes is rigtinggewend aangesien die evangelie, volgens die teks se eie getuienis, reeds daarin teenwoordig is. Die gekose Nuwe-Testamentiese teksgedeeltes is rigtinggewend aangesien dit twee teksgedeeltes is wat bevestig dat die Ou Testament “on its own terms, objectively foresignifies and supernaturally presents Christ to the faith of the Old Testament saints…” (Tipton, 2011:186).

*Eksegetiese perspektiewe aan die hand van Genesis 12:1-3*

In Genesis 12:1-3 roep God vir Abram om in ’n verbond met Hom te staan; om die seëninge en voordele van sy vorige lewe agter te laat vir die seëninge en voordele deur God aan Hom beloof (vgl. Walton,

[3] Deist en Burden (1980:49) praat van ’n drie-eenheid wat bestaan tussen die teks, spreker en gehoor. Al drie is bepalend vir die verstaan van die teks. Vir die volledige bespreking van die interaksie tussen hierdie drie in die bepaling van die boodskap, vgl. Deist en Burden (1980) pp. 31-49.

2001:392-393). ’n Verbond met God sluit sy seën en beloftes van ’n land, nageslag en ’n groot naam in (vgl. Hamilton, 1990:371-376). Oor die gebruik van die woord גֹּוי in vers 2, skryf Hamilton (1990:371-372) dat Abram se nageslag sal groei tot die status van ’n nasie. Hy (1990:373) gaan voort om daarop te wys dat Abram nie die enigste ontvanger van God se seëninge sal wees nie: “Abram must be more than a recipient. He is both a receptacle for the divine blessing and a transmitter of that blessing”.

Deur Abram sal al die nasies op die aarde geseën word (vgl. Westerman, 1987:99; Walton, 2001:392-394; Watke, 2001:205). Hoewel sommige (vgl. Westerman, 1987:99; Sarna, 1989:89; Hamilton, 1990:374; Walton, 2001:393; Watke, 2001:206; McKeown, 2008:77) van mening is dat וְנִבְרְכוּ בְךָ as ’n hitpaʻel vertaal en refleksiewelik, *hulself seën deur jou*, beskou moet word, maak Walton (2001:393-394; vgl. Hamilton, 1990:374-375; McKeown, 2008:77) ’n sterk saak daarvoor uit dat dit as ’n nifʽal passief vertaal moet word, *sal geseën word in jou*. Hamilton (1990:374) is van mening dat hierdie frase ’n klimaks vorm in die perfektum. Navorser stem saam met Speiser (vgl. Hamilton, 1990:374) wat die volgende betekenisvolle opmerking ten opsigte van die keuse tussen ’n hitpaʻel of nifʽal vir die uitdrukking וְנִבְרְכוּ, maak: “the distinction may be slight on the surface, yet it is of great consequence theologically.” Indien hierdie werkwoord ’n passiewe krag besit, dan maak dit die Goddelike plan vir redding waarin elke mens kan deel, duidelik (vgl. Hamilton, 1990:374). Selfs al deel Westerman (1987:99) nie die standpunt dat die werkwoord as ’n passief vertaal moet word nie, meen hy tog dat die seën wat hier deur God aan Abram aangekondig word, nie sy doel bereik alvorens dit elke familie op aarde insluit nie. Abram is die instrument wat deur God gekies is vir die implementering van sy plan (Hamilton, 1990:374; vgl. Sarna, 1989:89). “Since God controls all history, for good (blessing) and for evil (curse) the life of other peoples is bound up with what God does in and through Abram” (Davidson, 1979:20). Vers 3 is ’n duidelike aanduiding vir God se heilsplan wat op die toekoms gerig is en aandring om voltooiing (vgl. Von Rad, 1972:160; Hamilton, 1990:374-375). Daarom wys Hamilton (1990:387; vgl. Brueggemann, 1982:112-114,119-120) ook daarop dat Paulus juis om hierdie rede in Galasiërs 3:8 in sy verwysing na Genesis 12:3 praat van “the gospel in advance”. Selfs Christus se groot opdrag in Mattheus 28:19 word volgens Hamilton (1990:387; vgl. Brueggemann, 1982:119-120) aan Genesis 12:3 verbind.

*Eksegetiese perspektiewe aan die hand van Eksodus 19:4-6*

Tydens die verbondsluitingsgeleentheid te Sinai, bevestig God sy besondere verhouding met Israel wat voltrek sal word indien hulle gehoorsaam is aan die eise van die verbond (vgl. Childs, 1974:367; Houtman, 1996:424). Childs (1974:367) toon drie terme aan wat die uniekheid van Israel aandui:

- i) Die feit dat hulle uitgekies is uit die nasies om God se volk te wees,
- ii) Dat hulle ’n koninklike priesterdom
- iii) ’n Heilige nasie sal wees

Childs (1974:375-376; vgl. Fretheim, 1991:214; Motyer, 2005:199) is van mening dat die Nuwe Testament (vgl. 1 Pet. 2:9) op hierdie teks fokus en daardeur die kontinuïteit tussen die Ou Testamentiese belofte en die Nuwe-Testamentiese kerk beklemtoon. Motyer (2005:199) verskil van Dunnam wat meen dat, om die uitdrukking *koninklike priesterdom* te sien as fondament vir die idee van die priesterskap van alle gelowiges, verregaande is. Motyer (2005:199; vgl. Houtman, 1996:447) is van mening dat dit juis die eenvoudigste betekenis van die teks is en dat daar niks is wat die teendeel bewys nie: "The elect, covenant-people are citizens of the kingdom of the divine King, but within that kingdom, ideally considered, each citizen is a priest, with the privilege of priestly access to the king's presence." Motyer (2005:199) wys verder daarop dat hierdie tema van priesterskap deur die Skrif verder ontwikkel. Merrill (2008:39, 98) sluit hierby aan wanneer hy skryf "Israel … was elected … for the purpose of serving as both repository of the saving truth and the vehicle through which this truth would be communicated and eventually incarnated in the divine man, Jesus Christ". Zuck & Merrill (1991:13) wys daarop dat hierdie teks aantoon dat Israel met 'n funksionele doel, naamlik middelaarskap tussen God en die die ander volke, gekies is as God se volk. Houtman (1996:445) is van mening dat Israel nie 'n heilige nasie en koninklike priesterdom sal wees totdat Israel gehoorsaam aan Jahweh is en ooreenkomstig sy eise leef nie. Hierdie teks roep dus om iets meer. Dit roep om vervulling!

*Eksegetiese perspektiewe aan die hand van Lukas 24:25-27*

As antwoord op die onkunde van die Emmaüsgangers oor die leë graf, toon Christus hoe die wet en die profete en die Psalms getuig hoe die Messias die weg van lyding en dood moes volg om tot heerlikheid te kom (Groenewald, 1989:263). Indien hulle dit geglo het wat deur die profete gesê is, sou hulle verstaan dat die Christus moes ly en uiteindelik sou opstaan in heerlikheid (vgl. Marshall, 1978:896). Die vraag in vers 26 word so gestel dat dit die indruk skep dat die dissipels reeds bewus moes gewees het van wat met die Messias sou gebeur (vgl. Marshall, 1978:896). Dit was geen nuwe inligting nie. Daarom waarskynlik die teregwysing in vers 25 en die herhaling van wat reeds aan hulle bekend was uit die Geskrifte (vgl. Bruggen, 1993:407-408). Navorser stem saam met die volgende opmerking deur Johnson (1991:395) oor die uitdrukking πᾶσιν οἷς ἐλάλησαν οἱ προφῆται·: "Luke understand this as "all the prophets", implying that all the Scripture bears a prophetic, messianic significance."

Groenewald (1989:263) is egter van mening dat die uitdrukking ἐν πάσαις ταῖς γραφαῖς (vers 27) nie op die Ou Testament in sy geheel betrekking het nie, maar moontlik verwys na spesifieke tekste, alhoewel dit nie hier in soveel detail genoem word nie. Hierteenoor is Marshall (1978:897) van mening dat hierdie 'n uitdrukking is wat gebruik word om na al die boeke van die Ou Testament in die algemeen te verwys. Tog deel hy (1978:897) Groenewald se standpunt dat Christus uit al die boeke dit wat as messiaans gereken is, uitgelig en aan die dissipels verduidelik het. Miskien is dit meer sinvol om nie te soek na spesifieke verwysings uit die wet en die profete na die Messias nie, maar kan daar met Fitzmyer (1985:1558; vgl. Morris, 1974:339) saamgestem word dat die uitdrukking πάσαις ταῖς γραφαῖς τὰ

περὶ ἑαυτοῦ, Lukas se manier is om die inligting van die Ou Testament te rangskik – "it is his global Christological use of the OT". Dit lyk dus asof die gebruik van die uitdrukking πάσαις ταῖς γραφαῖς τὰ περὶ ἑαυτοῦ deur Lukas, nie soseer verwys na spesifieke bewysplase in die Ou Testament nie, hoewel dit nie uitgesluit word nie, maar eerder na die globale boodskap van die Ou Testament, daarom skryf Johnson (1991:396&399) dat Christus hier besig was om die dissipels te leer hoe om die Skrif messiaans te lees. Vir Lukas handel die evangelie van Jesus Christus oor die vervulling van die wet, profete en geskrifte (vgl. Craddock, 1990:286). "The picture we get is of the Old Testament as pointing to Jesus in all its parts" (Morris, 1974:339). Morris (1974:339) gaan voort en voeg by "…throughout the Old Testament a consistent divine purpose is worked out, a purpose that in the end meant and must mean the cross."

*Eksegetiese perspektiewe aan die hand van Romeine 1:1-4*

Voordat Paulus die geadresseerdes van sy brief aanspreek, stel hy homself eers bekend as *Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God* (vgl. Jonker, 1966:22). Hierdie besondere lang bekendstelling is belangrik aangesien Paulus op daardie stadium nog nie die gemeente van Rome besoek het nie (vgl. Cranfield, 1975:47). Paulus verwys na homself as geroepe apostel, afgesonder tot die *evangelie van God* (Byrne, 1996:39). Moo (1996:43; vgl. Byrne, 1996:39) is van mening dat εὐαγγέλιον hier gebruik word in die breedste moontlike betekenis, naamlik "God's act of salvation in Christ". εὐαγγέλιον word reeds gedefinieer deur die genitief θεοῦ, maar word verder gedefinieer deur die relatiewe bysin in vers 2, ὃ προεπηγγείλατο διὰ τῶν προφητῶν αὐτοῦ ἐν γραφαῖς ἁγίαις, as die vervulling van wat tevore deur God beloof is by monde van sy profete in die Ou Testament (Cranfield, 1975:55; vgl. Moo, 1996:43). Cranfield (1975:56; vgl. Bruggen, 2006:30) wys daarop dat voorafgaande 'n stelling aangaande die Ou Testament is waardeur Paulus wil hê dat die Ou Testament verstaan moet word as teks wat na gebeure vooruit gewys het. "Die evangelie wat Paulus verkondig, is selfs die enigste ware interpretasie van wat die Ou Testament bedoel om te sê" (Jonker, 1966:23-24; vgl. Cranfield, 1975:56-57; vgl. Fitzmyer, 1993:233; Byrne, 1996:39). Moo (1996:44; vgl. Fitzmyer, 1993:229) maak die volgende betekenisvolle opmerking aangaande die uitdrukking γραφαῖς ἁγίαις: "It is doubtful whether Paul has any particular OT passages in mind here; his purpose is general and principal, to allay possible suspicion about "his" gospel as new and innovative by asserting its organic relationship to the OT." Tipton (2011:187) is dus reg as hy daarop wys dat die evangelie wat deur Paulus verkondig is, nie nie sy ontstaan gehad het met die koms van Jesus Christus nie, maar vooraf reeds deur God in die Ou Testament beloof is.

Vers 3, περὶ τοῦ υἱοῦ αὐτοῦ, kwalifiseer εὐαγγέλιον θεοῦ verder (vgl. Cranfield, 1975:57; vgl. Bruggen, 2006:30) en het die gevolg dat die evangelie aangaande die Seun van God, ingesluit is in die boodskap van die Ou Testament (vgl. Moo, 1996:44; Tipton, 2011:187). Hoewel die woorde τοῦ γενομένου ἐκ σπέρματος Δαυὶδ, as kwalifikasie dien vir υἱοῦ, word Paulus se gebruik van


εὐαγγέλιον θεοῦ duidelik ingebed in die Ou Testament (vgl. Cranfield, 1975:59; vgl. Byrne, 1996:39). Die vleesgeworde Christus, γενομένου ... κατὰ σάρκα, asook die opgestane en verheerlikte Christus wat met krag verklaar is as die Seun van God (vers 4), is die inhoud van die evangelie soos verkondig deur die Ou Testament en deur Paulus (vgl. Fitzmyer, 1992:229; Moo, 1996:51; Tipton, 2011:188-189).

Aan die hand van Petrus se eerste vier preke, soos opgeteken in Handelinge, toon Dodd (vgl. Greidanus, 1999a:4) aan hoe selfs die apostels die *kerugma* in die vroeë kerk verstaan het. Hulle het daarop gewys dat die tyd van vervulling aangebreek het. Vervolgens word aangetoon hoe hierdie vervulling voltrek is deur die bediening, dood en opstanding van Jesus Christus. Hierna is Christus op grond van sy opstanding en oorwinning oor die dood, verhoog tot die regterhand van God as messiaanse Hoof van die nuwe Israel. Die Heilige Gees wat in die kerk teenwoordig is, is die teken van die krag en die heerlikheid waarmee Christus beklee is. Hierdie Messiaanse era sal afgesluit en tot voltooiing gebring word met die wederkoms van Christus. Ten slotte gaan daar in die prediking van die apostels altyd ’n appèl uit tot bekering saam met die belofte van vergifnis en verlossing, asook die belofte van die Heilige Gees. Hieruit is dit duidelik dat prediking binne die Nuwe-Testamentiese kerk inderdaad gefokus was op Jesus Christus - nie slegs in die enger sin, naamlik fokus op die gekruisigde Christus alleen nie en ook nie slegs in die breër sin waar slegs op die tweede Persoon binne die Drie-eenheid of die ewige Logos gefokus word nie (Greidanus, 1999a:4). Buttrick (1987:246; vgl. ook Weyerman, 2001:594) is van mening dat die gekruisigde Christus die kerk se enigste outoriteit was en is. “Christ-centered preaching rightly understood does not seek to discover where Christ is mentioned in every text but tot disclose where every text stands in relation to Christ” (Chapell, 2005:279).

Wie dus hermeneuties met die Woord en dan spesifiek ook die Ou-Testamentiese narratiewe omgaan en in sy omgang met die Skrif rekening hou met die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament, kan ook nie anders as om te erken dat daar een universele boodskap is wat verder bydra tot die eenheid van die twee Testamente nie. Robbertze (2003:150; vgl. Verhoef, 1981:112) verwoord dit soos volg: “As christene het ons geen ander keuse as om in ons bestudering van die Ou Testament met die feit van Christus se koms rekening te hou nie.” Hierdie beginsel word ook deur Pieterse (1979:91) beklemtoon wanneer hy Heyns aanhaal: “Die sentrum van die Skrif is die koninkryk van God en die sentrum van die sentrum is Jesus Christus” (vgl. ook Hoekstra, 1926:291; Childs, 1993:452; Clowney, 1986:166). Tipton (2011:187) verduidelik aan die hand van Romeine 1:1-4 dat God reeds in die Ou Testament besig was om die evangelie van sy Seun (vers 3) aan sy volk te verkondig. Om hierdie rede moet met Johnson (2007:2; vgl. ook Goldsworthy, 2000:1; De Wet, 2011:31) heelhartig saamgestem word dat gelowiges, ook wanneer met die Ou-Testamentiese narratiewe gewerk word, Jesus Christus en Hom as gekruisigde, behoort te verkondig. “In elke tekst moet door de bediening des Woords voor het oog der gemeente schitteren de heerlijkheid Gods in het aangezicht van Jezus Christus” (Hoekstra, 1926:291).

#### 2.5.2.4 Verreken die heilshistoriese ontplooiing

**Figuur 2. Voorstelling van die heilsgeskiedenis (Greidanus, 2007:3)**




Die Bybel bevat 'n duidelike historiese tydlyn wat strek vanaf die skepping tot herskepping (Goldsworthy, 2012:58). Die heilshistoriese benadering kan in die woorde van Tim Keller (2002:21) soos volg beskryf word:

"[The] Redemptive-Historical' method (RHM) … deals with the Scripture historically. It deals "Diachronically" rather than "synchronically" with the Bible. It sees the Bible less as a depository of individual pieces of data that must be organized and summarized and more as a history of God's salvation—a redemption-history. It notices, for example that the Bible shows little or no concern for historical events that the world would consider momentous. Instead, it (is) only concerned with those events that reveal the unfolding saving words and actions of God." Hierby voeg Gaffin (vgl. Vos, 1980:xvii): "Revelation is not so much divinely given *gnosis* to provide us with knowledge concerning the nature of God, man, and the world as it is divinely inspired interpretation of God's activity of redeeming men so that they might worship and serve him in the world. The reason that revelation is historically progressive is not merely pedagogical. The coming of Christ in "the fullness of time", not the education of the people of God, ultimately shapes the progress of revelation". Daarom merk Greidanus (1970:135) tereg op dat heilsgeskiedenis, die geskiedenis van Christus is (vgl. ook Goldsworthy, 2012:58).

Trimp (1988:9-17) verduidelik dat God Homself bekendstel in sy Woord as 'n lewende God wat in die lewende storie naby sy volk kom. Hy beskryf die heilsgeskiedenis as 'n reis waarin God saam met sy volk op weg is en met hulle gemeenskap beoefen (vgl. Peels, 2009:249). Bos (2008:ligging 889) onderskei vier belangrike bakens op hierdie weg:

i) Die skepping
ii) Die sondeval
iii) Die kruis en die opstanding van Christus
iv) Die herstel en finale verlossing.

Hierdie saamloop van God met sy volk het 'n geografiese en historiese karakter (vgl. ook Goldsworthy, 2012:57). Op hierdie reis is God gedurig in gesprek met sy volk, ook deur die dade wat Hy doen. Hy kondig sy dade aan en doen dit dan. Sodoende openbaar God Homself aan sy volk. Die geskiedenis wat in die Ou Testament aangebied word, kan dus nie binne 'n hedendaagse konsep van wat geskiedenis is, verstaan word nie, want dit sou beteken dat God buite rekening gelaat word. Wat geskiedenis laat beweeg in die Ou Testament, vind plaas tussen God en mens. Martin Buber (vgl. Westerman, 1979:14) noem dit 'n "dialogiese gebeurtenis" (vgl. ook Von Rad, 1980:13). Wat die Ou Testament oor God sê, is wat dit oor realiteit sê en wat dit oor realiteit sê, is wat dit oor God sê (Westerman, 1979:14).

Daar is egter sekere eksponente wat 'n ander rigting volg betreffende die heilshistoriese. Westerman (1979:15-16) is van mening dat God se dade in die geskiedenis meer as net verlossingsdade is. Dit sluit ook dade van oordeel en seën in. Hy oordeel dat die Ou Testament nie 'n "heilsgeskiedenis" bevat nie, maar wel geskiedenis van die "verlossingsdade" van God (1979:29). Hoewel dit meriete dra, is dit tog belangrik om ook God se dade van oordeel en seën te beskou as integrerende deel van die heilsgeskiedenis aangesien God se dade van oordeel die noodsaak na verlossing beklemtoon en sy seën in die verlossing deur Jesus Christus 'n hoogtepunt bereik het. Strydom (1989:3) wys daarop dat onder andere Schilder 'n ander lyn gevolg het. Hy is van oordeel dat elke besondere gebeurtenis in die openbaringsverhaal as 'n "punt" op die "lyn" van die heilsgeskiedenis gesien moet word. Hierdie standpunt het skerp reaksie ontlok. Strydom (1989:3) noem Schelhaas se kritiek as voorbeeld. Hy betoog dat hoewel daar inderdaad ontwikkeling in die openbaring van God aan te toon is, is hierdie ontwikkeling nie reglynig nie, maar wel organies. "Die openbaring van God bied immers geen *historia evolutionis* nie, maar 'n *historia revelationis*" (1989). Bogenoemde kritiek van Schelhaas behoort deeglik verreken te word tydens die hantering van Ou-Testamentiese narratiewe binne 'n heilshistoriese konteks.

Gamble (2009:18-19) verduidelik dat God se openbaring 'n organies-historiese karakter bevat. Hy gebruik 'n beeld vanuit die boerdery om dit te verduidelik: Die tipe saad wat 'n boer gebruik, is baie belangrik. Dit is slegs vanuit 'n perfekte saad dat 'n perfekte stam, blom en uiteindelik vrug geproduseer word. Hierdie beeld kan ook op die Skrif toegepas word. Van die begin tot klimaks van die Skrif, word die geopenbaarde waarheid, soos die perfekte saad, in noue kontak gehou met die "grond" van die behoeftes (en soms die krisisse) van daardie lewende generasie waarin dit geplant is. "Each presentation, each unfolding, points forward to the next stage of historical growth and development, and therefore brings the gospel one step closer to its full glowering in the person and work of Jesus Christ" (Gamble, 2009:18-19). Tog is die heilsgeskiedenis soos beskryf in die Ou Testament, nog in 'n sekere sin onvolledig, aangesien dit nog nie by die *heil* (Jesus Christus) self uitkom nie (Bright, 1967:199).

Hoewel die term "heilshistoriese" of "heilsgeskiedenis" sekere beperkinge het (vgl. Bright, 1967:192-196), soos onder andere Von Rad se siening dat die Ou Testament nie nét heilsgeskiedenis bevat nie, stem

Navorser saam met Janse van Rensburg (2007b:112) wat in antwoord op hierdie kritiek vir Davies soos volg aanhaal:

> There is no one concept that can sum up the meaning of the whole Old Testament nor its relationship to the New Testament. Nevertheless "salvation history" has the merit of effectively grasping and organizing the material of the Old Testament in such a way as to stress the centrality of elements which are undoubtedly central and the secondary nature of others that are not.

Aangesien die Ou Testament die geskiedenis van God se verlossingsdade bevat en die Nuwe Testament dit bloot aanvaar en daarop voortbou, is die Ou Testament onontbeerlik vir die Christelike Kerk (Greidanus, 1999a:27). Die Ou-Testamentiese narratiewe beslaan maar een toneel van die groter drama wat in die Woord afspeel en daarom kan hierdie toneel/tonele nie buite die raamwerk van die groter drama geïnterpreteer word nie. Gamble (2009:21) praat van verskillende tydvakke of periodes wat waargeneem kan word. Hierdie tydvakke is progressief van karakter; die latere tydvakke ontvang hulle inhoud van die vroeëre en brei ook die vroeëre verder uit en staan ook in verhouding tot, en is afhanklik van, die Goddelike (toekomstige) wêreld soos deur God beplan "…it is as if God's supernatural revelation (divine history, focusing upon redemption) was a seed planted in the gardener's prepared soil (secular history, of the present world), and in that soil the divine word grew and flourished" (Gamble, 2009:21) VanGemeren (1995:33) deel self ook die heilsgeskiedenis in twaalf groot periodes[4] op (sien tabel 1).

**Tabel 1. Twaalf periodes van heilsgeskiedenis (VanGemeren, 1995:33)**

| ***Approx. Beginning*** | ***Period*** | ***Scripture*** | ***Themes*** |
|---|---|---|---|
| - | Creation in Harmony | Gen. 1-2 | Yahweh is Creator King, humans are viceregents of the great King. Covenent with creation |
| - | Creation in Alienation | Gen. 3-11 | Rebellion against God's kingship; state of alienation, two kingdoms: Kingdom of God and of man; Noahic covenant |
| 2000 B.C. | Election and Promise | Gen. 12-50 | Promise, Abrahamic covenant and faith |
| 1400 B.C. | A Holy Nation | Exod. – Josh. | Consecration of Israel, Mosaic covenant, presence of Jahweh, kingdom of God in Israel |
| 1200 B.C. | A Nation Like the | Judg. 1 – 1 Sam. | Israel's rebelliousness and Jahweh's |

[4] Vgl. ook Vos en Clowney se indelings in Goldsworthy (2000:74,112), asook Keller (2002:42) se indelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Other Nations | 15 | sovereignty, necessity of human kingship in Israel |
| 1000 B.C. | A Royal Nation | 1 Sam. 16 – 1 Kings. 11 | Davidic covenant, the glory of the theocratic community, and Jahweh's presence in the temple |
| 931 B.C. | A Divided Nation | 1 Kings 12 – 2 Kings 25<br>2 Chron. 10-36 | Israel's rebelliousness and Judah's vacillation, the failure of the Davidic dynasty, prophetic message, remnant, day of the Lord, exile, and restoration |
| 538 B.C. | A Restored Nation | Ezra, Neh., Prophets | Restoration; renewal of the covenants |
| 4 B.C. | Jesus and the Kingdom | Gospels | Jesus' proclamation, miracles, death and resurrection: the presence of the glorious kingdom in the Son, renewal of the covenants, the new people of God, preparation for the glorious coming of Jesus |
| A.D. 29 | The Apostolic Era | Acts, Epistles | Rule of Jesus, his presence in the Spirit, advance of the church, apostolic transmission of the tradition: New Testament writings |
| A.D. 100 | The Kingdom and the Church | - | Progression of the church: challenge of being a holy and royal people in the world |
| - | The New Jerusalem | Gen. 3.1 – Rev. 22:21 | Transformation and restoration: a new heaven and earth; redemption of creation; a holy people, the beneficent presence and rule of God and of his Messiah |

#### 2.5.2.5 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

'n Postmoderne leefwêreld bevat geen plek vir die waarheid van 'n kontroleerbare bevinding nie. Subjektivisme het tot gevolg dat daar `n fokusverskuiwing in die Hermeneutiek plaasvind weg van die vaste waarheid, na relatiwiteit en weg van die teks na die leser. Dit noodsaak 'n deeglike hermeneutiese verantwoording deur `n Navorser wat sy/haar vertrekpunt vanuit die gereformeerde/ reformatoriese benadering wil neem.

Die Ou Testament word op grond van die beredenering in die voorafgaande paragrawe deur Navorser as inherent Christelik beskou. Christus en die apostels se hantering van die Ou Testament, bevestig hierdie standpunt (vgl. Mat. 5:17). Christus sluit nie die Ou Testament uit nie, maar sien dit juis as integrerende

deel van die een heilsgeskiedenis waarmee die ganse Skrif besig is. Daar bestaan ’n duidelike eenheid en interafhanklikheid tussen die Ou en die Nuwe Testament. Die aartsvaderverhale behoort dus vertolk te word binne die raamwerk van die groter verlossingstorie van die Bybel wat in Christus ’n klimaks bereik. Die standpunt dat die Ou en die Nuwe Testament ’n eenheid vorm, is nie nuut nie. Christus vorm die verbinding tussen die twee Testamente. Die Skrif is God se Woord waardeur Hy Homself aan die mens bekendmaak en juis daarom vorm die twee Testamente ’n eenheid.

Aangesien die Woord ’n eenheid vorm, bevat dit ook een boodskap. Hierdie boodskap is God se verlossingsboodskap soos vergestalt in Jesus Christus. Christus het hierdie boodskap self beklemtoon in sy hantering en uitleg van die Geskrifte. Ook die apostels het die Ou Testament gehanteer as getuienis oor die goeie nuus soos vergestalt in Jesus Christus. As eintlike Outeur het God reeds die Ou Testament en gevolglik ook die aartsvaderverhale, bestem as getuienis oor Christus, hoewel die menslike outeurs moontlik nie eens bewus was van die volle konsekwensies van die Goddelike openbaring nie. Aartsvaderverhale behoort egter eers binne hul eie historiese konteks verklaar te word voordat dit in die lig van die breër heilshistoriese konteks verklaar kan word. Eksegetiese perspektiewe aan die hand van Genesis. 12:1-3; Eksodus 19:4-6; Lukas 24:25-27 en Romeine 1:1-4 beklemtoon die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament en die universele boodskap daarvan.

Ten einde hierdie boodskap te beklemtoon, is dit nodig om die heilshistoriese ontplooiing te verreken. Die koms van Jesus Christus in die volheid van die tyd, vorm die wyse waarop God die geskiedenis laat ontplooi. Die heilsgeskiedenis is dus ’n reis waarmee God met sy volk onderweg is. God se dade van oordeel en seën behoort beskou te word as integrerende deel van die heilsgeskiedenis aangesien God se dade van oordeel die noodsaak na verlossing beklemtoon en sy seën in die verlossing deur Jesus Christus ’n hoogtepunt bereik het. Die heilshistoriese ontplooiing is inderdaad nie reglynig nie, maar geskied op organiese wyse. Die heilsgeskiedenis word deur die Nuwe Testament aanvaar en dit bou daarop voort. Hierdie heilsgeskiedenis kan in twaalf groot tydvakke opgedeel word (tabel 1). Die aartsvaderverhale kan dus nie buite of apart van die heilsgeskiedenis geïnterpreteer word nie, aangesien dit onlosmaaklik deel daarvan is.

### 2.5.3 Eksegetiese metode

Aan die hand van bogenoemde bepalende oorwegings (vgl. 2.5.2), kan die gereformeerde hermeneut daartoe oorgaan om ’n eksegetiese metode vas te stel ten einde die boodskap van ’n bepaalde teksgedeelte op verantwoordelike wyse vas te stel.

#### 2.5.3.1 Die werk van die Heilige Gees in Skrifverklaring

Kaiser (1981:23) (vgl. Krabbendam, 1986:213) verwoord een van die grootste uitdagings vir die eksegeet en hermeneut soos volg: "… how (can) the interpreter relate "what the text *meant* in its historical context" to "what that text *means* to me." Hy stem saam met Hirsch dat die betekenis van Bybelskrywers se woorde onveranderd bly, maar dat die betekenisvolheid daarvan wel kan en selfs behoort te verander aangesien mense se belangstellings, vrae asook die tyd waarin die interpreteerder leef, voortdurend verander (Kaiser, 1981:32). Dit is juis in die "betekenisvolheid" van elke teks waarin die Woord van God vir alle mense op alle plekke en oor alle eeue opgesluit lê. Om egter die "betekenisvolheid" van ’n teks verantwoordelik na te speur, is geen maklike taak nie; inteendeel, die in-sonde-gevalle mens is uit sy eie nie in staat om, selfs met die hulp van die beste, mees moderne en wetenskaplike eksegetiese metodes tot die "betekenisvolheid" van ’n teks deur te dring nie.

Ten einde die "betekenisvolheid" van ’n teks ten volle te begryp, is die verligting van die Heilige Gees onontbeerlik (vgl. Motyer in Robinson, 2001:vi; Davies 2006:1-2; De Wet, 2011:48-49). Die *testimonium spiritus sancti internum* het onder gereformeerdes nog altyd baie gewig gedra (Cilliers, 2008b:66). Aangesien die sake wat God in die Bybel bekend maak, sake is wat buite die mens se ervaringswêreld, en in elk geval bo die in-sonde-gevalle mens se begrip lê, word hierdie mens afhanklik van die (ver-)lig(-ting) van die Heilige Gees (Jonker 1976:30-34; Jordaan et al., 2011:228; vgl. De Wet, 2011:38-40). Dieselfde Gees wat die Woord geïnspireer het, is ook die Gees wat in gelowiges se harte woon (Chapell, 2004:75). Die leiding en verligting van die Gees vind natuurlik nie onafhanklik van die Skrif plaas nie (Jonker, 1976:34). Die getuienis van die Heilige Gees is ten nouste verbind tot, en verweef met die inhoud van die Skrif, sodat die eksegeet nie subjektief met die teks kan omgaan en dit dan aan die werking van die Gees toeskryf nie (Jordaan et al., 2011:232). Ten einde subjektiwiteit in die verklaring van ’n teks te verhoed, doen Jordaan et al. (2011:233) die volgende kontrolemaatreëls aan die hand:

i) Maak erns met die Skrifbeginsels wat noodsaaklik is vir suiwer Skrifverklaring.
ii) Moenie dit teks hanteer asof jy die eerste persoon is wat dit verklaar nie. Oorweeg jou verklaring van ’n teks met ander gelowiges se verklaring daarvan.
iii) Vergelyk Skrif met Skrif.

Wanneer die menslike eksegeet erken dat die Heilige Gees die eintlike Eksegeet is (vgl. De Klerk, 2010:456), behoort hy in biddende afhanklikheid die Woord te benader met die smeekgebed dat die Gees ook sy verstand sal open om die Skrif te verstaan (Luk. 24:45) soos wat Hy eenmaal met sy dissipels gedoen het (Jonker, 1976:34; Cilliers, 2000:7-8; Chapell, 2005:107; Van der Walt, 2008:756).

#### 2.5.3.2 Die rol van geloof by interpretasie

’n Volgende belangrike saak wat hand-aan-hand gaan met die verligting deur die Heilige Gees, is die rol wat geloof speel by die interpretasieproses. VanGemeren (1995:21) maak dit duidelik dat die bestudering van die Bybel anders is as die normale bestudering van enige literêre of religieuse teks. “It presupposes a personal faith and calls for a commitment of one’s whole being” (VanGemeren, 1995:21; vgl. Van der Walt, 2009:4-5). Die rede hiervoor is dat Christenstudente wat die Ou Testament bestudeer, nie anders kan as om by die kruis van Jesus Christus verby te stap op pad na die Ou Testament nie en daarom mag hulle nie hul identiteit as Christen verloor nie. Net soos die Heilige Gees, is geloof ook ’n gawe van God (Ef. 2:8) en sonder hierdie gawe sal die skatte van die Woord verborge bly. Dit is alleen deur die geloof dat die eksegeet by die erkenning sal kom dat hy in die Bybel nie slegs met mense se gedagtes en woorde oor God te doen het nie, maar dat hy inderdaad met die Woord van God in mensetaal te doen het (vgl. Jordaan et al., 2011:228).

#### 2.5.3.3 Die gevare van die histories-kritiese metode

Sydney Greidanus (1988:35) beklemtoon die feit dat die Bybel vir ons ’n getuienis bied van God se optrede in die geskiedenis. Hierby voeg Goldsworthy (2006:33) “If we refuse to start with the assumption that the Bible tells the truth in claiming to be God’s word, we must start with another assumption: that it does not or may not tell the truth and, therefore, it is not or may not be God’s word.” Volgens Hinson (1990:21) het ’n interpreteerder dus een van twee keuses: Óf die eksegeet kan die werke van die Bybelse skrywers waarin hulle poog om die Israeliete te herinner aan dit wat God met hulle gedoen het, ernstig opneem en erken dat God se selfopenbaring ’n sentrale deel van Israel se belewing was, óf om uit die dinge wat die skrywers aan hul hoorders vertel, ’n seleksie te maak van dit wat volgens die eksegeet noodsaaklik is vir die oorvertel van Israel se storie.

In ’n poging tot groter “objektiwiteit” oefen die histories-kritiese metode die tweede keuse uit. Met die opkoms van die naturalistiese historiese kritiek het die verband tussen die literêre betekenis van ’n teks en die werklike gebeure begin verkrummel (Perdue, 1994:236). Greidanus (1988:35; vgl. ook Goldsworthy, 2006:153-154) is egter van mening dat die histories-kritiese metode nie daarin slaag om ons te help om die Bybel reg te verstaan nie – “The naturalistic historical-critical method seeks to assess the Bible from a standpoint, a worldview, grounded outside the Bible – a post-Enlightenment worldview rather than the biblical worldview” (1988:35). Clements (1978:11) skryf dat die doel van die histories-kritiese metode is om by die “korrekte betekenis van die teks” uit te kom en uiteindelik vas te stel wat die oorspronklike teks is (vgl. ook Kaiser & Silva, 1994:32). Die probleem is egter dat die Bybel so gereduseer word dat daar uiteindelik sprake is van ’n kanon binne ’n kanon (vgl. Robbertze, 2003:150; Goldsworthy, 2006:140). Uiteindelik bied dit ’n verwronge beeld van die boodskap van die Bybel. Daarom gee Clements (1978:12) toe dat die grootste uitdaging van ’n ware histories-kritiese metode vereis dat daar gekyk behoort te word na elke aspek van Bybelse geloof en gepoog word om verby die uitgangspunt te beweeg wat werk met slegs een onveranderlike of vaste betekenis vir uitdrukkings. “It becomes clear

then that a single historical context cannot, by itself, determine the biblical meaning of a text" (Clements, 1978:13).

Gerhard Hasel (vgl. Greidanus 1988:36) verwoord die probleem met die histories-kritiese metode, naamlik dat dit die mens se handelinge wil losmaak van God se handelinge in die geskiedenis, duidelik:

> We are, therefore, led to conclude that the crisis respecting history in Biblical theology is not so much a result of scientific study of the evidences, but stems from the historical-critical method's inadequacy to deal with the role of transcendence in history due to its philosophical presuppositions about the nature of history. If the reality of Biblical text testifies to a supra-historical dimension which transcends the self-imposed limitations of the historical-critical method, then one must employ a method that can account for this dimensions and can probe into all the layers of depth of historical experience and deal adequately and properly with the Scripture's claim to truth.

Die ontstaan en ontwikkeling van die histories-kritiese verklaringsmetode (waaronder literêre -, vorm-, redaksie- en tradisiekritiek), asook teksimmanente eksegese (waaronder strukturalisme, kanonieke benadering en diskoersanalise), tesame met resepsiekritiek [Vos, 1995:229-234 en 257-258; UP (departementele aantekeninge) 1996:5-11], het 'n groot bydrae gelewer tot 'n beter verstaan van die hermeneutiese proses, maar ook bepaalde leemtes gelaat:

- "Die histories-kritiese metode open die oë vir die ryke ontstaangeskiedenis van die Ou Testament, maar bied nie aan die eksegeet die geleentheid om werklik met die teks self besig te wees nie.
- Die teksimmanente metodes open die oë vir die rykdom wat in die teks self opgesluit lê, maar die teks word dikwels verabsoluteer. Die teks word gelees as 'n entiteit wat begryp kan word sonder om die ontstaan en agtergrond daarvan in ag te neem.
- Die resepsiekritiek open die oë vir die belangrike rol wat die leser(s) in die verstaanproses speel, maar verval dikwels in subjektivisme waar betekenis in die teks ingelees word."

In al hierdie metodes is die hermeneutiese paradigmaskuif van 'n "teologie van bo" na 'n "teologie van onder", sigbaar (vgl. Trimp 1976). In hierdie "teologie van onder" val die klem eerder op die mens se reaksies en sy nadenke oor God as wat dit konsentreer op God se handelinge met, en openbaring aan sy volk. Goldsworthy (2006:139) sluit hierby aan wanneer hy meen dat die groot probleem met die histories-kritiese metode die humanistiese voorveronderstellings is wat universeel ingespan word en wat aanvaar word as "bo enige kritiek verhewe." Die outonomie en superioriteit van die menslike rede is in beheer van Bybelse interpretasie (vgl. Goldsworthy 2006:143). In plaas daarvan dat die eksegeet se

ervaring vanuit die Woord interpreteer, gebruik hy sy ervaring om die Woord te interpreteer (Goldsworthy 2006:59).

Terwyl Bultman aanvoer (Goldsworthy, 2006:147-149) dat historisiteit nie belangrik is vir geloof nie, skryf Greidanus (1988:27) dat juis een van die negatiewe effekte wat die histories-kritiese metode op die eksegetiese proses het "the separation of the biblical narrative from its underlying history and such extreme skepticism with respect to the historicity of biblical events that some biblical scholars have fled from history into the safety of nonhistorical or suprahistorical realm"is. Greidanus (1988:24, 91-95) wys op die noodsaaklikheid van historisiteit vir die Christelike geloof en die geloofwaardigheid van die Woord, maar terselfdertyd toon hy ook aan hoe die moderne eksegeet die historisiteit van die Bybel behoort te benader. Wanneer die historisiteit van byvoorbeeld die maagdelike geboorte van Christus bevraagteken en dit gereduseer word tot bloot 'n geestelike gebeurtenis of mite, val die wese van die Christelike geloof plat en word dit niks anders as maar net nog 'n filosofiese denkrigting nie. Paulus waarsku alreeds in 1 Korinthiërs 15:14-15 dat "as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie." Daarom skryf Greidanus (1988:24): "The faith of Israel and the faith of historical Christianity is founded not in lofty ideas or ideals but in God's acts in human history."

Uiteindelik is die gevolg van die histories-kritiese metode dat dit die gesag van die Bybel, as die een openbaringswoord van God, in sy wese aantas. Dit wil die boodskap van die teks beperk tot die tyd, konteks en genre waarin die eerste hoorders dit gehoor het en hou nie rekening daarmee dat die Bybel God se selfopenbaring aan die mens bevat en sy bemoeienis met die mens verwoord nie (vgl. ook Motyer, 1996:14-15). Die geskiedenis word dan beskou as 'n "geslote samehang van gebeurtenisse" (Pieterse 1979:13) en vervolgens is daar in hierdie geslote samehang geen inbraak of deurbraak van buitewêreldse magte moontlik nie (Pieterse, 1979:13; vgl. Goldsworthy, s.a.). "Daar moet so op die onmiddellike kontekstuele boodskap van die Ou Testament gelet word, dat die preek net sowel in die Joodse Sinagoge gelewer kan word" (Robbertze 2006:1). Dat die Bybel God se saamgestelde, dog enkelvoudige openbaringswoord aan die mens in Christus is (vgl. Theron s.a.; Trimp 1988; Clowney 1988; Keller 2002; Goldsworthy 2006), word nie in ag geneem nie. Goldsworthy (2006:140-141) se aanhaling van Maier, som bogenoemde probleme met die histories-kritiese metode in 'n neutedop op:

> If there should really be a canon in the canon, then not only would Scripture have to be divorced from the Word of God, by also Christ from the Scriptures, the Holy Ghost from the Scriptures, and the one Christ of Scripture from the other Christ of Scripture. The light of a new docetism would then fall on the event of the Incarnation and on certain parts of Scripture.

Laastens moet ook gewaarsku word teen die gevaar wat die postmodernistiese standpunt oor geskiedenis inhou. Hierdie gevaar word duidelik uit die woorde van Le Roux (vgl. Louw, 2010) rakende die verloop van die historiese proses: "Elkeen gee sy of haar eie inhoud daaraan." Ook die volgende uitspraak van Dreyer (1998:368) is tekenend van die postmodernisme se invloed en gevaar: "Die ongemaklike werklikheid is dat ons oor niks beskik wat absoluut is nie. Dit geld ook op die gebied van Skrifbeskouing. In die post-moderne paradigma het die insig deurgebreek dat ons nie direkte woorde van God het/besit nie. Ons besit God nie. Ons het/ besit nie 'n absolute stel norme en waardes nie." Francis Fukuyama (vgl. Goldsworthy, 2006:153) illustreer die gevaar wat die postmodernistiese siening vir die verstaan van die geskiedenis inhou, soos volg: "What has come to an end is not the occurrence of events, even large and grave events, but History; that is history understood as a single, coherent, evolutionary process." Hy voeg dan by dat indien die postmoderniste reg is hieroor, word ons gedwing om te sê dat die einde van geskiedenis ook die einde van die historiese evangelie beteken en van enige sin van objektiewe waarheid (vgl. Goldsworthy, 2006:153).

Hoewel die waardevolle bydrae van die histories-kritiese metode nie ontken behoort te word nie en daar selfs daaruit geput kan word vir die eksegetiese en hermeneutiese prosesse, kan hierdie eksegetiese rigting weens sy aangeduide tekortkominge, nie sinvol deur die gereformeerde eksegeet gebruik word nie. Sekere elemente daarvan kan wel ingespan word in die eksegetiese proses waarvan die uitgangspunt en doelwit van die eksegese nie dieselfde is as die van die histories-kritiese metode nie, daarom stel Greidanus (1999a:213-221) 'n meer sinvolle eksegetiese metode voor wat hy "holistiese histories-kritiese interpretasie" noem.

#### 2.5.3.4 Holistiese histories-kritiese interpretasie van die Ou-Testamentiese narratiewe

Aangesien Greidanus (1988:48-120) 'n deeglike uiteensetting gee van wat met die uitdrukking "holistiese histories-kritiese interpretasie" bedoel word, gaan daar in hierdie afdeling volstaan word met 'n kort beskrywing waarna die toepassing daarvan op die Ou-Testamentiese narratiewe meer in diepte bespreek sal word.

Greidanus (1988:36-37) se holistiese histories-kritiese metode is 'n aanpassing van die histories-kritiese metode, maar dit word oorheers deur 'n Bybelse wêreldbeskouing. Deur uit te gaan van 'n Bybelse wêreldbeskouing, lyk dit asof hierdie metode 'n uitbouing is van die grammaties-historiese metode (vgl. Chapell, 2005:77; Jordaan et al., 2011:234 e.v.) met sinvolle elemente geneem uit die histories-kritiese metode. Dit toon ook sterk ooreenkomste met Kaiser (1981:69-165; Kaiser & Silva, 1994:33) se voorgestelde *Sintakties-Teologiese Metode* waarin hy poog om die leemte te oorbrug wat deur die grammaties-historiese metode gelaat word, naamlik die vraag na toepaslikheid vir die moderne leser (Kaiser, 1981:88-89). Uiteindelik lyk dit asof Greidanus poog om 'n veelvoud van metodes saam te voeg tot een metode (vgl. Deist & Burden, 1980:116). Ook Verhoef (1973:28) doen 'n mate van 'n holistiese

metode aan die hand, wanneer hy verduidelik dat die begrip 'filologiese eksegese' 'n wye betekenis het. Dit sluit al die aspekte van die grammatika in, maar daar behoort ook rekening gehou te word met die literatuurtipes en stylsoorte, terwyl ook aandag gegee moet word aan kritiese standpunte ten opsigte van die literêre, vorm- en tradisiegeskiedenis.

"A holistic hemeneutical method seeks to take into account *all* aspects that contribute to the meaning of biblical texts and attempts to understand these aspects in the light of the whole – and vice versa" (Greidanus 1988:49). Soos die histories-kritiese metode, neem die holisties histories-kritiese metode ook aspekte in ag soos literêre interpretasie, wat insluit: bron - , vorm - , redaksie – en retoriese kritiek in die lig van 'n Bybelse teologie[5]) en interpretasie van historiese aspekte (vgl. Cilliers, 2008b:72), maar voeg dan ook 'n teologiese (dogmatiese) interpretasie van 'n teksgedeelte by. Hierdie metode fokus nie soseer op die detail van elke teks en sy voorgeskiedenis nie, maar die klem val eerder op die teks binne sy Bybelse konteks (Greidanus 1988:48). Kaiser (1981:69) merk tereg op dat goeie eksegetiese praktyk vereis dat die detail in die lig van die geheel beskou behoort te word. Die voordeel van die holisties histories-kritiese metode is dat dit die hermeneut in staat stel om tot 'n meer geldige interpretasie van die Bybelse narratief te kom aangesien hierdie metode die hermeneut toelaat om die historiese narratiewe in die Skrif te herken vir wat hulle is en dit as sodanig te interpreteer en nie slegs as 'n mite, 'n legende, 'n gelykenis of blote "stories" nie (Greidanus, 1988:47).

#### 2.5.3.4.1 Voorveronderstellings by eksegese

Goldsworthy (2006:43-44) wys daarop dat geen benadering tot die hermeneutiese proses sonder voorveronderstellings is nie (vgl. ook Pieterse, 1985:137-138; Gamble, 2009:121-122). Hierdie voorveronderstellings word onder andere bepaal deur kerklik-konfessionele, sosio-maatskaplike en ander faktore (Vos, 1995:387). Volgens Gadamer (vgl. Dingemans, 1991:75) kyk elke persoon tog altyd met sy eie oë vanuit sy eie agtergrond, kultuur en politieke situasie en veral vanuit die netwerk van sy eie ervaring na 'n teks. Hermeneutiese voorveronderstellings beslaan veral drie terreine, te wete die skrywer, die boodskap en die ontvangers (Goldsworthy, 2006:44). Greidanus (1988:37) pas die voorveronderstellings toe op die histories-kritiese denkwyse en wys dan daarop dat daar veral drie belangrike areas is waar enige metode beheers word deur voorveronderstellings. Hierdie areas is:

i) Die eksegeet se houding teenoor die teks: Behoort 'n teks uit die staanspoor met twyfel of met selfvertroue ten opsigte van die betroubaarheid daarvan benader te word?

ii) Sy siening van historiese gebeure: Wanneer 'n mens analogie gebruik, behoort 'n mens te aanvaar dat alle gebeure dieselfde is, of behoort daar ruimte gelaat te word vir die unieke?

[5] Vgl. Verhoef 1973:45-60 vir 'n kort uiteensetting hiervan.

iii) Sy siening van geskiedenis: Wanneer die beginsel van interafhanklikheid (wederkerigheid) toepas word, hou die eksegeet slegs rekening met dit wat immanent is, of met sogenaamde natuurlike oorsake, of kan 'n transendente God ook erken word as God van die geskiedenis?

Aangesien elke eksegetiese metode beheers word deur hierdie voorveronderstellings, is dit belangrik om eers vas te stel wat die Christus-belydende hermeneut se voorveronderstellings aan die hand van hierdie drie vrae behoort te wees (Greidanus, 1988:37-47). Aangesien laasgenoemde voorveronderstelling die mees basiese en omvattende is omdat dit die eksegeet se wêreldbeskouing bepaal, word daar na aanleiding van Greidanus (1988:37) met laasgenoemde veronderstelling begin en word die veronderstellings in omgekeerde volgorde bespreek.

*Interafhanklike, wederkerige verhoudings binne 'n oop heelal*

Die beginsel van wederkerigheid kan slegs geldig wees indien dit ontvanklik is vir alle moontlike oorsake in geskiedenis – ook dat die transendente God werksaam is in die geskiedenis. God is nie net betrokke by die geskiedenis van Israel nie, maar by die geskiedenis van alle volke. Die feit dat God in beheer is van die geskiedenis (vgl. NGB Art. 13 en HK So. 9 V/A 27), sluit nie menslike vryheid, inisiatief en verantwoordelikheid uit nie. Vanuit 'n Bybelse wêreldbeskouing werk God volgens die beginsel van wederkerigheid, *middellik* (deur die natuurlike verloop van die geskiedenis en die werking van die natuur waarin die hand van God alleenlik deur "geloofsoë" onderskei kan word) en *onmiddellik* (waar God op bo-natuurlike wyse optree en Hom nie laat inperk deur die wette van die natuur nie, byvoorbeeld wonderwerke). Wanneer hierdie voorveronderstelling ten opsigte van God se optrede in die geskiedenis in ag geneem word, word God se hand nie, soos in die histories-kritiese metode, verwyder uit die geskiedenis nie (vgl. ook Poythress, 1999:147 en Goldsworthy, 2006:220). Mickelsen (1963:60) stel dit soos volg: "The world is a controlled continuum, and it is God who exercises the control."

*Analogie en unieke gebeure*

Anders as die naturalistiese model wat aanvaar dat alle gebeure oor alle tye heen dieselfde is, gaan die Bybelse wêreldbeskouing van die veronderstelling uit dat nie alle gebeure dieselfde is nie aangesien God nie altyd dieselfde woord hoef te spreek nie. Kritiese interpreteerders verwerp dikwels 'n teks se historiese betroubaarheid indien dit 'n weergawe van bonatuurlike gebeure bevat (Pratt, 1990:94). Volgens die Bybelse wêreldbeskouing kan daar twee soorte gebeure waargeneem word. Eerstens werk God sonder dat sy invloed op gebeure direk sigbaar is deur middel van natuurlike oorsake. Tweedens is dit duidelik dat God ook soms op 'n verrassend unieke en wonderbaarlike wyse te werk gaan waar sy handewerk nie ontken kan word nie. Hierdie twee soorte gebeure vernietig nie die beginsel van analogie nie, aangesien God steeds voortgaan om op dieselfde wyse te werk te gaan as wat Hy in die verlede

gedoen het. Die beginsel van analogie in 'n Bybelse wêreldbeskouing aanvaar dat unieke gebeure in die verlede plaasgevind het en dat dit steeds in die teenswoordige tyd plaasvind. As gevolg van die feit dat God se unieke optrede nie noodwendig tred hou met analogie nie, is Pannenberg (vgl. Greidanus, 1988:42) reg wanneer hy sê dat analogie alleen nie genoegsaam is vir die vasstelling van die feitelikheid van 'n gebeurtenis nie.

*Die kritiese beginsel*

Aangesien God se Woord opgeskryf is in menslike vorm, is dit onderhewig aan 'n sekere mate van kritiek, maar dan behoort die kritiek van dieselfde aard te wees as wat op ander historiese dokumente toegepas word. Die Woord van God behoort nie aan 'n strenger en meer onrealistiese kritiese kriteria blootgestel te word nie. Soos met buite-Bybelse geskrifte, is die grondbeginsel waarin die algemene betroubaarheid van die Bybelse teks nie uit die staanspoor bevraagteken word nie, maar eerder aanvaar word, noodsaaklik tensy die teendeel duidelik bewys kan word. Hierdie grondbeginsel is belangrik aangesien dit 'n groot invloed het op die bevindinge van verdere analise van die teks.

*Basiese evangeliese voorveronderstellings*

Dit is belangrik om, as aanvulling tot die voorveronderstellings deur Greidanus genoem, ook te wys op die voorveronderstellings waarop Goldsworthy[6] wys (2006:45-52; vgl. ook Goldsworthy, 2006:58-60). Hierdie voorveronderstellings sentreer rondom die vier *solas* van die reformasie, te wete genade alleen, Christus alleen, die Skrif alleen en geloof alleen. Hierby kan 'n vyfde gevoeg word, naamlik alleen aan God die eer. Hierdie vyf voorveronderstellings toon dieselfde verhouding as die Drie-eenheid op grond van hulle interafhanklikheid. Vanweë sy verbintenis tot die gereformeerde kerklike tradisie, word die gereformeerde hermeneut se interpretasie van die Skrif onwillekeurig beïnvloed deur hierdie gereformeerde/evangeliese voorveronderstellings.

#### 2.5.3.4.2 Literêre interpretasie as deel van die holisties histories-kritiese metode

*Behoorlike eksegese*

Ten einde die presiese betekenis van 'n teks vas te stel, is behoorlike eksegese onontbeerlik (Bright, 1967:168). "A sermon constructed out of honest exegesis and sound hermeneutics will also be true to the Bible in its purpose" (Robinson, 1984:808). Die verklaring van 'n teks is gebaseer op die eksegese van die grondteks (Hoekstra, 1926:281). Krabbendam (1986:217) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die betekenis van 'n teks ontdek, herken en geverifieer kan word deur middel van grammatikale, sintaktiese

[6] Goldsworthy (2012:42-55) se bespreking van evangelies-teologiese asook hermeneutiese voorveronderstellings, is baie meer omvattend as wat in hierdie studie genoem word en lewer ook 'n sinvolle bydrae tot die interpretasie van die Skrif vanuit 'n gereformeerde invalshoek.

en semantiese studie van die teks. Hierdie studie behoort rekening te hou met die totale linguistiese struktuur in die algemeen, maar ook met elke linguistiese komponent in die besonder. Eksegese sluit onder andere in die vertaling van die teks waarin woorde se betekenisse ontleed en vasgestel word (vgl. Pratt, 1990:119-124, se bespreking van paradigmatiese, sintagmatiese en pragmatiese perspektiewe), sintaktiese ontledings, identifisering en ontleding van stylfigure en idiomatiese taalgebruik. In kort kom dit neer op ’n grammatiese ontleding van die teks. Weens die omvang van hierdie taak, kan dit nie hier volledig bespreek word nie[7], maar dit is belangrik dat hierdie grammatikale studie ten grondslag lê van die hermeneutiese beginsels wat vervolgens bespreek word.

*Gedagte-eenheid van ’n afgebakende teksgedeelte*

Dit is belangrik dat die gekose teksgedeelte ’n gedagte- of literêre eenheid vorm. Chapell (2005:60-61) praat van ’n “expository unit” – “An expository unit is a large or small portion of Scripture from which a preacher can demonstrate a single spiritual truth with adequate supporting facts or concepts arising within the scope of the text”. “Die vereiste vir die tekskeuse is dat dit ’n bepaalde afgeronde groter gedagte-eenheid moet wees waarin Godsopenbaring saamtrek. ’n Preekteks is ’n deur, maar dan ’n baie spesifieke deur tot die sentrale inhoud van die hele Skrif” (Venter, 2001:526). Hoewel so ’n literêre eenheid soms so kort as een sin kan wees, beslaan dit in die geval van narratiewe gedeeltes gewoonlik uit een of meer paragrawe (Verhoef, 1973:34; Craddock, 1985:110-112; Long, 1989:64; Greidanus, 1999a:282; Robinson, 2001a:54-56). Dit is belangrik om ’n gedeelte ’n paar keer deur te lees totdat die gedagtelyn duidelik sigbaar word (Chapell, 2005:107). Dit is ook sinvol om kennis te neem van Deist (1978) se deeglike bespreking aangaande die gebruik van tekskritiese apparaat in die vasstelling van ’n teks (vgl. ook Craddock 1985:107-110).

*Interpretasie binne die totale konteks*

Kaiser (1981:91) noem vyf basiese literatuursoorte (genres) wat deur Bybelskrywers gebruik is: prosa; poësie; narratief; wysheidsliteratuur en apokaliptiese literatuur. Hierteenoor noem Verhoef (1973:35) slegs vier literatuursoorte: verhalende stof; profetiese stof; poëtiese stof en die onderwysing, terwyl Gamble (2009:21) ook die wet as literatuursoort byvoeg (vgl. ook Vos, 1995:259-272). Greidanus (1999a:229) verwys verder na verskillende subgenres (vgl. ook Venter, 2001:527 en Goldsworthy, 2006:229). Vasstelling van die genre is dus ’n belangrike deel van literêre interpretasie (Deist, 1978:24; Goldsworthy, 2000:135-137; Chapell, 2005:79; Osborne, 2005:679-680). Dit is veral belangrik ten einde die eksegetiese en teologiese kante van ’n teks vas te stel (Burge, 2009). Daar kan met Greidanus (2007:24) saamgestem word dat die aartsvaderverhale beskryf kan word as heilshistoriese narratiewe.

[7] Vir ’n meer volledige bespreking van grammatikale eksegese, vgl. Verhoef, 1973:28-35; Kaiser, 1981:87-129 en Greidanus,1988:48-67

Die Hebreeuse narratief is 'n spesifieke literatuursoort en vereis dus ook 'n spesifieke hermeneutiese aanslag. Dit gebeur baie maklik dat narratiewe geïsoleer word van die literêre konteks waarin hulle staan. Dit is belangrik dat die betekenis van 'n spesifieke narratief alleenlik bepaal en verkondig behoort te word binne die konteks van die hele boek en uiteindelik binne die Bybel as 'n geheel, aangesien elke onderdeel se spesifieke betekenis eers duidelik word binne die konteks van die groter geheel (Greidanus, 1988:213; Kaiser 1981:69-70; vgl. ook Clements 1978:27-32 en Krabbendam, 1986:217). Robinson (2001a:59) vat die belangrikheid van konteks soos volg saam: "The text without the context is a pretext." Ook Goldsworthy (2000:20) waarsku dat wanneer goeie eksegese nie die breër konteks in ag neem waarin 'n teks staan nie, word die teks in 'n wet verander sonder die teenwoordigheid van genade. Wie die konteks goed bestudeer, vind gewoonlik meer waardevolle insigte met die oog op die prediking vanuit die konteks as uit die teks self (Robinson, 1993:96).

Kaiser (1981:71-85; vgl. Peels, 2009:253-255) noem die volgende kontekste wat in ag geneem behoort te word in die eksegetiese proses:

i) Afdeling ("sectional") konteks

Die eksegeet se primêre verantwoordelikheid is om vas te stel wat die gedagtelyn is wat soos 'n waterstroom deur die groter en kleiner dele van die boek vloei. Een manier om hierdie gedagtelyn vas te stel, is om te kyk of die skrywer sy bedoeling duidelik genoeg stel in die inleiding of slot van die boek. Indien hierdie hoof gedagtelyn nie duidelik sigbaar is uit die inleiding of slot van 'n boek nie, is daar ook ander tekens wat help met die vasstelling daarvan (Kaiser, 1981:72). Ten opsigte van die Hebreeuse narratiewe word slegs een van hierdie tekens beklemtoon, naamlik die verandering in tyd, plek of omgewing ("setting") as aanduiding van 'n nuwe tema of afdeling. Dit is belangrik om 'n geheelbeeld van die boek te vorm sodat duidelikheid verkry kan word oor waar en hoe elke onderafdeling die deurlopende tema dien (vgl. Davies, 2006:77-90; Osborne, 2006:217).

ii) Konteks van die boek

Hierdie konteks sluit aan by bogenoemde, maar fokus meer spesifiek op die oorspronklike bedoeling van die skrywer. Keller (2002:16) noem dit "tekstosentrisme". Waar 'n teks hoofsaaklik uit narratiewe stof bestaan, is die bepaling van die oorspronklike skrywer se bedoeling nie so eenvoudig nie. Somtyds is die skrywer se bedoeling duidelik sigbaar en op die voorgrond, ander kere minder (Davies, 2006:4). Wat egter van belang is, is dat die hermeneut sy besluit ten opsigte van die oorspronklike bedoeling sal neem in die lig van watter detail die skrywer verkies het om in te sluit asook die volgorde waarin hy daardie stof gerangskik het (Kaiser, 1981:78,205-206).

iii) Kanonieke konteks

Hierdie benadering dring die hermeneut om die teks ook te hanteer soos wat dit in die oorgelewerde kanon opgeteken is (Deist, 1978:26; Kaiser, 1981:80; Strydom, 1989:142). Daarom benadruk Chapell (2005:107) die belangrikheid daarvan om wyd genoeg te lees, sodat die breër konteks van ’n teksgedeelte raakgesien en in ag geneem kan word. Sodoende bly die hermeneut getrou aan een van die oudste reëls van die hermeneutiek, die sogenaamde *maxime*, waarvolgens ’n teks uit sy dele en die dele vanuit die geheel van die teks verklaar word (Dingemans, 1991:69). Hier behoort die volgende vraag dus gevra te word: *Waarom is hierdie teks, in hierdie vorm, op hierdie plek in die kanon ingesluit?* (vgl. Robinson, 1984:812). Venter (2001:529) praat van die *telos* van die teksgedeelte. “Each text must be heard, not as a “proof text” in and of itself, but both in context of the book in which it is found and in the context of the whole canon” (Kaiser, 1981:81). Die uiteindelike literêre konteks van enige gegewe teks is die hele kanon van die Skrif (Vanhoozer, 2000:60-62; Goldsworthy, 2000:16; 2006:200,231).

Indien die “kanonieke konteks” verstaan word as die makro-konteks (wáár ’n gedagte-eenheid inpas binne die groter geheel van ’n Bybelboek, ’n groep Bybelboeke en uiteindelik die geheel van die Bybel), is dit van groot hulp in die verstaanproses (vgl. Long, 1989:65; Greidanus, 1999a:229; Keller, 2002:16; Chapell, 2005:79-80). Dit is belangrik om na die totale Bybelse konteks te kyk ten einde vas te stel wat God ook op ander plekke oor ’n spesifieke onderwerp gesê het. Hierby sluit Chapell (2005:113) ook aan in sy verwysing na die “logical-doctrinal context”. Indien “kanonieke konteks” egter verstaan word as die wyse waarop die *kerk* ’n bepaalde gedagte-eenheid interpreteer, is Kaiser (1981:81) korrek in sy kritiek teenoor Childs waarin hy waarsku dat so ’n benadering aansluit by die Roomse tendens waarin die kerk die gesaghebbendheid van die kanon (en uiteindelik ’n spesifieke teksgedeelte) vasstel.

iv) Die onmiddellike (mikro) konteks

Dit is belangrik om ’n gedagte-eenheid ook binne sy onmiddellike konteks te ontleed sodat dit duidelik is in watter verhouding verskillende afdelings binne ’n spesifieke boek tot mekaar staan. Daar bestaan verskillende tipes verbindings tussen ’n gedagte-eenheid en sy onmiddellike konteks: Histories; teologies; logies en psigologies (Kaiser, 1981:84). Hierdie “onmiddellike konteks” van Kaiser, toon sterk ooreenkomste met Chapell (2005:114) en Craddock (1985:114-115) se “literêre konteks” (vgl. ook Davies, 2006:5).

Die insigte wat Chapell (2005:113-114) in verband met die kontekstuele besinning van ’n teks bied, behoort nie misken te word in die eksegese nie. Daarom behoort die volgende konteks ook verreken te word as deel van ’n holistiese benadering:

v) Historiese konteks

Die historiese konteks van ’n teksgedeelte word bepaal deur navorsing rakende die kultuur, omstandighede en gebeure wat die skryf van ’n spesifieke teks gekenmerk en gestimuleer het (Pieterse, 1985:137; Chapell, 2005:78). ’n Goeie verstaan van die historiese konteks sal daartoe lei dat die chronologie van gebeure, die biografiese inligting oor mense en die detail van die kultuur wat geheers het tydens die opskrifstelling van die teks, asook die plek wat die gedeelte inneem in die ontwikkeling van God se verlossingsplan, deeglik verreken word (vgl. Dijk, 1955:200; Craddock 1985:112-114; Pratt, 1990:7-11; Gamble 2009:22). Wanneer die oorspronklike bedoeling of skopus van ’n teks misgekyk of verwerp word, verdwyn alle kontrole oor die interpretasie en kan die Skrif enige iets beteken wat die hermeneut wil hê dit moet beteken (Bright, 1967:91; Buttrick, 1987:269-274). Om dus die historiese konteks van ’n teks in ag te neem, blyk ’n goeie teenvoeter vir subjektivisme te wees (Greidanus, 1999a:228). Holladay (vgl. Long, 1989:72) meen dat dit moontlik is om van beide “die geskiedenis *in* die teks” sowel as “die geskiedenis *van* die teks” te praat. Daarom behoort die hermeneut ook bedag te wees op die ontstaangeskiedenis van ’n teks en ook van die verskillende historiese vlakke waarin ’n teks voorkom en deur Bybelskrywers gebruik is (Long, 1989:72).

*Aandag aan detail*

Ten einde die bedoeling van die Hebreeuse narratief vas te stel, is dit noodsaaklik om nie net na die groter geheel te kyk nie, maar om ook aandag aan die detail van ’n spesifieke teks te gee aangesien dit dikwels waardevolle inligting verskaf. Osborne (2006:217) verwys hierna as “stilistiese analise”. Daar behoort op die kernelemente van die verhaal, naamlik gebeure en karakters asook tyd en ruimtelike aspekte van die verhaal, gefokus te word (Vos, 1995:262). Dit is nodig om op te let wanneer ’n karakter se woorde of optrede gekontrasteer word met die woorde en optrede van ’n ander karakter (Davies, 2006:4-5; DBA-handboek 2009: Afd. C § 6.4 en 6.5). Die eerste woorde van ’n karakter is gewoonlik baie belangrik asook enige veranderings in ’n toespraak wat andersins woordeliks aangehaal word. Dit is nodig om fyn op te let na die storielyn (plot); hoe die spanning opbou en die uiteindelike ontknoping. Wanneer ’n verteller die pas vertraag deur middel van lang aanhalings, stilistiese spraak of gedetailleerde beskrywings is dit moontlik dat hy besig is om ’n aanduiding te gee van wat hy as belangrik beskou. Verder is dit belangrik om die verteller se uitkyk in ag te neem: waar hy staan, hoe hy gebeure evalueer of verkies om dit nie te evalueer nie. Die voorkoms van repetisie, onverwagse verandering in repetisie, chiasmes en ander literêre strukture behoort ook aandag te kry ten opsigte van die bedoeling van die skrywer (vgl.

Davies, 2006:4). Waar moontlik behoort parallelle narratiewe met mekaar vergelyk te word, aangesien dit dikwels die skrywer se veranderings, beklemtonings, standpunte en doel onthul (Kaiser, 1981:125-127; Greidanus, 1988:213-214; Long, 1989:66-72; Keller, 2002:187).

*Belangrike vrae ten opsigte van narratiewe gedeeltes*

Aangesien die Hebreeuse narratief verskil van ander literêre genres, is daar sekere belangrike vrae wat aan die teks gestel behoort te word ten einde die betekenis van die narratief te ontsluit. Vrae soos: *Hoeveel tonele is daar? Met watter toneel (scene) het ek te doen en hoe pas hierdie toneel in binne die geheel van die toneelstuk (act)? Watter ander strukture kan waargeneem word? Wie is die hoofkarakters en hoe word hulle beskryf? Word die karakters gekontrasteer met mekaar of is daar parallelle te trek tussen sekere karakters en vorige karakters (of is hulle voorafskaduwings van latere figure)? Wat is die spanningslyn wat wag op ontknoping? Onthul die dialoog van die karakters sy persoon, die spanningslyn, of die evaluasie van 'n spesifieke optrede? Suggereer die verlangsaming van die pas dat die verteller iets wil beklemtoon? Wat is die spesifieke punt wat deur die narratief gemaak word?* ensovoorts (Greidanus, 1988:214). Om hierdie verhale werklik te verstaan, is dit nodig om deel daarvan te word en dit te ervaar soos een van die karakters in die verhaal (Webber, 2002:91).

### 2.5.3.4.3 Historiese interpretasie as deel van die holisties histories-kritiese metode

*Hoor die teks soos die oorspronklike hoorder*

God se opskrifgestelde woorde en dade soos ons dit in die Bybel aantref, het in die meeste gevalle 'n konkreet-historiese konteks. "Op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis handel God met en rig Hy Hom tot mense in hulle historiese situasie" (Verhoef, 1973:61). Historiese verstaan van 'n teks is 'n belangrike vereiste wanneer historiese tekste geïnterpreteer word. Die historiese gaping kan nie ontkom word deur spiritualisering nie, aangesien dit lei tot 'n vervalsing van die teks (Greidanus, 1970:150). Historiese interpretasie se doel is om die betekenis van 'n teks binne sy eie historiese en kulturele konteks te bepaal (vgl. Bright, 1967:169). Dingemans (1991:109) is van mening dat wanneer 'n mens die historiese basis miskyk, tekste die geneigdheid het om te vervaag tot algemene waarhede wat ook buite die gebeure om bedink kan word. Ten einde die narratief behoorlik te interpreteer is die historiese vrae met betrekking tot die outeur, die eerste hoorders, die tyd, die sosiale en geografiese plasing en die doel van die skrywe baie belangrik aangesien dit sekere leidrade bevat wat help met die vasstelling van die doel van 'n bepaalde gedeelte (vgl. ook Kaiser, 198:106-121 en Keller, 2002:26).

Daar bestaan besware teen die gebruik van die grammaties-historiese benadering aangesien dit blyk dat die sogenaamde "eerste lees" van die Ou-Testamentiese teks waarvolgens die eerste hoorders se "verstaan" daarvan vasgestel word, nie Christosentries of evangelies gerig kan wees nie (vgl. Tipton,

2011:201e.v.). Tog toon Tipton (2011:186-213) op ’n omvattende wyse aan dat dit nie die geval is nie, maar dat die evangelie, hoewel soms in wording, wel in die oorspronklike bedoeling van die teks teenwoordig is.

Tydens die proses van historiese interpretasie behoort daar rekening gehou te word met die gaping wat bestaan tussen die eietydse hermeneut en die eerste hoorders. Daar is ’n sekere mate van diskontinuïteit in die teks opgesluit, aangesien sekere gebruike, gewoontes en wette nie meer vandag geld nie (Verhoef, 1973:61-65; Greidanus, 1988:80-101 en 214-215). Hoewel die Woord *tydgerig* is, moet altyd onthou word dat dit tog nie *tydgebonde* is nie (Jordaan et al., 2011:230). Dit is juis in hierdie tydgerigtheid, die persoonlike trant van ’n teks waarin die universaliteit opgesluit lê. Al verander name, datums en plekke, bly liefde liefde, haat bly haat, hartseer bly hartseer, vrees bly vrees, vreugde bly vreugde en vergifnis bly vergifnis (Craddock, 1985:130). Buttrick (1987:266-267) verwys hierna as ’n “perennial human experience”; ’n langdurende menslike ervaring, maar hy waarsku ook dat die gebruik hiervan om die gaping tussen die oorspronklike en eietydse gehoor te oorbrug, daartoe kan lei dat die teks as simbool van openbaring geïgnoreer word. Volgens hom (1987:269) is dit die struktuur van Christelike bewustheid wat van geslag tot geslag dieselfde bly.

Greidanus (1999a:229) noem die volgende belangrike vrae wat gevra behoort te word tydens historiese interpretasie: *Wie is die skrywer? Aan wie (geadresseerdes)? Wanneer? Waar? en Waarom?* Die vraag na die “waarom” spreek ’n volgende basiese vraag aan wat onder historiese interpretasie beantwoord behoort te word, naamlik: Watter behoefte/nood van die eerste hoorders, wou die outeur aanspreek? (Greidanus, 1999a:229 en Chapell, 2005:108). Wanneer hierdie vraag gevra word, kom die rede vir die ontstaan van ’n spesifieke teks aan die orde. Elke teks het ’n vraag as agtergrond, ’n probleem wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die teks (Greidanus, 1999a:284).

*Die teks in die lig van die Koninkryksgeskiedenis*

Navorser neem kennis daarvan dat daar verskeie voorstelle is vir ’n allesoorkoepelende tema vir die Bybel (Greidanus, 1988:69-70; vgl. ook Strydom, 1989 en Krabbendam, 1986:220-221 se gebruik van die tema: *Verbond*), maar besluit bewustelik op die “koninkryk van God” as tema (vgl. ook Ridderbos, 1950 en Van der Walt, 1962). Hierdie keuse word uitgeoefen aangesien Navorser van mening is dat die tema “koninkryk van God” die mees omvattende is, maar dat dit ook die meeste van die ander voorgestelde temas akkommodeer en inkorporeer. Historiese interpretasie besit die vermoë om die kontinuïteit tussen *toe* en *nou* te beklemtoon deurdat dit geskiedkundige verwysings en historiese narratiewe verstaan binne die konteks van die universele koninkryksgeskiedenis wat strek van die skepping tot die herskepping. Een manier om reg te laat geskied aan die groter raamwerk, is om elke narratief binne die konteks van die oorkoepelende tema van Bybelse geskiedskrywing te beskou. Elke narratief en elke karakter word

geplaas binne die groter konteks van die koms van God se koninkryk, sodoende verkry elke narratief ook ’n eietydse relevansie (Greidanus, 1988:215-216).

#### 2.5.3.4.4 Teologiese interpretasie[8] as deel van die holisties histories-kritiese metode

Aangesien dit so maklik is om in die hantering van historiese narratiewe die aandag van God na die mens te verskuif, is die belangrike vraag wat die hermeneut tydens die teologiese interpretasie aangaande die teks behoort te vra: *Wat openbaar God oor Homself en sy wil in hierdie teksgedeelte?* (Hoekstra, 1926:292; Schilder, 1983:17; Greidanus, 1988:216; 1999a:230; Venter, 2001:529). Long (1989:75) stel dit effens anders. Volgens hom is die doel van teologiese interpretasie om vas te stel wat die teks sê in verband met “God-in-relation-to-humanity”. Clements (1978:34; vgl. Strydom, 1989:143) wys daarop dat die gebruik van die historiese narratief in die Ou Testament juis ’n spesifieke teologiese doel het, sodat ’n beeld van God gevorm kan word. Die is juis hierdie teologiese interpretasie wat die “onafheid”, dit wil sê die openheid van ’n teks vir verdere interpretasie, in die kontekstuele boodskap uitlig en die potensiaal bied om na Christus te beweeg (Robbertze, 2003:151).

Die bediening van die Woord vra teologiese beligting en Christosentriese visie (Hoekstra, 1926:292). Die hermeneut behoort noukeurig daarop te let dat hy nie op ’n subjektiewe wyse “van buite”, ’n bepaalde teologie op die teks afdwing nie, maar eerder vanuit die teks self tot teologiese gevolgtrekkings kom (Kaiser, 1981:134-138). “If Scripture does not determine meaning, ultimately Scripture has no meaning” (Chapell, 2005:77). Bright (1967:170) sluit hierby aan wanneer hy eerder pleit vir die term “teologiese eksegese” in plaas van “teologiese interpretasie”, aangesien laasgenoemde dikwels misbruik word om eerder teologiese voorveronderstellings op die teks af te dwing. Ten einde vas te stel wat die teks oor God sê, is dit belangrik dat die hermeneut tydens sy teologiese interpretasie van ’n teks sal vra na die teologiese onderbou wat aanleiding gegee het tot die skryf van ’n spesifieke teks (Bright, 1967:171).

*Die slaggat van antroposentriese prediking*

Dit is maklik om in hierdie slaggat te trap aangesien dit voorkom asof die menslike karakters in Bybelse narratiewe voorop staan (Greidanus, 1970:140; 1988:216; vgl. ook Krabbendam, 1986:231-232). Die hermeneut moet nie vergeet dat die Bybel nie daar is om aan ons interessante wetenswaardighede in verband met die doen en late van mense en volke in ’n bepaalde tydvak van die geskiedenis mee te deel nie, maar om ons ons in te lig oor wie God is en wat Hy gedoen het om sy heil aan ons te openbaar (Verhoef, 1973:72). Wanneer die Bybel hanteer word as ’n boek vol “interessante wetenswaardighede”, word dit niks anders as ’n morele handboek waaruit elke Sondag ’n sedeles aan die gemeente voorgehou word nie. Chapell (2004:78-79) waarsku dat pluralisme bevorder word wanneer die inhoud van die Skrif bloot tot ’n sedeles gereduseer word.

[8] Vir ’n volledige uiteensetting van teologiese interpretasie kan Greidanus, 1988:102-121 geraadpleeg word (vgl. ook Kaiser, 1981:131-146).

Volgens Schelhaas (vgl. Greidanus, 1970:146) gebeur dit te maklik dat predikers slegs op die karakters in die teks konsentreer en uit hulle lewens toepassings aflei. Schelhaas ontken nie die belangrikheid van mense in die teks nie. Elke detail, ook die mens/karakter in die teks verg ons aandag, maar tog behoort hierdie menslike dade altyd beskou te word as ’n reaksie op *God* se dade. Keller (2001:23) is van mening dat ’n preek wat slegs aan hoorders vertel hoe hulle veronderstel is om te leef sonder om hierdie boodskap in ’n evangeliese konteks te plaas, by hoorders die indruk skep dat hulle sonder die hulp en genade van God daartoe in staat is om hul lewens in orde te kry as hulle net hard genoeg probeer. Wanneer ’n teks op so ’n wyse hanteer word, is die voorveronderstelling van *genade alleen* geïgnoreer. Chapell (2005:289-290) sluit sterk hierby aan wanneer hy onder andere die gevare van sogenaamde “be like”-boodskappe uitwys. Broadhurst (2006) praat hiervan as “be good”-preke waarin daar slegs gepoog word om sekere morele waardes van week tot week aan die hoorders oor te dra. As teenvoeter hiervoor, doen Chapell (2005:50) aan die hand dat daar altyd gesoek word na die teks se fokus op die mens se gevalle toestand aangesien so ’n benadering die gevaar van antroposentriese prediking voorkom deurdat die oplossing vir die menslike nood in God se dade gesoek word.

Volgens Greidanus (1999b:188) is een van die hoofredes waarom Ou-Testamentiese prediking so maklik in die slaggat van antroposentriese prediking trap, die feit is dat die boodskap van die Ou Testament nie verbind word aan God se uiteindelike selfopenbaring in Jesus Christus nie. Die feit dat die teologiese interpretasie van ’n teks dikwels ontbreek, is volgens Kaiser (1981:132-133) nog ’n rede waarom daar in die slaggat van antroposentriese prediking getrap word. Woudstra (vgl. Greidanus, 1988:217) kry dit reg om aan die hand van Jos. 24 iets van die hartklop van teologiese interpretasie vas te vat: “Throughout this summary the emphasis is on what God , the covenant Lord, has done. It is this emphasis, not that of moral example, that causes people to respond with an expression of loyalty to their Lord and demonstrate their willingness to serve only him.” Ten einde hierdie slaggat te vermy, is die volgende vrae belangrik: *Wat en hoe word hier oor God gespreek? Hoe word Hy hier bekendgestel? Met watter name word Hy hier aangedui? Wat word in verband met Hom, sy eise en beloftes gesê?* (Verhoef, 1973:73). Dit is dus belangrik om te onthou dat in die historiese narratiewe slegs om een “faktor” gaan – God wat werk vir, met, deur en somtyds ten spyte van mense (Greidanus, 1988:217).

*Teosentriese narratiewe*

Hebreeuse narratiewe het ’n duidelik waarneembare teosentriese fokus (Davies, 2006:4). Dit word duidelik uit die feit dat God dikwels een van die “karakters” in ’n toneel is, maar ook uit die feit dat die verteller dikwels die verhaal vanuit “God se oogpunt” vertel. Selfs waar God oënskynlik afwesig blyk te wees is dit opmerklik hoe die geheelbeeld God se teenwoordigheid onthul aangesien die karakters optree teen die agtergrond van God se beloftes; sy krag wat dien as motivering; sy verbondsbeloftes en sy voorsienigheid (Greidanus, 1988:217).

*Doelwitte van die teks*

Wanneer die term *teosentries* op die Ou en die Nuwe Testament van toepassing gemaak word, beklemtoon dit die feit dat die teologiese struktuur van die Ou en die Nuwe Testament basies dieselfde is (Vos, 1995:388). Die teosentriese doelwit van historiese narratiewe staan voorop. Fee & Stuart (vgl. Greidanus, 1988:219) beskryf die teosentriese doelwit van historiese narratiewe in die Bybel soos volg: "Their purpose is to show God at work in His creation and among His people. The narratives glorify Him, help us to understand and appreciate Him, and give us a picture of His providence and protection." Hierby kan gevoeg word dat narratiewe as deel van hul teosentriese doelwit, ons ook help om iets te begryp van God se ontplooiing van sy verlossingsplan. Dit mag egter ook wees dat 'n teks 'n ander doelwit het as die teosentriese (Greidanus, 1988:220). Krabbendam (1986:225-226) wys ook daarop dat God se selfopenbaring trinitaries van aard is en dit blyk dat hierdie trinitariese karakter ook belangrik kan wees vir die interpretasie van die teks.

*Christosentriese interpretasie*

Christelike prediking is altyd Christelik van karakter aangesien die prediker in Christus van Christus spreek (Buttrick, 1987:14; 233-234). "Jesus is the goal and fulfillment of the whole Old Testament and, as the embodiment of the truth of God, he is the interpretative key to the Bible" (Goldsworthy, 2000:25; 2006:48,62-63). Alle lyne in die Skrif lei na die boodskap van Jesus Christus en Hom as gekruisigde (De Wet, 2011:31). Wanneer teosentriese interpretasie van 'n teks eerlik gedoen word, sal Christus nie in 'n teks geforseer word nie, aangesien teosentriese interpretasie vanuit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief beskou, reeds Christosentries is omdat Christus die ewige *Logos* is (Greidanus, 1988:220; Vos, 1995:388). Aangesien Christus-belydende predikers hul anker binne die Nuwe Testament het, dus na die koms van die Messias, behoort hulle 'n Ou-Testamentiese gedeelte te lees en te vertolk in die lig van die Nuwe Testament (Greidanus, 1988:220; 1999b:193). Dit is belangrik om vas te stel hoe die Nuwe Testament met 'n spesifieke aspek van die Ou-Testamentiese geloof in die lig van Jesus Christus omgegaan het(Bright, 1967:211). Dit beteken egter nie dat 'n Christosentriese interpretasie onmoontlik is sonder die lig wat die Nuwe Testament op 'n Ou-Testamentiese teks of geloofsaspek werp nie. Tipton (2011:206) waarsku juis dat wanneer geredeneer word dat tipologie uitsluitlik voortvloei uit die vervulling in Christus, dit die oorspronklike heilsopenbaring van God in die Ou Testament stroop van enige inherente tipologiese betekenis. Christus het tog nie eers na sy inkarnasie deel geword van die Ou-Testamentiese heilsopenbaring nie, maar was uit die staanspoor deel daarvan (Tipton, 2011:213). God se openbaringsaktiwiteit is nie afhanklik van die menslike kennis nie (vgl. Tipton, 2011:207).

Vos (1995:388,391) waarsku teen gedwonge Christologiese interpretasie van die Ou Testament en pleit eerder vir Christosentriese interpretasie wat voortvloei uit 'n teosentriese interpretasie van die teks.

Krabbendam (1986:227) se waarskuwing dat Christosentriese interpretasie die fokus van die Bybelse boodskap kan vernou, behoort nie ligtelik opgeneem te word nie. Ook Davis (2006:134-138) pleit daarvoor dat Christosentriese interpretasie nie gedwonge of kunsmatig sal wees nie. Daarom doen hy eerder ’n teosentriese benadering aan die hand. Hoewel Krabbendam en Davis die gebruik van Christosentriese interpretasie ondermyn, is Navorser van mening dat wanneer Christosentriese interpretasie verantwoordelik toegepas word, dit juis nie die boodskap van die Ou Testament vernou nie, maar eerder verbreed. Greidanus (1999a:227) beklemtoon juis hierdie feit deur daarop te wys dat die Christosentriese verklaringsmetode van die Ou Testament juis die teosentriese verklaringsmetode komplementeer deurdat dit ten doel het om reg te laat geskied aan die feit dat God se storie, naamlik dat Hy sy koninkryk op aarde vestig, in Christus gesentreer is.

’n Christosentriese interpretasie van ’n teks gaan oor meer as om net sporadiese tipes, anti-tipes, skadubeelde of vervulde Messiaanse profesieë na te speur (vgl. Chapell, 2001). Volgens Schilder (vgl. Greidanus, 1970:143; Robbertze, 2003:149) se mening kan ’n prediker nie ware Christosentriese preke lewer, indien hy bloot hier en daar klein Messiaanse “liggies” in die Ou Testament ontdek nie, maar intussen misluk hy om die ontplooiing van die Messiaanse selfopenbaring en selfvoorbereiding van die Logos raak te sien. Dit gaan daaroor dat ’n teks binne die groter konteks van die universele koninkryksgeskiedenis waarvan Christus die doel en klimaks is, verstaan behoort te word (Bright, 1967:210). Greidanus (1970:136) praat hiervan as “organiese interpretasie”. Daarmee bedoel hy dat elke onderdeel van die heilsgeskiedenis eers behoorlik geïnterpreteer kan word wanneer dit Christologies gedoen word aangesien Christus die middelpunt is waarin elke stukkie van die heilsgeskiedenis bymekaarkom en in Wie dit geïnterpreteer behoort te word (vgl. ook Goldsworthy, 2000:19-21). Poe (1996; Greidanus, 2004:5), is dus reg wanneer hy waarsku dat Christosentriese prediking nie net oor die plaasbekledende werk van Jesus Christus behoort te gaan nie; dit is maar een aspek van Christus se werk. Sy betrokkenheid by elke aspek van regverdigmaking tot heiligmaking behoort beklemtoon te word. Daarom is Chapell (2001) van mening dat daar net so goed van “heilsprediking” of “prediking wat op genade fokus” gepraat kan word, in plaas daarvan om noodwendig die term “Christosentriese prediking” te gebruik.

Christosentriese interpretasie van die Ou Testament het volgens Navorser ook die voordeel dat dit die boodskap van die Ou Testament verpersoonlik vir die Nuwe-Testamentiese gelowige. Sodoende word byvoorbeeld die etiese en morele eise van die Ou Testament binne bereik geplaas van gelowiges aangesien hulle in en deur Christus se voldoening, bemagtig word om al meer hieraan te voldoen. De Wet (2011:27-29) pleit dus heeltemal tereg vir ’n pneumatologiese dimensie in prediking aangesien so ’n dimensie juis sal bydra tot die verpersoonliking van die boodskap. Wie die pneumatologiese dimensie ignoreer, sal Christus reduseer tot ’n vae figuur wat eenmaal gelewe het en wat nie integrerend deel vorm van dit wat gelowiges vandag in hulle konkrete ervaringswêreld beleef nie (De Wet, 2011:28). Juis deur die figurering van die pneumatologiese dimensie in die prediking, sal die *theologiae crucis* nie geïsoleer

word van die *theologiae gloriae* wat deur Christus se opstanding en oorwinning oor die dood bewerk is nie (vgl. De Wet, 2011:33). Ten einde die boodskap persoonlik te maak, behoort Keller (2011) se waarskuwing ernstig opgeneem word dat die prediker nie so vinnig na Christus moet beweeg dat die oorspronklike bedoeling en toepassing van die teks verlore gaan nie. Wanneer dit nie ernstig opgeneem word nie, sal die prediker ook nie aan sy hoorders ’n konkrete toepassing kan gee nie.

#### 2.5.3.5 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Ten einde die betekenisvolheid van ’n teks vas te stel, is die verligtende werking van die Heilige Gees onontbeerlik. Die werking van die Gees vind nie onafhanklik van die Skrif plaas nie. Verder sal die skatte van die Woord, ook die aartsvaderverhale, verborge bly sonder die gawe van geloof.

Die histories-kritiese verklaringsmetode hou ’n groot gevaar in vir die waarheid van die Skrif, aangesien dit in ’n poging om by die oorspronklike teks uit te kom, die Skrif reduseer tot ’n kanon binne ’n kanon. Dit is veral ’n gevaar wanneer die aartsvaderverhale byvoorbeeld “ontmitologiseer word” (vgl. Hill & Walton, 2000:55). Humanistiese voorveronderstellings word universeel ingespan en word beskou as verhewe bo enige kritiek. Tydens ’n histories-kritiese omgang met ’n teks bestaan die gevaar dat die aartsvaderverhale losgemaak word van hul onderliggende geskiedenis. Hierdie metode tas die wese van die Skrif as Openbaringswoord van God aan. Ten spyte van die kritiek, lewer dit wel ’n bydrae tot die eksegetiese proses. Daarom word eerder gesoek na ’n holistiese histories-kritiese eksegetiese benadering waarin gepoog word om ’n veelvoud van metodes saam te voeg. Hierdie metode laat die eksegeet toe om die detail binne ’n teks in die lig van die groter geheel te beskou. Sodoende word aartsvaderverhale nie los van die groter (Bybelse) geheel beskou nie.

’n Christus-belydende hermeneut behoort seker te wees watter voorveronderstellings sy eksegetiese omgang met die teks beheers. God se handelinge in die natuur en die geskiedenis en sy unieke optrede behoort erken te word. Die getuienis van die Skrif behoort nie uit die staanspoor bevraagteken te word nie en uiteindelik behoort die hermeneutiese proses ook beïnvloed te word deur die vyf *sola* van die reformasie waaraan die gereformeerde hermeneut verbind is.

Literêre interpretasie van ’n teks vorm die eerste onderafdeling van ’n holistiese histories-kritiese benadering. Hiervolgens behoort aartsvaderverhale deeglik geëksegetiseer te word deur middel van ’n grammatikale, sintaktiese en semantiese studie. Die gedagte- of literêre eenheid behoort bepaal en verreken te word. Die genre van ’n teks behoort vasgestel te word aangesien elke genre uniek is en die aartsvaderverhale byvoorbeeld ‘n spesifieke hermeneutiese aanslag vereis. Narratiewe kan nie geïsoleer word van die konteks waarbinne hulle staan nie. Die volgende kontekste is belangrik: Afdelingkonteks, konteks van die boek, kanonieke konteks, die onmiddellike en die historiese kontekste. Detail in die teks is belangrik. Dit is nodig om sekere uniek-verkennende vrae aan narratiewe stof te stel.

Historiese interpretasie het ten doel om die betekenis van ’n teks binne sy eie historiese en kulturele konteks te bepaal. Historiese vrae met betrekking tot die outeur, die eerste hoorders, die tyd, die sosiale en geografiese plasing en die doel van die skrywe, is baie belangrik. Ten einde ook die aartsvaderverhale histories te interpreteer, is die volgende vyf vrae belangrik: *Wie is die skrywer? Aan wie (geadresseerdes)? Wanneer? Waar? en Waarom?* Elke narratief en karakter behoort ook in die lig van die koninkryksgeskiedenis geplaas en geïnterpreteer te word.

Teologiese interpretasie het ten doel om uit te vind wat God oor Homself openbaar ook in die aartsvaderverhale. Die hermeneut behoort versigtig te wees om nie “van buite” ’n bepaalde teologie op ’n teks af te dwing nie. Die teologie van ’n teks behoort vanuit die teks self afgelei te word. Sonder behoorlike teologiese interpretasie waardeur die boodskap van die Ou Testament verbind word aan God se uiteindelike selfopenbaring in Jesus Christus, word maklik in die slaggat van antroposentriese prediking getrap. Ou-Testamentiese narratiewe, ook die aartsvaderverhale, het ’n duidelik teosentriese fokus en doelwit, naamlik om God se handelinge met sy skepping en sy volk te beklemtoon. Wanneer ’n aartsvaderverhaal teosentries verklaar word, behoort dit uiteindelik ook Christosentries verklaar te word. Christus was immers uit die staanspoor deel van God se heilsopenbaring. ’n Christosentriese verklaring van die Ou Testament komplementeer die teosentriese verklaring daarvan. ’n Christosentriese verklaring behoort te fokus op elke aspek van Christus se werk. ’n Christosentriese interpretasie verpersoonlik die boodskap van die Ou Testament en kan gevolglik nie los van die werking van die Heilige Gees verstaan word nie.

### 2.5.4 Van die Ou Testament na Christus

#### 2.5.4.1 Fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand [FGT] (*Fallen condition focus*)

‘n Kritiese element in die hermeneutiese proses is om die doel van ’n teksgedeelte vas te stel. Craddock (1985:122) stel dit duidelik dat voordat na die prediking oorgegaan word, daar eers gevra behoort te word wat die teks sê. Voordat die doel nie vasgestel is nie, kan daar nog nie oor ’n teksgedeelte gepreek word nie (Chapell, 2005:49). Die vraag is hier nie slegs na die bedoeling van die menslike outeur nie, maar in die besonder na die van die Goddelike outeur. *Watter menslike tekortkoming het die Heilige Gees genoodsaak om ’n spesifieke Skrifgedeelte te inspireer* (Greidanus, 1988:110-111; 1999a:229; Chapell, 2001 en 2005:48; vgl. ook Jordaan et al., 2011:253)*? Watter aspek van die mens in sy onvolmaaktheid, word deur ’n spesifieke teks aangespreek ten einde dit tot volmaaktheid te bring (vgl. 2 Tim. 3:16-17)?* Sonder hierdie fokus, loop die boodskap gevaar om te verval in moralisme deurdat die boodskap altyd sub-Christelik bly (Chapell, 2005:273-274).

Die mens se gebrek aan volmaaktheid is ’n gevolg van die gevalle toestand waarin hy leef (Chapell, 2005:49). Robinson (1997:24) verduidelik dat elke teks ’n spesifieke beeld van God bevat daarom is dit belangrik om te vra “What is the depravity factor? What in humanity rebels against that vision of God?” God gebruik die waarhede van die Skrif om die mens in sy sondenood te hulp te kom deur sy genade in elke aspek van die mens se gevallenheid te openbaar. Chapell (2005:50) gee die volgende definisie van wat hy beskryf as die “gevalle toestandfokus” [FGT] (fallen condition focus):

> Fallen Condition Focus is the mutual human condition that contemporary believers share with those to or about whom the text was written that requires the grace of the passage for God’s people to glorify and enjoy him.

Die FGT van elke teksgedeelte verskaf nie slegs die menslike konteks wat nodig is vir die verduideliking en uitleg van ’n Skrifgedeelte nie, maar maak dit ook duidelik dat Bybelse oplossings vir die mens in sy sondenood Goddelik en nie bloot menslik van aard behoort te wees nie (Chapell, 2005:50). Grosheide (vgl. Jordaan et al., 2011:253) is dus reg as hy die soeke na die *dieper sin* van ’n teksgedeelte beklemtoon (Dit is nie dieselfde as die *diepere sin* van die allegoriese metode nie). Bos (2008:ligging 1969) verwys na die *diepere sin* as ’n verdere vlak of dimensie van interpretasie. Buttrick (1987:277-279) wys daarop dat elke teks die dubbele bewustheid van gered-wees aanspreek: “A consciousness of being-saved that views the world, and a human consciousness startled by being-saved.”

Die vasstel van die FGT is van groot nut vir die Christosentriese prediking van ’n Skrifgedeelte (vgl. Keller, 2011). Wanneer die FGT duidelik geartikuleer word, beheer dit die toepassing van ’n teksgedeelte en sorg dat dit Christosentries bly aangesien Christus alleen die Verlosser vir die in-sonde-gevalle mens is (Chapell, 2005:54). Deur die FGT van ’n teksgedeelte te soek en duidelik te artikuleer, word ook ’n oplossing gebied vir Davies (2006:134-138) se probleem dat Christosentriese prediking van sekere Ou-Testamentiese gedeeltes geforseerd is wanneer dit in ’n heilshistoriese vorm gedwing word. Keller (2002:43) gebruik die term “felt need” wanneer hy verwys na die FGT. Hy (2002:43) maak ’n belangrike opmerking wanneer hy aantoon dat die heilshistoriese hantering van ’n teks onvolledig is sonder die FGT: “It is theologically right to anchor every way of preaching Christ both in the history of redemption <u>and</u> in the incomplete condition of the listeners.” Deur die FGT kry teksgedeeltes wat nie op die oog af heilshistories van aard is nie, dus wel ’n Christosentriese fokuspunt. Sodoende is predikers nie bloot “ministers of information” nie, maar word hulle “ministers of Christ’s transformation” (Chapell, 2005:57).

Gevolglik het die aksentuering van die FGT die voordeel dat dit daartoe bydra om die afstand tussen die teks en die hedendaagse hoorder te oorbrug aangesien dit ’n universele toestand aanspreek wat oor alle tye en grense strek. Hierdie toestand hoef nie noodwendig ’n spesifieke sonde te wees nie (Chapell, 2005:51 e.v.). Jordaan et al. (2011:252) wys daarop dat ’n betrokke Skrifgedeelte self aantoon watter

soort sake in die huidige konteks belig word. Daar kan egter nie met Buttrick (1987:269) saamgestem word dat daar geen konstante te bespeur is in die menslike natuur wat kan help om die gaping tussen toe en nou te oorbrug nie. Hoewel Navorser waardering het vir wat hy noem die misbruike in die soeke na so ’n konstante, ignoreer hy die *een* tydlose konstante in die menslike natuur, naamlik sy *in-sonde-gevalle-toestand*. Deur die regstelling van, waarskuwing, diagnose en/of heling van hierdie gevalle toestand van die mens, word die middele deur die teks geïdentifiseer waardeur God sy volk toerus om Hom te verheerlik en om sy genade raak te sien in beide die oorspronklike konteks en in die huidige situasie (Chapell, 2005:271). Goldsworthy (2000:62) waarsku egter dat wanneer die FGT nie deur die evangelie herdefinieer word nie, loop die prediker gevaar om te verval in ’n pragmatiese boodskap wat daartoe bydra om die mens beter te laat voel of om van die wêreld ’n beter plek te maak.

**2.5.4.2 Vasstel van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand**

Palmer (vgl. Greidanus, 1988:173) meen om werklik ’n teks te verstaan, beteken dat die vraag wat ten grondslag van die teks lê, eers verstaan moet word. Die mistasting kan maklik gemaak word om na ’n spesifieke “sonde” binne ’n teks te soek as die FGT. Tog hoef die FGT nie noodwendig ’n spesifieke sonde te wees nie, maar kan ook een van die gevolge van die sondeval wees (byvoorbeeld siekte, dood, hartseer, verlange, die behoefte om te weet hoe om die Evangelie te verkondig ensovoorts) (Chapell, 2005:51). ’n FGT van ’n teksgedeelte word altyd negatief geformuleer aangesien dit ’n sonde of ’n gevolg van die sondeval aanspreek wat herstel of bemoediging uit die Skrif benodig.


Die bewoording van die FGT kan verskillende nuanses aanneem en is onderhewig aan die bepaalde behoeftes van ’n gemeente (Chapell, 2005:52). Kaiser (1981:32) beklemtoon die belangrikheid daarvan om te onderskei tussen die betekenis (*meaning*) en die betekenisvolheid (*significance*) van ’n teks (vgl. ook Kaiser & Silva, 1994:41-44 se verduideliking ten opsigte van die verskil tussen terme “*meaning*” en “*significance*”). Die waarheid van ’n teksgedeelte verander nooit; wel die toepassing of betekenisvolheid daarvan (Kaiser, 1981:32 en Chapell, 2005:52). Sodoende word die gaping tussen die eietydse hoorders en die teks oorbrug (vgl. Craddock, 1985:125-127). Chapell (2005:52; vgl. ook Kaiser 1981:153-156; Craddock, 1985:136-150) doen die volgende vrae aan die hand ten einde die FGT van ’n teksgedeelte vas te stel:

i) Wat sê die teks?
ii) Watter geestelike nood/behoefte(s) word deur die teks aangespreek binne sy konteks?
iii) Watter geestelike nood/behoefte(s) het hoorders in gemeen met hulle aan wie of oor wie die teks geskryf is?

Tussen vrae twee en drie kan ’n vierde vraag ingevoeg word wat ook deur Chapell (2005:80) voorgestel word, naamlik: *Hoe verwoord hierdie teks die bedoeling van of die behoefte na verlossing?* Hierdie vrae

is veral belangrik ten einde die "leer van abstraksie" (sien figuur 3), soos Robinson (1997:23) dit stel, te bestyg en nie vas te haak by 'n boodskap wat ver verwyder is van, en vreemd is vir die eietydse hoorder nie.

**Figuur 3. Leer van abstraksie (Robinson, 1997:25)**




### 2.5.5 'n Sinvolle oorgang

Christus is die middelpunt van die heilsgeskiedenis en daarom is Hy ook die middelpunt van die Skrif. Dus behoort elke deel van die Skrif in die lig hiervan verstaan en vertolk te word (Greidanus, 1999a:227). Hoewel die lyn van die beloofde Messias in die Ou Testament na die gekome Christus in die Nuwe Testament belangrik is, beteken dit nie dat dit die enigste verbindingslyn tussen die twee Testamente is nie (Baars, 2007:248). Dit noodsaak die vraag na hoe om sinvol vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus te beweeg. Die gevaar bestaan altyd om Christus "terug te lees" in die Ou Testament, maar die eksegeet wat so omgaan met die teks is besig met inlegkunde (*eisegesis*) in plaas van uitlegkunde (*exegesis*) (Greidanus, 1999a:228, vgl. Chapell, 2005:280; Baars, 2007:252; Kaiser, 2008). 'n Klassieke fout wat verklaarders dikwels maak, is om die teks te maklik binne die heilshistoriese konteks te plaas en gevolglik die historiese, kulturele en literêre konteks te ignoreer (vgl. Keller, 2002:16; 2011). Greidanus (1999a:228; 2007:1-2) stel die volgende twee basiese stappe ten opsigte van die interpretasie van die teks voor:

*Stap een: Verstaan die teksgedeelte binne sy eie historiese konteks*

Hierdie stap het te doen met die vasstel van die oorspronklike, historiese betekenis van 'n teksgedeelte (vgl. Pieterse, 1985:137). Wees tekstosentries, noem Keller (2002:16) dit. Hierdie betekenis is belangrik aangesien dit die enigste objektiewe kontrolepunt bied wat verhoed dat allerhande selfgemaakte,

subjektiewe boodskappe uit ’n teks afgelei word (Bright, 1967:91; Greidanus, 1999a:228). Tydens hierdie stap word aandag gegee aan literêre, historiese en teosentriese/teologiese interpretasie[9].

*Stap 2: Verstaan die boodskap binne die kanonieke en heilshistoriese konteks*

Geen Ou-Testamentiese teks kan in isolasie gelees en verklaar word nie, aangesien die openbarings- en heilsgeskiedenis aanbeweeg het (Greidanus, 1999a:230). Daar kan byvoorbeeld nie in ’n preek by Ou-Testamentiese beloftes of tipes opgehou word nie, aangesien dit vervul is in Christus. Kanonieke interpretasie vra die vraag na die betekenis van ’n teksgedeelte nie net binne sy onmiddellike konteks of die konteks van die boek waarin dit voorkom nie, maar binne die konteks van die hele Bybel. Chapell (2005:282) wys daarop dat nie elke teks ’n direkte verwysing na Christus bevat nie en dat die prediker dus op die konteks behoort te steun om die verlossingsfokus van ’n teks te ontwikkel. Binne sy konteks besit elke teks een van die volgende vier verlossings-*foci* (Chapell, 2005:282-288):

- Voorspellend van/ vooruitwysend na die werk van Christus
- Voorbereidend vir die werk van Christus
- Reflekterend ten opsigte van die werk van Christus
- ’n Gevolg van die werk van Christus.[10]

Ten opsigte van die heilshistoriese konteks behoort die volgende vraag, volgens Greidanus (1999a:232), gevra te word: “How does the redemptive-historical context from creation to new creation inform the contemporary significance of this text?” Die heilshistoriese konteks gaan beide die kontinuïteit en diskontinuïteit van die Ou Testament openbaar. Aanvaarding van die heilshistoriese[11] benadering is van wesenlike belang vir ’n sinvolle oorgang tussen die Ou en die Nuwe Testament (Verhoef, 1977:146-148 en Broadhurst 2006). Tydens die interpretasie van die teks binne sy heilshistoriese konteks, behoort Murray (2011) se waarskuwing deeglik ter harte geneem word, naamlik dat die idee maklik geskep kan word dat Christus bloot die slot van die heilsgeskiedenis is in plaas daarvan dat Hy ’n aktiewe deelnemer daaraan is.

Op hierdie vlak van interpretasie is teosentriese interpretasie dieselfde as Christosentriese interpretasie (Greidanus, 1999a:232). Hier gaan dit nou nie meer net oor wat die teks oor God en sy wil openbaar nie, maar die betekenis van die teks word belig en verdiep deur Jesus Christus. Baars (2007:251) is van mening dat daar nie slegs een sleutel vir ’n sinvolle, Christosentriese, oorgang van die Ou na die Nuwe Testament bestaan nie, maar verskeie. Greidanus (1999a:233; 2007:2-6; vgl. ook Beale & Carson, 2007:xxiv-xxvi) stel gevolglik sewe maniere voor waarop daar sinvol vanuit die Ou Testament na die Nuwe Testament beweeg kan word wanneer die vraag na wat die teks oor Christus openbaar, aan die orde

[9] Sien die bespreking hiervan by 2.5.3.4
[10] Vir verdere bespreking van die kanonieke konteks, sien 2.5.3.4b.
[11] Vir verdere bespreking van die heilshistoriese konteks, sien 2.5.2.4.

kom. Is dit heilshistoriese ontplooiing, belofte-vervulling, tipologie, analogie, langer deurlopende temas of kontras? Die sewende staan bekend as Nuwe-Testamentiese verwysings, maar Greidanus (1999a:233-244) waarsku dat daar nie te vinnig na die Nuwe-Testamentiese verwysings beweeg behoort te word nie aangesien dit die oorspronklike bedoeling van ’n Ou-Testamentiese teksgedeelte kan verbloem of verdraai. Aangesien hierdie sewe maniere redelik inklusief ten opsigte van ander metodes is (vgl. byvoorbeeld Broadhurst, 2006 se voorstel vir die gebruik van “profeet, priester en koning; Baars, 2007:255) en dus as goeie basis kan dien vir die oorgang van die Ou Testament na Christus, word dit as riglyn bespreek. Terselfdertyd sal daar ook na sekere slaggate by elkeen verwys word. Sommige van hierdie slaggate mag dalk op meer as een van hierdie oorgange van toepassing wees.

**2.5.5.1 Heilshistoriese ontplooiing**

Heilshistoriese ontplooiing word (in Greidanus se lys) eerste genoem aangesien dit ten grondslag lê vir die ander ses maniere waarop Christus vanuit die Ou Testament gepreek kan word (Clowney, 1986:174; Greidanus, 1999a:234; 2008). Wanneer die heilshistoriese ontplooiing nie verreken word nie, sal daar nie sinvol na Christus beweeg kan word nie of die beweging sal arbitrêr van aard wees. “Het is deze weg die de voornaamste verbindingslijn vormt tussen het Oude en het Nieuwe Testament” (Peels, 2009:249). “Expository preaching can only proceed if it places the text into the salvation-historical context so that its inter-textual relationships can be seen” (Goldsworthy, 2000:99).

Dit is belangrik om daarop te let dat alle gebeure in die heilsgeskiedenis afstuur op, of voortvloei uit, die verlossingswerk van Jesus Christus. “When a text witnesses to God’s saving activity in history, we find ourselves on a road that progresses steadily through the Old Testament, leads to God’s ultimate saving act in the sending of his Son, Jesus Christ, and culminates in Jesus’ Second Coming” (Greidanus, 2007:3). Volgens Goldsworthy (2000:51; 2006:48) het Christus Homself beskou as Een wat optree binne die heilsgeskiedenis, maar wat ook die hele proses van heilsgeskiedenis tot ’n klimaks voer. Greidanus (1999a:235) wys op vier spilpunte wat waargeneem kan word in die heilsgeskiedenis, te wete:

i) Skepping (chaos word verander in ’n gestruktureerde koninkryk)
ii) Ou-Testamentiese verlossing (God verlos sy volk om lig vir die nasies te wees)
iii) Verlossing deur Jesus Christus (verlossing vir alle mense en herstel van God se koninkryk)
iv) Nuwe skepping (finale oorwinning oor die bose en volmaakte koninkryk op aarde)

Die beweging binne die heilsgeskiedenis is soms vinniger (wanneer God se verlossingsplan duidelik sigbaar is, vgl. Chapell, 2005:281) en soms stadiger, amper onsigbaar. Tog stuur die geheel van die heilsgeskiedenis soos een groot watermassa af op een doel – Jesus Christus (Greidanus, 1999a:235,236). Hierdie heilsgeskiedenis is God-gesentreerd. Dit is ’n beskrywing van God se verlossingsdade aan sy volk. Hy inisieer hierdie hele proses en wanneer dit herken word, dien dit as skakel wat help om Christus

as die klimaks van God se magtige verlossingsdade te herken (Greidanus, 1999a:191-195,236; vgl. ook Tipton, 2011:186-189).

Dit is verder belangrik dat die heilsgeskiedenis as ’n geheel beskou word. Elke onderdeel speel ’n bepaalde rol ten einde die uiteindelike doelwit te bereik. Daarom behoort die Ou Testament nie bloot as ’n soort “proof text” (Greidanus, 1999a:194) in verband met Jesus Christus gebruik te word nie. Wanneer Christus in Lukas 24:44-47 sê dat dit wat oor Hom in die Wet, Profete en Psalms geskryf is, vervul moes word, hanteer Hy juis nie die Ou Testament as ’n “proof text” nie. Volgens Hom is die getuienis oor sy dood en opstanding nie slegs in sekere tekste van die Ou Testament te vinde nie, maar oral (vgl. Goldsworthy, 2000:54 en Tipton, 2011:192). Florovsky (vgl. Greidanus, 1999a:236) stel dit soos volg: “There is one composite and yet single story – from Genesis to Revelation. And this story is history. … Every particular moment … has its proper and unique place within the whole. No moment therefore can be understood except in the whole context and perspective” (vgl. weer figuur 2). Mayer (vgl. Greidanus, 1999a:237) is van mening dat wanneer die prediker oorweldig word deur die ongelooflike uitbeelding van die aktiewe, genadige, liefdevolle, getroue en regverdige God wat elkeen sal oordeel, word elke woord in die Ou Testament Messiaans.

Aangesien die Ou Testament volgens Von Rad (1980:155) getuienis lewer van die historiese weg wat God met Israel volg tot en met die koms van Christus, kan Christus nie sommer willens en wetens uit die konteks verwyder word nie. “Old Testament history, in judgment and in salvation, bears witness to *that* action of God that becomes finally revealed in Jesus Christ” (Von Rad, 1980:155; vgl. ook Greidanus, 1999a:237 en Tipton, 2011:187). Tipton (2011:188; vgl. ook Goldsworthy, 2000:6) stel dit onomwonde dat, hoewel dit mag lyk asof Israel en sy geskiedenis die fokus van die Ou Testament is, hierdie geskiedenis ondergeskik en voorbereidend is vir die koms van Jesus Christus. Die evangelie van Jesus Christus is ’n transtestamentele werklikheid. In hierdie opsig is Greidanus (1999a:237) dus reg as hy aanvaar dat die hartklop van die Ou Testament eskatologies is (vgl. ook Tipton, 2011:188) en waarsku dat die Nuwe-Testamentiese gelowige nie net die hartklop moet hoor nie, maar dit ook moet herken in die eerste en tweede koms van Christus.

*Heilshistoriese ontplooiing in die Ou-Testamentiese narratiewe, bepaald die aartsvadernarratiewe*

Dit is belangrik om in ag te neem dat Ou-Testamentiese narratiewe op drie vlakke beskou kan word – die eerste vlak is wanneer die storie as persoonlike geskiedenis beskou word (bv. Gen. 17 as Abraham se verbintenis met God), die tweede vlak is wanneer dit as nasionale geskiedenis beskou word (bv. Gen. 17 as Israel se verbintenis met God) en die derde vlak wanneer dit beskou word as heilsgeskiedenis (bv. Gen. 17 as God se ooreenkoms met sy kinders) [Greidanus, 1999a:238]. Clowney (vgl. Keller, 2002:23) waarsku dat indien ons ’n spesifieke narratief oorvertel en verduidelik sonder om dit te plaas binne *die* narratief van die Bybel (Jesus Christus), is ons besig om die betekenis wat daardie narratief vir ons het te

verander. Tog is dit belangrik om nie aartsvaderverhale slegs op die derde vlak te verklaar nie. Daar behoort deur al drie vlakke beweeg te word totdat die derde vlak bereik word[12].

Aangesien die aartsvaderverhale deel is van die boek Genesis, behoort die *Tôlĕdôt*-struktuur[13] van die boek nie geïgnoreer te word nie, aangesien dit onder andere narratiewe aan mekaar verbind. Die geslagsregisters stipuleer ook die proses waarvolgens God die kanaal van sy verlossing vernou en dit onthul die soewereiniteit en genade van God daarin dat Hy voorsien vir die voortbestaan van die saad van die vrou met die doel om sy goeie koninkryk op aarde te hervestig (Greidanus, 2007:15-18).

*Slaggate*

Wanneer die Ou Testament nie vanuit 'n heilshistoriese konteks benader word nie, is dit maklik om die mikro-konteks van 'n teks te oorbeklemtoon en slegs die betekenis van 'n teks in sy onmiddellike konteks te belig (vgl. Chapell, 2005:275-276). Die teendeel is egter ook waar, en dit is, dat wanneer 'n teks heilshistoriese benader word, die makro konteks ten koste van die mikro konteks oorbeklemtoon word (vgl. Keller, 2002:26). Dit gebeur wanneer daar te vinnig vanaf die Ou-Testamentiese teks na Christus beweeg word (vgl. Keller, 2002:16). Die gevolg is dat daar dikwels oordrewe en gedwonge "spronge" na die Nuwe Testament en Christus gemaak word.

'n Volgende slaggat waarin dikwels getrap word wanneer die heilshistoriese benadering nie korrek toegepas word nie, is wanneer daar in elke teks 'n spesifieke verwysing na Christus gesoek word; so asof Christus iewers skuil en ons Hom op die een of ander wyse moet "ontdek" (vgl. Davies, 2006:134). Wie op so 'n wyse "heilshistories" te werk gaan, hanteer die Ou Testament bloot as 'n "proof text" (vgl. Kaiser, 1981:81; Childs, 1993:17; Greidanus, 1999a:194 en Tipton, 2011:192) aangesien dit die historiese konteks en bedoeling van die teks heeltemal ignoreer (vgl. Kaiser & Silva, 1994:31).

Wanneer die heilshistoriese benadering nie effektief benut en toegepas word nie, kan dit daartoe lei dat preke week na week bloot 'n vlugtige oorsig bied van die Bybelse boodskap (vgl. Keller, 2002:21; Bos, 2008:ligging 908-912). Dit gebeur veral wanneer die historiese konteks van 'n teksgedeelte geïgnoreer word en daar te vinnig na Christus beweeg word. Wanneer die heilshistoriese metode so oorsigtelik hanteer word, gaan relevansie ook verlore en word die boodskap van 'n teks nie "aarde toe gebring" vir die moderne hoorder nie (Keller, 2002:21, Bos, 2008:ligging 912).

Ten einde 'n teks binne die "groter Storie" van die Bybel te plaas, kan dit gebeur dat verklaarders poog om 'n oorkoepelende tema vir die Bybel (byvoorbeeld Koninkryk of verbond) te identifiseer en dan elke teksgedeelte in die lig van hierdie tema te verklaar. Hoewel daar sekerlik verskeie moontlikhede vir so 'n

[12] Vgl. Greidanus (1999a:238-239) se verduideliking hiervan aan die hand van die verhaal van Dawid en Goliat.
[13] *Tôlĕdôt* beteken "dit wat voortgebring is, die gevolg" (vgl. Greidanus, 2007:12-13). Die *Tôlĕdôt*-struktuur verwys na die lyste in Genesis, byvoorbeeld geslagsregisters.

oorkoepelende tema bestaan en beredeneer kan word, lê die gevaar daarin dat wanneer een so ’n tema verkies word bo ’n ander, daar sekere nuanses wat deur die ander temas na vore gebring word, verlore kan gaan (Keller, 2002:27-28).

In ’n poging om nie slegs die droë (heils)historiese feite weer te gee nie, trap baie predikers in die slaggat van allegorisering[14] (Kaiser, 1981:132). Indien die boodskap van ’n Ou-Testamentiese teks nie op ’n geloofwaardige wyse geïntegreer word met die persoon, werk en lering van Jesus Christus nie, maar daar eerder op oppervlakkige wyse gesoek word na ooreenkomste met Christus in die teks, is allegorisering ’n wesenlike gevaar (Keller, 2002:28). Sodoende word op die teks op gedwonge wyse Christologies hanteer (Vos, 1995:379). Bos (2008:ligging 363-368) wys daarop dat die allegoriese verklaringsmetode nie rekening hou met die afstand tussen die teks en eietydse hoorder nie. Allegorisering lei daartoe dat daar óf te min aandag aan die mikro konteks (die oorspronklike bedoeling van die skrywer), óf te min aandag aan die makro konteks (deurlopende temas) gegee word (Keller, 2002:28,31; vgl. ook Kaiser & Silva, 1994:31 en Fee & Stuart, 2003:103 se verwysing na dekontekstualisering). Die gevaarlike gevolg van allegorie is dat dit ’n selfgemaakte boodskap tot gevolg het (vgl. Childs, 1993:13; Bos, 2008:ligging 262). Alles word as simbolies geïnterpreteer of vergeestelik en die Bybel word slegs as ’n bo-natuurlike teks hanteer (Vos, 1995:379; Keller, 2002:31). Die menslike outeur as instrument waardeur God sy openbaring gee, se bedoeling word geïgnoreer (Keller, 2002:28,31, Fee & Stuart, 2003:103) en die uiteindelike gevolg is ’n boodskap wat vreemd aan die bedoeling van die teks is (Janse van Rensburg, 2007b:115). Dit ontneem die gemeente ook die objektiewe maatstaf tot beoordeling van die boodskap, aangesien so ’n boodskap heeltemal afhanklik is van die prediker (Bos, 2008:ligging 377, 397).

Wie te hard probeer om Christus in die teks (dikwels op ’n kunsmatige, selfgemaakte wyse) te vind/ontdek loop gevaar van allegorisering. Janse van Rensburg (2007b:115) waarsku daarom tereg teen ’n subjektiewe en arbitrêre interpretasie van die teks waardeur die bedoeling van die oorspronklike outeur geïgnoreer word. Hy (2007b:115) wys daarop dat hierdie slaggat veral relevant is binne die postmoderne paradigma.

Wanneer die heilshistoriese benadering nie ook die teosentriese fokus van die Skrif in ag neem nie, maar uitsluitlik op Christus fokus, waarsku Greidanus (1999a:178; vgl. ook Goldsworthy, 2006:65) teen die gevaar van Christomonisme waarvolgens Christus in isolasie van God verkondig word. Wie egter getrou bly aan ’n evangelie-gesentreerde verklaring, behoort hierdie slaggat te vermy (Goldsworthy, 2006:66).

Bos (2008:ligging 896-908) lig die volgende swakhede van die heilshistoriese benadering uit. Eerstens kan die gedagte van voorgaande progressie in die geskiedenis lei tot evolusionistiese geneigdhede. Tweedens veroorsaak dit dikwels eenrigtingverkeer tussen die Ou en die Nuwe Testament waar

---

[14] Dijk (1955:109) wys daarop dat die enigste wyse waarvolgens ’n teks wel allegories behandel kan word, is wanneer die Heilige Skrif vir ons die vryheid te gee om dit te doen (byvoorbeeld Paulus se hantering van Hagar en Sara ten opsigte van die verbond). ’n Eie allegorie lei egter tot willekeurigheid.

gewoonlik uitsluitlik met 'n Nuwe-Testamentiese teologie gewerk word met enkele vooraf opmerkings uit die Ou Testament. Derdens kan dit gebeur dat die belangrike posisie van antieke Israel en sy verhouding met God onderbeklemtoon, of verswelg word deur die getuienis oor Jesus Christus. Laastens kan dit gebeur dat die storie van die Jode as irrelevant beskou word vir die storie van die Nuwe Israel.

**2.5.5.2 Belofte-vervulling**

Clowney (1986:172-173; vgl. ook Janse van Rensburg, 2007b:117) is van mening dat die Ou Testament struktureel gevorm is deur God se belofte. Hierdie beloftes is gegrond op die Naam van God (Bos, 2008:ligging 719-725). Childs (1993:452) wys daarop dat dit nie vir die tradisionele Christendom moeilik is om Jesus Christus met die beloofde Messias van Israel te verbind nie. Hoewel 'n groot hoeveelheid Ou-Testamentici die oorsprong van Messiaanse hoop terugvoer na die ontstaan van die Dawidiese koningshuis en die gepaardgaande belofte van ewige koningskap (Childs, 1993:453), is daar tog ook Ou-Testamentici wat God se belofte(s) wyer sien as slegs "messiaanse hoop" en dit selfs terugspoor na Genesis 3:15 (Greidanus, 1999a:241; vgl. ook Clowney, 1986:170). Goldsworthy (2000:48) dui aan hoedat Jesus Homself nie beskou het as Iemand wat die oue tot niet maak om iets heeltemal nuuts daar te stel nie, maar die evangeliese gebeure word beskou as die voltooiing en vervulling van God se verlossingsdade en beloftes in die Ou Testament. As Nuwe-Testamentiese gelowiges staak die prediking nie by die belofte nie aangesien gelowiges reeds na die vervulling daarvan leef (Greidanus, 2008b).

Van Rooy (2001:95-96) lewer belangrike kritiek op Greidanus se hantering van belofte-vervulling, naamlik dat hy slegs konsentreer op direk messiaanse beloftes en nie noodwendig daardie beloftes hanteer wat nie messiaans van aard is nie (byvoorbeeld die belofte van 'n land). Navorser is van mening dat belofte-vervulling wyer gesien behoort te word as net die spesifieke messiaanse beloftes van die Ou Testament, aangesien elke Ou-Testamentiese belofte (selfs wanneer 'n vervullingsmoment hiervan reeds in die Ou Testament beleef is) ten diepste in Christus vervul word as klimaks in die vervullingsproses. Tog behoort Baars (2007:262) se waarskuwing dat predikers versigtig met hierdie metode behoort om te gaan aangesien dit te maklik kan gebeur dat alle tekste in die model van belofte-vervulling geforseer word, altyd ingedagte gehou te word ten einde te waak teen 'n arbitrêre hantering van die teks.

Volgens Greidanus (1999a:242) is daar veral twee belangrike reëls wat in ag geneem behoort te word wanneer daar gepoog word om die Ou-Testamentiese beloftes te interpreteer:

i) God (ver)vul sy beloftes gewoonlik progressiewelik. LaSor (vgl. Greidanus, 1999a:242 en ook Goldsworthy, 2000:78-79) verduidelik dit soos volg: "Prophecy, in the sense that it reveals some part of God's redemptive purpose, is capable of being filled, of achieving fullness, so that when it is *filled full* it is *fulfilled*."

ii) Tydens interpretasie behoort daar van die Ou-Testamentiese belofte na Christus en weer terug na die teks beweeg te word sodat die volle impak van die belofte ontgin kan word (vgl. Baars, 2007:262; Peels, 2009:253).

*Belofte-vervulling in die aartsvaderverhale*

Ten opsigte van die aartsvaderverhale toon Greidanus (2007:8-9) vier tekste aan wat as tradisionele messiaanse tekste binne die aartsvaderverhale bekend staan en aan die hand van belofte-vervulling hanteer behoort te word, naamlik Genesis 12:3 (die Abrahamitiese seën), Genesis 26:3 (Isak se nageslag word geseën), Genesis 46:3 (die belofte aan Jakob) en Genesis 49:10 (die belofte van koninklike heerskappy aan Juda). Hierdie tekste kan egter nie in kontekstuele isolasie gelees word nie aangesien hulle ingebed is in die konteks van Genesis 3:15 (vgl. Greidanus, 2007:12). Genesis 3:15 word beskou as die vroegste messiaanse belofte, maar is ook die mees omstrede (Greidanus, 1999a:245; Keller, 2002:38). Volgens Westerman (vgl. Greidanus, 1999a:246) is twee besware teen Genesis 3:15 as teks wat as messiaanse belofte geïnterpreteer word, dat die woord "saad" kollektief verstaan behoort te word en dus nie op 'n enkele Messias kan slaan nie. Die tweede beswaar is vanuit 'n vorm-kritiese oogpunt, naamlik dat die woord in die vorm van 'n vloek voorkom en dat dit dus onwaarskynlik is dat so 'n vorm belofte of profesie as ondertoon of sekondêre betekenis het.

Hierop antwoord Greidanus (1999a:246-247) dat God se oordeel en genade in die Ou Testament dikwels hand aan hand met mekaar gaan (byvoorbeeld die sondvloed). Hoewel die God dus 'n vloek teenoor die slang uitspreek, is Hy terselfdertyd besig om goeie nuus aan sy volk te verkondig. Hy wys (1999a:246-247) verder daarop dat die woord "saad" beide kollektief sowel as in individuele vorm gebruik word in die Ou Testament en dat Genesis 3:15 dus volgens hom 'n oop einde het waarin "saad" óf kollektief, óf volgens sy individuele gebruik verstaan kan word. Hierdie "oop einde"-gedagte word bevestig deur byvoorbeeld Paulus se sinspeling daarop in Romeine 16:20 (vgl. Seifrid, 2007:692).

Hoewel Genesis 3:15 nie deel uitmaak van die aartsvaderverhale nie, is dit tog van belang aangesien dit ten grondslag lê van die Abrahamitiese belofte (vgl. Clowney, 1986:173) waarin God onder meer die volgende beloof: "Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom" (Gen. 17:16) en "En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het" (Gen. 22:18). Hierdie belofte was geheel en al afhanklik van die genade van God, aangesien Hy alleen die "saad van die vrou" lewend hou van geslag tot geslag (vgl. Greidanus, 1999a:247). Dit is duidelik dat God in hierdie belofte die verlossing van alle nasies ten doel stel deurdat Hy Israel wil gebruik as lig vir die nasies. Wanneer Israel dan hierin teleurstel, stuur God *die* saad van die vrou, Jesus Christus, die ware Israel as lig vir die nasies (Greidanus, 1999a:247).

Reeds in die vyandskap tussen Kain en Abel word hierdie vyandskap uitgebeeld as nie net ’n vyandskap tussen Satan en die vrou se saad nie, maar ook tussen twee individue en uiteindelik tussen twee groepe mense: Die wat teen God rebelleer en die wat daarna soek om God te gehoorsaam (Greidanus, 1999a:247). Deur die geskiedenis word hierdie twee groepe mense ook deur verskillende individue voorgestel: Isak versus Ismael; Jakob versus Esau; Moses versus Farao; Dawid versus Goliat (Greidanus, 1999a:248). Hierdie vyandskap ontplooi verder in die heilsgeskiedenis: Israel versus Egipte; Israel versus Edom; Israel versus Kanaän; Israel versus Babilon. Hierdie konfrontasie loop uiteindelik uit op die konfrontasie tussen Christus en die Satan self op Golgota (Greidanus, 1999a:248).

Keller (2002:38) wys ook daarop dat baie inter-kanonieke temas aan eksplisiete Ou-Testamentiese beloftes verbind is. Volgens Davies (2006:31-33) is God se belofte aan Abraham in Genesis 12 veral deurslaggewend vir die interpretasie van die aartsvaderverhale. Hierdie belofte is in der waarheid viervoudig van aard: Die belofte van ’n nageslag, die belofte van beskerming, die belofte van seën en die belofte van ’n land. Jesus Christus is die vervulling van hierdie beloftes en predikers behoort implisiet of eksplisiet na hierdie vervulling te werk (vgl. ook Tipton, 2011:196). Selfs wanneer van Nuwe-Testamentiese tekste gebruik gemaak word wat hierdie beloftes as onderbou het, behoort dit uitgewys te word. Dit gee diepte en ’n “storie” aan baie abstrakte aankondigings en uitsprake (Keller, 2002:38).

Die voordeel daarvan om die metode van belofte-vervulling te gebruik is dat dit mense se visie verbreed om die volle skopus van die koninkryksgeskiedenis raak te sien (Greidanus, 1999a:248). Dit is veral onder moeilike omstandighede dat sulke prediking hoop bring, aangesien dit die hoorder met verwagting laat uitsien na die toekoms waarin die getroue God sy beloftes sal vervul.

*Slaggate*

Deist & Burden (1980:112) is van mening dat die gevaar bestaan dat wanneer tekste as “vervuld” beskou word, so ’n teks sy eietydse relevansie verloor. Die gevaar bestaan ook dat die Nuwe Testament sy unieke “belofte” karakter verloor wanneer dit bloot beskou word as “vervulling” van die Ou Testament (Bos, 2008:ligging 736). Gesien in die lig van Greidanus (1999a:248-249) se verduideliking van die eietydse relevansie van belofte-vervulling, behoort hierdie slaggat vermy te kan word.

Volgens VanGemeren (vgl. Greidanus, 1999a:242) bestaan daar gevaar in die beweging Ou Testament, Nuwe Testament en terug na die Ou Testament in die sin dat iets ten opsigte van die betekenisrykheid van die Ou-Testamentiese teks verlore kan gaan: “The danger exists of reading the New Testament into the Old Testament and thereby missing aspects of hope and promise which are in the Old Testament passage, but which were not brought out in the New Testament quotation.” Tipton (2011:190) sluit hierby aan wanneer hy skryf: “The Old Testament (does not) somehow become the reality according to which Christ died and was raised *only* when viewed from the vantage point of Jesus’ resurrection *ex post facto*.”

Dit kan gebeur dat daar slegs op die spesifieke en duidelik beloftes van die Ou Testament gekonsentreer word. Die Nuwe-Testamentiese siening van belofte-vervulling waarvolgens die hele Ou Testament hanteer word as belofte wat vervulling verwag (vgl. Greidanus, 1999a:206-207), word soms misgekyk. Die gevaar bestaan ook dat beloftes bloot as "voorspellings" hanteer kan word (Bos, 2008:ligging 731).

Von Rad (1980:155; vgl. Baars, 2007:263) wys ook op 'n ander slaggat waarin getrap kan word, naamlik dat die vervulling van beloftes in Christus as eenmalig en afgehandel beskou kan word. So 'n aanslag hou nie rekening met die verdere fokuspunt of vervullingsmoment van die beloftes nie, naamlik die wederkoms van Christus wanneer elke belofte aangaande Hom sy finale en diepste vervulling sal hê. Die Kerk van Christus leef steeds in 'n tyd van belofte op pad na vervulling. Verder bestaan die gevaar ook dat die Ou Testament slegs as "belofte" hanteer word en nie as gesaghebbende, boodskapdraende openbaring van God nie (vgl. Buttrick, 1987:356). So 'n hantering kan daartoe aanleiding gee dat aartsvaderverhale van hulle inherente boodskap gestroop word, of dat daardie boodskap geïgnoreer word. Uiteindelik tas dit die gesaghebbendheid van die aartsvaderverhale aan.

#### 2.5.5.3 Tipologie

Goppelt (vgl. Glenny, 1997:627) is van mening dat tipologie die dominante wyse is waarop die Nuwe Testament die Ou Testament hanteer. Keller (2002:35) waarsku egter dat tipologie nie die enigste wyse is om die Ou Testament Christosentries te verklaar nie aangesien die meeste Ou-Testamentiese tekste nie tipes van Christus bevat nie.

Die wese van tipologie is geleë in die erkenning dat in die Skrif self 'n besondere verhouding bestaan tussen sekere gebeure, mense en instellings in die Bybelse geskiedenis en latere gebeure, mense en instellings (Glenny, 1997:629; Goldsworthy, 2000:77). Greidanus[15] (1999:249) verduidelik die verskil tussen allegorie en tipologie soos volg: "Typology is quite different from allegorical interpretation, which can make a text say whatever the interpreter want to make of it. Typology, by contrast, is limited to discovering specific analogies along the axis of God's acts in redemptive history as revealed in Scripture." Hierby voeg Bos (2008:ligging 445) dat tipologiese interpretasie, anders as allegorie, reg laat geskied aan die historiese en literêre betekenis van 'n teks. Om hierdie rede behoort allegorie en tipologie nie sonder meer oor dieselfde kam geskeer te word nie. Tipologie erken dat die oorspronklike historiese betekenis van 'n teks teologies verbind kan word aan 'n latere uitdrukking wat dit volmaak of voltooi (Trimp, 1988:50; Goldsworthy, 2000:77).

Bright (1967:92) gaan versigtig om met die gebruik van tipologie. Hy (1967:92) wys daarop dat tipologiese verklaring van 'n teks nie geregverdig is nie, tensy dit deur suiwer eksegetiese metodes vanuit

---

[15] Vergelyk Van Rooy (2001:96) se kritiek op Greidanus se hantering van tipologie.

die oorspronklike skrywer se boodskap vasgestel kan word. Indien die skrywer nie ’n tipe in gedagte gehad het met die skryf van die teks nie, is daar nie ’n tipe in die teks teenwoordig nie. Hoewel daar groot waarde geheg kan word aan hierdie stelling, loop dit tog gevaar om in sy uiterste toepassing, die bedoeling van die Goddelike outeur buite rekening te laat. Om hierdie rede kan ook nie met Von Rad (vgl. Fabiny, 2009:142) saamgestem word wanneer hy aanvaar dat tipologie tot die *historia theologiae* behoort en nie tot die *historia revelationis* nie.

Greidanus (1999a:250-252) verduidelik dat Ou-Testamentiese tipes beide voorspellend en nie-voorspellend van aard is. Dit is heel waarskynlik dat Israel nie Dawid se koningskap aanvanklik as voorspellend van ’n groter koning gesien het nie, maar die wyse waarop die profete Dawid se koningskap hanteer het, het daarvan ’n tipe gemaak. Ander sake/persone in die Ou Testament is egter uit die staanspoor bedoel as tipes, byvoorbeeld die Sabbat, Pasga, die tabernakel en ander kultiese instellings.

Clowney (1988:14) wys daarop dat deel van die uniekheid van Ou-Testamentiese tipes daarin geleë is dat daar beide ooreenkomste en verskille tussen tipe en antitipe bestaan. Eichrodt (vgl. Greidanus, 1999a:254-255; Chapell, 2005:281; Baars, 2007:257) gee die volgende definisie vir tipes in die Ou Testament: “Types are persons, institutions, and events of the Old Testament which are regarded as divinely established models or prerepresentations of corresponding realities in the New Testament salvation history.” Goldsworthy (2000:111) voeg hierby die belangrike opmerking dat ooreenkomste nie net te vinde is tussen persone, gebeure en instellings nie, maar dat selfs ’n hele epog van openbaring as tipe kan dien. Daarom verwys hy (2006:250-257; 2012:184-189) hierna as die makro-tipologie van die Bybel. Kaiser (1981:187; vgl. ook Clowney, 1988:14 en Bos, 2008:ligging 414-418) verwys na tipes as skadu’s van die realiteit wat nog komende is (die offerlam op Moria kan as voorbeeld dien). Whitacre (vgl. Keller, 2002:31) voeg by dat tipes gebaseer is op makro-eienskappe en figure. Dit neem ooreenkomste waar tussen persone, gebeure en patroonmatige (herhalende) optrede. Clowney (1986:175) stel dit soos volg: “The use of models, images, or symbols is part of God’s design to anticipate the fullness of meaning that cannot yet be revealed.”

*Eienskappe van tipes*

Greidanus (1999a:256; vgl. ook Goldsworthy, 2000:111; 2006:247; Baars, 2007:259 en Bos, 2008:ligging 559) identifiseer vier eienskappe waaraan tipes in die Ou Testament uitgeken word. ’n Vyfde eienskap word bygevoeg aan die hand van Davidson (vgl. Glenny, 1997:636-637) se vyf sleutelelemente in tipologie:

i) Slegs historiese feite (persone, aksies, gebeure en instellings) is materiaal vir tipes.
ii) ’n Ware tipe is teosentries deurdat dit te doen het met God se aksies in en deur mense.

iii) ’n Ware tipe toon ’n duidelike ooreenkoms (histories en teologies) met ’n antitipe (vgl. ook Goldsworthy, 2000:77,111).

iv) Die verhouding tussen die tipe en die antitipe word gekenmerk deur eskalasie (byvoorbeeld “meer as Jona is hier” of “meer as Salomo is hier” – Mat. 12:41-42) [vgl. ook Fabiny, 2009:138]. Tog behoort ag geslaan te word op Bos (2008:ligging 569) se waarskuwing dat hierdie eienskap die indruk kan skep dat die Nuwe Testament ’n ryker en voller boodskap as die Ou Testament bevat.

v) Tipes is eskatologies en Christologies van aard.

*Reëls vir die gebruik van tipologie*

Greidanus (1999a:257-258) stipuleer die volgende reëls vir die gebruik van tipologie:

i) Tipologiese interpretasie behoort altyd voorafgegaan te word deur literêr-historiese interpretasie (vgl. Janse van Rensburg, 2007b:114). Krabbendam (1986:244; vgl. ook Bos, 2008:ligging 275-280) wys daarop dat wanneer die Bybel self van allegorie of tipologie gebruik maak, die boodskap van die oorspronklike teks altyd eerbiedig word.

ii) Daar behoort nie vir tipes in die detail van ’n teks gesoek te word nie, maar in die sentrale boodskap daarvan (vgl. Keller, 2002:31).

iii) Soek na die simboliese betekenis van ’n persoon, instelling of gebeure in die Ou-Testamentiese tyd (vgl. Clowney, 1986:179-183; Keller, 2002:30). Indien iets/iemand simboliese waarde in die Ou Testament het, kan dit dien as tipe (byvoorbeeld Die tabernakel simboliseer God se teenwoordigheid in die Ou Testament, daarom kan dit dien as tipe van Christus).

iv) Let op die verskille tussen die Ou-Testamentiese tipe en die Nuwe-Testamentiese antitipe. Die verskille is net so belangrik as die ooreenkomste.

v) Wanneer daar van die Ou-Testamentiese tipe/simbool na Christus beweeg word, is dit belangrik om die betekenis van die simbool oor te dra al is dit so dat hierdie betekenis eskaleer. Dit behoort nie ’n ander betekenis te kry as dit wat dit aanvanklik simboliseer nie.

vi) Moenie slegs lyne vanuit die Ou Testament na Christus trek nie. Christus behoort gepreek te word. Dit beteken dat die lyn wat na Christus getrek word, relevant gemaak behoort te word.

Hierby kan in die lig van Greidanus (1999a:260) se waarskuwing dat nie alle sake rondom die tipe op die antitipe van toepassing gemaak kan word nie, nog ’n sewende reël gevoeg word:

vii) Geen Ou Testamentiese tipe is ’n volledige, allesomvattende voorstelling van die antitipe, Jesus Christus nie. Daarom wys Keller (2002:41-42) daarop dat daar nie noodwendig na ’n

"goeie voorbeeld" in 'n teks gesoek hoef te word om by Christus uit te kom nie. Christus kan soms aan die hand van kontrastering gepreek word.

Hierdie reëls is belangrik tydens die interpretasie van die aartsvaderverhale aangesien dit maklik kan gebeur dat onbenullige detail in 'n teks as tipe voorgestel word (bv. die brandofferhout wat Isak dra as tipe van Christus se kruis). Indien persone, sake of gebruike binne die aartsvadernarratiewe aan hierdie reëls voldoen, bied dit aan predikers die geleentheid om met groter selfvertroue die weg van tipologie as oorgang na Christus te volg. Tydens die beoordeling van AP-Kerkpredikers se preke in hoofstuk 3, sal hierdie reëls as maatstaf gebruik word om, indien daar van tipes gebruik gemaak word, vas te stel of predikers dit op 'n verantwoordelike wyse gedoen het.

*Slaggate*

Aangesien tipologiese en allegoriese verklaring van 'n teks so na aan mekaar is, is dit maklik om die twee te verwar en uiteindelik in die slaggat van allegorisering te trap (vgl. Krabbendam, 1984:243; Greidanus, 1999a:253-254). Keller (2002:30 en Fee & Stuart, 2003:103) is van mening dat daar nie in hierdie slaggat getrap sal word nie as die oorspronklike bedoeling van die teks voortdurend in ag geneem word; as daar nie op allerhande onbenullige detail in 'n teks gefokus word nie (Greidanus, 1999a:252-253 noem dit *tipologisering*); as die simboliek slegs gesoek word in dit wat vir die Ou-Testamentiese skrywer en hoorder simboliese waarde gehad het en wanneer dit fokus op makro-eienskappe en figure. Hierby voeg Greidanus (1999a:253) dat die identifisering van toevallige ooreenkomste[16] met Christus ook kan lei tot allegorisering en dat dit dus vermy behoort te word byvoorbeeld die brandofferhout wat Isak dra op pad na Moria. Fee & Stuart (2003:105) wys ook op die gevaar van herdefiniëring wat, volgens Navorser, ook die gevaar van allegorisering inhou.

Wanneer tipes verkeerd hanteer word en nie in Christus sy antitipe vind nie, het dit dikwels eksemplarisme[17] en moralisme tot gevolg (vgl. Deuel, s.a.; Keller, 2002:27; Fee & Stuart, 2003:103). Kaiser (1981:188) sluit hierby aan as hy wys op die gevaar van "reverse typology". Hiervolgens word hedendaagse gebeure, optrede of omstandighede gesien as reflekterend van die historiese gebeure. Só 'n uitleg kan nie anders as om eksemplaries en moralisties te wees nie.

Greidanus (1999a:253-254; vgl. Chapell, 2005:281) wys op die debat rondom die gebruik van tipes en hoe daar uit vrees vir allegorisering en inlegkunde stemme opgegaan het vir die gebruik van tipologie slegs wanneer die Nuwe Testament dit duidelik maak dat 'n Ou-Testamentiese persoon of gebeure as tipe gesien behoort te word. Hierdie benadering tot tipologie toon sterk ooreenkomste met McCartney se

[16] Greidanus (2007:10) gee die volgende voorbeeld hiervan aan die hand van Genesis 24: "Abraham is a type of the Father who sent His servant (the Spirit) to obtain a bride (Rebecca) for his son Isaac. The servant represents the Holy Spirit, and Isaac represents the Lord Jesus Christ … Rebecca represents the Church."

[17] Trimp (1988:74-106; vgl. ook Burge, 2009) se bespreking van die "exemplum" wys daarop dat daar binne die heilshistoriese benadering tog 'n plek is vir die sinvolle hantering van die "exemplum".

"christotelic" benadering tot tipologie (vgl. Tipton, 2011:201). Hiervolgens kan tipologie nie afgelei word vanuit die oorspronklike gebeure in die Ou Testament nie, maar word dit ten sterkste beheer deur vervulling in Christus. Keller (2002:30) wys egter daarop dat die heilshistoriese metode tipes van Christus in die Ou Testament vind, selfs wanneer die Nuwe Testament dit nie noodwendig uitwys nie. Daar moet toegegee word dat so 'n benadering die gevaar loop om in die slaggat van allegorisering te trap, maar wie dit ignoreer, is ook besig om die boodskap van die Ou Testament te verskraal en selfs te reduseer. Wanneer duidelike parameters vir tipologie gestel en gevolg word, behoort daar nie in hierdie slaggat getrap te word tydens prediking uit die aartsvaderverhale nie.

Wanneer Ou-Testamentiese tipes bloot as "tipes" hanteer word, loop dit die gevaar om die boodskap van die Ou Testament irrelevant te maak (Bos, 2008:ligging 503, 563). Aangesien hierdie "tipes" vervul is deur die Nuwe-Testamentiese gebeure, raak die Ou Testament oorbodig aangesien die onvolmaakte tipe reeds deur die volmaakte antitipe vervang is. Selfs die rol en plek van Israel in die Ou Testament kan deur 'n tipologiese benadering gereduseer word tot bloot 'n "tipe" (Bos, 2008:ligging 550). So 'n hantering van tipologie kan lei tot marcionistiese tendense [vgl. 2.5.2.1] (Bos, 2008:ligging 576).

'n Laaste slaggat wat deur Greidanus (1999a:260) uitgelig word, is die gevaar dat wanneer 'n persoon as tipe van Christus hanteer word, alle eienskappe van daardie tipe net so op Christus van toepassing gemaak word. Dit is nie moontlik nie, aangesien hierdie persone slegs tipes van Christus is in soverre hulle God in staat stel om sy verlossingswerk deur hulle te doen. Aäron is byvoorbeeld nie 'n tipe van Christus wanneer hy die goue kalf maak nie. Wanneer die verskille nie verreken word nie, het ons met 'n hermeneutiese wangestalte te doen (Janse van Rensburg, 2007b:114).

#### 2.5.5.4 Analogie (parallelle situasies)

Achtemeier (vgl. Greidanus, 1999a:262) is van mening dat analogie waarskynlik die mees gebruikte metode is waardeur die Ou Testament met die hedendaagse Christelike lewe verbind word. Volgens Greidanus (2008b) toon analogie ooreenkomste met tipologie, maar is meer algemeen van aard. Wanneer Israel, of die aartsvaders, se situasie in hulle verhouding met God ooreenkom met wat teenswoordig beleef word, verkry die Woord eietydse relevansie (vgl. ook Krabbendam, 1986:237-240 se bespreking van *Universele Beginsels*; Burge, 2009). Von Rad (1980:156) wys daarop dat die Kerk opnuut beweeg van belofte na vervulling en daarom is daar sprake van 'n parallelle situasie tussen die Kerk en die volk van die Ou Testament. Analogie is gebaseer op die eenheid in heilsgeskiedenis en die gemeenskaplikheid tussen die Kerk en Israel (vgl. ook Dijk, 1955:109). Die kontinuïteit van en eenheid in heilsgeskiedenis is alleen moontlik in, maar ook afhanklik van Christus (Greidanus, 1999a:262).

Greidanus (1999a:263) noem die volgende sleutelareas waarop gefokus behoort te word in die gebruik van analogie:

i) Watter ooreenkoms bestaan daar tussen wat en wie God vir Israel is en doen en wat Hy in Christus vir die Kerk is en doen?

ii) Watter ooreenkomste bestaan daar tussen wat God in die Ou Testament leer en wat Christus die Kerk leer?

iii) Watter ooreenkomste bestaan daar tussen God se opdragte aan sy volk in die Ou Testament en Christus se opdragte aan sy Kerk?

Ten einde die weg van analogie te kies as oorgang vanuit die aartsvaderverhale na Christus, behoort die historiese konteks en interpretasie van ’n teksgedeelte deeglik verreken te word. Die weg van analogie staan ook in nou verband met die FGT van ’n teksgedeelte aangesien die FGT juis die gemeenskaplikheid tussen eerste hoorders en hedendaagse hoorders blootlê. Tydens die ontleding van AP-Kerkpredikers se preke in hoofstuk 3 en tydens onderhoude in hoofstuk 4, sal gepoog word om vas te stel of predikers daarin geslaag het om die FGT korrek te identifiseer. Bogenoemde areas deur Greidanus sal ook gebruik word as maatstaf om vas te stel of predikers vir analogie binne die teks self gesoek het of nie.

*Slaggate*

Wanneer Greidanus (1999a:263) daarop klem lê dat die prediker moet seker maak die gemeente verstaan dat dit wat geleer word, slegs moontlik is *in Christus*, lig hy op indirekte wyse reeds een van die slaggate van analogie uit. Ten opsigte van die eerste sleutelarea wat deur hom (1999a:263) genoem word, kan met hom saamgestem word, maar areas twee en drie kan baie maklik lei tot eksemplarisme en moralisme. Dit gebeur veral wanneer daar ’n oordrewe klem op die wil van die mens geplaas word (Keller, 2002:18). Hiermee word die hantering van die Skrif of karakters in die Skrif as voorbeelde vir die geloof nie sonder meer afgeskiet nie, aangesien daar ’n duidelike onderskeid is tussen die bestaan van die *exempel* en ’n *eksemplariese behandeling* van die Skrif (Schilder, 1983:16)[18]. Areas twee en drie soos deur Greidanus voorgestel, kan wel sinvol gebruik word wanneer dit *in Christus* vertolk word (Goldsworthy, 2000:4). Wanneer Christus bloot as leermeester voorgehou word, waarsku Weyerman (2001:596) soos volg: “When the teachings of Jesus are separated from the Christ of faith, the Jesus preached may enrich the Christian understanding of God's will, but the Christ who is savior is dispensable.”

#### 2.5.5.5 Deurlopende temas

Deurlopende temas staan in noue verhouding met die openbaringsgeskiedenis en dus ook met die heilsgeskiedenis (vgl. Greidanus, 1999a:266; 2007:5). Deurlopende temas is sigbaar in elke historiese epog (Keller, 2002:21), dus ook die aartsvaderverhale en vind hul oplossing in Christus (Keller, 2002:36-39). Verhoef (1977:147-148; vgl. ook Venter, 2004b:29) verwys hierna as verskillende bane op die snelweg tussen die Ou en die Nuwe Testament. Hierbinne is God se *kerugma* opgesluit wat steeds

[18] Vir ’n meer volledige bespreking van die probleem en debat rondom eksemplariese prediking, sien Greidanus, 1970:56-120.

vandag relevant is weens die ontplooiing wat daar in die heilsgeskiedenis en openbaringsgeskiedenis is (Greidanus, 1999a:266). Die temas van hierdie *kerugma* moet deurgetrek word na die Nuwe Testament ten einde die boodskap vir die eietydse kerk vas te stel (vgl. ook Janse van Rensburg, 2007b:122-123). Dit kan slegs gedoen word indien Christus die brug is wat die bane van die Ou Testament met die Nuwe Testament verbind (Verhoef, 1977:149-151).

Greidanus (1999a:266-267; 2007:5; Keller, 2002:28) noem die volgende deurlopende temas: verlossing, vereiste offer(s), die voorsienigheid van God, die verbond[19], die teenwoordigheid van God, liefde vir God, die genade van God, geregtigheid, verlossing, wet, sonde en skuldoffer, God se bemoeienis met die "armes", middelaar, die Dag van die Here, ensovoorts. Baie van hierdie temas vind juis hulle oorsprong in die aartsvaderverhale. In Christus kom alle temas tot 'n klimaks en vind hulle diepste vervulling (Keller, 2002:24-25). Clowney (vgl. Greidanus, 1999a:267) stel die volgende belangrike vrae voor ten opsigte van deurlopende temas:

i) Watter waarheid ten opsigte van God en sy verlossingswerk bevat die gedeeltes?
ii) Hoe word bogenoemde waarheid voortgedra deur die openbaringsgeskiedenis?
iii) Hoe word dit vervul in Christus?

*Samebindende Bybels-teologiese temas in Genesis*

Greidanus (2007:17-21) noem ses verweefde temas wat die boek Genesis tot 'n eenheid bind. Tydens die beoordeling van AP-Kerkpredikers se preke sal daarop gelet word of predikers bedag is op hierdie deurlopende temas en of hulle dit gebruik as sinvolle oorgang na Christus tydens prediking uit die aartsvaderverhale:

i) Die koninkryk van God
ii) God se seën en vloek
iii) God se verbond
iv) Verbondsbeloftes
v) Die belofte van 'n nageslag
vi) Die begin van die heilsgeskiedenis

*Slaggate*

Dit kan gebeur dat daar so streng gefokus word op die deurlopende temas dat die oorspronklike teks se bedoeling verlore gaan. Tekste kan ook in sekere deurlopende temas gedwing word, veral wanneer

[19] Na aanleiding van Janse van Rensburg, 2007b:116-118 se deeglike beredenering lyk dit asof die verbond selfs as 'n aparte weg na die Nuwe Testament gesien kan word, in plaas daarvan om dit bloot net as 'n deurlopende tema te gebruik.

besluit word op slegs *een* deurlopende tema as sentrale, beherende tema van die Bybel (vgl. Keller, 2002:27).

#### 2.5.5.6 Nuwe-Testamentiese verwysings

Nuwe-Testamentiese skrywers se gebruik en toepassing van die Ou Testament in hul geskrifte, kan waardevol wees vir Christosentriese prediking (Greidanus, 1999a:269; vgl. Beale & Carson, 2007:xxvi-xxviii). Dit is veral waardevol in die opsig dat dit dikwels deurlopende temas aantoon en ontbloot. Daarom is Janse van Rensburg (2007b:123) van mening dat Achtemeier se paring-idee waarvolgens ’n Ou en Nuwe-Testamentiese teks saam hanteer word, tog van waarde kan wees. Indien die prediker dus probleme ondervind om so ’n tema in die teks van die Ou Testament te identifiseer, kan die Nuwe Testament se gebruik van die teks hierin van waarde wees. Die beste wyse waarop Nuwe-Testamentiese verwysings gebruik kan word, is om te dien as ondersteuning vir een van die ander weë wat na Christus lei (Greidanus, 2007:6).

Indien AP-Kerkpredikers van Nuwe-Testamentiese verwysings gebruik maak as weg vanuit die aartsvadernarratiewe na Christus, sal die keuse en gebruik van sulke tekste aan die boodskap van die aartsvadernarratief getoets moet word. Om bloot ’n Nuwe-Testamentiese aanhaling te hê beteken nog nie dat Christosentriese prediking tot sy reg gekom het nie.

*Slaggate*

Greidanus (1999a:269) wys veral op een belangrike slaggat, naamlik dat elke Nuwe-Testamentiese verwysing na die Ou Testament nie onvoorwaardelik en op analogiese wyse in ’n preek gebruik kan word nie. Die rede hiervoor is dat die skrywers van die Nuwe Testament ook die stof van die Ou Testament aanwend met ’n bepaalde doel en daardie doel is nie noodwendig om vir ons ’n uiteensetting te gee van die betekenis van die Ou-Testamentiese teks nie.

#### 2.5.5.7 Kontras

Weens die progressie in die geskiedenisse van verlossing en openbaring, staan die boodskap van die Ou en die Nuwe Testament soms in kontras met mekaar (Greidanus, 1999a:271; vgl. Baars, 2007:264-266). Die weg van kontras sentreer duidelik in Christus aangesien Hy alleen verantwoordelik is vir die verandering tussen die boodskappe van die Ou en die Nuwe Testament (Greidanus, 1999a:272). As voorbeeld: God was by Josef in voorspoed en teenspoed, maar aan die kruis was Christus van God verlate (vgl. Greidanus, 2007:386). Janse van Rensburg (2007b:11 e.v.) praat hiervan as *asimilie*.

Keller (2002:41-42) verduidelik dat daar nie altyd na ’n “goeie voorbeeld” in die Ou-Testamentiese teks gesoek hoef te word om by Christus uit te kom nie. Wanneer Christus die vervulling van elke teks in die

Ou Testament is, vorm Hy nie slegs 'n ooreenkoms met elke teks nie, maar soms ook 'n kontras. Waar die Ou-Testamentiese konings van Israel of selfs sekere tipes van Christus faal, hoef daar nie vir hulle foute verskoning gemaak word nie, aangesien hulle foute Christus deur middel van kontras aksentueer.

*Slaggate*

Wanneer kontras verkeerd aangewend word, kan dit daartoe lei dat die Ou Testament as oorbodig beskou word aangesien die Nuwe Testament in die gedagtewêreld van die verklaarder die volmaakte sy van die kontras uitbeeld.

#### 2.5.5.8 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Die vraag na die doel van 'n teks is 'n kritiese deel van die hermeneutiese proses. Watter menslike tekortkoming, dus watter aspek van sy gevallenheid, het die Heilige Gees genoodsaak om 'n spesifieke skrifgedeelte te inspireer? Dit is die vraag wat die teksgedeelte se fokus op 'n bepaalde aspek van die mens se gevalle toestand, na vore bring en sodoende die doel daarvan openbaar. Die voordeel daarvan om die FGT van 'n teks te aksentueer, is dat dit antroposentriese prediking teëwerk en Christosentriese prediking bevorder deur God se verlossingswerk, dit wil sê herstel van die gevalletoestand in Christus in die sigsveld bring. Die FGT help ook om die afstand tussen die eerste en eietydse hoorders te oorbrug. Tydens die beoordeling van preke in hoofstuk 3, sal dus vasgestel moet word in hoe 'n mate van die bepaalde teks se FGT gebruik gemaak word en of dit die prediker in staat stel om meer Christosentries te preek.

Ten einde sinvol vanuit die aartsvaderverhale na Christus oor te gaan, is dit belangrik om eers 'n teks binne sy historiese konteks te verstaan en daarna binne die kanonieke en heilshistoriese konteks. Die volgende sewe wyses word voorgestel ten einde 'n sinvolle oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus te bewerk: Heilshistoriese ontplooiing, belofte-vervulling, tipologie, analogie, langer (deurlopende) temas, kontras en Nuwe-Testamentiese verwysings. In die beoordeling van preke in hoofstuk 3 en tydens die onderhoude met predikers in hoofstuk 4, sal gepoog word om vas te stel of en in watter mate AP-Kerkpredikers van hierdie weë gebruik maak vir 'n sinvolle oorgang vanuit die aartsvader verhaal na Christus.

Die weg van heilshistoriese ontplooiing vorm die grondslag vir die ander wyses waardeur daar na Christus oorgegaan word. Volgens hierdie weg word die ontplooiing van God se verlossingsdade deur die geskiedenis nagespeur tot by God se belangrikste verlossingsdaad in Jesus Christus. Ook aartsvadernarratiewe behoort uiteindelik op heilshistoriese vlak geïnterpreteer te word, aangesien dit deel is van, maar ook dikwels die begin is van die heilsgeskiedenis.

Die weg van belofte-vervulling beskou die evangeliegebeure as die voltooiing en vervulling van God se verlossingsdade en beloftes in die Ou Testament. Hierdie weg behoort breër gesien te word as slegs die spesifiek messiaanse beloftes van die Ou Testament. Dus behoort daar nie in die aartsvaderverhale na spesifieke messiaanse beloftes gesoek te word wanneer besluit word op die weg van belofte-vervulling nie. Die volgende twee sake behoort in ag geneem te word by die gebruik van hierdie weg: God (ver)vul sy beloftes gewoonlik progressiewelik en tydens interpretasie behoort daar van die Ou-Testamentiese belofte na Christus en weer terug na die teks beweeg te word sodat die volle impak van die belofte ontgin kan word. Belofte-vervulling is ’n belangrike onderdeel van die patriargale narratiewe. Baie inter-kanonieke temas is ook met spesifieke Ou-Testamentiese beloftes verbind.

Hoewel tipologie die mees dominante wyse is waarop die Nuwe Testament die Ou Testament hanteer, bevat alle Ou-Testamentiese tekste nie tipes van Christus nie. Tipologiese interpretasie van ’n teks laat reg geskied aan die historiese en literêre interpretasie van ’n teks. Tipes kan beskryf word as persone, instellings en gebeure, selfs ’n hele epog in die openbaringsgeskiedenis, in die Ou Testament wat dien as Godbeskikte modelle of voorafskaduwings van ooreenkomstige realiteite binne die Nuwe-Testamentiese heilsgeskiedenis. Dit is belangrik dat die eienskappe van tipes, asook die reëls vir die interpretasie daarvan altyd in ag geneem word wanneer die weg van tipologie gebruik word om vanuit die aartsvaderverhale na Christus oor te gaan.

Wanneer die aartsvaders of Israel se situasie in hulle verhouding met God ooreenkom met wat teenswoordig beleef word, verkry die Woord eietydse relevansie en word die weg van analogie as oorgang na Christus gebruik. Analogie is gebaseer op die eenheid in heilsgeskiedenis en die gemeenskaplikheid tussen die Kerk en Israel/die aartsvaders. Deurlopende temas is in elke epog sigbaar en kan as weg na Christus benut word. Christus is die brug tussen die bane van die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die boek Genesis bevat heelwat verweefde temas wat verreken behoort te word. Baie deurlopende temas ontspring juis in die aartsvadernarratiewe en kan sinvol benut word as oorgang na Christus. Nuwe-Testamentiese verwysings is veral waardevol deurdat dit dikwels help om deurlopende temas aan te toon. Nuwe-Testamentiese verwysings speel meestal ’n ondersteunende rol vir die ander weë. Die Ou Testament getuig selfs deur middel van kontras van Christus. Die weg van kontras sentreer duidelik in Christus aangesien Hy alleen verantwoordelik is vir die verandering tussen die boodskappe van die Ou en die Nuwe Testament.

In die gebruik van hierdie weë is daar verskeie slaggate uitgewys. Die vernaamste hiervan is onder andere: Allegorie, eksemplarisme, moralisme, antroposentriese prediking, ’n te vinnige oorgang na die boodskap van die Nuwe Testament, ignorering van die historiese konteks, inlegkunde, ensovoorts. Tydens die beoordeling van AP-Kerkpredikers se preke in hoofstuk 3, sal daar gepoog word om vas te stel in watter moontlike slaggate getrap word, aangesien dit ’n aanduiding kan wees van waar die leemtes ten opsigte van Christosentriese prediking geleë is. In die beplande onderhoude van hoofstuk 4 sal ook

vasgestel word watter spesifieke slaggate by predikers bekend is en hoe hulle dit vanuit die homiletiese teorie waarmee hulle werk, probeer vermy.

#### 2.5.5.9 Voorlopige bevindinge

Christosentriese prediking – ’n definisie:

Vanuit voorafgaande bespreking word die volgende definisie gegee van wat met die term “Christosentriese prediking” bedoel word:

*Christosentriese prediking vind plaas wanneer die boodskap van ’n teks, hetsy Ou of Nuwe Testament, op grond van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand, op ’n geloofwaardige, verklarende wyse geïntegreer word met die klimaks van God se openbaring in die Persoon, werk en/of onderwysing van Jesus Christus, die ewige Logos waarvan die ganse Skrif getuig.*

Wanneer daar ’n brug gebou behoort te word tussen die Ou-Testamentiese teks en Christus, kan verskillende weë gevolg word. Keller (2002:16; vgl. ook Weyerman, 2001:594) stel die volgende vrae voor ten einde ’n sinvolle oorgang tussen die teks en Christus te bewerk en gevolglik evangelie-gesentreerd te wees:

i) Op watter wyse lê die teks die mens se behoefte na verlossing bloot?
ii) Op watter wyse lê die teks die vorm of voorsiening van verlossing bloot?
iii) Op watter wyse lê die teks middele van verlossing bloot?
iv) Op watter wyse lê die teks die kenmerke en vrug van verlossing bloot?

Uit bogenoemde bespreking van die verskillende weë wat lei na Christus en met bogenoemde vrae van Keller voorveronderstel, lyk dit vir Navorser asof daar veral vier belangrike vrae is wat gevra behoort te word ten einde sinvol van die Ou Testament na Christus te beweeg, sodat uiteindelik voldoen kan word aan bogenoemde definisie van Christosentriese prediking. Hierdie vrae is ’n belangrike riglyn vir Christosentriese prediking. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie vrae eers gevra kan word nadat daar op ’n holisties histories-kritiese wyse met die teks omgegaan en die boodskap daarvan vasgestel is:

i) Hoe vergestalt Christus dít waarvan die teks getuig? (Heilshistories, belofte-vervulling, tipologie, deurlopende tema en analogie)
ii) Hoe voltooi/vervul Christus dít waarvan die teks getuig? (Heilshistories, belofte-vervulling, tipologie, deurlopende tema en analogie)
iii) Hoe verander Christus die oorspronklike verstaan van die teks? (Kontras)

iv) Op watter wyse verdiep Christus die boodskap van die teks? (Heilshistories, belofte-vervulling, tipologie, deurlopende tema en analogie)

## 2.6 Die Homiletiese uitdaging

### 2.6.1 Verklarende prediking

In hierdie afdeling sal aangevoor word dat verklarende prediking moontlik die beste middel vir Christosentriese prediking in die AP-Kerk blyk te wees, ook ten opsigte van die aartsvadernarratiewe. Eers sal daar egter op die noodsaak van verklarende prediking gewys word, waarna die voordele daarvan vir Christosentriese prediking aangetoon sal word. Uiteindelik word dit toegepas op Ou-Testamentiese narratiewe, spesifiek die patriargale narratiewe.

#### 2.6.1.1 Die noodsaak vir verklarende prediking

Robinson (2001b) stel dit soos volg: "We are in a much more secular culture. In fact it's not just the post-Christian culture, it's almost a pre-Christian culture." In hierdie postmoderne wêreld waarin waarheid relatief geword het en elke persoon se weergawe van die waarheid gesien word as bloot net "nog 'n opinie", kom die "altyd-geldende" karakter van God se Woord onder geweldige druk (vgl. De Wet, 2011:v). Des te meer die prediking van hierdie Woord, aangesien prediking deur baie beskou word as maar net die "dominee se opinie" (vgl. Greidanus, 1988:12). Daarom ook dat Paulus die jong Timoteus (2 Tim. 4:2) aanmoedig om die *woord* te verkondig (vgl. Robinson, 1974:57). Die Bybelse teks behoort dus 'n regmatige en volle plek gegee te word in die kommunikatiewe ruimte tydens die homiletiese proses (De Wet, 2012:3). Dit maak verklarende prediking so relevant, aangesien verklarende prediking nie aanspraak maak op 'n mens se mening nie, maar ten doel het om God se ewige en onveranderlike Woord, dus God self, in sy tydlose en objektiewe gestalte te laat spreek, ook vanuit die aartsvadernarratiewe (vgl. Chapell, 2001). Verklarende prediking laat 'n prediker nie toe om materiaal te voeg by 'n teks ten einde 'n verlossingsfokus daarin raak te sien nie (Chapell, 2005:281).

Wie nie die Skrif preek nie, het sy gesag verloor (Robinson, 2001a:20). "Therefore in a postmodern age one reason that we work with the biblical text is to have the authority of the text -- and behind that the authority of God -- behind what we say" (Robinson, 2001b; vgl. Bright, 1967:162-167; Greidanus, 1988:12-13; Keller, 2002:4-5). Uiteindelik is dit alleen die Woord wat die mens se diepste nood kan aanspreek (Chapell, 1995). Wie verantwoordelik met die Woord omgaan, is dus boodskapdraer, agent of ambassadeur op grond van God se gesag en wie gesaghebbend wil preek, behoort alleen die Woord van God te preek (Greidanus, 1988:12,15). Miller (vgl. Greidanus, 1988:13) is van mening dat, aangesien die Bybel 'n rekord bevat van die heilsgeskiedenis, dit altyd geldend en normatief is. Die Woord is uniek in

die sin dat dit beide God se dade in die geskiedenis interpreteer, maar dat dit ook normatiewe proklamasie is van God se verlossingsdade en die verwagte reaksie daarop (Greidanus, 1988:13).

#### 2.6.1.2 Verklarende (expository) prediking omskryf

Aangesien daar heelwat verwarring bestaan oor wat presies met verklarende prediking (expository preaching) bedoel word (vgl. Greidanus, 1988:10-11), is dit nodig om die term "verklarende prediking" te definieer. Robinson (2001a:21; vgl. ook Ferguson, 1986:194; Greidanus, 1988:11; Goldsworthy, 2000:120; Mathewson, 2002:21) gee die volgende definisie van verklarende prediking:

> Expository preaching is the communication of a biblical concept, derived from and transmitted through a historical, grammatical and literary study of a passage in its context, which the Holy Spirit first applies to the personality and experience of the preacher, then through the preacher, applies to the hearers.

Chapell (1995) sluit hierby aan wanneer hy aanvoer dat verklarende prediking nie slegs die uitleg van die Woord ten doel het nie, maar ook wil verduidelik wat daardie Woord binne die eietydse situasie beteken. Hy (1995) is van mening dat ware verklaring van 'n teks sonder die toepassing daarvan nog nie verklarende prediking is nie. "(F)ull exposition cannot be limited to a presentation of biblical information. The preacher should frame every explanatory detail of the sermon so its impact on the lives of listeners is evident" (Chapell, 1995). Vervolgens word die definisie soos deur Robinson (2001a:21-30) geformuleer en bespreek is, in oënskou geneem.

*Die teksgedeelte beheer die preek*

Die gedagte van die oorspronklike outeur is verantwoordelik vir die substansie van 'n verklarende preek (Robinson, 2001a:21). Robinson (2001a:22) waarsku egter daarteen dat die teks bloot as ondersteuning vir die prediker se eie gedagtes of teologiese sienings gebruik word (proof-text idee), maar voer aan dat die prediker bereid moet wees om sy gedagtes deur die boodskap van die teks te laat beheer en dienooreenkomstig aan te pas. Ferguson (1986:192) voeg by dat die prediker verantwoordelik is vir die maak van die preek, maar nie vir die skep van die boodskap nie. Greidanus (1988:11) benadruk die feit dat die gedagte van die oorspronklike outeur ook in die oorkoepelende konteks van die Skrif geplaas en toegepas behoort te word. Daarom kan Keller so ver gaan as om te besluit dat verklarende prediking uiteindelik die blootlegging (expounding) van Christus in die teks is (vgl. Keller, 2002:15-16). Hy (2002:16) noem hierdie eerste stap in verklarende prediking die profetiese of normatiewe aspek van verklarende prediking.

*Verklaarders kommunikeer 'n konsep*

Die woorde van 'n teks behoort nie in isolasie hanteer en verklaar te word nie, aangesien 'n woord eers werklik waarde kry wanneer dit aan ander woorde verbind word om sodoende 'n spesifieke betekenis oor te dra (Robinson, 2001a:23). Wie dus op soek is na die boodskap van die Bybel, behoort nie primêr op individuele woorde te fokus nie, maar eerder op dit wat die Bybelskrywers bedoel deur die gebruik van hulle woorde (Robinson, 2001a:23).

*Die konsep kom vanuit die teks*

Ten einde die konsep vanuit die teks te ontgin, is dit belangrik om eerstens op 'n holisties histories-kritiese wyse met die teks om te gaan (vgl. Greidanus, 1988:36-47; Robinson, 2001a:24).

*Die konsep word toegepas op die verklaarder*

Verklaarders kan nie los van die boodskap staan nie, maar behoort eerstens self gevorm te word deur die boodskap. "Before we proclaim the message of the Bible to others, we should live with that message ourselves" (Robinson, 2001a:26).

*Die konsep word toegepas op die hoorders*

Wanneer die konsep nie op die hoorders van toepassing gemaak word nie, is daar geen doelgerigtheid in prediking nie. Toepassing gee doelgerigtheid aan verklarende prediking (Robinson, 2001a:27). Paulus het reeds by Timoteus die belangrikheid van toepassing beklemtoon (vgl. 2 Tim. 3:16-17). Dit is veral belangrik met die oog op Christosentriese prediking. Om aan te toon hoe die Ou-Testamentiese teks by Christus uitkom, kan nog nie as Christosentriese prediking geklassifiseer word voordat hierdie boodskap oor Christus nie van toepassing gemaak word in die eietydse omstandighede van die hoorder nie. Wanneer God in sy Woord spreek, spreek Hy mense aan soos hulle is en waar hulle is (Robinson, 2001a:28). Robinson (2001a:29) waarsku egter ook dat onvanpaste toepassing net so gevaarlik kan wees as onvoldoende toepassings en wys daarop dat die feit dat predikers deel is van 'n sekulêre wêreld nie beteken dat hulle 'n sekulêre woord behoort te spreek nie.

Keller (2002:15-17) noem in sy aangepaste model vir verklarende prediking, *toepassing* as tweede stap. Vir hom is *toepassing* ten diepste gefundeer in Christus. Gelowiges se lewens behoort verander te word. "You haven't really solved an individual or community problem unless you have shown the solution to be Christ's person and work, not just moral effort" (Keller, 2002:16). In die lig van Keller (2002:15-17) se beredenering behoort daar nog 'n aspek by Robinson (2001a:21) se definisie van verklarende prediking gevoeg te word, naamlik die aanbiddingsaspek.

*Die konsep lei tot aanbidding*

Hierdie aspek vra die vraag: Hoe ontbloot hierdie teks/aartsvaderverhaal die skoonheid van God in Christus? Hoorders behoort iets van God se wese te beleef wat hulle dwing tot oombliklike aanbidding. Hoorders behoort te besef dat Christus waardiger is as wat hulle gedink het. Sodoende word hulle beweeg om opnuut Christus se opperheerskappy in hul lewens te erken (Keller, 2002:17).

*Christus die sleutel*

In die lig daarvan die dat Christus die uiteindelike boodskap van die Bybel is (vgl. 2.5.2.3), sal verklarende prediking nie tot sy reg kom indien Christus nie die sleutel is nie (vgl. Goldsworthy, 2006:48). Keller (2002:17) verwoord dit duidelik: “It is only as you show how the text reveals Christ that you truly expound its meaning. It is only as you solve problems with Christ that you truly change lives. It is only as you point to the ultimate reference in Christ that the presentation jumps from being a 'Sunday School lesson" into an act of worship.” Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat wanneer verklarende prediking op hierdie wyse omskryf word, dit ten diepste Christosentriese prediking is.

**2.6.1.3 Die voordeel van die verklarende metode vir Christosentriese prediking**

Keller (2002:4-5) en Robinson (2001b) voer aan dat verklarende prediking die mees effektiewe wyse is waarop mense se lewens verander kan word. Een van die redes hiervoor is dat verklarende prediking se gesaghebbendheid in God en nie in die prediker nie, gesetel is (Chapell, 2001). Aangesien die Bybel ’n weergawe is van God se heilsgeskiedenis met sy volk, is verklarende prediking veral nuttig in die opsig dat dit hierdie “heil” ook in die aartsvaderverhale blootlê, uiteindelik aan Jesus Christus verbind en ten diepste in Hom begrond (vgl. De Wet, 2012:1).

Greidanus (1988:16) noem verder die volgende voordele van verklarende prediking:

i) Dit stel grense en laat die prediker nie toe om sy eie boodskap, vreemd aan die teks, te verkondig nie. Hierdie voordeel is veral belangrik ten opsigte van Christosentriese prediking in die sin dat dit duidelike parameters vir die prediker stel waarvolgens daar vanuit, maar steeds binne die raamwerk van die teks, na Christus beweeg kan word. Wie die teks so hanteer behoort nie op arbitrêre of kunsmatige wyse vir Christus in ’n teks te dwing nie, maar behoort slegs die evangelieboodskap wat reeds in die teks teenwoordig is ten volle te ontgin (vgl. Robbertze, 2003:150; Tipton, 2011).

ii) Dit vereis integriteit aangesien die prediker die vraag na die bedoeling van die oorspronklike skrywer se woorde moet beantwoord. Hierdie stelling kan uitgebrei word aangesien die prediker nie net die oorspronklike skrywer se bedoeling moet blootgelê nie, maar uiteindelik

ook die bedoeling van die Goddelike outeur behoort te verreken. Sodoende word die oorgang na Christus vergemaklik.

iii) Dit identifiseer die slaggate wat vermy behoort te word. Stott (vgl. Greidanus, 1988:16) noem veral twee belangrike slaggate: Die teks se betekenis word uit die oog verloor of daar word by die teks gebly, maar die betekenis daarvan word verdraai en verander in iets heeltemal anders as die oorspronklike betekenis.

iv) Dit gee vrymoedigheid om te preek aangesien die prediker nie sy eie woorde uitlê en weergee nie, maar God se woorde. Die gevolg van deeglike verklarende prediking is dat, hoe groter die vrymoedigheid om die Bybel as God se woord te preek, hoe groter is die vrymoedigheid om vanuit die Bybel Christus as die ewige *Logos* (vgl. Chapell, 2005:28) te verkondig.

Vervolgens word verklarende prediking van toepassing gemaak op prediking vanuit die Ou-Testamentiese narratiewe.

### 2.6.2 Verklarende prediking toegepas op Ou-Testamentiese narratiewe, in besonder die aartsvaderverhale

#### 2.6.2.1 Tekskeuse

Greidanus (1999a:280-282) stel ’n tekskeuse op grond van die behoeftes van die gemeente voor. Daar moet egter teen gewaak word om steeds ’n teks vir homself te laat spreek en nie ’n betekenis van buite op die teks af te dwing nie. Keller (2002:5-6; vgl. ook Ferguson, 1986:196-199; Long, 1989:62-64; Robinson, 2001a:53-54) wys daarop dat daar ’n balans behoort te bestaan tussen *lectio selecta* en die *lectio continua*, maar moedig ook liewer die gebruik van *lectio selecta* aan, aangesien die volle raad van God makliker gedek word deur so ’n benadering.

Die belangrikste vereiste ten opsigte van die keuse van ’n teks, is dat dit ’n logiese, afgeslote gedagte-eenheid behoort te wees (vgl. Hoekstra, 1926:223; Greidanus, 1988:221; 1999a:281-282; Robinson, 2001a:54-56). Greidanus (1999a:282, vgl. ook Mathewson, 2002:32) omskryf die gedagte-eenheid verder deur daarop te wys dat dit ’n literêre eenheid behoort te wees en dat so ’n eenheid, veral ten opsigte van die aartsvaderverhale, gedeeltes dikwels een of meer paragrawe kan beslaan. Daar moet dus gewaak word teen fragmentering van literêre eenhede aangesien die bedoeling van die teks daardeur versteur kan word. Hiervoor is dit dus belangrik om te let op die literêre aanduidings (vgl. Mathewson, 2002:32) wat gewoonlik die begin of die einde van ’n literêre eenheid aandui. Sulke aanduidings sluit onder andere in die verandering van tyd, genrewisseling, karakterwisseling, verandering van plek/toneel, oorgang van direkte na indirekte rede, wanneer die fokus van die teks verskuif na ’n nuwe aspek, ensovoorts. Volgens Mathewson (2002:32) is die eenvoudigste aanwysing vir narratiewe tekste die storie self: waar dit begin en waar dit eindig. Die kortste literêre eenheid van die narratief is ’n toneel, maar dit behoort in ag

geneem te word dat verhale dikwels uit meer as een toneel bestaan en dat ’n enkele toneel dus nie altyd sinvol as gedagte of literêre eenheid hanteer kan word nie (vgl. Greidanus, 2007:38-39).

Dit is belangrik om die teks te lees en te herlees voordat die teks in detail geëksegetiseer word (Robinson, 1993:96; Craddock, 1985:105; Long, 1989:65; Greidanus, 282-283). Die doel hiervan is om bloot ’n algemene verstaan, ’n geheeloorsig van die teksgedeelte te kry. Hierdie lees van die teks is die tyd om te luister, te dink, te voel, te verbeel en vrae te vra (Craddock, 1985:105).

#### 2.6.2.2 Holistiese interpretasie

Die verkose teksgedeelte/aartsvaderverhaal behoort nou holisties geïnterpreteer te word deurdat die teks verklaar en geïnterpreteer word deur middel van literêre, historiese en teologiese interpretasie (Greidanus, 1988:222-223). Inbegrepe in die holistiese interpretasie is Greidanus (1999a:283-286) se stappe drie tot vyf vir ’n oorgang van teks na preek. Hy (1988:221-223) stel voor dat daar aan historiese narratiewe gedink sal word as “proclamation of God’s acts in history.” Sodoende word die drie belangrike aspekte van historiese narratiewe beklemtoon, naamlik die kerugmatiese aard, die teosentriese fokus en die historisiteit daarvan.

Die oorspronklike konteks waarin die teks staan, is veral belangrik aangesien dit daartoe bydra om die oorspronklike bedoeling van die teks vas te stel (vgl. Greidanus, 1988:223; Long, 1989:72; Greidanus, 1999a:285; Robinson, 2001a:59-62; Burge, 2009). Ten einde die teks binne sy historiese konteks[20] te plaas, beveel Greidanus (1999a:285; Robinson, 2001a:66-67) aan dat die volgende vrae gevra word: *Wie is die skrywer? Wie is die geadresseerdes? Wanneer is dit geskryf? Waar (plasing)? Waarom is dit geskryf?* Dit is veral die vraag na die geadresseerdes en na die rede vir die opskrifstelling wat van belang is om die historiese konteks te bepaal. Deur op die boodskap binne die oorspronklike konteks te fokus, sal die vraag na relevansie ook makliker aangespreek kan word. Hoe meer die prediker se preekredenasie resoneer met die oorspronklike rede waarom ’n verhaal vertel is, hoe groter sal die effek en gesaghebbendheid van die preek wees (vgl. Greidanus, 1988:223).[21]

Ten opsigte van Genesis en die aartsvaderverhale, is daar nie eenstemmigheid oor die historiese konteks nie. Die volgende moontlike historiese kontekste vir Genesis word deur akademici voorgehou (Greidanus, 2007:34-38):

***i) Israel kort voor die intog in die beloofde land***

[20] Bos (2008:ligging 1990-2000; 2177-2216; vgl. ook Baars, 2007:253; Burge, 2009) verwys na die historiese konteks van die Ou Testament as die *sensus Israeliticus* en pleit daarvoor dat hierdie konteks nie geïgnoreer mag word in die eksegetiese proses nie.

[21] Vir ’n meer volledige bespreking van die holistiese interpretasie, sien 2.5.3.4.

Daar is sterk aanduidings dat Genesis geskryf is nadat die volk Israel die wet van God by Sinai ontvang het. Sinspelings op die tien gebooie, die onderskeid wat Noag tref tussen rein en onrein diere, verwysings na God se insettinge en verordeninge dien as ondersteuning van hierdie siening. Josef se laaste woorde (Gen. 50:24) dui ook op ’n post-eksiliese, maar pre-Kanaänitiese konteks aangesien dit sinspeel op die beloofde verlossing en ’n beloofde land.

***ii) Israel in die beloofde land***

Daar is ook akademici wat van mening is dat die konteks van Genesis Israel binne die beloofde land is. Uit redaksionele byvoegings en veranderings blyk dit dat die skrywer se gesigspunt iewers gedurende die tyd na koning Saul is.

***iii) Israel tydens ballingskap***

Met die loop van tyd het Genesis deel geword van ’n enkele narratief vanaf Genesis (skepping) tot 2 Konings (ballingskap). Hierdie versameling werke het waarskynlik sy finale vorm gevind gedurende die tyd van die ballingskap. In die lig daarvan dat Genesis tot 2 Konings as ’n enkele narratief beskou kan word, is die ballingskap ’n belangrike historiese horison waarin die relevansie van die Genesisnarratiewe opnuut na vore kom (Greidanus, 2007:37).

Navorser oefen ’n keuse uit vir opsie i) *Israel kort voor die intog in die beloofde land*, in die lig van die sterk getuienis ten gunste van ’n oorwegend Mosaïese outeurskap vir die boek Genesis (vgl. Dillard & Longman, 1994:38-48; Hill & Walton, 2000:64; Longman, 2005:43-45,47). Lasor et al. (1996:40) stel dit soos volg: “The voices of all Old Testament traditions are unanimous in placing the patriarchal era prior to the Exodus from Egypt.” Hierdie keuse word verder ondersteun deur Greidanus (2007:37) wanneer hy sê: “They can speak with renewed relevance because the needs of Israel in exile are very similar to the needs of Israel in Moab”. Latere relevansie, byvoorbeeld ballingskap, slaan dus terug op wat oorspronklik was.

#### 2.6.2.3 Tema- en doelformulering

Die teks self behoort die wese van die preek te bepaal sodat die preek se inhoud, struktuur en “gees” aan die teks ontleen word (Smith, 2008:135). Clines (vgl. Greidanus, 1988:223) is van mening dat wanneer die intrige, die plot, gekonseptualiseer word, die tema van die narratief duidelik word. Hierdeur word die betekenisvolheid en implikasies van die narratief na vore gebring. Greidanus (1988:223-224; vgl. ook Ferguson, 1986:203-205) voeg hierby sy algemene definisie van ’n tema, naamlik “a summary statement of the unifying thought of the text”. Mathewson (2002:81) verwys hierna as die eksegetiese idee. Deur die tema van ’n narratief op die wyse vas te stel, dwing dit die prediker om elke onderdeel van die teks as

deel van die oorheersende stukrag binne die narratief te vertolk (Greidanus, 1988:224). Chapell (2005:272) wys daarop dat die formulering van ’n tema, nooit los van die FGT kan geskied nie: “The unifying theme of a sermon … is how the truths of a passage address a FCF.” Die vasstel van die tema van narratiewe gedeeltes, word vergemaklik deur die vasstel van die intrige (Greidanus, 2008a:66-70).

In nou verband met temaformulering, staan die formulering van die doel van die teks. Waar eersgenoemde op die vraag *wat word gesê?* fokus, fokus die tweede op die vraag *waarom word dit gesê?* (Greidanus, 1999a:286-287; Burge, 2009). Greidanus (2008b) is van mening dat wanneer die doel van ’n teks vasgestel is, die relevansie van die teks na vore tree. Deur die oorsaak waarom ‘n teksgedeelte geskryf is, na te gaan, word die doel daarvan vasgestel (Robinson, 2001a:106-112; Greidanus, 2007:39). Die doel van die teks behoort ook die doel van die preek te wees (vgl. Robinson, 1993:96). Hierdeur word die relevansie van die teks beklemtoon deurdat dit die FGT van die teks na vore bring. Robinson (2001a:107 en Mathewson, 2002:108-111) vergelyk die tema en doel van ’n teks met ’n pyl (tema) en ’n teiken (doel). Die twee is nie dieselfde nie, maar is van mekaar afhanklik ten einde effektief te wees.

Hierdie tema behoort in die vorm van ’n *onderwerp* en *gesegde* geformuleer te word (Robinson, 2001a:61, 66-70; Mathewson, 2002:81-83). Greidanus (1988:224) waarsku egter dat wanneer met narratiewe stof gewerk word, die tema van die teks vanuit die verteller se oogpunt en nie een van die karakters se oogpunt nie, tensy die skrywer een van die karakters as verteller aanwend, geformuleer behoort te word.

Hierdie tema en doel behoort voorts getoets te word binne die mikro- en makro-kontekste van die teks, sowel as binne die heilshistoriese konteks van die Bybel (vgl. Greidanus, 1999a:287-288). Hy (1999a:288) beskryf mooi hoe hierdie stap van waarde is om uiteindelik by Christus uit te kom in die preek:

> Historical interpretation at this level becomes redemptive-historical interpretation. It asks, What does this passage mean in the context of God’s all-encompassing story from creation to new creation? And theocentric interpretation at this level becomes christocentric interpretation. It asks, What does this passage mean in the light of Jesus Christ? And, What is the road from this passage in the Old Testament to Jesus Christ in the New?

Long (1989:77) is van mening dat die prediker uiteindelik die eis wat die teks aan die eietydse hoorder stel, behoort te formuleer. Dit is geen maklike taak nie, aangesien die eksegetiese proses net tot op ’n sekere punt ’n bydrae lewer deur die oorspronklike bedoeling en tema van die teks na vore te bring. Die verantwoordelikheid rus op die prediker om hierdie oorgang te bewerk en wanneer die tema en doelwit van die narratief as eerste stap nagespoor is, behoort dit te help met ’n sinvolle en verantwoordelike

oorgang tussen die eerste hoorders en die eietydse gehoor. Mathewson (2002:83; vgl. ook Venter, 2004a:486; Burge, 2009) stel voor dat, ten einde hierdie oorgang te vergemaklik, die volgende stappe gevolg behoort te word: Vasstel van die eksegetiese idee, vasstel van die teologiese idee en vasstel van die homiletiese idee.

Volgens Chapell (2005:116) is die doel van 'n eksegetiese uitleg van die teks bloot om vas te stel wat die teks sê, maar die homiletiese uitleg bepaal die beste wyse waarop die betekenis van die teks aan die gemeente oorgedra word. Wanneer die tekstuele (eksegetiese) tema en doel vasgestel is, kan oorgegaan word tot die formulering van die preek (homiletiese) se tema en doel. Hoewel dit soms identies kan wees, is dit nie 'n gegewe nie As gevolg van feit dat die boodskap van die Ou-Testamentiese teks dalk anders kan klink in die lig van Christus (Greidanus, 1999a:288-289). Burge (2009) praat van hierdie oorgang van die eksegetiese na die homiletiese as die teologiese stap. Dit is belangrik dat die tema bondig, maar skerp en kerugmaties geformuleer word (vgl. Chapell, 2005:144-147). Die doel van die preek behoort ook die doelwit van die teks weer te gee – indien 'n teks byvoorbeeld geskryf is met die oog op vermaning, behoort die doel van die preek ook vermaning te wees.

Wanneer die teks uiteindelik, volgens die holisties histories-kritiese metode, in die lig van Christus geïnterpreteer is, behoort die tema reeds die Christosentriese aard van die preek aan te dui. Ter illustrasie hiervan kan die verhaal van Josef se versoeking in Potifar se huis (Gen. 39) as voorbeeld geneem word. 'n Tekstuele tema sal wees: Josef weerstaan versoekings omdat God met hom is. 'n Kerugmaties (Christosentries) geformuleerde tema sou kon lui: Christus (se verlossing) stel my in staat om versoekings te weerstaan.

#### 2.6.2.4 Die aard en vorm van die preek

Greidanus (1988:224; 2007:40; vgl. Deuel, s.a.; Chapell, 2005:165; Osborne, 2006:221) is van mening dat dit die mees gepaste vir preke uit narratiewe tekste is om ook, wat die vorm betref, narratief[22] van aard te wees. Die vasstel van die intrige help in 'n groot mate om die preek in 'n narratiewe vorm te giet (Janse van Rensburg, 2003:47; Greidanus, 2008a:66). Hy (1988:224-225) voer aan dat die narratiewe aard van 'n preek beide die oorspronklike beweging en momentum van die teks behou en dat dit die hoorders in staat stel om die verklaring van die teks makliker te volg. Die rede hiervoor is dat die sinshorisonne van van beide die teks en die leser met mekaar korrespondeer (Chapell, 1996:12; vgl. ook Pieterse, 1985:210). Die feit dat die mens na God se beeld geskape is, bring oorvleueling tussen die konteks van die eerste hoorder en die eietydse hoorder (Chapell, 1996:13). Die narratiewe vorm betrek ook hoorders wat nie noodwendig op die logiese en redelike ingestel is nie (Janse van Rensburg, 2003:43).

[22] Janse van Rensburg (2003:4,43-45) wys daarop dat die narratiewe metode bloot as een moontlike metode beskou moet word. Die oorbruik hiervan kan daartoe lei dat 'n teks binne 'n sekere vorm gedwing word. Verder wys hy (2003:57) ook daarop dat daar nie eenstemmigheid is oor wat presies met 'narratiewe prediking' bedoel word nie.

Tydens die gebruik van die narratiewe vorm, behoort daarteen gewaak te word dat persoonlike ervaring die maatstaf vir interpretasie word (Chapell, 1996:13-14). Daar moet egter ’n balans gehandhaaf word tussen die blote oorvertel van die storie en die voorsiening van duidelik geformuleerde stellings wat help om die teks korrek te verstaan. “An expository sermon obligates a preacher to present the truths of a text but not necessarily the pattern of the passage” (Chapell, 2005:117). “A narrative is the *artistic arrangement* and telling of the events” (Janse van Rensburg, 2003:56). Soms sal die narratief tydens prediking onderbreek word om sekere aspekte van die historiese agtergrond te verduidelik. Wanneer die verhaal oorvertel word tydens narratiewe prediking, behoort dit op so ’n wyse gedoen word dat die boodskap vir antieke Israel duidelik word vir die eietydse hoorders (Greidanus, 2007:40-41), maar sonder om gebeure as feite te stel wat nie deur die teks ondersteun word nie (Chapell, 2005:122).

Daar behoort met groot versigtigheid te werk gegaan te word wanneer besluit word op die aard van die preek. Greidanus (1999a:290) sê self: “…we should select a sermon form that both respects the form of the text and achieves the goal of the sermon.” Hoewel daar groot waarde in lê om die aard van die teks ook die aard van die preek te maak, behoort dit nie noodwendig slaafs nagevolg te word nie, aangesien die narratiewe vorm nie die enigste wyse is waarop die mens kan of behoort te kommunikeer nie (vgl. Pieterse, 1985:172 en Chapell, 2004:67). Die doel van die teks, ook van die narratiewe teks, behoort in ag geneem te word. Om hierdie rede hoef prediking vanuit die narratiewe nie noodwendig narratief van aard te wees nie, maar kan dit ook onder andere didakties, vermanend en vertroostend wees na gelang van die doel van die narratief. Baie min narratiewe is geskryf met die oog om bloot die oorvertel van historiese gebeure te wees!

Om uiteindelik die boodskap effektief oor te dra, is nie net die aard en doel van die preek belangrik nie, maar ook die wyse waarop dit oorgedra word, naamlik die vorm. Robinson (2001a:116-137) bespreek die verskillende vorms waarin ’n preek gegiet kan word (vgl. figuur 4) deeglik. Hamilton (vgl. Hwang, 2005:51-52; vgl. ook Chapell, 2005:129-173) gee vier belangrike kenmerke van ’n effektiewe preekvorm:

i) Samehang. ’n Goeie preekvorm is ’n eenheid wat een onderwerp en een aspek van daardie onderwerp hanteer.


ii) Orde. ’n Goeie preekvorm het ’n duidelik waarneembare orde wat bestaan uit ’n gepaste inleiding, onderafdelings/punte/bewegings (vgl. ook Buttrick, 1987:23) en ’n behoorlike slot.

iii) Struktuur. ’n Goeie preekvorm het ’n gebalanseerde struktuur waarvan die hoofpunte ongeveer ewe lank is.

iv) ’n Goeie preekvorm stuur af op ’n spesifieke teiken wat gewoonlik bereik word tydens die hoogtepunt van die preek.

Daar behoort in ag geneem te word dat die vorm waarin die preek gegiet word, die medium is waarmee die boodskap van die teks oorgedra word. Daarom behoort die prediker op soek te wees na die beste medium vir die oordra van teksboodskap.

**Figuur 4. Verskillende vorme waarin 'n preek gegiet kan word (Robinson, 2001a:117[23])**




Greidanus (1988:225) sluit aan by Robinson se voorgestelde vorms vir die preek deur daarop te wys dat die narratiewe stof toeganklik is vir 'n verskeidenheid preekvorme. Mathewson (2002:113-121) voeg selfs 'n paar variasies van Robinson se voorgestelde vorms by, byvoorbeeld 'n semi-induktiewe aanslag.

### 2.6.2.5 Toepaslikheid

Sonder toepassing kan geen preek ware bediening van God se Woord wees nie (Hoekstra, 1926:299-300). "Daarom is 'n Skrifgedeelte nie behoorlik verstaan en toegeëien as sy betekenis vir die aktuele konkrete situasie in die gemeente nie herken is nie" (De Klerk, 2010:460). Verklarende prediking is veronderstel om nie net die mens op intellektuele vlak aan te spreek nie, maar behoort die hart te raak (Ferguson, 1986:194). Daarom is toepaslikheid onlosmaaklik deel van verklarende prediking. Keller (2002:16) verwys hierna as die koninklike of situasionele aspek van die prediking. Volgens hom (2002:16) behoort die toepassing van so aard te wees dat dit verandering in 'n gelowige se lewe bewerk. Gelowiges behoort te besef dat ware verandering slegs in en deur Christus moontlik is. "Die Woord moet dus tydens prediking teen presies die regte invalshoek gerig word op die werklike omstandighede waarin die hoorders verkeer sodat dit wat hulle die nodigste het om te hoor – ter wille van die uitvoer van hulle roeping – tot hulle kan kom (De Wet, 2012:3). Die verkondiging van die evangelie het juis te doen met die aankondiging van 'n nuwe stand van sake (Pieterse, 1985:96). Die rol van die Heilige Gees in die veranderingsproses wat gebou is op die voltooide werk van Jesus Christus, word sterk beklemtoon deur De Wet (2011:27):

[23] Vir 'n verdere verduideliking van hierdie vorme, sien Robinson, 2001c.

> Die Gees laat ons deel kry aan Christus en al sy weldade net soos dit Christus se werk is om die oorvloed genade en lewe wat die Vader vir ons in gemeenskap met Hom wil gee, oop te maak. Die Gees vul ons met die gesindheid van Christus en onder leiding van Christus sal ons enigste begeerte wees om soos Christus die wil van die Vader te soek en Hom te verheerlik.

Beide die motiewe van die hart en die optrede van die sondaar, behoort aangespreek te word (Keller, 2002:77-80). Dit is baie belangrik dat die brug tussen eerste hoorders en eietydse hoorders nie gebou sal word deur op die ooreenkomste tussen karakters en die moderne mens te fokus nie. Historiese narratiewe is nie gevallestudies van morele waardes en geestelike worsteling nie (vgl. Robinson, 1984:809). Alte dikwels beland sulke preke in die slaggat van antroposentriese (moralistiese of eksemplariese) prediking (vgl. Verhoef, 1977:145; Mathewson, 2002:99-100). Keller (2002:65) is van mening dat wanneer heiligmaking beskou word as dit waarvoor die mens verantwoordelik is nadat God gesorg het vir sy regverdiging, dit moralisme en antroposentriese prediking tot gevolg het. Heiligmaking bou op en vloei voort uit regverdigmaking. Daarom meen Cilliers (vgl. Janse van Rensburg, 2007b:113): “Moralisme is die noodwendige gevolg waar gehoorsaamheid sonder geloof verkondig word.” Dit is baie belangrik dat die genade van die evangelie beklemtoon word teenoor wettisisme (Keller, 2002:71). Eers die indikatief van verlossing in Christus dan die imperatief tot geloofsgehoorsaamheid (vgl. Carrick, 2002). Wanneer die indikatief van die imperatief geskei word, ontstaan daar ’n onvolledigheid (Carrick, 2002:83). Die evangelie werk van binne af na buite – omdat die mens vergewe is, daarom leef hy tot eer van God. Binne ’n post-moderne wêreld is dit veral belangrik om die twee uiterstes van wettisisme/skynheiligheid aan die een kant en relativisme aan die ander kant aan te spreek in die toepassing van die boodskap, aangesien nie een van die twee uitdrukking gee aan die wese van die evangelie nie (Keller, 2002:73). Toepassing behoort van so aard te wees dat dit beide die “besnedene” en die “onbesnedene” met die evangelie konfronteer (Keller, 2008:77-78). Die troos wat die evangelie bied, behoort ook die motivering te wees vir ’n Godvrugtige lewenswandel (Keller, 2002:76).

Poythress (vgl. Keller, 2002:80-81) pas Frame se tri-perspektiewelike model op die hermeneutiek toe, naamlik die normatiewe (profetiese), eksistensiële (priesterlike) en die situasionele (koninklike). Keller (2002:82) is van mening dat hierdie drie perspektiewe ook in ag geneem behoort te word wanneer die boodskap van toepassing gemaak word. Wanneer slegs op een van die drie gefokus word, maak die prediker daarvan ’n afgod en lei dit tot vervorming. Wanneer slegs op die normatiewe (leerstellinge) waarhede van ’n teks gekonsentreer word, kan dit voorkom dat die mens objektiewe kennis kan besit sonder dat dit hom persoonlik kan raak en kan verander. Wanneer die eksistensiële aspek oorbeklemtoon word, word die gevoel van die mens verhef tot bepalende aspek binne die geloofslewe. Wanneer die situasionele oorbeklemtoon word, vernou dit die Christelike boodskap tot sosiale transformasie. Dit kom dikwels voor by diegene wat die koninkryk-korporatiewe aspek van die evangelie beklemtoon (Keller, 2008:76). Daar bestaan geen lewensterrein waarop die lig van die Skrif nie val nie (Hoekstra, 1926:301).

Long (1989:79) is van mening dat toepassing nie eers behoort te geskied wanneer daar van die teks na die preek beweeg word nie. Die prediker behoort reeds met die oog op die gemeente by die eksegetiese proses betrokke te wees aangesien hy vanuit, maar ook saam met die gemeente na die teks gaan (vgl. Pieterse, 1979:96-101; Long, 1989:9-17). De Wet (2011:53-80) is van mening dat hoewel die teks, as deel van die kommunikatiewe driehoek, voorrang geniet, mag die aktiewe teenwoordigheid van die hoorders en die prediker tydens die homiletiese proses nie onderontwikkel word nie. Dit is dus belangrik om die gemeente en hul vrae goed genoeg te ken, sodat sinvol daarop geantwoord kan word (vgl. Robinson, 1997:24-25; Keller, 2002:86). Tog behoort die prediker hom ook toe te spits op hulle wat buite sy gemeente staan: hulle behoeftes, hulle denkwyse en hulle vrae, want dan sal prediking ook ’n missionêre karakter begin ontwikkel (vgl. Keller, 2002:86, 109-115). “Die prediking behoort nie alleen Christus aan te dui nie, maar ook tot Christus te lei” (De Wet, 2011:16). Daarom is dit nodig om jou “hoorder-konteks” te diversifiseer[24] (Keller, 2002:87; vgl. ook Robinson, 1994:99). Daarvoor moet die prediker bereid wees om uit sy gemaksone te tree (Robinson, 1994:99). Toepassing behoort deurgaans in eenheid en kongruensie met die boodskap van die teks te geskied (Venter, 2004a:484). Venter (2004a) is van mening dat wanneer die eksegetiese *Big Idea* waarvan Robinson praat, oorgesit word in ’n homiletiese *Big Idea* dit sinvolle toepaslikheid vanuit die teks bevorder. Dijk (1955:202) voeg ’n belangrike waarskuwing by wanneer hy pleit daarvoor dat toepassings nie slegs op die gemeente as ’n kollektiewe eenheid gefokus sal word nie, maar ook op die individu. Die persoonlike element behoort nie te ontbreek nie. Keller (2002:116) sluit hierby aan wanneer hy daarvoor pleit dat die boodskap gekontekstualiseer behoort te word sodat dit vir die eietydse hoorder verstaanbaar binne sy denkraamwerk en leefwêreld sal wees. Sonder om te verval in veralgemening, behoort toepassings met groot omsigtigheid gemaak te word, sodat spesifieke groepe nie van die evangelie vervreem raak nie (Robinson, 1994:100).

Uiteindelik behoort elke preek, die uitleg en die toepassing van die teks, die hoorder te lei na ’n punt van aanbidding (Keller, 2002:147-157). Dit is die sub-teks van ’n preek wat hoorders lei tot aanbidding (vgl. Keller, 2002:147). Met sub-teks word bedoel daardie boodskap wat onderliggend is aan die preek. Dit kan dinge insluit soos vertroosting, lering en aanbidding. Prediking behoort nie slegs op die wil van die mens te konsentreer nie, maar behoort ook die hart van die gelowige te roer tot liefdevolle oorgawe en aanbidding (Keller, 2002:148-152; vgl. ook Hoekstra, 1926:302).

Aangesien toepassing vanuit die narratiewe nie so eenvoudig soos in didaktiese stof is nie (Mathewson, 2002:98), behoort die brug gebou te word op grond van die mense wat deur die teks en sy karakters aangespreek word en die hedendaagse mens wat deur dieselfde teks aangespreek word (vgl. Greidanus, 1988:226; 2007:40). Davies (2006:94) waarsku tereg dat toepassing vanuit die narratiewe nie so eenvoudig is soos om een of twee morele lessies uit ’n teks af te lei nie. Hier is dit juis belangrik om na

[24] Vir ’n lys van verskillende groepe wie se behoeftes, vrae en denkwyses tydens die toepassing van ’n teks in ag geneem behoort te word, vgl. Keller, 2002:88-89.

die FGT binne ’n teks te soek en dit te ontgin, want daarin lê die gemeenskaplikheid en tydloosheid van ’n teks se boodskap opgesluit. Die FGT stuur die prediker in die rigting van relevante toepassing wat deur die teks ondersteun word (Chapell, 2005:269). Die stukrag van ’n teks behoort binne die moderne preek behoue te bly (Greidanus, 1988:226; vgl. ook Mathewson, 2002:101). Osborne (2006:167) dui die volgende stappe aan wanneer van die teks na eietydse toepassing beweeg word:

**Figuur 5. Stappe van oorspronklike teks na eietydse toepassing.**

Textual meaning
⇓
Original cultural situation
⇓
Deep principles
⇓
Parallel situations today
⇓
application/contextualization

Davies (2006:96-117) noem vyf “handvatsel” wat kan bydra om legitieme toepassing af te lei uit narratiewe stof:

i) Prosedureel. Hier word gefokus op die optrede van die hoofkarakter of karakters. Hierdie “handvatsel” sluit sterk aan by Chapell se FGT.
ii) Konseptueel. Sommige narratiewe verlang ’n denkverskuiwing van lesers/hoorders.
iii) Situasioneel. Toepassing word nie soseer afgelei uit wat die karakters doen of nie doen nie, maar eerder die situasie/omstandighede wat hulle beleef.
iv) Beoordeling. Toepassing word soms gevind wanneer ’n spesifieke narratief ten doel het om ’n beoordeling te maak van ’n spesifieke karakter of gebeure.
v) Doksologies. Soms het ’n narratief bloot die lof van God ten doel en lê die toepassing juis daarin opgesluit.

Greidanus (2007:40) is van mening dat wanneer van induktiewe narratiewe prediking gebruik gemaak word waarin die verhaal oorvertel word, daar gewoonlik nie van deurlopende toepassing gebruik gemaak sal word nie, maar dat toepassing eers aan die einde van die preek sal plaasvind. Die voordeel hiervan is dat dit mense betrokke hou by die storie, dus sal ’n toepassing aan die einde gewoonlik kragtiger en meer op die punt af wees en mense sal so ’n toepassing beter onthou (Greidanus, 2007:40). Hierteenoor meen Keller (2002:89) dat toepassing deurgaans behoort plaas te vind.

Robinson (1994:101-102; 2001a:151-162), asook Chapell (2005:120-127) wys op die korrekte en sinvolle gebruik van illustrasies ten einde die boodskap van die teks toepaslik te maak. Buttrick (1987:127-151) bespreek die korrekte gebruik, asook die misbruik en gevare in die gebruik van voorbeelde en illustrasies

deeglik. Hy (1987:153) waarsku veral daarteen dat illustrasies gekies word nog voordat die gedagtelyn van die preek met sy onderskeie bewegings van die preek vasgestel is, aangesien dit die potensiaal het om die preek oor te neem. Voorbeelde en illustrasies behoort ten doel te hê om moeilike dinge eenvoudiger en meer verstaanbaar uit te druk, om die konsepte, gebruike en gewoontes te verduidelik, om ’n sekere punt te bewys of om idees toe te pas deur dit aan bekende ervarings te verbind (vgl. ook Venter 2004a:484).

Ten slotte beklemtoon Keller (2002:119; vgl. De Wet, 2011:34-37) die belangrikheid van die prediker se geloofwaardigheid. Hoorders kom baie gou agter wanneer geloofwaardigheid ontbreek (Robinson, 1995:64). Geen toepassing sal effektief wees, wanneer die prediker self nie geloofwaardig is nie en dit is veral negatief binne ’n postmoderne leefwêreld (vgl. De Wet, 2011:12-13). Die geloofwaardigheid van die prediker kan nooit losgemaak word van die werking en verligting van die Heilige Gees nie (vgl. De Klerk, 2010:457). Robinson (1993:99) merk heeltemal tereg op: “The more full our souls, the more we can preach without running dry.” ’n Toegewyde prediker is ’n geloofwaardige prediker en ’n prediker wat reeds in sy prediking vir God verheerlik, sal ook sy hoorders aanspoor tot aanbidding.

### 2.6.3 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Verklarende prediking is noodsaaklik aangesien dit God self laat spreek. Dit is gesaghebbende prediking. Die gesaghebbendheid daarvan is in God self geleë. Dit kan gedefinieer word as die kommunikasie van ’n konsep, afgelei en oorgedra vanuit historiese, grammatikale en literêre bestudering van ’n teks binne sy konteks, toegepas deur die Heilige Gees; eerstens op die persoon en die ervaring van die prediker en daarna word dit deur die prediker toegepas op die hoorders. In die lig van die feit dat Christus die uiteindelike boodskap van die Bybel is, sal verklarende prediking nie tot sy reg kom indien Christus nie die sleutel vorm nie. Verklarende prediking is veral nuttig in die opsig dat dit die *heil* in elke stadium van die heilsgeskiedenis ontbloot, uiteindelik aan Jesus Christus verbind en ten diepste in Hom begrond. Tydens die ontleding van AP-Kerkpredikers se preke, sal ondersoek ingestel word na die mate waarin predikers van verklarende prediking gebruik maak om hierdie “heil” in die aartsvaderverhale bloot te lê en aan Christus te verbind.

Ten opsigte van die keuse van ’n teks behoort daar ’n balans te bestaan tussen *lectio selecta* en die *lectio continua*. ’n Preekteks behoort ’n logiese, afgeslote gedagte en literêre eenheid te wees. Die gekose, afgebakende teksgedeelte behoort nou holisties geïnterpreteer te word deur middel van literêre, historiese en teologiese interpretasie. Veral die historiese konteks waarin verhalende stof voorkom, behoort deeglik verreken te word. Daar sal in die ontleding van die preke in hoofstuk 3 en tydens die onderhoude in hoofstuk 4 gepoog word om vas te stel in watter mate bogenoemde aspekte in preke uit die aartsvadernarratiewe tot hul reg kom.

Die tema van 'n teks fokus op die vraag: *Wat word gesê?* Die geformuleerde tema van 'n teks bestaan gewoonlik uit 'n samevattende stelling van dit wat die samebindende gedagte van 'n teks is. Die formulering van 'n tema kan nie los van die FGT van 'n teks geskied nie. Die vasstel van die intrige binne 'n aartsvadernarratief, is van groot hulp in die bepaling van die tema van daardie narratief. Die doel van 'n teksgedeelte word vasgestel deur te vra: *Waarom sê die teks wat dit sê?* Die doel van 'n teksgedeelte openbaar ook die relevansie daarvan. Vanuit die eksegetiese tema behoort 'n homiletiese tema geformuleer te word wat die boodskap van die teks toespits op die behoeftes van die eietydse hoorders. Die homiletiese tema behoort reeds die Christosentriese aard van die preek aan te dui. Indien predikers in die AP-Kerk hierdie aspekte rondom die tema en doel van 'n preek uit die aartsvadernarratiewe verreken, behoort die Christosentriese aard van sulke preke duidelik te wees.

Wanneer met narratiewe stof gewerk word, is dit sinvol dat die preek ook narratief van aard sal wees. Meestal sal die aard van die teks ook die aard van die preek wees, maar wanneer die doel van 'n teks in ag geneem word, kan dit gebeur dat die aard van die preek anders daar sal uitsien as die aard van die teksgedeelte. Ten einde die boodskap van die teks so effektief moontlik oor te dra, behoort 'n gepaste vorm gekies te word waarin die preek gegiet word.

'n Skrifgedeelte word sal eers behoorlik verstaan en toegeëien word as sy betekenis vir die aktuele konkrete situasie in die gemeente herken word. Toepassings behoort te fokus op die intellek en die hart van die hoorder sodat dit lewensverandering tot gevolg het. Gelowiges behoort te besef dat ware verandering slegs moontlik is in en deur Jesus Christus. Deur die werking van die Heilige Gees kry die gelowige deel aan Christus se weldade en is verandering gevolglik moontlik. In die hantering van patriargale narratiewe behoort gewaak te word teen antroposentriese prediking. Beide gelowiges en ongelowiges behoort deur die toepassing van 'n teks gekonfronteer te word. Die behoeftes van die eietydse hoorders behoort deurentyd deur die prediker in gedagte gehou te word. Behoorlike toepassings lei die hoorders tot aanbidding. Die sinvolle gebruik van illustrasies kan die toepaslikheid van 'n teks verhoog. Geen toepassing sal egter effektief wees indien die prediker nie geloofwaardig is nie. In watter mate predikers in die AP-Kerk toepassings in hul preke uit die aartsvaderverhale benut om die Christosentriese aard van hul preke te verhoog, sal in hoofstuk 3 en 4 vasgestel word.

## 2.7 Hoofstuk samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om die normatiewe vraag: *Wat behoort aan te gaan?* te beantwoord. Aangesien hierdie studie hom toespits op die aartsvaderverhale, is daar eerstens gefokus op die aard en eienskappe van die Hebreeuse narratiewe. Die rol wat geskiedkundigheid in die interpretasie speel, asook literêre eienskappe van hierdie narratiewe, is ook ondersoek (vgl. 2.2 – 2.4).

Vervolgens is die hermeneutiese uitdaging wat Christosentriese prediking stel, ondersoek en uiteengesit (vgl. 2.5). Die gevaar wat die postmoderne paradigma vir die hermeneuse inhou, is uitgelig en sekere bepalende oorwegings vir die hermeneutiek is geaksentueer (vgl. 2.5.1 – 2.5.2). Die noodsaak vir Christosentriese prediking, naamlik om rekening te hou met die heilshistoriese ontplooiing, is bespreek (vgl. 2.5.2.4) en dit blyk dat behoorlike Christosentriese interpretasie nie los van die heilshistoriese ontplooiing kan plaasvind nie. ’n Belangrike onderdeel van die hermeneutiese proses, is die keuse vir ’n eksegetiese metode. Eerstens is die rol wat die Heilige Gees en geloof tydens die interpretasie van ’n teks speel, uitgelig (vgl. 2.5.3.1 -2.5.3.2). Weens die leemtes en gevare wat die histories-kritiese metode inhou, is besluit op Greidanus se holistiese histories-kritiese model aangesien dit blyk ’n goeie samevoeging te wees van die grammaties-historiese en histories-kritiese modelle (vgl. 2.5.3.3 – 2.5.3.4). In hierdie model word eksegeties (volgens Navorser) op die mees verantwoordelike wyse met die Skrif omgegaan. Hierna is die belangrikheid van die bepaling van ’n teks se fokus op ’n aspek van die mens se gevallendheid bespreek (vgl. 2.5.4.1), aangesien dit die Christosentriese fokus van ’n teks duidelik na vore bring. Verskillende sinvolle, dog teksgetroue, metodes is bespreek waarvolgens sinvol en geloofwaardig van die Ou-Testamentiese boodskap na die Nuwe Testament beweeg kan word (vgl. 2.5.5.1 – 2.5.5.7). Verskeie slaggate wat elk van hierdie metodes inhou, is uitgelig. Uiteindelik is daar by ’n eie definisie vir Christosentriese prediking uitgekom (vgl. 2.5.5.8), naamlik:

*Christosentriese prediking vind plaas wanneer die boodskap van ’n teks, hetsy Ou of Nuwe Testament, op grond van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand, op ’n geloofwaardige, verklarende wyse geïntegreer word met die klimaks van God se openbaring in die Persoon, werk en/of onderwysing van Jesus Christus, die ewige Logos waarvan die ganse Skrif getuig.*

Ten slotte is die homiletiese uitdaging vir Christosentriese prediking hanteer (vgl. 2.6). In hierdie afdeling is aangetoon dat verklarende (expository) prediking, veral gesien in die postmoderne paradigma, die beste homiletiese metode is vir Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament aangesien dit getrou is aan die Bybelse teks en daarom gesaghebbend is (vgl. 2.6.1). Uiteindelik is aangetoon hoe die verskillende aspekte van verklarende prediking op die narratiewe tekste van die Ou Testament van toepassing gemaak behoort te word ten einde nie net in die hermeneuse nie, maar ook in die homilie Christosentries te wees (vgl. 2.6.2).

In hoofstuk 3 kom die empiriese en interpretatiewe vrae in wisselwerking met mekaar aan die orde. Preke van AP-Kerkleraars sal beoordeel word. Vanuit die beginsels gestel in hierdie hoofstuk (2), word die volgende kriteria wat kan dien as riglyne vir die beoordeling van die preke in die AP-Kerk, gestel:

i) Holistiese histories-kritiese (literêre, historiese en teologiese) interpretasie van die teks (vgl. 2.4.2; 2.5.3.4 en 2.6.2.2).
ii) Bepaling van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand [FGT] (vgl. 2.5.4.1).

iii) Keuse vir ’n sinvolle oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus (vgl. 2.5.5).

iv) Identifisering van moontlike slaggate wat vermy behoort te word (vgl. 2.5.5).

v) Vasstel van die preekteks (vgl. 2.6.2.1).

vi) Tema- (eksegeties en homileties) en doelformulering (2.6.2.3).

vii) Aard en vorm van die preek (vgl. 2.6.2.4).

viii) Toepaslikheid (2.6.2.5).

Voortvloeiend hieruit sal in hoofstuk 4, aan die hand van temas afgelei uit hoofstuk 2, met vyf van die predikante wie se preke ontleed is, onderhoude gevoer word ten einde vas te stel in watter mate hulle bewustelik met ’n basisteorie oor Christosentriese prediking werk tydens prediking uit die aartsvaderverhale. Hierdie temas is (vgl. Bylae 17):

i) Vasstel van die preekboodskap

ii) Die narratiewe stof van die Ou Testament (vgl. 2.2 – 2.4)

iii) Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament (vgl. 2.5.2)

iv) Hermeneutiese aspekte (vgl. 2.5.3)

v) Oorgang van die Ou Testament na Christus (vgl. 2.5.4 – 2.5.5)

vi) Homiletiese aspekte (vgl. 2.6)

In hoofstuk 5 sal gepoog word om bepaalde, Skrifgetroue riglyne te formuleer vir die praktyk van Christosentriese prediking in die AP-Kerk na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50. Dit sal gedoen word deur middel van terugskouing na die strategiese en hermeneutiese asook die empiriese navorsing.

# HOOFSTUK 3

## HUIDIGE PRAKTYK BINNE DIE AP-KERK

### 3.1 Inleiding

*Wat is aan die gebeur?* (Osmer, 2008:4). Dit is die vraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom; die deskriptiewe taak van die empiriese ondersoek (Osmer, 2008:33; vgl. Pieterse, 2011:735). Hier sal dus priesterlik geluister word na wat besig is om in die AP-Kerk te gebeur rakende Christosentriese prediking, na aanleiding van openbare radiopreke (Osmer, 2008:33). Die doel van hierdie hoofstuk is dus om vas te stel hoe die teenswoordige praktyk van prediking uit die patriargale narratiewe daar uitsien in die AP-Kerk. In hierdie hoofstuk sal empiries te werk gegaan word (vgl. Pieterse en Heyns, 1990:81-83) deur die insameling van verskillende radiopreke en -oordenkings vanuit die patriargale narratiewe. Hierdie preke sal kortliks ontleed word en uiteindelik sal die inligting bekom uit die ontleding, geïnterpreteer word. Sodoende word Osmer se deskriptiewe en interpretatiewe take in interaksie met mekaar hanteer.

### 3.2 Insameling van inligting

In hierdie studie sal gefokus word op, wat Osmer (vgl. Smith, 2010:103) noem, "case study research: studying a small number of cases in depth". Babbie *et al.* (2001:281) vermeld verskillende soorte "case study"-navorsing. Hier word besluit op die spesifieke bestudering van 'n bepaalde soort 'gebeure' (*event*). Preeklewering word ondersoek om die doelbewuste Christosentriese gehalte daarvan te bepaal. Vir die insameling van sulke preke is besluit om te fokus op openbare uitsendings van preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars. Hierdie medium is gekies in die lig van die feit dat boodskappe wat deur 'n openbare uitsaaier uitgesaai word, nie op 'n spesifieke gemeentelike konteks behoort te konsentreer nie, maar juis op die breër publiek konsentreer. Daar kan dus verwag word dat sulke boodskappe ook meer gefokus sal wees op die breër Suid-Afrikaanse samelewing met sy unieke uitdagings en probleme.

Navorser het Radio Pretoria genader met die doel om AP-Kerkpreke vanuit die Ou-Testamentiese patriargale narratiewe te bekom. In die navraag is 'n versoek gerig om alle preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars vanuit Genesis 12-50 gelewer, vir die tydperk 2002 tot 2012, aan Navorser beskikbaar te stel.

Aangesien die openbare uitsaaier slegs drie vollengte preke van AP-Kerkleraars vanuit die patriargale narratiewe tot Navorser se beskikking kon stel, is daar besluit om ook van oggendoordenkings gebruik te maak. Hoewel Gordon (2009:28-31) standpunt inneem teen 'n vasgestelde reël vir wat as maatstaf kan dien vir 'n aanvaarbare preeklengte, word dit tog aanvaar dat die gemiddelde mens se aandagspan nie

langer as 20 minute is nie en dat 'n preek dus binne hierdie 20 minute-aandagspan gelewer behoort te word (vgl. Long, 1989:192-194; Olyott, 2005:143-145). Om hierdie rede het Navorser besluit om dus ook van oordenkings gebruik te maak aangesien dusdanige oordenkings tussen tien na twaalf minute lank is en dus feitlik 'n volledige preek is.

In hierdie hoofstuk sal daar eers 'n kort opsomming van elke preek en oordenking gegee word, waarna dit ook aan die hand van die vasgestelde kriteria vir analise (vgl. 3.3) ontleed sal word. Die volgende 3 volledige preke word opgesom en ontleed: Genesis17:1-14,24-27 saam met Galasiërs 3:6-29 (3.4.1); Genesis 17:7-14,23-27 saam met Galasiërs 3:13-29 (3.4.2) en Genesis 22 (3.4.3) Vervolgens word die volgende 13 oordenkings opgesom en ontleed: Genesis 12:1-4 (3.4.4); Genesis 16:1-4 (3.4.5); Genesis 16:1-16 (3.4.6); Genesis 17:1-19 en 18:1-15 (3.4.7); Genesis 22:1-14 (3.4.8); Genesis 22:1-18 (3.4.9); Genesis 22:1-18 saam met Romeine 12:1-2 (3.4.10); Genesis 25:28-34 (3.4.11); Genesis 32:22-32 (3.4.12); Genesis 37 (3.4.13); Genesis 40:1-23 (3.4.14); Genesis 41:39-51 (3.4.15) en Genesis 50 (3.4.16).

*Biografiese inligting van predikers*

Die biografiese inligting van predikers wie se preke in hierdie studie gebruik word, sien soos volg daar uit:

**Tabel 2. Biografiese inligting van predikers**

| DEELNEMER | OUDERDOM | OPLEIDINGSINSTANSIE | ERVARING |
|---|---|---|---|
| 1 | 35 jaar | Afrikaanse Protestantse Akademie (AP-Kerk) | 6 jaar |
| 2 | 76 jaar | Universiteit van Stellenbosch (NG Kerk) | 50 jaar |
| 3 | 47 jaar | Afrikaanse Protestantse Akademie (AP-Kerk) | 4 jaar |
| 4 | 70 jaar | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Gereformeerde Kerk) | 26 jaar |
| 5 | 51 jaar | Universiteit van Pretoria (NG Kerk) | 26 jaar |
| 6 | 33 jaar | Afrikaanse Protestantse Akademie (AP-Kerk) | 9 jaar |

## 3.3 Kriteria vir analise

Tydens die basis-teoretiese bespreking in hoofstuk 2, is die volgende elemente onderskei wat noodsaaklik is vir Christosentriese prediking, naamlik:

i) Holistiese histories-kritiese (literêre, historiese en teologiese) interpretasie van die teks (vgl. 2.4.2; 2.5.3.4 en 2.6.2.2).

ii) Bepaling van die fokus van 'n teks op die mens se in-sonde-gevalle toestand [FGT] (vgl. 2.5.4.1).

iii) Keuse vir ’n sinvolle oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus (vgl. 2.5.5).

iv) Identifisering van moontlike slaggate wat vermy behoort te word (vgl. 2.5.5).

v) Vasstel van die preekteks (vgl. 2.6.2.1).

vi) Tema- (eksegeties en homileties) en doelformulering (2.6.2.3).

vii) Aard en vorm van die preek (vgl. 2.6.2.4).

viii) Toepaslikheid (2.6.2.5).

Bogenoemde elemente behoort dus deel uit te maak van ’n evaluasievorm waarvolgens preke en oordenkings geëvalueer word. Keller (2002:19) stel die volgende uitgebreide preekevaluasievorm voor:

**TRUTH**

***Is** it Biblical?*

-- Are the assertions validly rooted in the text? Do they convincingly arise from the text? Do they square with the analogy of faith--the whole of Scripture?

-- Are the assertions validly rooted to the redempt/historical context? Was the central theme solved or illustrated by Christ? Was it really about Jesus?

*Is it clear?*

-- Was it obvious what the speaker was driving at during the **talk?** Was the progression traceable?

-- When it was over, did you know what the main point was? Was it persuasive to the hearers, using lines of argument they could follow?

**LIFE**

*Is it insightful?* -- Was it clear that the speaker understood the hearers' 'reality1--their very own hopes. fears, problems, concerns? Did it leave out non-Christians or Christians? - Were the assertions put in a fresh, wise. and striking way, or was it rather boring or clicheridden?

*Is it practical?*

-Were instructions given on how to implement and practice concrete changes in behavior?

-- Was Christ and his finished work applied as the practical solution to any problem? Was moralizing or psychologising avoided and distinguished from the gospel?

**POWER**

*Is it vivid?* -- Were there some central metaphors used so the basic concepts are given concrete form? Were the five senses appealed to? Was the imagination engaged? -- **Was** Christ presented in some concrete aspect of his person or work? Were one of the Biblical metaphors for him invoked? Did he become Msible'?

*Is there transcendence?* - **Was** there a goal to merely instruct, or to get people face to face with God? Did the speaker seem aware of God or just aware of his sermon and audience? -- Was there a balance of warmth, love, and humility on the one hand, and force, power, authority on the other?

Aangesien Keller (2002:19) se voorgestelde preekevaluasievorm baie nou aansluit en verskeie van die elemente noodsaaklik vir Christosentriese prediking bevat, soos bespreek in hoofstuk twee en hierbo uitgelig, sal sy langer evaluasievorm as basis gebruik word in die evaluasie van die preke en oordenkings. In die lig van die normatiewe bespreking in hoofstuk twee, sal hierdie vorm egter effens aangepas en uitgebrei moet word ten einde sekere ander aspekte noodsaaklik vir Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament (bv. holistiese historie-kritiese interpretasie, bepaling van die FGT en keuse van ’n oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus), ook in berekening te bring tydens die evaluasie.

Die gewysigde evaluasievorm sien dus soos volg daarna uit:

***Waarheid***

<u>Is dit Skriftuurlik?</u>

i) Is die stellings gemaak in die preek geldig en gegrond op die teks? Is dit in lyn met die res van die Skrif? Is die teks verklarend gehanteer (vgl. 2.6.1 - 2.6.2)?
ii) Is die stellings geldig gegrond op die heils-/historiese konteks? Kom die onderskeie aspekte van ’n holistiese histories-kritiese eksegese tot sy reg (vgl. 2.4.2; 2.5.3.4; 2.6.2.2, asook ooreenkomste by Dingemans, 1991:225-226)?
iii) Is daar aandag gegee aan die FGT (Fokus op in-sonde-gevalle toestand) van die teks (vgl. 2.5.4.1, asook ooreenkomste by Dingemans, 1991:226)?
iv) Hoe is daar van die Ou Testament na Christus beweeg (vgl. 2.5.5)?
v) Is die sentrale tema opgelos of geïllustreer in Christus (vgl. 2.6.2.3, asook Klasevaluasievorm APA[1], 2012:2)? Is Christus die klimaks van die preek of is Hy bloot ’n terloopse byvoeging?

<u>Is dit duidelik?</u>

vi) Is dit duidelik waarheen die prediker in die preek op pad is? Is daar duidelike progressie ook ten opsigte van die Christosentriese fokus van die preek (vgl. Evaluasie: kritgeleenteid APA[2], 2012:3)?
vii) Is die hoofgedagte duidelik? Is die kenmerke van die narratief verreken (vgl. 2.4.2 en 2.6.1.2)?

***Lewe***

[1] Hierdie evaluasievorm word by die Afrikaanse Protestantse Akademie (waar voornemende predikante van die APK opgelei word) gebruik as riglyn aan die hand waarvan klaspreke deur studente gelewer, geëvalueer word.
[2] Hierdie evaluasievorm word by die Afrikaanse Protestantse Akademie (waar voornemende predikante van die APK opgelei word) gebruik as riglyn aan die hand waarvan kritiek-preke, soos gelewer deur voor-finalejaar studente, geëvalueer word.

<u>Is dit insiggewend?</u>

viii) Verstaan die prediker die hoorders se konteks? Hoe bou hy ‘n brug tussen die teks en die hoorder (vgl. 2.6.2.5)? In hoe ’n mate speel die Persoon, werk of boodskap van Christus ’n rol by die bou van hierdie brug?

ix) Is stellings op ’n oorspronklike/unieke en treffende wyse oorgedra?

<u>Is dit prakties?</u>

x) Is die boodskap prakties? Is voorstelle aan die hand gedoen wat konkrete verandering in leefwyse tot gevolg kan bring (vgl. 2.6.2.5)?

xi) Is Christus en sy voltooide werk toegepas as die praktiese oplossing vir enige probleem (vgl. 2.6.2.5)? Is die slaggate van antroposentriese prediking vermy? Hoe is Christus toegepas (vgl. Weyerman, 2001:594 en Klasevaluasievorm APA, 2012:2)?

***Krag***

<u>Is dit lewendig/helder?</u>

xii) Is van sekere sentrale metafore gebruik gemaak om aan sekere basiese konsepte in die preek konkrete vorm te gee?

xiii) Het die prediker gefokus op al die sintuie van die hoorder? Is die verbeelding betrek? Is Christus aangebied binne ‘n konkrete aspek van sy Persoon, werk of boodskap?

<u>Is daar transendensie?</u>

xiv) Was die doel bloot om aan die gemeente instruksies te gee? Is Christus (sy Persoon, werk of boodskap) sigbaar gemaak in die preek, of is daar bloot ’n paar dinge oor Hom gesê?

Tydens die ontleding van die onderskeie preke en oordenkings, asook die interpretasie wat daaruit voortvloei, sal gefokus word op punte i-viii), x), xi) en xiii) aangesien dit die Christosentriese karakter van die preek of oordenking die duidelikste sal blootlê.

## 3.4 Oorsig en ontleding van preke en oordenkings

### 3.4.1 Preek: Genesis 17:1-14, 24-27 en Galasiërs 3:6-29 (HK So 27) [sien bylae 1, deelnemer 2]

#### 3.4.1.1 Oorsig

Weens al die kontroversie oor die doop word dikwels gevra: *Waarom doop?* Om die doop werklik te verstaan, benodig ’n breë oorsig oor sakramente in die Ou en die Nuwe Testament. Die Ou-

Testamentiese sakramente, die besnydenis en die Pasga, was bloedtekens. Dit was offertekens waarin daar doodgemaak of ernstig seergemaak is. Beide het gestaan in die teken van verbondsluiting, oorgawe en aanbidding en beide was ’n toekomsblik op die offer van Jesus aan die kruis, al is dit toe nog nie volledig so verstaan nie. Christus se kruisdood was die volmaakte offer van bloedstorting. Hierna verander alle bloedtekens in voedseltekens wat lewe en krag simboliseer. Pasga word nagmaal – ’n voedselteken wat nuwe lewe simboliseer en die besnydenis word die doop – ’n waterteken wat afwassing van sonde simboliseer en wat die nuwe verbond van die ware Israel bevestig.

*Die besnydenis, doop en die verbond*

Genesis 17 getuig van die verbond (kontrak) wat God opgerig het tussen Hom en Abraham en sy nageslag. Die twee partye is dus God en Israel. Baie nadruk word gelê op die nageslag van Abraham. Hierdie verbond is ewig en kan nie vergaan nie. Die inhoud van die verbond is soos volg: God beloof om vir Israel ’n God te wees en indien hulle die verbond onderhou, sal hulle die land Kanaän as ewige besitting beërf. Seën wag indien die nageslag van Abraham die verbond eerbiedig.

Die besnydenis word ingestel as bloedteken waardeur die kontrak of die verbond, onderteken is. Die opdrag is dat alle seuntjies op die ouderdom van agt dae besny moes word. Abraham self is egter in die ouderdom van nege en negentig jaar besny saam met alle manlike persone van sy huis.

*Wat beteken dit?*

Slawe en diensknegte moes onderrig word om die God van Abraham te aanvaar en is besny as teken hiervan. Hulle word besny as nageslag van Abraham. Elkeen wat besny is, moes streng bly by die wette van God en geloof in Hom. Die vrou was nie ’n tekendraer van die verbond nie. Selfs in godsdienstige handelinge het die vrou ’n ondergeskikte rol beklee.

Die doop het in die Nuwe Testament die teken en seël geword vir die nuwe geslag van Israel. Christus het Homself laat offer as offerlam waarop die sondes van die wêreld uitgegiet is. Sy verlossing is ’n uitnodiging vir elkeen wat Hom aanneem om deel te word van ’n nuwe Israel met die belofte van ’n Ewige Kanaän. Die nuwe Israel sluit ander volke asook die vrou in. Jesus doen moeite om die vrou te verhef tot haar ereposisie. Na sy hemelvaart is vroue hartlik verwelkom in geestelike byeenkomste. Met die uitstorting van die Heilige Gees doen Lukas moeite om te noem hoeveel volksverteenwoordigers van ander volke deel van die kerk geword het. Die uitstorting van die Gees op Cornelius en sy doop word beklemtoon.

Die doop as teken van die nuwe Israel, vervang die besnydenis en word uitgebrei na alle volke, insluitende vroue. Volgens Galasiërs 3:7-9 bestaan die nuwe Israel nou uit elkeen wat glo. Volgens

Galasiërs 3:23-27 is die wat in Christus gedoop is, deel van die nuwe Israel – dit sluit in mense uit vreemde volke, slawe en vroue (vgl. Gal. 3:28-29). Hulle word erfgename van die verbond en ontvang die teken van die nuwe verbond, naamlik die doop. Die bloedteken is vervang met die lewegewende simbool van water. Hierin lê 'n bevrydende dankbaarheidsgedagte. Daarom beveel Christus dat die evangelie aan die hele wêreld verkondig moet word.

Gelowiges se erfenis lê in die hemelse Kanaän, die ewige lewe. Elkeen wat in sondebelydenis en geloof na Jesus Christus kom, ervaar sy vergifnis en word kinders van God vir ewig. Hiervan is die doop teken en seël. Die doop red nie. Geloof en oorgawe aan Christus red wel. Indien jy gered is, is die doop 'n openbare teken en seël wat jou geloof versterk. Maak dus seker dat jy deel is van God se nuwe Israel waarmee Hy 'n verbond het.

#### 3.4.1.2 Ontleding

*Waarheid*

Stellings in die preek gemaak, is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Die teks is in 'n redelike mate verklarend hanteer. Die mens se soeke na sekuriteit funksioneer as die FGT (vgl. Brueggemann, 1982:154). Die historiese konteks van die teks figureer nie werklik in die boodskap nie (vgl. Brueggemann, 1982:154; Greidanus, 2007:163-164). Dit veroorsaak dat baie vinnige en groot spronge na Christus gemaak word sonder dat die teks se plek in die heilsgeskiedenis verreken word. Indien die plek in die heilsgeskiedenis verreken is, sou die noodsaaklikheid van 'n bloedoffer, asook die eis tot gehoorsaamheid aan die verbond, vollediger uitgewerk gewees het (vgl. De Vaux, 1961:46-48; Van Selms, 1979a:234-235; Henry, 1991; Wenham, 1994:29). Dit is ook die rede waarom die preek nie werklik daarin slaag om te verduidelik *waarom* die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie (vgl. Beale, 2011:808-816).

Die verbond tesame met tipologie en die verbintenis aan 'n Nuwe-Testamentiese teks, word gebruik om na Christus te beweeg (vgl. Brueggemann, 1982:155-156). Christus is die volmaakte bloedoffer en op grond van sy soenverdienste tree God in 'n nuwe verbondsverhouding met elkeen wat glo (vgl. Beale, 2007:862). Dit is nie altyd duidelik waarheen die prediker op pad is nie. Die kenmerke van die narratief is nie deeglik verreken nie.

*Lewe*

Die verbond word gebruik as brug tussen die teks en hoorders. Hoewel daar geneig word in die rigting van toepaslikheid deur daarna te verwys dat Christus se voldoening en ons insluiting in God se volk rede tot dankbaarheid is, word hierdie gedagte nie verder ontgin nie. Brueggemann (1982:155; vgl. Wenham,1994:23-24) lig 'n sinvolle toepassingsmoontlikheid uit wanneer hy daarop wys dat die doop,

net soos die besnydenis, losgemaak kan word van die eise van geloof. Christus se voltooide werk word nie toegepas nie.

<u>*Krag*</u>

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is betrek en Christus is aangebied binne ’n konkrete aspek van sy Persoon en sy werk.

### 3.4.2 Preek: Genesis 17:7 – 14, 23 – 27 asook Galasiërs 3:13 – 29(HK V/A 69-71) [sien bylae 2, deelnemer 2]

#### 3.4.2.1 Oorsig

Baie min mense verstaan die doop en kan gevolglik nie in die troos daarvan lewe nie. Hierdie preek hanteer die vraag: *Waarom die doop?* Om die doop as sakrament te verstaan is dit nodig om by die Ou Testament, spesifiek Genesis 17, te begin waar ’n bloedteken en seël ingestel word om Israel daaraan te herinner dat hulle volk van God is wat Hom erken en aanbid. God sluit ’n kontrak tussen Hom en Abraham en sy nageslag. Dit is ’n ewige verbond met bepaalde, ewige voorwaardes vir Abraham se nageslag. Klem word geplaas op die nageslag van Abraham. In Galasiërs 3 word Abraham se nageslag in verband gebring met die doop. God beloof ’n land aan die Israeliete, die nageslag van Abraham. Hulle moet aan God gehoorsaam bly en Hom vertrou.

God stel ’n teken in as bevestiging van die verbond. Hierdie teken gaan gepaard met bloed. Die besnydenis word ’n bloedteken wat blywend onder Israel toegepas moes word. Slegs mans, as hoof van die huis, het die teken ontvang en weens die vrou se ondergeskikte posisie, moes sy buig voor die man se geloofsbeloftes en getrouheid aan die verbond. Heidene wat as slawe gekoop is deur Israeliete, moes ook besny word en in geloof buig voor die God van Abraham.

Kindertjies is op ’n ouderdom van agt dae besny, want dan was dit veilig om dit te doen, maar op die agste dag sou die moeder se onreinheidsperiode na die bevalling ook verby wees sodat beide ouers in die openbaar kon verskyn. Alle manspersone in ’n gelowige huis moes die teken ontvang. Niemand in Israel mag die verbondsteken gering geag het nie. Dit was heilig.

Christus het gekom om die verbond nuut te maak en die ewige lewe as ewige Kanaän vir ons los te koop met sy bloed. Hy bestyg die kruis om ’n einde te maak aan alle bloedtekens en dit te vervang met voedsel en water tekens wat lewe bring vir elkeen wat in Hom glo. Jesus Christus stort sy bloed as finale offer vir ons sondes sodat gelowiges nie meer gebuk gaan onder die vereistes van ’n bloedoffer nie. Hiervan word die doop in die Nuwe Testament die teken en seël. Christus stel self die teken in in die Naam van God Drie-enig.

In Galasiërs 3 wys Paulus daarop dat Abraham se geloof hom die vader van God se verbond gemaak het om vir sy nageslag Kanaän as ewige besitting te gee en God vir elke Israeliet God te laat wees. Deur geloof in Christus het elke gelowige deel geword van die nuwe Israel en is erfgename van 'n nuwe verbond. Die doop verkondig dat God ons God wil wees en dit word die openbare verkondiging van my geloof en kindskap in Christus Jesus met die ewige lewe as erfenis. Paulus stel dit duidelik (Gal. 3:25-29):

- Die doop verkondig ons kindskap van God!
- Die doop verkondig dat ons beklee word met Jesus!
- Die doop verklaar dat die gelowige die geestelike nageslag is van Abraham om:-
- erfgename van die verbond van God met ons, as nuwe Israel, te word!

Twee sake val op in Galasiërs 3. Eerstens is die vrou nie meer in 'n minderwaardige posisie nie, maar mede-erfgenaam van die belofte. Tweedens word volkere ook nie meer uitgeskakel nie, maar volkome gered indien hulle glo in Jesus Christus. Die doop beklemtoon die volkome verlossing deur Jesus Christus. Die waterbad van die doop vervang die bloedteken van die besnydenis. Hieroor kan gelowiges opgewonde wees.

Aangesien baie gelowiges die doop nie só verstaan nie, vind hulle doopplegtighede vervelig. Wie die taal van die doop verstaan, sal telkens verstom wees oor die genade van God waarvan die doop getuig. Hierdie waarhede word bevestig in die antwoorde van die Heidelbergse Kategismus wat oor die doop handel.

#### 3.4.2.2 Ontleding

<u>*Waarheid*</u>

Stellings in die preek gemaak, is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Hoewel hierdie preek meer neig in die rigting van tematiese prediking, is daar tog sinvol gebruik gemaak van verklarende prediking ter ondersteuning van die boodskap, naamlik: Die noodsaaklikheid van die doop. Sodoende is die literêre eienskappe van die teks verreken waarvolgens die besnydenis as teken van die verbond beklemtoon word (vgl. Brueggemann, 1982:154; Greidanus, 2007:160). Die boodskap is dus in die teks begrond. Die historiese konteks is gerespekteer deur die belofte na 'n land in aanmerking te neem tydens die verklaring van die teks. Tog sou dit die prediker baat om ook Israel se situasie en interpretasie van die teks tydens die Babiloniese ballingskap in ag te neem. Die FGT wat hier na vore gebring word, is die mens se soeke na sekuriteit (vgl. Brueggemann, 1982:154; Westermann, 1986a:163).

'n Leemte in die preek is dat die historiese interpretasie van die teks nie duideliker na vore gebring is nie (vgl. Von Rad, 1972:201; Greidanus, 2007:163-164). Die gevolg is dat vinnige en groot spronge na die Nuwe Testament en Christus gemaak is. Hoewel hierdie spronge nie noodwendig verkeerd is nie, sou dit die prediker baat om nog meer aandag aan die historiese konteks te gee. Uiteindelik is die preek Christosentries en word die sentrale tema in Christus opgelos as die Een wat deur sy bloedoffer aan sy volk toegang tot die beloofde land gegee het (vgl. Beale, 2011:806-807). Hier is van verskeie tegnieke gebruik gemaak, onder andere Nuwe-Testamentiese verwysing en tipologie (Christus die volmaakte bloedoffer) om vanuit die teks na Christus te beweeg. Daar is progressie. Dit sou die prediker baat om byvoorbeeld die storielyn en opbou van die spanning binne die verhaal (vgl. Greidanus, 2007:161-162), as kenmerke van die narratief beter te benut.

<u>*Lewe*</u>

Hoewel die aktuele vraag na: *Waarom doop?* aangespreek word en in die voltooide werk van Christus gegrond is, is verdere toepassing van die boodskap afwesig. Die brug tussen die teks en hoorder word gebou deur te fokus op die betekenis van 'n sakrament. Brueggemann (1982:155; vgl. Wenham,1994:23-24) se voorstel tot toepaslikheid geld ook hier.

<u>*Krag*</u>

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is betrek en Christus is aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon en werk.

### 3.4.3 Preek: Genesis 22 (sien bylae 3, deelnemer 1)

#### 3.4.3.1 Oorsig

Niemand hou van toetse of eksamens nie, want toetse bring te veel spanning. Toetse is egter noodsaaklik, want dit toets ons kennis en wys aan onderwysers of hulle hul doel bereik het tydens onderrig. Die suksesvolle voltooiing van 'n toets, wys of 'n mens gereed is om aan te beweeg na nuwe horisonne.

Dit is vir die Vader belangrik dat ons groei in ons geloof, daarom toets Hy, as die volmaakte onderwyser, ook die opregtheid van ons geloof. Abraham se geloof word deur God getoets. Mense mag moontlik vra waarom 'n goeie God toelaat dat sulke moeilike en slegte beproewings oor ons pad kom. Gelowiges moet onthou dat daar 'n verskil tussen beproewings en versoekings is. God versoek niemand nie, maar beproef wel om die goeie in ons na vore te laat kom. Hy beproef ons omdat Hy ons liefhet. Slegs Satan versoek om ons weg te trek van God se genade.

Genesis 22 leer drie dinge: Wat is die doel van beproewing? Hoe behoort ek op te tree onder beproewing? Laastens dien dit as aansporing tot volharding. Aan die hand hiervan sal gekyk word waarom God Abraham op die proef gestel het.

Vanaf Genesis 12 is dit duidelik dat God 'n besondere verhouding met Abraham het. God noem hom sy vriend en beloof aan hom seën. Tog is Abraham kinderloos en hy verjaag ook Ismael wat by die slavin verwek is. Uiteindelik word 'n seun vir Abraham gebore. Hoe lyk sy geloof nou dat hy gekry het wat hy wou gehad het? Was God net vir hom 'n middel tot 'n doel of was sy geloof in God opreg – dit is die toets waarvan Genesis 22 berig.

God toets Abraham se geloof sodat hy as ryker mens uit die beproewing kan kom. Tydens hierdie toets besef Abraham hoe sy verhouding met God lyk. Hy besef dat sy geloof in God opreg is en dat dit op sy liefde vir God gebaseer was. Nie eens sy familie was vir hom belangriker as God nie. Abraham se geloof was nie 'n goedkoop of gemaklike geloof nie. Wanneer ons geloof getoets word, leer ken ons ons verhouding met God.

Abraham was sonder teëstribbeling gehoorsaam aan God se opdrag. Hy het ook nie uitstel op hierdie opdrag gevra nie, maar dadelik gehoorsaam. Hy het nie grootgepraat oor hierdie opdrag nie. Hy het ook nie toegegee aan die versoekings van die Satan wat hom kon verhoed om sy seun te offer nie. Net voordat hy Isak wou offer, keer God hom. Abraham het die toets geslaag. Sy geloof was opreg en sy vriendskap met God was gebou op vertroue.

Hoe lyk ons verhouding met God wanneer ons geloof getoets word? Is ons heeltyd negatief oor al die teëspoed wat God oor ons pad stuur, of glo en vertrou ons soos Abraham op God? Dra ons ons kruis met 'n blye hart omdat ons weet aan wie ons behoort? God besit alle krag. Hy rus toe en gee uitkoms as Hy ons beproef.

Christus leer ook sy volgelinge dat die lewe hulle nie altyd maklik gaan hanteer nie. Tog stuur Hy die Heilige Gees as Trooster om ons toe te rus en te bemoedig as ons beproef word. Gelowiges behoort nie te stagneer in hul geloof nie, maar te groei soos Abraham gegroei het. Die Here vra vandag dieselfde van sy volgelinge as van Abraham – dat ons Hom sal glo en vertrou al gaan dit swaar. Ons is duur gekoop deur Christus, daarom kan ons op God vertrou. Niks kan ons uit God se hand ruk nie. Mag ons te midde van swaarkry en beproewings bly glo en vertrou op God met die wete dat ons aan Christus behoort. Hy skenk aan ons 'n ewige toekoms.

#### 3.4.3.2 Ontleding

*Waarheid*

Stellings wat in die preek gemaak word, is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Hoewel vlugtig na die konteks verwys word, word die konteks juis nie in ag geneem nie. Die teks word nie heilshistories hanteer deur dit teen die agtergrond van Genesis 12 te verklaar nie (vgl. Wenham, 1987:281; Davies, 2006:31-33). Die prediker slaag nie daarin om die eienskappe van die narratief te benut ten einde die boodskap van die teks en gevolglik die FGT vas te stel nie. Indien die narratief van Genesis 22 as deel van die Abrahamnarratief hanteer is, sou die prediker heel moontlik tot ander insigte gekom het. Die spanningslyn, naamlik die moontlike uitwissing van die nageslag van die belofte, word nie ontbloot nie (vgl. Beale, 2011:47-48). Indien die literêre eienskappe van die teks 'n groter rol tydens interpretasie gespeel het, sou Abraham se uitspraak in vers 8 baie sterker gefigureer het in die verklaring (Brueggemann, 1982:186). Indien die prediker sensitief was vir die feit dat die verteller beide gesigpunte op die gebeure gee, dié van God asook dié van Abraham, sou dit die vasstel van die spanningslyn en gevolglik die sentrale boodskap van die teks, vergemaklik het (vgl. Von Rad, 1972:239). Dat Abraham se toekoms en gevolglik die vervulling van God se belofte van 'n nageslag op die spel was, sou duideliker na vore gekom het (vgl. Von Rad, 1972:239,244).

In hierdie preek is nie sprake van Christosentriese prediking nie. Christus word terloops aan die einde van die preek genoem. Die hoofgedagte is nie duidelik nie en gevolglik is daar nie progressie in die boodskap nie.

*Lewe*

Die sentrale tema van die preek word nie opgelos in Christus nie. Uiteindelik is die toepassings in die preek moralisties. Abraham word eksemplaries gehanteer as 'n iemand wie se geloof nagevolg behoort te word. Hierdie opdrag is egter glad nie gegrond op Christus se voltooide werk nie.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is soms betrek, maar Christus is nie aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie, hoewel daar 'n terloopse verwysing daarna in die slotgedagtes van die preek is.

### 3.4.4 Oordenking: Genesis 12:1-4 (sien bylae 4, deelnemer 1)

#### 3.4.4.1 Oorsig

Genesis 12 staan in 'n bepaalde konteks. Die boek Genesis begin met die skepping, die eerste moord, die verhaal van die sondvloed en hoe God uit die nageslag van Noag die mensdom gered het. Na die sondvloed verval die mens weer in sonde met sy begeerte om soos God te wees tydens die toring van Babel. Die mens wil oor homself heers. Hierna vind die roeping van Abraham plaas. God kom red die mensdom deur die huisgesin van Abraham wat geroep word om na 'n vreemde land weg te trek.

Abraham word as kind van 'n ongelowige gekies om as vader van die volk van God te dien waaruit die Redder van die wêreld eendag gebore sou word. Kort-kort val die mens in sonde, word die sonde vernietig en kies God iemand deur wie Hy 'n nuwe begin maak. God roep Abraham na 'n nuwe land om 'n nuwe begin te maak. Abraham trek omdat God hom beveel het om dit te doen. God kies Abraham vir sy verlossingsplan en Abraham reageer gehoorsaam op hierdie roeping. Abraham pak die saak in geloof aan. Hierdie geloof word deur die Hebreërskrywer as voorbeeld van geloof voorgehou. Abraham het God se woord geglo sonder om eers die eindresultate te sien.

Abraham en sy gesin word die boustene vir God se verlossingsplan. Met hulle sluit God 'n verbond. Die gesin word die werktuig vir God se verlossingsplan en die uitdra van die wet. Die gesin is die middelpunt waardeur en waarin God sy volk in die gelowige kinders bewaar. Dit word opnuut bevestig met die geboorte van Christus uit die stamboom van Abraham en Dawid. Hy wat redding sou bring, word uit die gesin van Josef en Maria gebore.

Genesis 12 staan aan die begin van 'n nuwe tyd. 'n Tyd waarin God 'n gesin gebruik om sy verlossingsplan 'n werklikheid te maak. Abraham en sy gesin is gebruik om uiteindelik aan ons die ewige verlossing te gee. Mag ons gesinne ook gehoorsaam wees aan God se Woord en dit uitleef. Mag ons in ons gesinne deel van God se verlossingsplan wees.

#### 3.4.4.2 Ontleding

*Waarheid*

Stellings wat in die oordenking gemaak word, is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Hoewel slegs 'n oordenking, hou die prediker goed rekening met die kanonieke konteks van die teks (vgl. Greidanus, 2007:139-140). Die in-sonde-gevalle mens se behoefte na n nuwe begin, word tereg hanteer as die FGT van die teks (vgl. Brueggemann, 1982:108; Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:31).

Die oordenking is oorwegend Christosentries. Die hoofgedagte word opgelos in Jesus Christus. Abraham se gesin word voorgehou as middel waardeur God uiteindelik verlossing vir sy volk bewerk. Abraham se gesin is dan tipe van Christus se gesin waaruit Hy as Verlosser gebore is. Dit is egter nie seker of dit die boodskap van die teks is nie. Die prediker maak die fout om te veralgemeen en elke Christengesin gelyk te stel aan Abraham en sy gesin (vgl. Greidanus, 2007:139).

*Lewe*

Deur te fokus op die gesin word die afstand tussen teks en hoorder oorbrug, maar dit is kunsmatig. Dit sou die prediker baat om meer aandag te gegee het aan die beloftes binne die narratief (vgl.

Brueggemann, 1982:109-114; Westermann, 1986a:119; Wenham, 1987:281-283; Davies, 2006:31-33), sodat vandaar 'n sinvolle oorgang na Christus gevind en 'n brug tussen teks en hoorder gebou kon word.

In sy fokus op die gesin probeer die prediker die aktualiteit van die boodskap beklemtoon, maar uiteindelik verval die boodskap in moralisme deurdat gesinne aangemoedig word om *soos* Abraham en sy gesin gehoorsaam te wees aan God se beloftes. Daar is nie praktiese voorstelle tot lewensverandering gegrond op Christus nie.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding word min betrek en Christus word nie aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie. Dat Christus uit die nageslag van Abraham gebore is, sou verder ontwikkel kon word as bewysplaas en motivering vir gelowiges om 'n nuwe begin in hul lewens te maak. Abraham se roeping staan in verband met Christus se roeping (vgl. Brueggemann, 1982:118).

### 3.4.5 Oordenking: Genesis 16:1-4 (sien bylae 5, deelnemer 1)

#### 3.4.5.1 Oorsig

Behalwe die gewone dinge waaroor 'n mens soms ongeduldig raak, is daar ernstiger dinge wat ons so ongeduldig maak dat ons na God gaan vir hulp. Ons pleit vir geduld en krag om daardie situasies te hanteer, maar wil daardie geduld en krag gewoonlik dadelik hê. Min mense het die geduld om te wag dat God dinge op sy tyd en sy manier doen.

Genesis 16 vertel dat Abram en Sarai lank moes wag vir die kind wat God aan hulle beloof het. Hulle het begin oud raak en hulle het oor die tyd gegaan waarin 'n mens kinders kry. Dit het hulle ongeduldig gemaak met God se tydskedule. Gelowiges raak dikwels ongeduldig met God se tydskedule. Hulle plaas dinge in God se hand net om dit weer daaruit terug te neem en self iets aan die saak te probeer doen omdat God sloer.

Indien God egter dadelik vir ons sou gee wat ons vra, sou dit nege uit tien kere dalk vir ons nadelig gewees het. Abram en Sarai het baie opgeoffer vir God. Hulle verlaat hulle land en is gereed om 'n nuwe begin te maak met die nageslag wat God aan hulle beloof, maar dit lyk nie asof dit gaan realiseer nie. Hulle is kwesbaar en vatbaar vir versoekings.

Die heelal behoort aan God en Hy is in beheer van alle dinge. Niks in die heelal word aan toeval oorgelaat nie. As God in beheer van dit alles is, is Hy ook in beheer van my geestelike lewe. Hy weet van al die dinge wat ons ongeduldig maak. Ten spyte van ons ongeduld, bly God genadig. Ten spyte

daarvan dat ons Hom beskuldig van alles wat verkeerd loop in ons lewens, stuur Hy sy Seun om vir ons sondes te sterf.

God bly getrou aan sy beloftes aan Abram en Sara ten spyte van hulle ongeduld. Isak word gebore. Al is die mens hoe ongeduldig, God is getrou en voorsien op sy tyd wat ons nodig het. Die nageslag van Abraham was ook ongeduldig in hul soeke na ’n Messias. God stuur egter sy Seun op die regte tyd soos eeue terug belowe. Hierdie Messias het ons tot geduld aangemoedig met die belofte dat Hy ons kom haal op die tyd wat daarvoor bepaal is.

#### 3.4.5.2 Ontleding

*Waarheid*

Stellings wat in die oordenking gemaak word, is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Deur veral die historiese konteks van die teks in ag te neem, was die prediker in staat om eerstens die FGT van die teks, naamlik die mens se ongeduld met God se beloftes, as geldige FGT te identifiseer (vgl. Hamilton, 1990:446). Die konteks het daartoe bygedra dat die FGT nog nouer afgebaken kon word as: Die mens se ongeduld met God se beloftes in sy soeke na verlossing en seën (vgl. Brueggemann, 1982:151; Duncan, 1999).

Die oordenking slaag redelik goed daarin om die teks heilshistories te hanteer. Die gevalle toestand van die mens wat aanleiding gee tot sy ongeduld met God se beloftes, word ook beklemtoon in die nageslag van Abraham. Hulle is ongeduldig in hul soeke na ’n Messias. Die prediker het dus gebruik gemaak van ’n heilshistoriese ontplooiing in samewerking met die deurlopende tema tegniek om van die Ou Testament na Christus te beweeg. Westermann (1986a:158) wys ook hoe daar van die gedagte rondom die “bode van God” gebruik gemaak kan word om sinvol na Christus te beweeg. Die hoofgedagte is duidelik en daar is merkbare progressie in die boodskap met Christus as klimaks. Die eienskappe van die narratief is verreken.

*Lewe*

Die prediker gebruik die FGT om ’n brug te bou tussen die teks en die hoorders. ’n Probleem is wel dat die gelowige aangespoor word tot geduld op eskatologiese gronde. Dit sou die prediker gebaat het om die boodskap te begrond in die voltooide werk van Christus (vgl. 2 Kor. 1:20). Die gevaar vir die mens om eerder op sy eie handewerk te vertrou in plaas daarvan om geduld te hê met God se beloftes, sou ook sinvol aangewend kon word (vgl. Brueggemann, 1982:152).

Die aktualiteit van die boodskap kom nie ten volle tot sy reg in die oordenking nie, maar dit kan wees weens die feit dat dit nie ’n vollengte preek is nie. Die identifisering van die FGT het gehelp met

aktualiteit, maar dit kon meer ontwikkel geword het. Christus is toegepas as vervulling van God se beloftes en bewys van sy getrouheid.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is soms betrek en Christus is aangebied binne ’n konkrete aspek van sy Persoon of werk, naamlik die Een in wie God se beloftes vervul is.

### 3.4.6 Oordenking: Genesis 16:1-16 (sien bylae 6, deelnemer 6)

#### 3.4.6.1 Oorsig

*Inleiding*

Daar is verskillende dinge in die lewe wat die mens paniekerig maak – geldelike probleme, broodgebrek, huweliksprobleme, swak gesondheid, probleme met kinderopvoeding, ensovoorts. As dit lyk asof die Here van ons in ons nood vergeet het, begin ons dikwels noodplanne maak. Tog leer Genesis 16 dat ons geduldig op die Here moet wag en op Hom moet vertrou.

*Geloof eis ’n vaste vertroue in dit waarin ons glo*

Genesis 15 openbaar Abram se ongeduld met die beloftes van God en Genesis 16 Sarai se ongeduld. Dit lyk nie vir haar asof God sy beloftes gaan nakom nie. Sy besluit om in te gryp en God te help. Sy bedink ’n noodplan om vir Abram ’n nageslag te gee. Sy gee Hagar aan Abram sonder dat hy protesteer.

Iets van ons eie ongeduld sien ons in Abram en Sarai se ongeduld. Tog leer Genesis 16 dat dit niks help om paniekerig rond te hardloop en God se planne oor te neem nie. Geloof eis vertroue in God se beloftes. In sulke omstandighede beproef God ons geloof en behoort ons hierdie beproewing ’n vreugde te ag. Gelowiges behoort in die geloof te bid sonder om te twyfel (vgl. Jak. 1:2-8).

*Ongeduld bring seer en verwyte*

Abram en Sarai het nie hul vertroue in God geplaas nie, maar in ’n Egiptiese slavin. Die noodplan was nie God se wil nie en daarom verkeerd in sy oë. Dit word duidelik uit Genesis 17. Abram en Sarai het God nie meer onvoorwaardelik vertrou nie.

Gelowiges se geloof kom ook maklik om dieselfde rede op ’n syspoor weens die mens se ongeduld met God. In die proses kry gelowiges wat nie bereid is om te wag vir God se oplossings nie, seer. Dit is gedurende hierdie wagtyd dat God sy kinders vorm.

Die gevolge van Abram en Sarai se ongeduld word bespreek. Hagar word hoogmoedig teenoor haar meesteres. Sarai verwyt Abram en uiteindelik word Hagar verjaag en oorgelaat aan die elemente in die woestyn. Die grootste gevolg is dat Ismael se nageslag nie in vrede met ander mense sou kon leef nie. Ons dink gewoonlik nie aan die gevolge van ons noodplanne nie.

*Geduld bring seën en vooruitsig*

Hebreërs 6:11-12 leer dat geloof en geduld hand aan hand beweeg. Hoewel gelowiges in die Ou en die Nuwe Testamente dikwels moes wag op die vervulling van God se beloftes, was God se tydsberekening met die vervulling daarvan telkens perfek. Christus se koms is ’n goeie voorbeeld. Op die regte tyd is Hy na die aarde gestuur om vir sondaars se sondes te sterf. Hy kom in die volheid van die tyd, die tyd toe die tyd reg was vir sy koms.

Dus, God beskik, sorg en voorsien op die regte tyd. Dit is egter nie maklik om te wag op ’n antwoord nie. Om te wag beteken om in biddende afhanklikheid op te tree.

*Slot*

Ongeloof bring twyfel, hartseer en verwyte. Geloofsvertroue in God se Woord en geduld daarby bring seën en lewe.

#### 3.4.6.2 Ontleding

*<u>Waarheid</u>*

Die stellings in hierdie oordenking is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Deur die opbou van die spanning in die narratief te ontbloot en die krisis raak te sien, het die prediker daarin geslaag om ’n geldige FGT vir die teks te bepaal, naamlik: Die mens se ongeduld met God se beloftes (vgl. Gispen, 1979:118; Walvoord & Zuck, 1983). Walton (2001:455) ontbloot egter die gevaar wanneer eensydig gefokus word op Abram en Sarai se “get out ahead of the Lord” as les vir die gelowige se lewe.

Die teks is binne mikro-konteks behandel, maar die plek van die narratief binne die geheel van die Bybel en die heilshistoriese konteks, is nie ten volle verreken nie. Dit sou die prediker gebaat het om die narratief binne die groter Abrahamnarratief te plaas (vgl. Brueggemann, 1982:115). Sodoende sou die opbou van die spanning sterker na vore gekom het (vgl. Greidanus, 2007:181). Die feit dat die vervulling van God se belofte van ’n nageslag aan Abram van deurslaggewende belang was vir die uiteindelike koms van die Messias, is nie aangetoon nie (vgl. Brueggemann, 1982:150). Die teks is dus nie hanteer teen die agtergrond van God se beloftes aan Abram in Genesis 12 nie (vgl. Van Selms, 1979a:223;

Wenham, 1987:281; Davies, 2006:31-33). Uiteindelik is Christus bloot as voorbeeld van God se betroubaarheid voorgehou. Die boodskap, naamlik God se getrouheid, is dus nie geanker in die werk van Christus nie. Christus is nie slegs 'n voorbeeld van God se getrouheid nie, Hy is uiteindelik die rede waarom en die bewys daarvan dat God wel getrou en betroubaar is (vgl. 2 Kor. 1:20). In hierdie oordenking word Christus dus bloot as byvoeging en nie as klimaks van die boodskap hanteer nie. Die boodskap het progressie getoon.

*Lewe*

Deur gebruik te maak van die FGT is daarin geslaag om die afstand tussen teks en hoorder te oorbrug. Die boodskap is dus aktueel en spreek eietydse vrae van gelowiges aan. Aangesien Christus se voltooide werk nie toegepas word nie, is daar nie konkrete voorstelle tot lewensverandering nie, maar slegs instruksies vir 'n aanvaarbare leefwyse.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is soms betrek, maar Christus is nie aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie, naamlik die Een in wie God se beloftes vervul word. Indien sterker hierop gefokus is, sou die toepassings ook meer konkreet kon wees.

### 3.4.7 Oordenking: Genesis 17:1-19 en 18:1-15 (sien bylae 7, deelnemer 2)

#### 3.4.7.1 Oorsig

Hoewel baie mense van mening is dat slegs Sara gelag het toe die Here aangekondig het dat sy op rype ouderdom 'n kind sou hê, is dit nie waar nie. Abraham het ook gelag. Die moderne, wetenskaplike mens glo nie meer in wonders nie. Dit is selfs in ons eenvoudigste handelinge duidelik. Mense is uit die staanspoor skepties oor verhale van wonderwerke.

Die God van wonderwerke bestaan vir baie Christene nie meer nie. Ongeloof vernietig vandag baie Christene se verhouding met God. In Filippense 4:6-7 moedig Paulus gelowiges aan om in gebed en smeking met danksegging hulle begeertes by God bekend te maak. Sê ek dankie voor God nog antwoord? Is ons dalk al so skepties dat ons baie traag of glad nie dankie sê voor ons ontvang nie? Die Christen se geloof in God se belofte dat Hy sal antwoord as ons in Jesus se Naam vra, het platgeval. Soos Abram en Sara lag ons in ons mou oor die uitvoering van God se beloftes.

Isak word gebore en sy naam beteken: Gelag. Die onmoontlike was toe moontlik. God omskep dikwels 'n skeptiese lag in 'n vreugdelag oor menigvuldige seëninge. Glo ons nog of lag ons skepties agter ons hand? Abraham vra dat Ismael sal lewe voor God se aangesig terwyl God gesê het die kind se naam wat Hy belowe, se naam moet Isak wees.

Ook in jou lewe moet jy buig voor die God van wonders en jy sal die hemelpoorte voor jou sien oopgaan. Al was Abraham skepties, vra hy: Here, kan dit wees? Daarin lê sy seën. Glo ons? Sien ons kans vir geloofsoorgawe?

#### 3.4.7.2 Ontleding

*Waarheid*

Die stellings in hierdie boodskap is korrek en gegrond op die teks. Die prediker slaag goed daarin om deur middel van die spanningslyn die FGT vas te stel as die pessimisme van die mens – sy onvermoë om te glo en te vertrou op God se beloftes (vgl. Von Rad, 1972:203; Van Selms, 1979a:236-237; Brueggemann, 1982:156; Hamilton, 1990:477). Historiese interpretasie van die teks, naamlik om die vraag na Israel se ontstaan te beantwoord, is afwesig (vgl. Zimmerli, 1978:29; Wenham, 1994:31). Die teks is wel teologies geïnterpreteer. Die mikro-konteks van die teks is in ag geneem deur dit te verklaar teen die agtergrond van die belofte in die eerste helfte van hoofstuk 17. Die boodskap sou egter daarby baat gevind het indien die heilshistoriese plasing en kanonieke konteks sterker gefigureer het. Die belofte in vers 6 en 16, naamlik dat konings en volke uit die beloofde kind se nageslag sou kom, sou nuttig gebruik kon word (vgl. Zimmerli, 1978:29). Dan sou die boodskap meer Christosentries van aard wees deurdat die deurlopende temas van God se getrouheid en die feit dat niks by God onmoontlik is nie, as oorgang van die Ou Testament na Christus benut kon word (vgl. Brueggemann, 1982:153; Hamilton, 1990:464-465). In die huidige vorm van die oordenking is daar nie 'n duidelike oorgang vanuit die teks na Christus nie. Die hoofgedagte is wel duidelik, maar progressie ontbreek.

*Lewe*

Die boodskap is wel aktueel deurdat dit die universele swakheid van die mens, naamlik sy ongeloof in God en sy beloftes, beklemtoon word (vgl. Hamilton 1990:477). Daardeur word die brug tussen die teks en die hoorder gebou. Tog word hierdie probleem nie bevredigend beantwoord nie. Die oplossing wat gebied word, neig na antroposentriese prediking deurdat gelowiges aangemoedig word om voor God te buig en Hom te erken. Dan sal hulle sy wonders sien gebeur. Die waarheid is egter dat God se wonderwerke nie afhanklik is van die mens se erkenning nie. Sy wonderwerke is gegrond op sy karakter van getrouheid wat in en deur Christus bevestig is. In Hom is die nuwe verbond vervul (vgl. Wenham, 1994:31). Aangesien hierdie boodskap nie sy hoogtepunt in Christus bereik nie, is die toepassings gevolglik nie gegrond op sy voltooide werk nie.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Hoewel die verbeelding betrek is, is Christus nie aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie, byvoorbeeld ten opsigte van die aspek dat die onmoontlike vir God moontlik is nie.

### 3.4.8 Oordenking: Genesis 22:1-14 (sien bylae 8, deelnemer 4)

#### 3.4.8.1 Oorsig

Deur die opdrag om Isak te gaan offer, word Abraham op die proef gestel. Die offer wat God vra is onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Abraham doen wat God eis al is die opdrag hoe moeilik en vreemd. Die opdrag is veral vreemd in die lig van God se belofte van 'n groot nageslag. As vader en man van Sara moes dit vir Abraham baie moeilik gewees het.

Abraham het hom nie teëgesit nie, maar deur absolute selfverloëning kon hy aan hierdie opdrag gehoorsaam wees. Onvoorwaardelike gehoorsaamheid was nog altyd sy beginsel. Abraham maak 'n geloofsuitspraak wanneer hy sy dienaars opdrag gee om te wag totdat hy en Isak na hulle terugkeer. Hy het geglo in God se voorsiening en mag om uit die dood op te wek. Die tweede geloofsuitspraak kom wanneer hy Isak antwoord dat God self 'n offerlam sal voorsien. Daarin is die evangelie al die eeue opgesluit: God voorsien vir Homself 'n offerlam. Isak laat hom gewillig vasbind soos Christus ook later Homself gewillig aan 'n kruis laat vasspyker het.

Abraham was bereid om sy offer te bring, maar God voorsien wonderbaarlik 'n offerlam. Daar moet steeds geoffer word, maar die ram word nou in Isak se plek geoffer aangesien geen versoening sonder voldoening moontlik is nie. Die ram en alle ander plekbekledende offers is tipe van Christus se plekbekledende offer. Hy het gesterf sodat ons kan leef. Hy is die Lam deur God voorsien om vir ons sondes versoening te doen.

Om deel te kry aan hierdie offer, is dit nodig dat ons onsself ten volle sal verloën soos Abraham. Ons moet bereid wees om met absolute selfverloëning onsself aan Christus oor te gee. Die offers wat ons moet bring is enige iets wat met Christus meeding om die heerskappy van ons harte. Die offer eis verder dat ons die sonde moet afsterf.

#### 3.4.8.2 Ontleding

<u>*Waarheid*</u>

Die stellings in hierdie oordenking is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Die heilshistoriese konteks word verreken. Die FGT is duidelik: Die mens se onvermoë om te glo in God se beloftes en voorsiening. Die historiese konteks word goed verreken met die verwysing na die eis tot versoening as rede vir die offer (vgl. Westermann, 1986a:199; Clowney, 1988:51-59; Keller, 2002:48-49). Indien hierdie gedagte vollediger uitgewerk is, sou die prediker dalk nie so maklik in die slaggat van moralisme getrap het nie.

Hoewel die prediker van tipologie gebruik gemaak het om sinvol van die Ou Testament na Christus te beweeg is hy soms onseker oor wat presies as "tipe" dien in Genesis 22. Isak, in plaas van die offerlam wat deur God voorsien is, word soms hanteer as tipe van Christus, terwyl Isak na regte die Godsvolk, Israel, verteenwoordig wat deur God se voorsiening van die offeraltaar gered is (vgl. Whitelaw, 1961:286; Greidanus, 2007:199-200). Dit lei daartoe dat daar in die slaggat van allegorie getrap word deur die hout waarop Isak neergelê word te sien as simbool van die kruis waaraan Christus vasgespyker is (vgl. Van Selms, 1979b:27). Die hoofgedagte is effens onduidelik. Dit lyk asof twee parallelle gedagtes ontwikkel word – die eis tot gehoorsaamheid (offer) aan die een kant en Christus se gehoorsaamheidsoffer aan die ander kant. Dit lei tot 'n gebrek in progressie.

<u>Lewe</u>

Die boodskap val egter plat wanneer dit toegepas word op die lewe van die hoorder. Die toepassings is nie behoorlik gegrond op die voltooide werk van Jesus Christus nie. Gevolglik raak die oproep tot toewyding 'n opdrag en voorwaarde waaraan voldoen moet word ten einde deel te hê aan die offer van Christus. Chapell (2005[1994]:289-290) verwys hierna as sg. "be like"-preke. Indien Christus se voltooide werk in ag geneem sou word, sou die oproep tot toewyding voortvloei uit die feit dat Christus as offerlam vir sy volk se ewige toekoms voorsiening gemaak het[3]. Die eis tot gehoorsaamheid sou steeds kon dien as brug tussen teks en hoorder, maar sou meer effektief benut kon word.

<u>Krag</u>

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is wel betrek en Christus is aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie, naamlik die Offerlam van God wat vir die mens se sondes geoffer is. Indien sterker hierop gefokus was, sou die toepassings ook meer konkreet en lewensveranderend kon wees.

### 3.4.9 Oordenking: Genesis 22:1-18 (sien bylae 9, deelnemer 6)

#### 3.4.9.1 Oorsig

*Inleiding*

Niemand hou van eksamen skryf nie. Die doel van 'n toets of eksamen is egter om aan jou te wys wat jy nog nie weet nie en of jy alles wat jy geleer het goed begryp. God is besig om Abraham en Sara te leer van kennis en vertroue en in Genesis 22 is dit eksamentyd vir hulle. Die doel van die geloofstoets is om uit te vind of hulle geleer het wat dit beteken om geduldig te wees, te glo en Hom eerste te stel.

[3] Brueggemann (1982:194) verduidelik hoe die gedagte dat God eis, maar ook voorsien, gebruik kan word ten einde 'n sinvolle oorgang na Christus te bewerk.

*’n Onbegryplike opdrag aan Abraham*

Nadat hulle lank gewag het vir ’n kind, ontvang Abraham die opdrag om vir Isak aan die Here te offer. Abraham is gehoorsaam en vertrek na Moria. God is besig om Abraham se se geloof te toets. Op Isak se vraag na waar hulle die offer vandaan gaan kry, antwoord Abraham dat God self ’n offerdier sal voorsien. Isak sou later met ’n skok uitvind dat Hy self die offerlam was. Kort voordat Abraham vir Isak wil offer, keer God hom en voorsien ’n offerdier.

*Die vraag bly: Waarom?*

Eerstens omdat dit ’n geloofstoets was. Dit is maklik vir gelowiges om te sê hulle is kinders van God, maar hulle verreken nie altyd die prys van dissipelskap nie. Dit vra totale toewyding en dat ek in geloof die pad sal stap waarop God my lei.

Almal word aan toetsing onderwerp. Onverklaarbare en onregverdige dinge gebeur met almal. Hierdie dinge laat ’n mens soms wonder waarom ’n almagtige God dit toelaat. Op die wyse skryf elke gelowige een of ander tyd toets sodat hy kan uitvind wat hy nog nie weet nie.

*Die Gewer en sy gawes*

Hierdie gedeelte wil ook daarop wys dat God se gawes en seëninge soms vir ons belangriker word as God self. Die geloofstoets wil wys of God steeds die middelpunt van my lewe is. Abraham moes leer dat God belangriker is as die belofte van ’n nageslag. Abraham en Sara kon maklik vir Isak belangriker as God geag het. Tog leer die Woord dat ons God bo alles moet liefhê.

*God gee alles, maar vra ook alles*

Aangesien God alles aan ons gee, eis Hy ook alles, daarom behoort my prioriteite reg te wees. God het Jesus Christus die Offerlam gemaak. Elkeen wat glo in Christus en weet wat dit Hom gekos het om ons van ons sondes te bevry, kan nie anders as om in dankbaarheid en met oorgawe op hierdie genade te reageer nie.

Het ons al die geloofstoets geslaag? Is ons bereid om Christus onvoorwaardelik te volg? Aan die einde van Abraham se lewe sien ons iets van hierdie offer van toewyding wat God vra. God gee alles, daarom vra Hy ook alles van ons. Hy vra dat my hele lewe as offer voor Hom uitgegiet moet word. Dit laat die vraag: Waarom is gelowiges se toewyding so gebrekkig?

*Slot*

Abraham het die geloofstoets geskryf en geleer om God onvoorwaardelik lief te hê en te dien. Het ons al geleer om alles te gee?

**3.4.9.2 Ontleding**

*Waarheid*

Die stellings wat in hierdie oordenking gemaak word, is korrek, gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Hoewel die historiese konteks (offer van die eersgeborene [vgl. Westermann, 1986a:199; Keller, 2002:48-49]) nie genoegsaam verreken is nie, is aandag gegee aan die teologiese interpretasie van die teks. Dit het gehelp met die identifisering van die FGT, naamlik: Die mens se onwilligheid tot volle toewyding/gehoorsaamheid (vgl. Gispen, 1979:231). Deur middel van 'n deurlopende tema, naamlik: God wat voorsien/gee, is sinvol van die Ou Testament na Christus beweeg. Nuwe-Testamentiese verwysing as oorgang vanaf die Ou-Testamentiese teks na Christus, sou sinvol gedoen kon word deur Hebreërs 11:17-19 te betrek by die prediking (vgl. Van Selms, 1979b:26). Die sentrale tema is opgelos in Christus. Hoewel die hoofgedagte aanvanklik miskien onduidelik blyk te wees, raak dit tog duidelik namate die geloofstoets in verband met die gelowige se toewyding gebring word.

*Lewe*

Hoewel die boodskap nie te kort skiet aan aktualiteit nie, is daar tog leemtes. Die oproep tot oorgawe word tereg gegrond en gemotiveer deur die oorgawe van God in sy Seun Jesus Christus (vgl. Brueggemann, 1982:194). Hierdie gedagte sou verder ontwikkel kon word deur die offerlam wat deur God voorsien is, as tipe van Christus te hanteer (vgl. Brueggemann, 1982:194; Clowney, 1988:51-59; Keller, 2002:48-49).

Die boodskap toon 'n gebrek aan transendensie. Die Heilige Gees word as een van God se gawes aangedui, maar nie verder ontwikkel nie. Indien die prediker die werking van die Heilige Gees verder ontwikkel het, naamlik dat dit juis Hy is wat ons lei en bemagtig tot volle toewyding, sou daar moontlik groter transendensie en meer sinvolle, konkrete voorstelle tot lewensverandering in die boodskap wees. Die gevolg is dat die opdrag tot oorgawe en toewyding nie ten volle gegrond is op die verlossingswerk van Jesus Christus as die hoogtepunt van God se gawes en vervulling van sy beloftes nie. Christus is die gawe waardeur God tegelyk sy geregtigheid en karakter as Regverdigmaker geopenbaar het (vgl. Keller, 2002:49). Indien dit gedoen is, sou sterker klem geplaas word op Abraham se dade as uitvloeisel van sy geloof waarvolgens hy ook geregverdig is (vgl. Beale, 2011:521).

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is betrek en Christus is aangebied binne ’n konkrete aspek van sy Persoon of werk, naamlik as die Een wat Homself ten volle geoffer het ter wille van die mens se redding.

### 3.4.10 Oordenking: Genesis 22:1-18 en Romeine 12:1 en 2 (sien bylae 10, deelnemer 2)

#### 3.4.10.1 Oorsig

Het jy al in jou Christelike lewe aan die Here ‘n offer gebring, wat jy met ‘n swaar hart en met huiwering gebring het omdat die eis vir so ‘n offer net te onmenslik groot was? God roep ’n mens om die onmoontlike offer te bring – nie om ’n prys te ontvang nie, maar omdat ek Hom liefhet. God toets dikwels ons gehoorsaamheid, toewyding en oorgawe. Ware en redelike Godsdiens lê in ’n verhouding met God wat oorheers word deur liefde, genade, dankbaarheid en oorgawe. Hiertoe spoor Romeine 12:1-2 gelowiges aan. Christenwees beteken onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God en sy Woord.

Die heidengodsdienste in Rome het menslike offers gebring. Dit is deur gelowiges verafsku. Paulus vermaan egter dat die wesenlike van gelowiges se godsdiens daarin bestaan dat hulle hul as’t ware offer in oorgawe aan God. Christus het Homself aan die kruis vir gelowiges geoffer en vra dat ons, in dankbaarheid vir ons verlossing, ons hele menswees aan Hom sal offer. Wie homself volledig toewy, sal nie Godsdiens as straf beleef nie, maar sal vryheid, vrede en vreugde beleef.

God se opdrag aan Abraham om sy enigste seun aan God te offer, moes baie vrae en konflik in Abraham se gemoed gebring het. Hoe kan God so iets van hom verwag? In sy saamloop met God in sy verlede, het Abraham egter geleer om God te vertrou en op so wyse in Hom te glo dat gehoorsaamheid ’n wagwoord geword het.

Die Bybel praat niks van hierdie worsteling van Abraham met God nie. Ten spyte van Isak se vraag na die offerlam, vertrou Abraham blindelings op God. Blindelings en onvoorwaardelik is hy gehoorsaam aan God en antwoord hy dat God self ’n offerlam sal voorsien. As ek my eie gehoorsaamheid hieraan meet, krimp ek ineen van skaamte.

Gehoorsaamheid lei egter tot verstommende resultate. God voorsien nie slegs ’n offerlam nie, maar seën Abraham tot in sy verste geslagte. Jesus beeld vir ons die hoogste vorm van gehoorsaamheid uit. In gehoorsaamheid word Hy offerlam vir ons sondes.

Gehoorsaamheid vra dikwels groot offers, maar baar ook groot verrassings. Wees dus gehoorsaam aan die eise van God se Woord.

#### 3.4.10.2 Ontleding

*Waarheid*

Die stellings in hierdie oordenking is gegrond op die teks en in lyn met die res van die Skrif. Die teks word heilshistories hanteer en die prediker maak gebruik van "tipe" om vanuit die teks na Christus te beweeg. Die offerlam word in verband gebring met die offer van Christus. Die FGT is duidelik, naamlik die mens se onwilligheid en onvermoë tot gehoorsaamheid en opoffering. Soos met reeds bespreekte preke en oordenkings vanuit dieselfde teksgedeelte, bestaan die probleem ook hier dat te veel klem op Abraham se gehoorsaamheid geplaas word, terwyl die offer van Isak en die moontlike uitwissing van die verlossingslyn, geïgnoreer of geringgeskat word (vgl. Von Rad, 1972:244; Walton, 2001:512). Westermann (1986a:201) waarsku dus tereg daarteen dat lof vir Abraham se geloofsgehoorsaamheid oorbeklemtoon word. Die hoofgedagte is duidelik en die narratief word goed hanteer. Daar is duidelike progressie en die sentrale tema word gedeeltelik opgelos in Christus.

*Lewe*

Die toepaslikheid van die teks word na vore gebring en is gegrond op Christus se voltooide werk. Vandaar die oproep om "uit dankbaarheid vir ons verlossing" ons hele menswees aan God te offer. Aangesien die sentrale tema gedeeltelik opgelos is in Christus, maar Abraham se gehoorsaamheid nie so duidelik aan God se belofte van 'n nageslag gekoppel word nie, lei dit daartoe dat die imperatief tot gehoorsaamheid nie deurgaans gegrond word in die indikatief van die voltooide werk van Jesus Christus nie (vgl. Keller, 2002:48-49). Meer klem kon gelê word op die inleidende gedagtes van die boodskap. Die prediker kon meer moeite gedoen het om die konteks van die hoorder in ag te neem.

*Krag*

Die verbeelding is baie min betrek, maar Christus is wel aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk, naamlik die Een wat sy lewe opgeoffer het ter wille van sondaars.

### 3.4.11 Oordenking: Genesis 25:28-34 (sien bylae 11, deelnemer 5)

#### 3.4.11.1 Oorsig

Die lensieplant as belangrike voedselbron vir die antieke tyd, word beskryf. Die rooi lensie was die lekkerste en geurigste van almal. Isak was lief vir Esau, die onverantwoordelike man van die veld en Rebekka vir Jakob, die verantwoordelike wat agter haar rokspante weggekruip het. Weens Esau se onverantwoordelikheid verskuif die eersgeboortereg na Jakob.

Jakob was nie veronderstel om patriarg te wees nie. Met die eersgeboortereg kom daar verantwoordelikheid. Hy erf wel meer, maar was ook die geestelike hoof van die familie. Hoewel die

eersgeboortereg Esau toekom, steel Jakob dit weg omdat hy God se oog getref het. God het gesien hy is verantwoordelik en betroubaar en op grond van hierdie potensiaal, gee Hy aan hom die eersgeboortereg.

As gelowiges het ons ook die eersgeboortereg van God ontvang. Ek kan óf ’n Esau wees wat onverskillig met God leef en ter wille van die wêreld van ons eersgeboortereg afstand wil doen, óf ’n Jakob wat verantwoordelik met God leef en sy koninkryk uitbou. Vir Esau was sy liggaamlike, materialistiese, selfgesentreerde behoeftes die belangrikste. Hy leef vir die hier en die nou en verag sy familie en verantwoordelikhede. Miskien is so ’n leefwyse kenmerkend van ons lewe as gelowige.

God bevestig dat Hy aan elkeen wat sy oogappel is, die eersgeboortereg oorhandig. Die erfporsie is die ewige hemele. God wil net seker maak ons is nie ’n Esau nie, maar ’n Jakob wat ons geestelike behoeftes en verantwoordelikhede eerste stel.

#### 3.4.11.2 Ontleding

*Waarheid*

Sekere stellings, onder andere die feit dat Esau se onverskilligheid en Jakob se verantwoordelike optrede daartoe gelei het dat God die eersgeboortereg by Esau weggeneem en aan Jakob gegee het, kan nie in die teks gegrond word nie. Deurdat die prediker nie op ’n holisties histories-kritiese wyse met die teks te werk gegaan het nie, is sake soos die historiese interpretasie, heilshistoriese plasing[4], teologiese interpretasie en literêre eienskappe van die narratief nie in ag geneem nie. Gevolglik slaag die prediker nie daarin om die oorspronklike boodskap van die teks, en sodoende die FGT van die teks, vas te stel nie. Die hoofgedagte is onduidelik; daar is nie progressie nie en die sentrale tema word nie opgelos in Christus nie.

Indien daar byvoorbeeld deeglik aandag gegee is aan die afbakening van die teks, die storielyn en die perspektief wat die verteller bied, sou dit duidelik geword het dat die saak waaroor dit in hierdie teks gaan, die feit is dat die jongere oor die ouere sal heers (vgl. Von Rad, 1972:265,268 en Greidanus, 2007:250-252). God se boodskap aan Israel is dat Hy hulle te spyte van menslike verordeninge, gekies het om sy volk te wees. Die stryd tussen twee individue word uitgebeeld en hierdie stryd sou later ontwikkel in die stryd tussen twee volke, Israel en Edom (vgl. Westermann, 1986b:11). Uiteindelik verpersoonlik Jakob en Esau iets van die stryd tussen lig en duisternis wanneer die Verlosser uit Israel gebore word en in Herodes (Edom) ’n teenstander vind (vgl. Greidanus, 2007:252-253). Brueggemann (1982:219-220) toon ook ’n hele aantal maniere aan waarop sinvol vanuit die teks na Christus beweeg sou kon word.

*Lewe*

[4] Vgl. Clowney (1988:61-84).

Aangesien die waarheidsaspekte van die teks geïgnoreer is, verval die preek in moralisme en word die karakters van Jakob en Esau bloot eksemplaries aangewend. Hulle word voorgehou as ’n negatiewe en positiewe voorbeeld. Gelowiges word opdrag gegee om die positiewe voorbeeld van Jakob na te volg en nie die negatiewe voorbeeld van Esau nie. Christus se voltooide werk kom geensins aan die orde nie.

*Krag*

Die sintuie van die hoorder word tot ’n redelike mate betrek. Die verbeelding is soms betrek, maar Christus is nie aangebied binne ‘n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie.

### 3.4.12 Oordenking: Genesis 32:22-32 (sien bylae 12, deelnemer 5)

#### 3.4.12.1 Oorsig

Vers 30 bevat ’n baie belangrike boodskap wat ons moet raaksien gedurende die tyd van die opstanding. Die opstanding van Christus maak dit moontlik om van aangesig tot aangesig met God te verskyn sonder om te sterf. Die voorhangsel wat geskeur het, is die teken daarvan dat gelowiges God vandag op dieselfde besondere wyse kan ontmoet as wat Jakob vir God ontmoet het.

Jakob se geskiedenis getuig daarvan dat God hom roep en afsonder as geestelike leier vir sy volk. Hy is uitverkies vir hierdie doel, hoewel hy dit op ’n baie slinkse manier ontvang het. 1 Petrus 2:9-10 getuig van ons uitverkiesing en roeping. Daardie roeping begin met ’n aangesig tot aangesig ontmoeting met God.

Jakob het nalatig geraak ten opsigte van sy roeping en uitverkiesing. Hy het nalatig geraak in sy geestelike lewe tydens sy verblyf by Laban – sy huwelike en voorspoed getuig daarvan. Miskien het ons ook nalatig geraak ten opsigte van ons roeping en wil God hê ons moet dit verander. Hy wil in konfrontasie met ons tree.

In Genesis 31:13 word Jakob weer geroep as geestelike leier en in Genesis 32:2-3 bevestig God dat Hy met hom is. Jakob loop hom egter vas in ’n krisis – Esau. God ontmoet vir Jakob om hom voor te berei op sy ontmoeting met Esau. Jakob pleit dat God sy beloftes sal waar maak, hy bely sy afhanklikheid, erken God se grootheid en toe tree hy in ’n worsteling met God.

Jakob tree in konfrontasie met God oor die vrae wat in sy hart is. God erken dat Jakob eintlik oorwin het. Dit beteken nie dat Jakob gewen het nie, maar God gee daardeur te kenne dat Jakob nou gereed is. Die konfrontasie het Jakob versterk sodat hy weer sy roeping kon vervul. Jakob is verander na sy aangesig tot aangesig ontmoeting met God. Jakob word herstel en sy naam word na Israel verander. Nou staan Christus voor ons en vra of ons verander is. Het ons reggemaak en ons roeping opgeneem? Jesus

Christus het opgestaan sodat ons van aangesig tot aangesig met Hom kan wees. As dit ’n worsteling is, laat dit dan so wees, maar ons moet verander en elke dag verbeter.

### 3.4.12.2 Ontleding

*Waarheid*

Die prediker maak stellings wat nie op die teks of die res van die Skrif gegrond kan word nie. Hy beweer byvoorbeeld dat Jakob se huwelike en voorspoed ’n bewys daarvan is dat Jakob nalatig geword het in sy geestelike lewe. Die probleem is dat die prediker nie rekening hou met die makro-konteks van die teks nie, want daaruit sou dit duidelik word dat hierdie narratief (as deel van die Jakob-Esaunarratief en die groter Jakobnarratief) teen die agtergrond van Jakob se skelmstreke en selfaangewesenheid in die verlede staan (vgl. Von Rad, 1972:325 en Greidanus, 2007:317-322). Vir eens in sy lewe besef Jakob dat hy nie op eie kragte kan staatmaak om die beloofde land in te gaan en die konfliksituasie te hanteer nie. Daarin lê ook die FGT van die teks, naamlik die mens se onvermoë om in eie krag op te tree (gered te word).

Die prediker maak gebruik van analogie om van die Ou Testament na Christus te beweeg – soos wat Jakob ’n ontmoeting met God gehad het, so het die kerk ook ’n ontmoeting met God nodig ten einde te verander (vgl. Brueggemann, 1982:271; Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:67). Daardie ontmoeting het Christus bewerk. Indien die prediker groter aandag aan die narratiewe eienskappe van die teks gegee het, onder andere die spanningslyn en die keuse wat die verteller maak ten opsigte van watter inligting om deur te gee, sou die intrige dalk beter ontbloot en benut kon word (vgl. Greidanus, 2007:321). Die Engel se vraag na Jakob se naam, wat sprekend van sy hele natuur was, sou van groot waarde wees vir die verstaan van die teks (vgl. Von Rad, 1972:321; Brueggemann, 1982:268; Hamilton, 1995:333). Die hoofgedagte is nie heeltemal duidelik nie en daarom is daar ook nie duidelike progressie nie.

*Lewe*

Die aktualiteit van die boodskap is problematies. Dit is baie karig en waar daar wel sprake daarvan is, is dit nie in lyn met die boodskap van die teks nie. Dit klink asof die gelowige behoort te verander en te verbeter ten einde ’n “aangesig tot aangesig ontmoeting” met God te hê, terwyl die teendeel juis waar is. Jakob se vasgryp van die Engel, sy smeking om geseën te word, is tekenend van die feit dat hy sy vertroue in God geplaas het. Jakob dring aan op dit wat hy nie self kan voorsien nie (Hamilton, 1995:332). Clowney (1988:73) verwys hierna as ’n geloofsoorwinning. Aangesien die mens in Christus vir God ontmoet het, Hom vasgegryp en deur Hom verander is, daarom kan gelowiges anders wees (vgl. Von Rad, 1972:322). Die stryd teen die vyand is nie meer gelowiges se stryd nie, maar God se stryd, vandaar die klem in hierdie narratief op God se stryd met Jakob (vgl. Von Rad, 1972:325). Die toepassings is dus nie gegrond op die voltooide werk van Jesus Christus nie. Die boodskap het ook 'n tekort aan transendensie. Die rol van die Heilige Gees in die veranderingsproses sou sinvol benut kon word.

Die toepaslikheid van hierdie teks sou ook goed benut kon word binne die Suid-Afrikaanse konteks van toenemende rassespanning. In Christus stel God die gelowige in staat om konfliksituasies sinvol te hanteer. In die eerste plek is Hy die Een wat in beheer is en die stryd voer teen gelowiges se teenstanders. Deur sy Gees bewerk God ook die verandering wat nodig is om in liefde en vrede met mekaar saam te leef (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:67; Wenham, 1994:294 en 296). Om dus in ’n verhouding met God te staan en deur sy Gees verander te word, beklemtoon die feit dat die antwoord vir die toenemende rassespanning in Suid-Afrika in die voltooide werk van Jesus Christus geleë is.

*Krag*

Die hoorder se verbeelding en sintuie is nie betrek nie. Christus se middelaarskap as aspek van sy werk skemer wel deur, maar is nie goed ontwikkel nie.

### 3.4.13 Oordenking: Genesis 37 (sien bylae 13, deelnemer 5)

#### 3.4.13.1 Oorsig

As jongman het Josef in diep moeilikheid beland as gevolg van sy drome. Sy broers het gedink hy begeer ’n leiersposisie oor hulle en sy laaste droom het hulle gedring om van hom ontslae te raak.

Drome fassineer die mens nog altyd. Dit druk wense uit wat die mens tot groter hoogtes aanspoor. In die sin moet Josef se drome verstaan word. Drome is interpreteerbaar en die waarmaak van ons wense. Ervarings in die lewe is dikwels die stimulus vir drome. Die onderbewuste speel ook ’n belangrike rol in drome.

Josef se drome was profeties deurdat dit sy lewensdoel uitgespel het. Drome is openbarings van God. Hy kan vandag nog met ons praat deur ons drome. Die grondslag van Josef se drome kom van sy pa af. As oudste seun van Jakob by Ragel, sou Josef alles erf. Die kleed wat sy vader aan hom gee, onderstreep dit. Vandaar Josef se drome. Josef se drome was mooi en het die goeie uitgewys.

Hoewel gelowiges se drome ’n gevolg van hul omstandighede en vrese kan wees, moet hulle nie vergeet dat dit ook roepinge, openbaringe en profesieë van God kan bevat. Drome behels opofferings soos duidelik word uit Josef se lewe en die wyse waarop sy broers hom behandel en uiteindelik verkoop het. Sy drome het hom alles laat verloor. Ons is bang om ons drome uit te leef as gevolg van die swaarkry wat dit kan beteken. Ons behoort egter te luister na God se stem in ons drome en doen wat Hy vra.

Deur gehoorsaamheid aan sy drome het Josef gedoen en geword wat God van hom verwag het. Die drome waardeur God Hom aan ons openbaar, het net waarde as ons daarop reageer. Ons behoort die

dinge daar bo te bedink sodat dit die weg kan baan vir God om Homself aan ons te openbaar in ons drome. As gelowiges begin droom, sal hulle openbaringe en roepinge van God ontvang en begin wees soos dit God behaag.

**3.4.13.2 Ontleding**

*Waarheid*

Stellings word gemaak wat nie deur die teks ondersteun of in oorstemming met die res van die kanon is nie, naamlik dat God Homself steeds aan gelowiges in drome openbaar. Die prediker fouteer grootliks daarin dat hy op minder belangrike detail in die teks konsentreer. Dit lei daartoe dat hy inlegkunde pleeg in plaas daarvan om die teks binne sy verskillende kontekste te verklaar. Indien groter aandag aan die literêre eienskappe van die narratief gegee is[5], sou hierdie hierdie gevaar vermy kon word (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:74; Greidanus, 2007:338-340). Die intrige sou dit duidelik gemaak het dat die klem in hierdie Skrifgedeelte nie soseer op die drome as middel van openbaring val nie, maar eerder op die boodskap wat God deur die drome aan Josef wil gee, naamlik dat Hy hom in sy raadsplan gaan gebruik (vgl. Clowney, 1988:80 en Greidanus, 2007:342). God se beheer sou duideliker na vore gebring kon word indien die narratief binne die konteks van die groter Josefnarratief (Gen. 37-50) geïnterpreteer was (vgl. Brueggemann, 1982:290).

Die prediker slaag nie daarin om die FGT van die teks te ontbloot nie. In hierdie oordenking is daar geensins sprake van Christosentriese prediking nie. Greidanus (2007:343-346) wys op verkillende wyses waarop sinvol vanuit die teks na Christus beweeg kon word. Die hoofgedagte is wel duidelik en daar is progressie, maar dit kom nie ooreen met die boodskap van die oorspronklike outeur nie (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:74).

*Lewe*

Die prediker het probeer om die afstand tussen die teks en die hoorder te oorbrug deur te fokus op die feit dat drome vandag nog net so ’n werklikheid is as wat dit in Josef se tyd was. Indien die prediker meer moeite gedoen het om ‘n FGT vir die teks vas te stel, sou die afstand heel moontlik op ’n ander wyse oorbrug kon word. Hoewel die mens se soeke na God se wil as aktuele aanknopingspunt gebruik word, trap die prediker in die slaggat van antroposentriese prediking. Die openbaring van God se wil word afhanklik gemaak van die mens se drome. Weens die feit dat geen aspek van Christus se persoon of voltooide werk toegepas is nie, is daar ook nie konkrete voorstelle wat lewensverandering by die hoorders kan bewerk nie.

*Krag*

[5] Westerman (1987:262-266) beklemtoon sekere aspekte van die narratief in sy verklaring van Genesis 37.

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die prediker slaag goed daarin om die verbeelding vas te gryp, maar Christus word nie aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie.

### 3.4.14 Oordenking: Genesis 40:1-23 (sien bylae 14, deelnemer 6)

#### 3.4.14.1 Oorsig

*Inleiding*

God het in sy raad besluit om mense te gebruik om oor die werke van sy hande te heers. Hy gebruik nie altyd die bekwaamstes, slimste of invloedrykste nie.

*God roep mense*

Daar word dikwels gevra of sondaarmense kan meewerk aan die uitbreiding van God se koninkryk. Wie luister na die Woord en dit gaan doen, is 'n medewerker. Genesis 40 vertel van Josef se roeping. Hoe hy God se wil gesoek en in die krag van God verleenthede omgeskakel het in geleenthede om God te verheerlik.

Josef is onskuldig in die tronk. 'n Ruk daarna word die bakker en skinker ook in die tronk gegooi. Beide is in die tronk omdat hulle teen die koning gesondig het, terwyl Josef in die tronk is omdat hy geweier het om teen God te sondig. Indien ons in Josef se skoene sou staan, sou ons onsself waarskynlik probeer regverdig het en ons onskuld bepleit het.

Josef tree juis anders op en gebruik die eerste geleentheid om God te verheerlik toe hy die bakker en skinker nooi om hul drome aan hom te vertel, sodat sy God dit kan uitlê. Josef werk mee aan die uitbreiding van die koninkryk. Hy het geweet dat al red God ons nie noodwendig van aardse probleme nie, Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie.

Twee jaar na die vrylating van die skinker, word Josef vrygelaat om die Farao se drome te gaan verklaar. Hy het waarskynlik al moed verloor met die skinker, maar hy beskik steeds Josef se vrylating.

Josef het nie opgetree of gehandel volgens sy gemoedstoestand nie. Sy geloof en die wil van God het sy denke, gesindheid en keuses beheer. Josef maak 'n verskil waardeur God verheerlik word. In gelowiges se lewens kom daar daagliks situasies waar ons in die diens van God moet staan: In ons sosiale lewe of by die werk. Hier behoort ek lig van die wêreld te wees en God se Woord te laat spreek.

Dit vra egter dat ek gereeld na God se Woord sal luister en dit ook doen.

*Maak 'n verleentheid 'n geleentheid*

Verleenthede in ons lewens moet omskep word in geleenthede om God te verheerlik. In die Bybel is baie voorbeelde van gelowiges wat dit gedoen het. My swaarkry en tekortkominge herinner my aan Christus se swaarkry vir my. Hy het die lydensweg namens my gestap en my gered van die hel.

My probleme en tekortkominge hou my nederig en naby aan Christus. Dit dwing my om vooruit te kyk na die ewige heerlikheid en versterk sodoende my geloof. Soms bewys dit ook God se almag aan my.

Gelowiges deur die eeue het besef dat lyding meer as net pyn en verdriet is. Hulle het dit as geleenthede gebruik om vir God te getuig. Mag ons ook deur die geloof wandel en nie deur aanskouing nie.

*God rus toe om 'n verskil te maak*

God rus hulle wie Hy roep toe om in sy diens te staan. Hy rus hulle toe met die gawes van die Gees. Gelowiges kan aan ander gee wat God klaar aan hulle gegee het. Die geleentheid om hierdie gawes uit te deel, mag nooit aan ander oorgelaat te word nie. Elke gelowige het die verantwoordelikheid om mee te werk aan die uitbreiding van die koninkryk.

*Slot*

Die God van vrede sal by hom wees wat doen wat die Woord leer. Uit dankbaarheid en onder leiding van God se Woord en Gees arbei gelowiges in sy koninkryk.

#### 3.4.14.2 Ontleding

*Waarheid*

Die stelling word gemaak dat Josef sy gevangenskap gebruik het om die koninkryk uit te brei. Hierdie stelling word nie deur die teks bevestig nie. Nêrens getuig die teks daarvan dat die bakker of die skinker tot geloof in God gekom het nie. Dit is wel so dat Josef die geleentheid gebruik het om God te verheerlik met sy optrede. Die prediker slaag nie heeltemal daarin om die FGT van die teks vas te pen nie. Die FGT van hierdie narratief is waarskynlik die mens se onvermoë om selfs onder moeilike omstandighede die hand van God in sy lewe raak te sien (vgl. Brueggemann, 1982:323; Driscoll, s.a.:161; Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:79). Dit is moontlik dat die prediker die vraag na die oorspronklike skrywer se bedoeling geïgnoreer het. Dit is moeilik om die hoofgedagte vas te stel en daarom is daar ook nie duidelike progressie in die boodskap nie.

Daar is blyke in die boodskap dat die historiese asook die heilshistoriese konteks van die teks geïgnoreer is. Die prediker het nagelaat om hierdie narratief binne die groter narratief rondom Josef, te interpreteer. Indien dit gedoen was, sou die prediker nie ’n opmerking soos Genesis 39:21 kon ignoreer nie (vgl. Wenham, 1994:380,385). Aangesien God met Josef was, kan Josef daarop wys dat slegs God drome kan uitlê (vgl. Van Selms, 1979b:206). God is met Josef en dit dien as rede en motivering vir sy optrede. Josef is steeds deel van God se raadsplan waarvolgens Hy die volk Israel wil red uit die dreigende gevaar van hongersnood (vgl. Van Selms, 1979b:207). Die gebeure van die toekoms lê in God se hand (Von Rad, 1972:371). Dit sou dus die prediker gebaat het om meer aandag aan die teologiese interpretasie van die teks te gee (vgl. Brueggemann, 1982:322-325). Die oorgang na Christus is arbitrêr. Christus se swaarkry en lyding word bloot as ’n voorbeeld voorgehou.

*Lewe*

Weens die feit dat die boodskap van die teks nie sy klimaks en oplossing in Christus het nie, is konkrete toepassings karig en nie gegrond op die voltooide werk van Christus nie. Die toepassings wat daar wel is, naamlik om in moeilike omstandighede te getuig, kom nie ooreen met die bedoeling van die oorspronklike skrywer en die boodskap van die teks nie (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:79). Die brug tussen die hoorder en die teks word verkeerdelik daargestel deur op getuienislewering te konsentreer eerder as op God se beheer oor die gelowige se lewe. Gevolglik is konkrete voorstelle tot lewensverandering afwesig.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is soms betrek, maar Christus is nie aangebied binne ’n konkrete aspek van sy Persoon of werk nie. Dit kon byvoorbeeld gedoen word deur daarna te verwys dat Christus se koms na die aarde die hoogste bewys daarvan is dat God in beheer van ons lewens en toekoms is ten spyte van ons omstandighede.

### 3.4.15 Oordenking: Genesis 41:39-51 (sien bylae 15, deelnemer 3)

#### 3.4.15.1 Oorsig

In die lewe maak mense mekaar dikwels seer. Die vraag is egter: Hoe vergeet ek my seer? Kan ek van die seer in my lewe vergeet, of moet ek vrede daarmee maak dat dit deel van my lewe is?

Josef het ook baie pyn en hartseer beleef. Weens die konflik met sy broers is hy deur hulle verwerp, in ’n put gegooi en uiteindelik verkoop. In Egipte word hy aan Potifar verkoop waar hy aanvanklik opgang maak. Weens die leuens van Potifar se vrou beland Josef in die tronk. Josef se drome was beloftes wat hy van God ontvang het, maar dit lyk asof omstandighede die beloftes in die wiele gaan ry. Is ons so vasgevang in ons omstandighede dat God se beloftes aan my niks anders as dagdromery is nie?

Deur die verklaring van die bakker, die skinker en die Farao se drome, maak Josef opgang tot onderkoning. Hy kan hom nou oor sy seer wreek en laat wreek. Hy kon sy seuns herinner aan die onreg wat hom aangedoen is. Josef kon kies tussen wraak en om sy seer deur die Here te laat wegneem. As bewys van sy keuse, noem hy sy eerste seun Manasse.

Mense onthou en vertroetel hulle pyn en hartseer so goed dat hulle God se beloftes vergeet, of hulle gebruik dit as ’n verskoning om sonde te doen. Uit Josef se verhaal leer ons dat my verhouding teenoor pyn en hartseer bepaal word deur my verhouding met God. Satan laat ons dikwels ons pyn en seer onthou sodat ons die beloftes van God vergeet.

Josef onthou God se beloftes, daarom noem hy sy oudste seun Manasse. God se beloftes is vervul met die geboorte van Jesus Christus. Dwarsdeur sy lyding het Christus die Vader se beloftes onthou en gehoorsaam daaraan vasgehou. Christus het die angel uit ons hartseer en pyn op Hom geneem, sodat ons sy las kan dra en sy beloftes onthou. As Immanuel laat Hy my God se beloftes onthou. Ware Christenskap is nie sonder pyn en hartseer nie, maar ook dit laat God vir my ten goede meewerk. Deur my pyn en hartseer bewerk Hy ook my ewige geluk. As kinders van God kan ons die opgestane Christus se beloftes onthou. Hy versterk ons met die wete dat Hy ons krag gee om ons roeping gehoorsaam na te kom.

#### 3.4.15.2 Ontleding

*Waarheid*

Die stellings in die boodskap is duidelik op die teks gegrond en in lyn met die res van die Skrif. In die oordenking word die teks se konteks binne die boek Genesis goed verreken deur die verwysing na Josef se verlede van seerkry en hartseer. Deur te fokus op die teologiese interpretasie van die teks, word ’n antwoord gebied op die FGT, naamlik die onvermoë van die mens om te midde van swaarkry en seer God se beloftes te onthou en daarop te vertrou. In ooreenstemming hiermee, is Greidanus (2007:399; vgl. ook Wenham, 1994:399) van mening dat die doel van die verteller juis was om die volk aan te moedig om op die soewereine God en sy voorsienigheid te vertrou. Die name van die kinders is ’n dankbetuiging teenoor die God wat bewaar en seën (Westermann, 1987:284). Die name van die kinders is ook tekenend van ’n verlede wat tot ’n einde gekom het en ’n toekoms van lewe wat wag (Brueggemann, 1982:328-329)

Daar is duidelike progressie en die sentrale tema vind sy oplossing in Jesus Christus. Deur sy lyding en sterwe het Hy sy kinders se lyding op Hom geneem en hoef hulle nie meer self hul laste te dra nie. Die prediker maak gebruik van ’n deurlopende tema, naamlik God se getrouheid aan sy beloftes, om vanaf die teks na Christus te beweeg. Hierdie gedagte sou groter prominensie verkry het indien die prediker hierdie

gedeelte van die narratief binne die groter narratief (Gen. 39-41) geplaas het (vgl. Greidanus, 2007:398). Groter klem sou sodoende op God se getrouheid en voorsienigheid geplaas kon word (vgl. Van Selms, 1979b:217; Westermann, 1987:284). Hierdie gedagte kon dan vollediger ontwikkel word (vgl. 2 Kor. 1:20).

*Lewe*

Die brug tussen teks en hoorder word sinvol gebou deur te fokus op ’n vraagstuk wat in beide die antieke en moderne gemeenskap teenwoordig is. Die boodskap fokus op ’n baie aktuele vraagstuk, maar die toepaslikheid skiet te kort deurdat dit nie gekonkretiseer word nie. Deur byvoorbeeld die Immanuelgedagte verder uit te bou, sou die boodskap praktieser gemaak kon word en Christus se voltooide werk sinvoller toegepas kon word.

Indien die toepassings in hierdie gedeelte meer konkreet was, sou dit byvoorbeeld ook ’n antwoord kon bied op verhoudings wat skeefgeloop het. Die Koning wat verneder en verhoog is soos Josef, Jesus Christus, het gelowiges uit die slawehuis van sonde gelei (vgl. Wenham, 1994:400). Kragtens gelowiges se verbondenheid aan Christus, is hulle ook geroep om profeet, priester en koning te wees. Konings wat in die krag van die Gees heers oor die sonde, heers ook oor die sonde van onvergewensgesindheid wat soveel verhoudings laat skade ly.

*Krag*

Die sintuie en verbeelding van die hoorder is redelik goed betrek. Christus is aangebied binne ’n konkrete aspek van sy Persoon of werk, naamlik die Verlosser wat gelowiges se pyn en hartseer op Hom neem en hulle deur sy Gees bystaan in hulle moeilike omstandighede.

### 3.4.16 Oordenking: Genesis 50 (sien bylae 16, deelnemer 4)

#### 3.4.16.1 Oorsig

Die eerste boek van die Bybel begin met die skepping en eindig met ’n kis as simbool van die dood. God blaas tydens die skepping asem in die mens en die boek eindig met Josef wat sy laaste asem uitblaas. Hy was ’n merkwaardige man. Op sy sterfbed gee hy te kenne dat hy tuishoort in die land van die belofte. Ten spyte van ’n moeilike lewe is Josef se drome tog verwesenlik en bereik hy groot hoogtes. Tog kom elke mens se lewe tot ’n einde.

Josef se dood was waarskynlik ’n skok vir die Egiptenare. Hulle het dalk al begin beplan aan ’n piramide vir Josef toe hulle hoor van sy wens om na die beloofde land teruggeneem te word. Die kis met die mummie moes 400 jaar wag. Tydens die onderdrukking van die Israeliete, het die kis ’n prediking

geword: *Hou goeie moed, God sal op julle ag gee.* Josef het self die uur van bevryding tydens sy dood geprofeteer. Deur sy dood het hy die volk gewys op die toekoms van God.

Vandag het ons die lewensvors, Jesus Christus. Deur sy opstanding en oorwinning oor die dood lei Hy ons na ’n nuwe aarde wat kom. Anders as die Israeliete, trek ’n Koning met ’n koningskroon met gelowiges saam. Ons lewe is net voorlopig. Die beste deel kom nog. Verlang ons ook om te sterf of is ons bang vir die dood? Ons is duur gekoop. Hierdie lewe is maar net die begin. God se toekoms wag vir elke ware gelowige.

Niemand weet wanneer en hoe hy gaan sterf nie, maar Christus het ook deur sy dood en opstanding aan ons sy Gees gegee wat ons intussen lei, troos en by ons bly. Die eerste boek van die Bybel eindig met ’n kis, die laaste boek eindig met die herskepping. Hou dus die oog op Christus wat ons red van die dood sodat ons vol blydskap die pelgrimsreis na die beloofde land kan aanpak.

#### 3.4.16.2 Ontleding

*Waarheid*

Die stellings in die oordenking is gegrond op die teks en kom ooreen met die res van die Skrif. Hoewel slegs ’n oordenking, word die historiese konteks tog goed verreken met die verwysing na die volk se verlange na die land van belofte. Die verteller kyk reeds vooruit na die uittog (vgl. Van Selms, 1979b:293; Brueggemann, 1982:369) Dit kan dan ook aangetoon word as die FGT. Dit sou die boodskap verdiep het om kragtens die konteks aan te sluit by Genesis 49:10, die teologiese middelpunt van Jakob se seën, aangesien in hierdie belofte die antwoord op Josef se versugting opgesluit was (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:90-91; Driscol, s.a.:175).

Dit gaan inderdaad om die vervulling van God se beloftes (Van Selms, 1979b:295). Die FGT sou dan wees: Die mens se onsekerheid oor die vervulling van God se beloftes. Hierby sluit Carson (2010) aan wanneer hy daarop wys dat ten spyte van alles wat met Josef gebeur het, God steeds in beheer was. Hier word van heilshistoriese ontplooiing, gekombineer met tipologie en kontras, gebruik gemaak om na Christus oor te gaan. Josef se begeerte na die beloofde land is oortref deur die Heerser met die koningskroon wat die Beloofde Land ’n werklikheid gemaak het. In die feit dat Josef, hoewel heerser oor God se volk, nie in staat was om die volk die beloofde land in te lei nie, lê die onafheid van die teks wat in en deur Christus vervul is (vgl. Robbertze, 2003:151). Josef se wens was profeties deurdat dit Israel se hoop gevestig het op God wat sy belofte van ’n beloofde land sal bevestig (vgl. Vosloo & Van Rensburg et al., 1993:91-92; Greidanus, 2007:225). Die boodskap vind sy klimaks in Christus se voltooide werk. Die hoofgedagte is duidelik en daar is progressie in die boodskap.

*Lewe*

Die brug tussen die teks en die hoorder word juis gebou deur die FGT van die teks. Daarin lê die gemeenskaplikheid tussen die eerste hoorders en eietydse hoorders, naamlik die begeerte na die beloofde land en onsekerheid oor die waarheid van God se beloftes. Hoewel die FGT van die teks baie bydra tot die aktualiteit van die boodskap, kom dit tog konkrete toepassing en transendensie kort.

*Krag*

Nie alle sintuie van die hoorder is betrek nie. Die verbeelding is wel betrek en Christus is aangebied binne 'n konkrete aspek van sy Persoon of werk, naamlik die Koning wat sy volgelinge die beloofde land inlei.

### 3.5 Samevattende analitiese en interpretatiewe gevolgtrekkings

Die biografiese inligting van die deelnemende predikers toon aan dat geselekteerde preke en oordenkings moontlik verteenwoordigend kan wees van die deursnee AP-Kerkprediker, aangesien daar 'n goeie balans is ten opsigte van die ouderdom van predikers en hulle ervaring. Verder verskil die opleidingsinstansies ook wat daartoe kan bydra om 'n geheelbeeld te kry aangesien die meeste predikers hulle opleiding aan óf die AP-Kerk, óf die Gereformeerde Kerk, óf een van die NG-Kerk se opleidingsinstansies gehad het.

Tydens die ontleding van bogenoemde preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars, soos uitgesaai deur 'n openbare uitsaaier, is vasgestel dat die praktyk van Christosentriese prediking vanuit die patriargale narratiewe gedurende die tydperk 2002-2012, in die betrokke preke soos volg daar uitsien:

- Hoewel daar enkele gevalle is waar die stellings in die boodskap nie gegrond was op die teks nie (vgl. 3.4.11 - 3.4.14), was die stellings oorwegend gegrond op die teks en in ooreenstemming met die res van die Skrif.
- In sommige preke en oordenkings is die historiese konteks wel verreken (vgl. 3.4.2; 3.4.5; 3.4.8; 3.4.11; 3.4.15; 3.4.16), maar in die algemeen bestaan daar 'n leemte. Die gevolg van die miskenning van die historiese konteks is dat die FGT nie altyd reg geïdentifiseer word nie en dat die prediker dus nie sinvol vanuit die teks na Christus beweeg nie (vgl. 3.4.3; 3.4.11 - 3.4.14).
- Die volgende preke en oordenkings het wel daarin geslaag om 'n geldige FGT vir 'n teks vas te stel en te beklemtoon: 3.4.1; 3.4.2; 3.4.4 – 3.4.10; 3.4.15 en 3.4.16.
- Slegs drie preke en oordenkings het daarin geslaag om die heilshistoriese plasing van die teks effektief te hanteer (vgl. 3.4.5; 3.4.8 en 3.4.10).
- Slegs vyf preke en oordenkings het kenmerke van die narratiewe genre in ag geneem tydens interpretasie van die teks (vgl. 3.4.2; 3.4.5 – 3.4.7 en 3.4.10).
- In sommige preke en oordenkings is daar baie sinvol vanuit die teks na Christus beweeg deur gebruik te maak van deurlopende temas (vgl. 3.4.9 en 3.4.15), analogie (vgl. 3.4.12), tipologie (vgl. 3.4.1; 3.4.2; 3.4.4; 3.4.8; 3.4.10 en 3.4.16), die verbond (vgl. 3.4.1), heilshistoriese

ontplooiing (vgl. 3.4.5 en 3.4.16), kontras (vgl. 3.4.16) en Nuwe-Testamentiese verwysings (vgl. 3.4.2). Tog was daar ook gevalle waar allegorie (vgl. 3.4.8) en verkeerde toepassing van tipologie (vgl. 3.4.8) voorgekom het[6].

- Vyf preke en oordenkings (vgl. 3.4.3; 3.4.6; 3.4.7; 3.4.11 en 3.4.13) was glad nie Christosentries nie of Christus is bloot as nagedagte bygevoeg (vgl. 3.4.3 en 3.4.6). Soms is Hy slegs as voorbeeld voorgehou (vgl. 3.4.6). Aangesien die sentrale tema nie altyd in Christus opgelos word nie, is Hy nie altyd die klimaks van die boodskap nie (vgl. 3.4.3; 3.4.6; 3.4.7; 3.4.11; 3.4.13 en 3.4.14).
- Die gevolg daarvan dat die sentrale tema nie altyd in Christus opgelos word nie, is dat die toepassings dikwels verval in moralisme en dat predikers in die slaggat van antroposentriese prediking trap (vgl. 3.4.3; 3.4.4; 3.4.7; 3.4.8 en 3.4.11). Karakters in die teks word soms bloot as navolgenswaardige voorbeelde hanteer (vgl. 3.4.3).
- Heelwat preke en oordenkings (vgl. 3.4.1; 3.4.2; 3.4.5; 3.4.6; 3.4.11 – 3.4.16) ly gebrek aan konkrete toepassings. Hierdie probleem sou opgelos kon word wanneer die boodskap duideliker in die Persoon en voltooide werk van Jesus Christus gegrond was.

*Interpretatief*

- Sodra predikers nie die historiese konteks van ’n teks verreken nie, lei dit daartoe dat ’n verkeerde FGT vir ’n teks geïdentifiseer word en word daar nie sinvol vanuit die teks na Christus beweeg nie.
- Sodra die heilshistoriese plasing van ’n teks in ag geneem word, word daar sinvol vanuit die teks na Christus beweeg.
- Aangesien tipologie die weg is wat in die meeste preke gebruik word om vanuit die teks na Christus te beweeg, is dit moontlik dat AP-Kerkleraars geneig is om tipologie as belangrikste (en eerste) weg te beskou waarlangs vanuit die teks na Christus beweeg behoort te word.
- Wanneer die sentrale tema van die preek of oordenking nie in Christus opgelos word nie, vorm Christus nie die klimaks van die boodskap nie.
- Sodra die sentrale tema van ’n preek of oordenking nie in Christus opgelos word nie, trap AP-Kerkpredikers in die slaggat van moralisme en antroposentriese prediking ten opsigte van die toepassings wat gemaak word in hul preke en oordenkings.
- Die gebrek aan toepassings in sommige preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars, is moontlik die gevolg daarvan dat die boodskap van die teks nie verbind word aan die Persoon, werk of boodskap van Jesus Christus nie.

[6] Vgl. die bespreking in hoofstuk 2.5.5.1 – 2.5.5.7 waarin verskeie slaggate wat vermy behoort te word, beklemtoon word.

In die volgende hoofstuk (4) sal met die deelnemende predikers onderhoude gevoer word ten einde verder vas te stel waarom van hierdie tendense teenwoordig is of nie is nie.  Daar sal gepoog word vas te stel in hoe ’n mate predikers in die AP-Kerk gebruik maak van ’n basisteorie ten opsigte van Christosentriese prediking.  Tydens hierdie onderhoude sal ook gepoog word om tot `n begrip te kom van watter dryfvere die predikante op `n bepaalde manier laat dink oor Christosentriese prediking vanuit Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes.  Uiteindelik sal daar gepoog word om ’n oplossing te bied vir die geïdentifiseerde leemtes deur bepaalde riglyne te formuleer vir Christosentriese prediking deur AP-Kerkleraars vanuit die aartsvaderverhale.

# HOOFSTUK 4

## ONDERHOUDE MET AP-KERK PREDIKANTE

### 4.1 Inleiding

As deel van die afdeling van hierdie navorsing waar die empiriese en interpretatiewe take in interaksie met mekaar hanteer word, kom die volgende vraag van Osmer (2008:4) aan die orde: *Waarom is dit aan die gebeur?* "Kwalitatiewe navorsing wil dieper grawe om die sosiale en religieuse dryfvere onderliggend aan mense se gedrag en ervarings bloot te lê" (Janse van Rensburg, 2007a:4). Met die oog op geldigheid is besluit om nie net by die preekontleding van die radiopreke en -oordenkings te volstaan nie, maar om die kwalitatief-empiriese navorsing uit te brei met basiese individuele onderhoude (vgl. Babbie & Mouton et al., 2001:289). In hierdie hoofstuk word die mondelinge onderhoude wat met deelnemers aan die projek gevoer is, ontleed ten einde uit te vind in hoe 'n mate daar bewustelik deur deelnemers met 'n basisteorie oor Christosentriese prediking omgegaan word en wat uitgevind kan word om tot `n begrip te kom van watter maatstawwe die predikante volg om op `n bepaalde manier te dink oor Christosentriese prediking vanuit Ou Testamentiese Skrifgedeeltes. Ses predikante van die AP-Kerk se preke is ontleed (vgl. hoofstuk 3), waarvan vyf ingestem het tot persoonlike onderhoude. Die sesde deelnemer het nie daartoe ingestem nie. Hierdie ses deelnemers is gekies aangesien hulle preke ontleed is. Vir die biografiese inligting van die predikante, vergelyk tabel 2, hoofstuk 3. Hierdie onderhoude is gevoer met inagneming van die etiese vereistes van die Universiteit van Noordwes (vgl. Babie, 2008:307).

### 4.2 Formaat van onderhoude

'n Kwalitatiewe onderhoud is in wese eintlik 'n gesprek waarin die onderhoudvoerder, omdat hy goed bekend is met die vrae en onderwerpe wat bespreek moet word, in staat is om so 'n onderhoud in 'n bepaalde rigting te stuur waarin spesifieke, voorafbepaalde onderwerpe aangeroer word (Babbie, 2008:336). Kvale (vgl. Babbie, 2008:338) noem sewe stappe waaruit 'n volledige onderhoudproses bestaan, naamlik:

i) Tematisering: Die doel van die onderhoud asook die temas wat ondersoek word, word vasgestel.
ii) Ontwerp: Uitleg van die verloop van die onderhoud ten einde die doel te bereik. Aandag word ook aan etiese oorwegings geskenk.
iii) Onderhoud(e): Fisiese onderhoude word gevoer.
iv) Transkribering: 'n Geskrewe teks van die onderhoud word gemaak.

v) Analise: Vasstel van die betekenis van versamelde inligting ten opsigte van die doel van die studie.

vi) Kontrole: Nagaan van die betroubaarheid en egtheid van materiaal.

vii) Rapportering: Weergee van wat gevind is.

Ten einde uitvoering te gee aan hierdie stappe, was daar besluit om van ’n ongestruktureerde formaat gebruik te maak vir die onderhoude (vgl. Bailey, 1987:192-193; Janse van Rensburg, 2007a:6). Hierdie formaat is minder gestruktureerd as byvoorbeeld ’n lewensgeskiedenisonderhoud of ’n gefokusde onderhoud (Bailey, 1987:192) en geskied gewoonlik aan die hand van voorafbepaalde temas waartydens vrae in die ontwikkeling en verloop van die gesprek na vore kom (Janse van Rensburg, 2007a:6). In die lig van die bespreking in hoofstuk 2, is die volgende ses temas (vgl. Bylae 17) geïdentifiseer, naamlik:

i) Vasstel van die preekboodskap

ii) Die narratiewe stof van die Ou Testament (vgl. 2.2 – 2.4)

iii) Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament (vgl. 2.5.2)

iv) Hermeneutiese aspekte (vgl. 2.5.3)

v) Oorgang van die Ou Testament na Christus (vgl. 2.5.4 – 2.5.5)

vi) Homiletiese aspekte (vgl. 2.6)

Hierdie temas is gekies weens die belangrike rol wat elkeen speel ten einde Christosentriese prediking moontlik te maak. As deel van die ontwerp van die onderhoude is onder elke tema ’n paar vrae geformuleer ten einde die verloop van die gesprek te vergemaklik, maar tydens die onderhoude is nie streng daarby gehou nie weens die ongestruktureerde aard daarvan. Elke deelnemer het ook die NWU se *Vorm vir Ingeligte Toestemming wat deur die Etiekkomitee van die NWU vir navorsingsprojekte vereis word* onderteken nadat dit met hulle bespreek is. Hierna is die fisiese onderhoude met elke deelnemer gevoer. Die onderhoude is nie getranskribeer nie, maar ’n opsomming van die belangrikste aspekte daarvan kom wel in die studiestuk voor. Die volledige onderhoude word in elektroniese formaat deur Navorser bewaar. In hierdie hoofstuk word die onderhoude geanaliseer en uiteindelik word die inligting wat hieruit bekom word, gerapporteer.

## 4.3 Analise en interpretasie van onderhoude

### 4.3.1 Bepaling van die boodskap van ’n teks

*Deelnemer 1*

Ten einde die boodskap van die teks te bepaal, is dit volgens Deelnemer 1 belangrik om eers die teks behoorlik deur te lees en die boodskap daarvan vir die eerste lesers van die teks vas te stel. Daar sal dan

gepoog word om daardie boodskap op die eietydse situasie van toepassing te maak. Dit is egter vir Deelnemer belangrik dat die Woord volgens sy oorspronklike bedoeling verklaar sal word en dat daar nie iets ingelees of bygebring sal word by die teks nie.

*Deelnemer 2*

Volgens Deelnemer 2 is dit belangrik om seker te maak van die teks en waaroor dit in die teks gaan. Daar behoort na die verband waarin die teks staan, gekyk te word. Daar behoort nagelees te word oor die teks. Die teks behoort deeglik deurdink te word. Die materiaal moet "verteer" word. Feite moet gekontroleer word. Die prediker moet self glo in die boodskap wat hy wil oordra. In die hele proses is gebed onontbeerlik.

*Deelnemer 3*

Deelnemer 3 is van mening dat daar sekere situasies is wat jou lei na 'n teks. Die teks moet binne sy verband geëksegetiseer word. Die teks behoort verklaar te word aan die hand van hoe God hom daarin openbaar. Vanuit die Skrifverklaring kry 'n mens wat die Here wil sê. Die vertrekpunt is dat die Bybel een boodskap het en dit is Christus. 'n Belangrike vraag is: Wat openbaar God oor Homself in die teks?

*Deelnemer 4*

Voorbereiding vir Bybelstudies en stiltetyd help Deelnemer 4 om 'n teks te vind wat relevant is vir die gemeente. Hy kry soms idees vanuit leesstof. Dit is vir hom belangrik om kommentare te raadpleeg en die openbaringsgeskiedenis in ag te neem. Hy soek altyd na 'n hoofgedagte binne 'n teks.

*Deelnemer 5*

Deelnemer 5 volg 'n proses. Hy begin met perikoop afbakening sodat die konteks bepaal kan word. Daarna word kommentare en ander relevante bronne geraadpleeg. Hieruit ontstaan die boodskap. Verklaring van die teks is vir Deelnemer belangrik en behoort 'n lerende aspek te bevat. Deelnemer maak baie staat op sy gevoel oor 'n teks. Vir hom speel die Heilige Gees 'n belangrike rol, veral in die keuse van 'n teks.

#### 4.3.1.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Vir al Deelnemers is die eksegese van 'n teks (in 'n mindere of meerdere mate) belangrik ten einde die boodskap van die teks vas te stel. Die vraag na die oorspronklike bedoeling van die teks is soms belangrik (vgl. Deelnemer 1). Oordenking van die teks en 'n eie verstaan daarvan, is vir Deelnemer 2 en

in ’n mindere mate vir die ander deelnemers, belangrik. Ten einde die boodskap van ’n teks vas te stel, word soms gevra: *Wat openbaar God oor Homself in die teks?* (vgl. Deelnemer 3) en soms: *Wat is die hoofgedagte van die teks?* (vgl. Deelnemer 4). Die inwerking van die Heilige Gees (vgl. Deelnemer 5) en gebed (vgl. Deelnemer 2) speel ook ’n belangrike rol in die verstaan van ’n teks.

*Interpretatief*

- Hoewel die eksegese van ’n teks vir al Deelnemers belangrik is, verskil die wyse waarop ’n teks benader word waarskynlik weens die feit dat al Deelnemers nie by dieselfde instansie opgelei is nie.

### 4.3.2 Hantering van Ou Testamentiese narratiewe stof

*Deelnemer 1*

Wanneer met narratiewe stof te werk gegaan word, is dit belangrik om eers vas te stel wat die teks werklik sê sonder om met ’n vooropgestelde idee na die teks te gaan. Die historisiteit van die aartsvadernarratiewe is vir Deelnemer 1 belangrik, want anders kan daar nie met gesag oor ’n teks gepraat word nie. Volgens Deelnemer 1 is die boodskap van ’n narratief afhanklik van die historisiteit daarvan.

Aandag aan literêre eienskappe van narratiewe stof is nie vir Deelnemer 1 baie belangrik nie, maar eerder die vraag na waarom God ’n spesifieke verhaal in die Bybel wou gehad het.

*Deelnemer 2*

Narratiewe stof moet binne hulle verband gelees word, maar behalwe daarvoor, benader Deelnemer 2 nie die narratiewe stof enigsins anders as ander genres nie. Vir hom is die historisiteit van narratiewe stof nie belangrik nie en beïnvloed dit ook nie die boodskap van die teks nie. Sake moet op sigwaarde geneem word. Die belangrike saak is die boodskap van die narratief en nie die historisiteit daarvan nie. Literêre eienskappe van die narratiewe word in ag geneem, maar dit speel nie die hoofrol nie. Dit word nie kansel toe geneem word nie, hoewel dit beskou word as belangrike gereedskap.

*Deelnemer 3*

Die Bybel word nie beskou as ’n historiese handboek nie, maar God openbaar Homself binne ’n spesifieke geskiedkundige gebeurtenis. Deelnemer 3 se vertrekpunt is dat dit die Woord van God is. God het mense gebruik het om sy Woord in ’n bepaalde vorm op skrif te stel, waarvan die narratiewe genre een vorm is.

Vir Deelnemer 3 is die historisiteit van die narratiewe stof belangrik. Hy vertrek vanuit die veronderstelling dat die Woord histories korrek is, aangesien dit vir hom Woord *van* die Here is en nie Woord *oor* die Here nie. Die Woord van die Here is nie afhanklik van menslike bewyse om histories korrek te wees nie.

Vir Deelnemer 3 is dit belangrik om aandag te gee die literêre eienskappe van die narratief, byvoorbeeld naamgewing as wyse van karakterisering. Veral die konteks van die teks is belangrik – die konteks binne die Bybelboek, maar ook die onmiddellike konteks (binne die hoofstuk). Dit is nodig om die groter storielyn raak te sien en nie ’n narratiewe teks te isoleer van sy konteks nie.

*Deelnemer 4*

Die literêre eienskappe van die narratiewe genre word in ag geneem. Vir Deelnemer 4 is dit belangrik om te bly by die feite wat die Skrif vir jou gee en om nie ekstra dinge by te voeg wat nie in die Woord staan nie. Deelnemer 4 is nie baie vertroud met die term "narratief" nie en die literêre eienskappe daarvan is maar ’n vreemde gedagte. Hoewel dit vir hom nuut is, is hy van mening dat ’n mens se intuïtiewe aanvoeling vir ’n teks jou tog op hierdie dinge laat fokus. Hy is egter versigtig dat dit daartoe kan lei dat onnodige inligting in die preek opgeneem word wat wel interessant is, maar nie noodwendig nuttig is vir geloofsgroei nie.

*Deelnemer 5*

Die agtergrond van ’n verhaal is nogal belangrik vir Deelnemer 5, veral om vas te stel waar ’n teks vandaan kom. Die konteks waarin ’n teks staan en die vraag waarom ’n teks op ’n spesifieke plek staan, is ook vir Deelnemer 5 belangrik. Die gevaar van narratiewe stof is dat die prediker moralisties kan raak. ’n Belangrike vraag is: *Waar in die teks lê die boodskap opgesluit?* Daar behoort ook gevra te word hoe hierdie verhaal by Jesus uitgebring kan word.

Die historisiteit van ’n verhaal is baie belangrik vir Deelnemer 5, daarom beklemtoon hy die belangrikheid van literatuurstudie. Dit behoort ook aan lidmate deurgegee te word. Historisiteit speel nie altyd ’n belangrike rol in die verklaring van ’n teks nie, maar hy is tog van mening dat verhalende stof anders hanteer en gepreek sou word as dit nie waar is nie.

Deelnemer 5 hanteer nie narratiewe stof anders as ander genres in die Bybel nie. Die literêre eienskappe is vir Deelnemer 5 deel van die omgang met die teks, maar hy konsentreer nie spesifiek daarop nie. Detail in die teks help om begrip te bring. Deelnemer 5 hou nie daarvan om op ’n oppervlakkige wyse na die verhaal te kyk nie.

#### 4.3.2.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Dit lyk nie asof een van Deelnemers werklik die teks anders hanteer wanneer hulle met narratiewe stof werk nie. Vir sommige is die historisiteit van narratiewe stof belangrik en die boodskap van die narratief is daarvan afhanklik (vgl. Deelnemers 1,3 en 4). Vir die ander twee deelnemers (vgl. Deelnemer 2 en Deelnemer 5) is die historisiteit van narratiewe stof nie belangrik nie. Nie een van Deelnemers konsentreer regtig op die literêre eienskappe van narratiewe stof nie.

*Interpretatief*

- Dit is moontlik dat die gebrek aan aandag aan die literêre eienskappe van narratiewe stof gesoek kan word in die opleiding van die predikante. Veral gesien in die lig dat die ouer predikante nie regtig ingelig was rakende terminologie eie aan die narratiewe genre nie.
- Dit is moontlik dat daar in die opleiding van die predikante, selfs dié wat by die AP-Akademie opgelei is, nie baie aandag aan die hantering van verskillende genres, spesifiek die narratiewe genre, gegee is met die oog op prediking nie.
- Ten opsigte van die belangrikheid van die historisiteit van die narratiewe stof, is daar ’n merkbare verskil tussen deelnemers wat uit ’n NG-Kerkagtergrond kom en die wat uit AP-Kerk en Gereformeerde Kerkagtergrond kom. Vir deelnemers uit ’n NG-Kerkagtergrond maak die historisiteit nie ’n wesenlike verskil aan die boodskap van die teks nie (vgl. Deelnemers 2 en 5), terwyl die historisiteit van ’n verhaal vir deelnemers uit ’n AP-Kerk- of Gereformeerde Kerkagtergrond ’n belangrike rol speel in die bepaling van die boodskap van ’n teks. Dit is moontlik dat die Skrifbeskouing van die onderskeie tradisies hierin ’n rol speel.

### 4.3.3 Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament

*Deelnemer 1*

Deelnemer 1 is van mening dat die Ou en die Nuwe Testament ’n eenheid vorm met ’n boodskap wat soos ’n lyn regdeur beide loop. Die Drie-enige God is reg deur die Bybel aan die werk. Dit mag wees dat die Ou Testament ’n spesifieke boodskap gehad het vir die eerste hoorders, maar die Bybel is opgeteken vir gelowiges om God te ken. Deur die Woord leer die gelowiges vir God as die Drie-enige God ken.

Hy is van mening dat daar van ’n meta-narratief vir die Bybel gepraat kan word. Deur die evangelie leer gelowiges God ken. Die evangelie moet dus die oorkoepelende boodskap van die Bybel wees. Die meta-narratief is hoe God Homself aan die mens geopenbaar het regdeur die Woord. Christus is die hoogtepunt van God se openbaring.

*Deelnemer 2*

Volgens Deelnemer 2 werp die Ou Testament lig op die Nuwe Testament. Die hele Ou Testament is ’n opbou van die verwagting van ’n Messias. Die Ou Testament word beter verstaan deur die Nuwe Testament. Die een kan nie sonder die ander nie. Dit beteken nie dat die Nuwe Testament alles verklaar wat in die Ou Testament staan nie.

Die hele Skrif sentreer rondom God Drie-enig. Dit is die volle boodskap daarvan. In die Nuwe Testament maak God nog vensters oop in die deurbraak dat die Messias reeds gekom het. Die Ou Testament dien as die fondament vir die Nuwe Testament.

*Deelnemer 3*

Deelnemer 3 is van mening dat baie gelowiges die Ou Testament as ’n dooie boek beskou met ’n God met wie mense nie kan assosieer nie. Tog kan ’n mens die gebeure op Golgota nie verklaar, indien jy nie dít wat in die Ou Testament verkondig word, in ag neem nie. Die Nuwe Testament kan nie sonder die Ou Testament verstaan word nie en andersom ook nie.

Dit wat in die Ou Testament geskryf is, is geskryf aan die hand van die feit dat God reeds die groter prentjie in gedagte gehad het. Dit lyk asof Deelnemer 3 van die oortuiging is dat die Ou Testament reeds Christelik is.

Volgens hom het die Woord een boodskap. Hy is daarvan oortuig dat dit nie die fokus van die Bybel vernou nie. God is die God van lewe. Die mens kon dood gewees het, maar God is die Een wat lewe bring en daardie lewe is in Christus. Die mens se band met Christus bepaal hoe die Skrif verklaar word. Die mens lewe omdat Christus lewe. Deelnemer 3 definieer die boodskap van die Bybel soos volg: Dit is die lewende, waaragtige God wat vir Hom mense kies, nie op grond van wie en wat hulle is nie, maar op grond van die soenverdienste van Jesus Christus om vir ewig te lewe. Die boodskap van die Bybel is Christus, want in Hom lewe die mens. Hy herskep die mens. Die Vader en die Gees se werk kan nie los van Christus verstaan word nie.

*Deelnemer 4*

Volgens Deelnemer 4 is daar baie dinge in die Ou Testament wat heenwys na Christus. Die basis van die Ou Testament kan nie verontagsaam word wanneer daar met die Nuwe Testament omgegaan word nie. Die Nuwe Testament help ons tog om sekere dinge in die Ou Testament anders te verstaan as die mense

van die Ou Testament. Daar is huiwering by Deelnemer 4 oor of daar werklik ’n eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament bestaan.

Volgens hom is Christus die sentrale boodskap van die Skrif. Die Nuwe Testament is nie ’n herinterpretasie van die Ou Testament nie. Die Ou Testament spreek vanself van Christus.

*Deelnemer 5*

Deelnemer 5 sien die Ou Testament as ’n voorbereiding vir wat nog moet kom. Dit is moontlik dat God dit vooraf beplan het dat dinge moet gebeur. Die Ou Testament het volgens die leser ’n spanning geskep deurdat die volk geleentheid gehad het om in ’n verbond met God te leef, maar hulle kon nie. Die waarde van die Ou Testament is om aan te toon hoe God met die mens wou handel en om die genadelyn uit te wys. Deelnemer 5 is van mening dat daar voorspellings in die Ou Testament is, alhoewel hy nie seker is of die skrywers daarvan bewus was nie. Die twee testamente het dieselfde gesag vir Deelnemer. Christus se gebruik van die Ou Testament beklemtoon vir hom die belangrikheid van die Ou Testament.

Volgens Deelnemer 5 kan die Woord nie net as een groot storie beskou word nie. Dit vorm ’n geheel, ’n holistiese, insluitende boodskap, maar Deelnemer 5 is versigtig om dit slegs as een groot storie te sien. Hy is nie baie gemaklik met die term – meta-narratief nie.

#### 4.3.3.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Al Deelnemers is van mening dat die Ou en die Nuwe Testament van mekaar afhanklik is vir die verstaan daarvan. Dit lyk egter asof die Ou Testament eerder ’n voorbereidende funksie het ten opsigte van die Nuwe Testament en dat die Ou Testament nie noodwendig beskou word as uit die staanspoor Christelik van aard nie. Slegs een deelnemer (vgl. Deelnemer 3) het laasgenoemde standpunt gehuldig. Hoewel daar soms effense onsekerheid was oor die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament (vgl. Deelnemer 4 en Deelnemer 5), lyk dit tog asof die twee Testamente as ’n eenheid beskou word. Afgesien van Deelnemer 5 wat versigtig is vir die gebruik van die term meta-narratief, is al deelnemers dit eens dat beide die Ou en die Nuwe Testament ten diepste slegs een boodskap het, naamlik Jesus Christus.

*Interpretatief*

- Dit is moontlik dat predikante in die AP-Kerk, ongeag ouderdom of opleidingsagtergrond, die Ou en die Nuwe Testament as ’n eenheid sien. Daarom is hulle ook in die algemeen nie bang om te erken dat beide Testamente slegs een boodskap het nie, naamlik Jesus Christus. Hierdie eendersdenkenheid kan waarskynlik toegeskryf word aan die AP-Kerk se standpunt oor Skrifbeskouing (vgl. Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek van die AP-Kerk, 2010:5,37-

40). Opleiding by die AP-Akademie is gegrond op hierdie Skrifbeskouing en predikante wat vanuit ander kerklike agtergronde by die AP-Kerk aangesluit het, het hulle met hierdie Skrifbeskouing vereenselwig.

### 4.3.4 Hermeneutiese aspekte

*Deelnemer 1*

Deelnemer 1 reken dat die heilshistoriese ontplooiing en plasing van ’n teks nie so belangrik is vir die bepaling van die boodskap van die teks nie, maar die teks binne sy eie konteks moet tot sy regkom. Die boodskap daarvan is die belangrike saak.

Vir Deelnemer 1 verskil die eksegetiese proses nie wanneer daar met verhalende stof gewerk word nie. Hy sal steeds eers die teks deurlees in Afrikaans en dit daarna uitlê vir die eietydse hoorders. Daar moet bepaal word wat God oor Homself openbaar. Dit geskied voordat met die oorspronklike tale omgegaan word. Nadat die tema van die gedeelte vasgestel is, word na die oorspronklike tale gekyk en eksegese rondom die tema gedoen.

Deelnemer 1 is versigtig om te veel klem op literêre interpretasie te plaas. Dit speel nie vir Deelnemer 1 so ’n groot rol in die bepaling van die boodskap nie. Hy vrees daar word betekenis in bepaalde woorde ingelees. Historiese interpretasie en teologiese interpretasie is wel vir hom belangrik.

Die Bybel is in totaliteit God se Woord, maar Hy gebruik mense om dit op te teken. God het op ’n besondere wyse met die menslike outeur gewerk sodat hy die boodskap van God kon oordra. Deelnemer 1 is van mening dat die oorspronklike skrywers nie hulle eie boodskappe kon byvoeg by God se boodskap nie. Deelnemer 1 stem saam dat daar moontlik ’n dieper betekenis is aan dit wat God aan menslike outeurs geopenbaar het.

Dit lyk nie asof die begrip “gevalle toestandfokus” bekend is vir Deelnemer 1 nie. Hy is van mening dat dit belangrik is om vas te stel waarom ’n teks geskryf is, maar tog is dit nie vir hom so belangrik om na die behoeftes van die eerste hoorders te kyk nie.

*Deelnemer 2*

Deelnemer 2 reken sonder ‘n heilshistoriese benadering sou prediking baie armer gewees het, byvoorbeeld as die Nuwe Testament sonder die Ou Testament gepreek moes word. Die Ou Testament kan nie verstaan word soos hy nou verstaan word sonder die Nuwe Testament nie en andersom ook nie.

Die Nuwe Testament dra daartoe by om sekere Ou Testamentiese gedagtes verder te ontwikkel. Die Nuwe Testament bring diepte en werp lig op sake in die Ou Testament.

Die skrywers van die Ou Testament het geskiedenis neergeskryf. Dít was waarmee hulle besig was. Hulle het die geskiedenis opgeteken sonder dat hulle noodwendig bewus was daarvan dat God deur die Heilige Gees besig was om hulle te gebruik. Eers later het hulle besef wat hulle neergeskryf het, maar op die skryfstadium was hulle dalk nie bewus van die Goddelike bedoeling nie. Hulle het neergeskryf waarmee hulle besig was, maar dit beteken nie dat God nie verder in die toekoms ingesien het nie. God is die eintlike Outeur. Geen skrywer het die volle konsekwensies besef van wat hulle neergeskryf het nie. Deelnemer 2 is nie seker of die oorspronklike skrywers en hoorders alreeds ’n bewustheid gehad het van die belangrikheid van sekere gebeure nie. Deelnemer 2 is van mening dat hulle nie so daaroor gedink het nie. Die Nuwe Testament bied die nodige lig. God het egter ’n groter plan wat die mens nie ten volle begryp of kan vaspen nie. Christus help sy dissipels om te verstaan hoe die Ou Testament van Hom getuig, maar die mense van die Ou Testament het dit natuurlik nie so begryp nie.

Ten opsigte van die vraag of Deelnemer 2 van mening is dat elke teks ’n gevalle toestandfokus het wat die skryf van daardie teks genoodsaak het, was Deelnemer 2 van mening dat God in wat Hy doen nie afhanklik is van wat die mens is nie. God kan nie gemanipuleer word nie. God se plan is volmaak. Hy is van mening dat ’n mens versigtig behoort te wees om opmerkings te maak wat dit laat lyk asof God in reaksie op die mens se optrede optree. God se plan was reeds daar voordat die mens verkeerd begin optree het. Sy plan is nie afhanklik van die mens se optrede nie.

*Deelnemer 3*

Ten opsigte van die heilshistoriese ontplooiing is Deelnemer 3 van mening dat God reeds die groter prentjie ingedagte het toe Hy Homself geopenbaar het. Daarom is die heilshistoriese plasing en ontvouing vir Deelnemer 3 belangrik. Die mens het ’n geskiedenis en God is met die mens en sy Kerk op pad. Die tydgleuf waarin dinge afspeel, is belangrik. Die Bybel is die heilshistoriese openbaring van die Here. Dit is belangrik om die tydlyn van God se verlossing in ag te neem. Die mens se geskiedenis en toekoms is verseker omdat dit aan God verbind is, is nie nie aan tyd gebonde nie.

God openbaar Homself in sy Woord – dit is Deelnemer 3 se vertrekpunt. Die literêre konteks is belangrik omdat God dit so bedoel het. Al het ’n teks ’n historiese konteks, bly dit God se Woord wat ook ’n tydlose karakter het sodat die mens vandag steeds deur die teks aangespreek word. Vir Deelnemer 3 is die teologiese interpretasie van ’n tes veral belangrik. Ten opsigte hiervan is dit belangrik om die verband waarin die teks staan in ag te neem.

Ten opsigte van die vraag of Deelnemer 3 van mening is dat elke teks ’n gevalle toestandfokus het wat die skryf van daardie teks genoodsaak het, was Deelnemer 3 van mening dat God heilig is en ook van sy volk eis om heilig te wees. Die mens se sonde tas sy heiligheid aan. God hou Homself voortdurend besig met onheilige sondaarmense en begenadig hulle in Christus. Daardeur herstel Hy die verhouding. Die mens moet weet hy is niks sonder Christus nie. Hierdie fokus (FGT) is belangrik. Die vraag is: *Waarop wil God hier in die teks vir die mens ’n antwoord gee?* Elke teks is gegee met ’n spesifieke doel.

*Deelnemer 4*

Volgens Deelnemer 4 speel die heilshistoriese plasing en ontplooiing ’n belangrike rol in die verklaring van die teks. Literêre interpretasie, historiese interpretasie en teologiese interpretasie is belangrik in soverre dit die lidmaat kan help om geestelik te groei en te verdiep. Indien dit help om by die boodskap uit te kom, dan is dit belangrik. Deelnemer 4 is egter bekommerd dat deur op hierdie dinge te fokus te veel nuttelose inligting na die kansel geneem sal word. Die brug tussen die teks en die hede word gebou deurdat daar niks nuuts onder die son is nie. Wat destyds probleme was, is vandag nog steeds probleme, hoewel die vorm waarin die probleem voorkom, dalk net verskil. Tydlose waarhede behoort beklemtoon te word.

Deelnemer 4 is van mening dat die skrywers van die Ou Testament nie presies bewus was van die volle omvang van God se openbaring nie. Gelowiges se verstaan daarvan het later eers bygekom. Gelowiges kan vandag terugkyk en die parallelle trek. Deelnemer 4 is van mening dat, weens die organiese inspirasie, God dalk selfs meer bedoel het met dit wat Hy geopenbaar het as waarvan die skrywers op daardie stadium bewus was. Dit is moontlik dat die skrywers en hoorders dalk wel ’n aanvoeling gehad het daarvoor dat daar moontlik iets meer bedoel is met wat God geopenbaar het. Indien skrywers van dieper menings bewus was, sou hulle dalk meer daarop uitgebrei het.

Die konsep van ’n gevalle toestandfokus, was vir Deelnemer 4 ’n baie nuwe gedagte. Hy is van mening dat ’n konsep soos die FGT maar ’n mens se siening en interpretasie is. Hy is nie seker of tekste in die Woord werklik bedoel is om ’n antwoord te gee op ’n aspek van die mens se gevalle toestand nie. Hy vind die konsep tog interessant. Dit gryp ’n mens se aandag en laat die hoorder nadink.

*Deelnemer 5*

Heilshistoriese ontplooiing en plasing word, volgens Deelnemer 5, deur hom in ag geneem, maar elke gedeelte behoort op eie meriete hanteer te word om by Christus uit te kom. Predikers hoef nie elke teks as deel van die groter Storie van die Skrif te verklaar om dit by Christus te laat uitkom nie.

Literêre, historiese en teologiese interpretasie is veral belangrik vir Ou Testament prediking. Daarom is die agtergrond van 'n teks en navorsing daaroor belangrik. Dit is ook belangrik in die lewering van die preek. Hy is van mening dat bogenoemde drie dinge baie help om die boodskap van 'n teks vas te stel. Teologiese interpretasie kry die meeste prominensie.

Volgens Deelnemer 5 sê of doen God niks sonder 'n rede nie. Daarom is daar ook 'n rede waarom Hy sekere inligting aan die Bybelskrywers bekendmaak. Die skrywers het nie noodwendig geweet hulle praat van Jesus nie. God gebruik sy openbaring egter vir hierdie doel. Dit is nie vir Deelnemer belangrik dat die skrywer geweet het wat God bedoel het of nie. God se handelinge en besluitneming is holisties.

Ten opsigte van die vraag of Deelnemer 5 van mening is dat elke teks 'n gevalle toestandfokus het wat die skryf van daardie teks genoodsaak het, was Deelnemer van mening dat dit veral 'n belangrike rol speel by die aktualisering van 'n boodskap. Deelnemer is egter onseker of 'n aspek van die mens se gevalle toestand die rede is waarom God 'n teks laat neerskryf het.

### 4.3.4.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Twee van Deelnemers (vgl. Deelnemer 1 en Deelnemer 5) was van mening dat die heilshistoriese plasing van 'n 'n teks nie 'n belangrike rol speel in die vasstel van die boodskap daarvan nie. Elke teks behoort eerder op eie meriete hanteer te word. Daarteenoor voel Deelnemers 2 tot 4 dat die heilshistoriese plasing van 'n teks wel belangrik is ten einde 'n teks verantwoordelik te verklaar. Wanneer die heilshistoriese plasing van 'n teks in ag geneem word, verdiep dit die boodskap daarvan.

Hoewel die terme: literêre, historiese en teologiese interpretasie vir Deelnemers soms vreemd op die oor geval het, was daar grootliks eenstemmigheid (afgesien van Deelnemer 1) oor die noodsaaklikheid hiervan vir die behoorlike verstaan van 'n teks. Dit val op dat teologiese interpretasie soms (vgl. Deelnemer 3 en Deelnemer 5) die meeste aandag kry.

Al Deelnemers is dit eens dat die Goddelike Outeur moontlik meer in gedagte gehad het met 'n bepaalde teks (dus ook met die aartsvaderverhale) as waarvan die menslike skrywers bewus was. Die menslike skrywers het nie die volle konsekwensies van dit wat aan hulle geopenbaar is, besef nie. Deelnemer 4 het selfs so ver gegaan as om te sê dat die skrywers moontlik 'n aanvoeling kon hê dat 'n teks se betekenis meer kon inhou as die voor-die-hand-liggende.

Die konsep dat elke teks fokus op 'n bepaalde aspek van die mens se in-sonde-gevalle toestand, was vir al Deelnemers (afgesien dalk van Deelnemer 3) 'n vreemde gedagte. Sommige (vgl. Deelnemer 2 en Deelnemer 5) is nie seker of die mens se in-sonde-gevalle toestand aanleiding gegee het tot God se

openbaring nie. Daar is in die algemeen ’n huiwering ten opsigte van die gebruik hiervan in die hermeneutiese proses.

*Interpretatief*

- Dat van die uitdrukkings in die veld van die Hermeneutiek vreemd was vir die ouer predikante, is moontlik toe te skryf aan die ontwikkeling in die veld oor die afgelope paar jare. Hierdie ontwikkeling sluit onder andere in ’n hernude fokus op die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament, die fokus op die unieke literêre eienskappe van ’n teks (genre); ’n holistiese benadering tot die verstaansproses en Christosentriese interpretasie. Dit is moontlik dat ouer predikante se belangstelling in die veld met die jare getaan het en dat hulle daarom nie so op hoogte van die mees resente inligting is nie.
- Jonger predikante se onsekerheid oor sekere nuwe tendense in die Hermeneutiek kan heel moontlik toegeskryf word aan ’n oorlading ten opsigte van gemeentelike bediening wat daartoe lei dat te min tyd bestee word aan die bestudering van die nuutste ontwikkelings en tendense op die terrein van die Hermeneutiek.
- Dat die bedoeling van die Goddelike Outeur deur al Deelnemers dieselfde gesien word, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat ouer predikante uit ’n era kom toe die Goddelike inspirasie van die Skrif nog konsekwent gehandhaaf is. Aangesien die AP-Akademie steeds hierdie standpunt handhaaf, verklaar dit waarskynlik waarom jonger predikante dieselfde hieroor dink.

### 4.3.5 Oorgang van die Ou Testament na Christus

*Deelnemer 1*

Deelnemer 1 is versigtig om elke teks net op Christus te fokus. Hy gaan eerder teosentries te werk. Die uiteindelike ontvouing is wel in Christus. God openbaar Homself op ’n baie besondere manier aan ons in Christus. Hy vra die volgende vraag: *Hoe stel God Homself in ’n teks bekend en hoe het Hy Homself te volle geopenbaar in Christus?*

Deelnemer 1 is van mening dat die teks nie ’n kapstok moet wees om uiteindelik by Christus uit te kom nie. ’n Teks moenie geforseer word om by Christus uit te kom nie. Dit klink asof veral die soek na tipes van Christus in ’n teks ’n belangrike rol speel vir Deelnemer 1 om na Christus oor te gaan. Daar is ook ander maniere om na Christus oor te gaan, maar die teksgedeelte sal bepaal watter metode van oorgang gebruik sal word.

Deelnemer 1 probeer slaggate in die oorgang na Christus vermy deur bedag te wees daarop om nie vir Christus in ’n teks te forseer nie. Hy noem egter nie spesifieke slaggate wat hierdie geforseerdheid veroorsaak nie.

*Deelnemer 2*

Op die vraag na waarna Deelnemer 2 in ’n teks soek om ’n brug te bou na Christus toe, was Deelnemer se antwoord dat, indien ’n prediker ’n Ou Testament teks kry waaruit hy nie gemaklik na die Nuwe Testament kan oorgaan nie, hy eerder moet bly by die boodskap wat in daardie teks opgesluit lê. Dit kan egter ’n oppervlakkige boodskap wees. Indien Christus nie op ’n natuurlike, eerlike, verteerde wyse verkondig kan word nie, behoort ’n teks nie gepreek te word nie. Indien ’n prediker nie Christosentries oor ’n teks kan preek nie, beteken dit hy het nog nie werklik daardie teks onder die knie nie. Toepassings kan help met Christosentriese prediking. Indien ’n prediker nie sy toepassings vanuit Christus kan doen nie, moet hy homself afvra of hy in staat is om oor daardie teks te preek. Hou dan eerder ’n afstand, dink weer na en bid. Elke prediker behoort sy eie tekortkominge te besef.

Dat daar slaggate ten opsigte van die oorgang na Christus is, behoort nie ’n prediker huiwerig te maak om oor ’n teks te preek nie. Indien ’n prediker nie baie seker is van die teks en sy boodskap nie, dan is die gevaar groot om in sekere slaggate te trap. Vir Deelnemer 2 is dit belangrik dat daar nie dinge aan die teks toegedig behoort te word wat nie daarin is nie.

*Deelnemer 3*

Ten einde ’n oorgang na die Christus te bewerk, is dit vir Deelnemer 3 belangrik om eers die teks eers binne sy historiese konteks te verklaar. Christus behoort nie in ’n teks geforseer te word nie. Dit klink asof Deelnemer 3 van mening is dat daar nie te vinnig oorgegaan moet word na Christus nie. Die voltooide werk van Jesus Christus en dit wat gelowiges besit kragtens hulle verbintenis aan Hom, is belangrik vir sinvolle Christosentriese prediking.

Deelnemer 3 is van mening dat slaggate in die proses van Christosentriese prediking vermy kan word wanneer Skrif met Skrif verklaar en vergelyk word. Indien ’n Nuwe-Testamentiese teks ’n Ou-Testamentiese teks op ’n spesifieke manier hanteer, kan predikers dit ook so hanteer en veilig wees. Christus behoort nie net ’n nagedagte wees nie.

*Deelnemer 4*

Deelnemer 4 is oortuig daarvan dat daar in ’n preek altyd by Christus uitgekom behoort te word, maar soms is dit vir hom moeiliker as ander kere. Deelnemer vermy tekste waar hy self nie seker is hoe om sinvol na Christus oor te gaan nie.

Die aard en inhoud van die teks bepaal hoe na Christus beweeg sal word. Soms word na spesifieke verwysings na Christus se teenwoordigheid in die teks gesoek. Tipes is nogal vir Deelnemer belangrik, maar dit behoort duidelik uitgewys te word hoe en waarom iets of iemand ’n tipe is. Heilshistoriese ontplooiing is ook belangrik.

Geforseerdheid behoort vermy te word. Allegorie kan ’n slaggat wees. Die prediker maak staat op sy aanvoeling om te weet of ’n oorgang na Christus korrek is of nie. Hy is van mening dat die werking van die Heilige Gees juis sy aanvoeling beïnvloed.

*Deelnemer 5*

Deelnemer 5 is van mening dat dit nie nodig is om altyd by Christus uit te kom wanneer uit die Ou Testament gepreek word nie. Deelnemer 5 *wil* graag by Christus uitkom, maar as die gedeelte hom nie daartoe lei nie, sal hy dit vermy. Die uitleg van die teks leen hom soms daartoe om ’n lyn deur te trek na Christus toe. Volgens Deelnemer 5 is Christosentriese prediking nie eg wanneer bloot na ’n voorbeeld in Christus se lewe op aarde gesoek en in die prediking uitgewys word nie. Dit gaan oor die verhouding met God. Christus maak sekere optredes wat deur God vereis word, makliker. Deelnemer identifiseer veral moralisme as ’n groot slaggat tydens Ou-Testamentiese prediking.

#### 4.3.5.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Hoewel al Deelnemers behalwe Deelnemer 5 van mening is dat Christosentriese prediking uit die Ou Testament noodsaaklik is, is daar nie eenstemmigheid oor hoe die oorgang vanuit die teks na Christus bewerk behoort te word nie. Al verkies Deelnemer 1 om eerder teosentries met ’n teks te werk, vra hy tog twee baie sinvolle vrae, naamlik: *i) Hoe stel God Homself in die teks bekend? en ii) Hoe het Hy Homself ten volle in Christus geopenbaar?* Vir Deelnemer 3 is dit belangrik om eers ’n teks deeglik binne sy historiese konteks te verklaar. Deelnemer 2 en Deelnemer 4 is egter van mening dat indien ’n Ou-Testamentiese teks nie Christosentries gepreek kan word nie, so ’n teks eerder vermy behoort te word. Gelowiges se verbintenis aan Christus en sy voltooide werk is vir Deelnemer 3 ook van groot hulp in die oorgang na Christus.

Hoewel van Deelnemers (vgl. Deelnemer 1 en Deelnemer 4) bepaalde maniere (bv. tipes en heilshistoriese ontplooiing) genoem het waarvolgens hulle die oorgang na Christus bewerk, lyk dit asof

nie een van Deelnemers van duidelik geformuleerde, goed deurdagte en verantwoordelike wyses gebruik maak om die oorgang na Christus te bewerk nie.

Die Deelnemers is dit eens dat daar maklik in slaggate getrap kan word tydens Christosentriese prediking, maar nie een was in staat om duidelik waarneembare slaggate aan te toon nie. Slegs Deelnemer 4 en Deelnemer 5 kon allegorie en moralisme as moontlike slaggate bevestig nadat dit deur Navorser aan hulle genoem is.

*Interpretatief*

- Die AP-Kerk se besluit, soos vervat in sy Kerkorde (2012:42), naamlik dat alle prediking Christosentries moet wees, noodsaak predikante om ’n oorgang vanuit die Ou Testament na Christus te bewerk, maar bied nie duidelike riglyne vir hierdie komplekse proses nie.
- Die skynbare onvermoë van predikers om hierdie komplekse proses van oorgang uit die Ou-Testamentiese teks na Christus te hanteer, is waarskynlik daaraan te wyte dat hierdie aspek nie behoorlik tydens opleiding aandag gekry het nie. Selfs predikante wat hul opleiding by die AP-Akademie ontvang het, is onseker oor die hantering hiervan.
- Dit is moontlik dat ’n gebrek aan ’n goed gedefinieerde teorie vir Christosentriese prediking tot gevolg het dat daar soveel onsekerheid bestaan onder predikante rakende hierdie komplekse proses.

### 4.3.6 Homiletiese aspekte

*Deelnemer 1*

Die hoofrede waarom verklarende prediking vir Deelnemer 1 belangrik is, is omdat dit volgens hom kennis bevorder en lei tot geloof in God. As deel van verklarende prediking is die bepaling van ’n eksegetiese tema vir Deelnemer 1 belangrik, maar die tema ondergaan geen verandering wanneer dit as ’n homiletiese tema geformuleer word nie. Daar word nie geïnterpreteer vir die eietydse omstandighede nie.

Deelnemer 1 is nie baie sterk daarop ingestel om toepassings vanuit die teks af te lei nie. Die teks behoort goed genoeg uitgelê te word dat hoorders dit aan die hand van die teks self in hulle eie lewens kan toepas. Met moeiliker tekste sal hy dalk een of twee toepassings maak om die hoorders te help om te verstaan hoe hulle die teks behoort toe te pas.

Toepassings moet uiteindelik by Christus uitkom. Hoorders sal nie weet hoe om dankbaar te leef as hulle nie weet wat Christus vir hulle gedoen het nie. Die rol van die Heilige Gees is baie belangrik om toepassings aan Christus te verbind. Uiteindelik pleit Deelnemer 1 steeds vir ’n teosentriese benadering.

*Deelnemer 2*

Vir Deelnemer 2 is verklarende prediking ook belangrik, maar dit is nie duidelik of hy verklarende prediking as noodsaaklik vir Christosentriese prediking beskou nie.

Vir Deelnemer 2 is die boodskap binne sy historiese konteks baie belangrik ten einde die eksegetiese tema vas te stel. Daarna word gevra: *Het dit vandag nog betekenis?* Die hedendaagse omstandighede moet in ag geneem word, so ook die historiese omstandighede. Hy lê klem daarop dat ’n prediker nie iets moet preek wat hy nie behoorlik onder die knie het nie. Deelnemer 2 is van mening dat dit sal help om die homiletiese tema anders te formuleer as die eksegetiese tema, maar dit kan ook geforseerd wees. Die tema moet die kern bevat van wat jy gaan sê sonder om die geheim weg te gee. Christosentriese prediking sal in sommige gevalle die tema se formulering beïnvloed.

’n Toepassing moet die gemeente help om die teks beter te verstaan en te onthou. Christusprediking help om meer gewig te gee aan toepassings.

*Deelnemer 3*

Dit gebeur dat Deelnemer 3 se eksegetiese tema verander na ’n homiletiese tema. Vanuit jou inleiding en slot kry jy jou tema. Dit klink dus asof die boodskap vir die eietydse hoorders ’n belangrike rol speel in die vasstel van die tema. Christusverkondiging word reeds ingebring in die homiletiese tema. Soms bly die eksegetiese en homiletiese tema dieselfde. Daar moet egter aan die homiletiese tema aandag gegee word om uiteindelik by Christus uit te kom in die preek.

Toepaslikheid is vir Deelnemer 3 baie belangrik. Toepassings is ook ’n baie sinvolle wyse om by Christus uit te kom in die prediking. Volgens Deelnemer 3 staan toepassings in verhouding met die Persoon, werk en boodskap van Christus. Die kudde behoort ook geëksegetiseer word. In Christus kry toepassings ware betekenis.

*Deelnemer 4*

Deelnemer 4 maak gebruik van verklarende prediking. Hy is van mening dat die homiletiese aspek nie aangepak kan word sonder die eksegetiese aspek nie. Die homiletiese tema moet net nie in ’n ander rigting beweeg as dit wat deur die eksegese aangetoon is nie. Prediking behoort nie te verval in ’n stuk wetenskaplike uitleg van die teks nie. Dit is belangrik om nie op te veel detail binne die preek te konsentreer nie. Hy is van mening dat die homiletiese tema kan bydra tot Christosentriese prediking. Die formulering daarvan is belangrik.

Volgens Deelnemer 4 speel toepassings 'n belangrike rol in Christosentriese prediking. Die boodskap moet uiteindelik by Christus uitkom en daarom ook die toepassings. Om gedurende die preek genoeg vrae aan die hoorders te vra, laat die hulle nadink en kan help om moralisme teen te werk. Christusprediking kan help dat daar nie moralisties gepreek word nie deur die klem op dankbaarheid en ons verbintenis aan Jesus Christus te plaas.

*Deelnemer 5*

Ook vir Deelnemer 5 is verklarende prediking belangrik. Afhangende van die teks, word die eksegetiese tema soms verander wanneer dit oorgaan na 'n homiletiese tema. Dikwels is jou eksegetiese tema jou homiletiese tema. Deelnemer 5 bly meestal by sy eksegetiese tema. Ander kere verander die homiletiese tema heeltemal, maar Deelnemer 5 kon nie regtig verduidelik wanneer en hoe dit verander nie. Om die homiletiese tema meer op Christus te rig, sou dit dalk vir die hoorders maklik maak, maar hy verkies om eerder in die preek self by Christus uit te kom. Deelnemer 5 kies eers 'n tema nadat sy preek klaar geskryf is, aangesien die tema vir hom 'n ontwikkelingsproses is wat verander soos wat die preek geskryf word.

Aktuele prediking is vir Deelnemer 5 baie belangrik. Die teks lei hom om uit te kom by wat aktueel is. Toepassings moet deur die loop van die preek gedoen word. Aktualisering beteken nie dat daar noodwendig by Christus uitgekom moet word nie. Christus help dat aktualisering nie moralisties raak nie.

#### 4.3.6.1 Voorlopige samevattende gevolgtrekkings

Vir al Deelnemers is verklarende prediking belangrik. Tog wil dit voorkom asof Deelnemers nie noodwendig die nut daarvan sien ten opsigte van Christosentriese prediking nie.

Die vasstel van 'n eksegetiese tema is standaard vir al Deelnemers. Verskille tree egter in wanneer vanuit hierdie tema oorgegaan word na 'n homiletiese tema. Deelnemer 1 en deelnemer 5 (in 'n mindere mate) se eksegetiese tema verander byna nooit wanneer dit in homiletiese vorm oorgesit word nie. By Deelnemers 1, 2 en 4 vind daar wel 'n verandering plaas wanneer die tema homileties geformuleer word. Slegs Deelnemer 3 stel dit duidelik dat Christusverkondiging reeds deel van die homiletiese tema behoort te wees.

Toepaslikheid is vir al Deelnemers in 'n meerdere of mindere mate belangrik(vgl. Deelnemer 1). Al Deelnemers (afgesien van Deelnemer 5) is dit eens dat toepassings nie los van Christus se Persoon, werk

of boodskap kan geskied nie. Dit is waarskynlik waarom Deelnemer 1 en Deelnemer 4 daarop wys dat dankbaarheid 'n belangrike aspek tydens die aktualisering van die boodskap behoort te wees.

*Interpretatief*

- Dit is moontlik dat daar tydens die opleiding van die ouer predikante nie soveel klem gelê is op die onderskeid tussen 'n eksegetiese en homiletiese tema nie.
- Predikante wat by die AP-Akademie opgelei is, is deeglik bewus van die onderskeid tussen 'n eksegetiese en homiletiese tema, hoewel dit nie altyd ewe veel aandag kry tydens die homiletiese proses nie.
- Die enigste merkbare verskil tussen predikante wat voor die skeiding met die NG Kerk in 1987 opgelei is en dié wat by die AP-Akademie hul opleiding ontvang het, is dat laasgenoemde groter klem daarop lê dat Christusverkondiging reeds deel behoort te wees van die homiletiese tema.

## 4.4 Toeligting vanuit die sosiale wetenskappe

Volgens Lewin (vgl. Kritsonis, 2004-2005:1-2) se teorie vir sosiale verandering, word verandering teweeggebring deur middel van opponerende kragte. Daar is dryfkragte en remmende kragte wat verandering aanhelp of teëwerk. Indien die remmende kragte sterker is as die dryfkragte, is verandering nie moontlik nie. Robbins (2001:545 e.v.) wys daarop dat weerstand teen verandering nie noodwendig op gestandaardiseerde maniere plaasvind nie, maar dit kan openlik, indirek, onmiddellik of in vertraagde aksie plaasvind en selfs verskuif na ander moontlike uitings as die oënskynlike (soos bv. om Christus te vergeestelik of bloot as voorbeeld voor te hou). Dit wil voorkom asof daar by sommige van Deelnemers in die AP-Kerk 'n bepaalde mate van weerstand is teen Christosentriese prediking, hoewel nie noodwendig direk nie. Deelnemers se weerstand kom na vore in hul vrese om byvoorbeeld nie "iets in te lees" wat nie in die teks staan nie. Deelnemer 1 se aandrang op 'n teosentriese benadering, kan ook as voorbeeld dien van waar 'n ander moontlike uiting as die oënskynlike voorgestaan word. Volgens Robbins (2001:245 e.v.) gee veral die volgende vyf redes aanleiding tot weerstand teen verandering, naamlik. 'gewoonte' (habit); behoefte aan veiligheid; ekonomiese aspekte soos 'n verlaging in lewenspeil; vrees vir die onbekende en selektiewe verwerking van inligting. Veral die tweede en vyfde redes is moontlik faktore wat verandering binne die AP-Kerk ten opsigte van Christosentriese prediking teëwerk. Uit die onderhoude het deelnemende predikers se vrees en onsekerheid ten opsigte van Christosentriese prediking duidelik geword. In hul behoefte na veiligheid, skram hulle dus weg van verandering wat by hulle onsekerheid veroorsaak. Hierby kan ook strukturele traagheid op organisasievlak (vgl. Robbins, 2001:547 e.v.) gevoeg word as nog 'n moontlike remmende faktor.

Gesien in die lig van Deelnemers se uiteenlopende reaksie en onsekerheid rondom Christosentriese prediking, kan die AP-Kerk se keuse vir Christosentriese prediking (vgl. Kerkorde van die AP-Kerk,

2012:42) nog nie op hierdie stadium as equilibrium (status quo) beskou word nie. Dit is egter die ideaal waarheen die AP-Kerk wil beweeg, die nuwe equilibrium. Die doel van verandering is om die bestaande equilibrium na ’n nuwe posisie te verskuif (vgl. Kritsonis, 2004-2005:2) – in die geval van die AP-Kerk – Christosentriese prediking. Ten einde dit te bereik, behoort die volgende drie stappe volgens Lewin gevolg te word, naamlik:

i) Versag die bestaande equilibrium

- Dryfkragte wat beweging weg van die bestaande equilibrium kan bewerk, behoort versterk te word deur byvoorbeeld predikers (huidige en voornemende) in die AP-Kerk te motiveer tot verandering, te help om die noodsaak daarvan raak te sien en vertroue ten opsigte van die nuwe equilibrium te bou (vgl. Robbins, 2001:564-565).
- Verminder remmende faktore wat verandering teëwerk deur byvoorbeeld predikers se vrese en onsekerheid oor Christosentriese prediking te verminder.

ii) Beweeg na ’n nuwe vlak vir die equilibrium

- Predikers behoort oortuig te word van die noodsaak en voordeel van ’n nuwe status quo.
- Die AP-Kerk se sienings behoort verbind te word aan gerespekteerde leiers in die samelewing.

iii) Bevestig die nuwe equilibrium

- Verandering behoort vasgelê te word ten einde volhoubaar te wees. Hiervoor is dit vir die AP-Kerk nodig om te fokus op opvoeding en kommunikasie (vgl. Robbins, 2001:548 e.v.) sodat daar nie weer ’n terugval na die geykte is nie.

## 4.5 Samevattende gevolgtrekkings

*Hantering van die Ou-Testamentiese narratiewe stof (vgl. 4.3.2)*

Dit blyk dat die deelnemende AP-Kerkpredikante nie regtig die Ou-Testamentiese narratiewe stof (vgl. 2.4) anders hanteer as ander genres in die Skrif nie. Dit kan moontlik die rede wees waarom sommige preke uit die narratiewe stof ’n gebrek toon aan diepgang en soms op bysake in die teks fokus (vgl. 3.5). Die gebrek aan aandag aan die literêre eienskappe van die narratiewe is moontlik ’n uitvloeisel van predikante se opleiding. Wanneer daar op die spesifieke eienskappe van Ou-Testamentiese narratiewe gefokus word, behoort dit daartoe by te dra dat tot die kern van die boodskap in die narratief deurgedring word. Dit kan vir die prediker ’n aanduiding wees van hoe om sinvol vanuit die teks na Christus te beweeg. Dat die historisiteit van die narratiewe stof vir predikers uit ’n NG Kerkagtergrond minder belangrik is as vir die uit AP-Kerk of Gereformeerde Kerk agtergrond kom, is moontlik ’n gevolg van verskille tussen die onderskeie tradisies ten opsigte van Skrifbeskouing.

*Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament (vgl. 4.3.3)*

Dit is moontlik dat predikante in die AP-Kerk, ongeag ouderdom of opleidingsagtergrond, die Ou en die Nuwe Testament as ’n eenheid beskou weens die amptelike Skrifbeskouing van die AP-Kerk. Tog is Deelnemers huiwerig om die Ou Testament uit die staanspoor as Christelik te klassifiseer (hoewel hulle erken dat dit tog getuig van Jesus Christus). Dit kan moontlik ’n hindernis wees vir Christosentriese prediking aangesien dit predikers laat huiwer om na Christus oor te gaan as ’n teks (volgens die deelnemer) nie in die eerste plek bedoel is om Christelik geïnterpreteer te word nie. Ten einde meer Christosentries te preek is dit belangrik dat AP-Kerk predikante groter begrip sal hê daarvoor dat die boodskap oor Jesus Christus as die meta-narratief van die Skrif beskryf kan word (vgl. 2.5.2.1 – 2.5.2.3). Die aartsvaderverhale behoort dan nie in isolasie van hiervan geïnterpreteer te word nie.

*Hermeneutiese aspekte (vgl. 4.3.4)*

Indien AP-Kerkpredikers meer aandag gee aan die heilshistoriese plasing van ’n teks tydens die hermeneutiese proses, spesifiek die aartsvaderverhale, behoort dit die oorgang vanuit die teks na Christus te vergemaklik, aangesien dit die teks binne die oorkoepelende boodskap van die Skrif plaas (vgl. 2.5.2.4 en 2.5.5.1).

Hoewel teologiese interpretasie tereg beklemtoon kan word, behoort predikers te onthou dat dit nie los beskou kan word van die literêre en historiese interpretasie nie. Wanneer die teologiese interpretasie losgemaak word van, of verhef word bo die literêre en historiese interpretasie van ’n teks, lei dit maklik tot arbitrêre Christusprediking deurdat dit gevaar loop om die oorspronklike bedoeling van ’n teks te ignoreer (vgl. 2.5.3.4.1 – 2.5.3.4.4 en 2.6.2.2). Die bewustheid dat God meer bedoel het tydens sy openbaring aan die menslike skrywers as waarvan die skrywers bewus was (vgl. 2.5.2.3), behoort AP-Kerkpredikers juis aan te moedig om uiteindelik by Christus uit te kom in die verklaring van die aartsvaderverhale. Dat die bedoeling van die Goddelike Outeur deur al Deelnemers op dieselfde wyse beskou word, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die Goddelike inspirasie van die Skrif nog konsekwent gehandhaaf word in die AP-Kerk.

Navorser is van mening dat ’n miskenning van die feit dat elke teks op ’n bepaalde aspek van die mens se in-sonde-gevalle toestand fokus (FGT), Christosentriese prediking vanuit die aartsvaderverhale geweldig bemoeilik (vgl. 2.5.4). Uiteindelik kan dit uitloop op ’n miskenning van Christus as die ewige Logos, die fokus van die hele Skrif, wat juis gekom het om die mens uit sy in-sonde-gevalle toestand te red. Indien die teks se FGT misken word, loop prediking in die AP-Kerk gevaar om antroposentries en moralisties te raak.

Dat van die uitdrukkings in die veld van die Hermeneutiek vreemd was vir Deelnemers, is moontlik daaraan toe te skryf dat ouer predikante weens ’n gebrek aan belangstelling en die jonger predikante weens ’n oorlaaide werkslading, nie meer so op hoogte van die nuutste ontwikkelings in die veld is nie.

*Oorgang van die Ou Testament na Christus (vgl. 4.3.5)*

Die AP-Kerk se besluit (vgl. AP-Kerk Kerkorde, 2012:42) noodsaak predikante om ’n oorgang vanuit die Ou Testament na Christus te bewerk, maar bied nie duidelike riglyne vir hierdie komplekse proses nie. Dit kan lei tot onsekerheid en geforseerdheid in Ou-Testamentiese Christusprediking. Dit is moontlik dat ’n gebrek aan ’n goed gedefinieerde teorie vir Christosentriese prediking tot gevolg het dat daar soveel onsekerheid bestaan onder predikante rakende hierdie komplekse proses. Hierdie aspek kry moontlik te min aandag tydens opleiding.

Die twee vrae wat Deelnemer 1 aan ’n teks vra, naamlik: *i) Hoe stel God Homself in die teks bekend? en ii) Hoe het Hy Homself ten volle in Christus geopenbaar?* sou sinvol benut kon word ten einde ’n oorgang na Christus vanuit Ou-Testamentiese tekste te bewerk. Dit plaas onmiddellik die boodskap van die teks, ook die aartsvaderverhale, binne die breër konteks van God se openbaring in Christus (vgl. 2.5.5.1).

Deur ’n teks eers deeglik binne sy historiese konteks te verklaar, soos deur Deelnemer 3 voorgestel, het die voordeel dat dit ’n te vinnige, ondeurdagte en ongegronde oorgang na Christus (vgl. 2.5.5) verhoed en dat Hy gevolglik nie in ’n teks geforseer word nie.

Indien Deelnemer 5 se mening dat Christus bloot die dinge wat deur God vereis word, “makliker maak”, verteenwoordigend is van ’n sekere groep predikante in die AP-Kerk, dui dit op ’n wanbegrip ten opsigte van die persoon en werk van Jesus Christus. So ’n wanbegrip hou groot gevaar in vir Christosentriese prediking in die AP-Kerk. Wanneer Christus se soenverdienste op hierdie wyse beskou word, stroop dit Christus nie net van sy regverdigmakende krag nie, maar ook van sy heiligmakende krag. Christus word bloot die Een wat dit vir gelowiges “makliker maak” om aan God se vereistes te voldoen. Uiteindelik staan dit in stryd met die reformatoriese uitspraak, *soli gratia* waarvolgens die mens steeds verantwoordelik gehou word vir sy eie redding. Indien hierdie siening oor die Persoon en werk van Jesus Christus dus byvoorbeeld op ’n teks soos Genesis 22 van toepassing gemaak sou word, sou dit daartoe lei dat hoorders aangemoedig word om uit hul eie soos Abraham te glo en as hulle dit moeilik vind, kan hulle na Christus gaan vir hulp. Gevolglik eindig ’n prediker met ’n antroposentriese, moralistiese boodskap. Die AP-Kerk behoort dus tydens die opleiding van voornemende predikante klem te lê op ’n behoorlike verstaan van die Persoon, werk en boodskap van Christus.

’n Benadering waarin van duidelik geformuleerde; goed deurdagte en verantwoordelike wyses gebruik gemaak word om die oorgang na Christus te bewerk (vgl. 2.5.5), sou Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale kon dien. Dit sal AP-Kerkpredikante help om minder geforseerd, maar op ’n meer verantwoordelike wyse die oorgang na Christus te bewerk. Deur sekere goed gedefinieerde slaggate (vgl. 2.5.5) vir AP-Kerkpredikante uit te lig waarvan elkeen homself deeglik behoort te vergewis, behoort Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale minder geforseerd, meer geloofwaardig en uiteindelik meer getrou aan die boodskap van die teks te wees.

*Homiletiese aspekte (vgl. 4.3.6)*

Indien verklarende prediking reg benut word, behoort dit daartoe te lei dat aartsvaderverhale se diepste en rykste betekenis blootgelê word (vgl. 2.6.1). Wanneer hierdie betekenis blootgelê word, behoort baie makliker en op ’n meer verantwoordelike wyse oorgegaan te word na Christus aangesien die oorgang in die boodskap van die teks gegrond bly.

Vir die ouer deelnemers was daar nie regtig ’n onderskeid tussen ’n eksegetiese en homiletiese tema nie, terwyl jonger deelnemers, hoewel deeglik van die onderskeid bewus, nie veel aandag daaraan skenk tydens die homiletiese proses nie. Die enigste merkbare verskil tussen predikante wat voor die skeiding met die NG Kerk in 1987 opgelei is en die wat by die AP Akademie hul opleiding ontvang het, is dat laasgenoemde groter klem daarop lê dat Christusverkondiging reeds deel behoort te wees van die homiletiese tema. Navorser is van mening dat die gebrek aan ’n duidelike onderskeid tussen ’n eksegetiese en homiletiese tema (vgl. 2.6.2.3), Christosentriese prediking in die AP-Kerk uit die aartsvaderverhale nadelig beïnvloed. ’n Behoorlike eksegetiese tema sal daartoe bydra dat literêre, historiese en teologiese interpretasie van ’n teks tot sy reg kom. ’n Behoorlike, kerugmaties geformuleerde homiletiese tema, behoort eerstens die boodskap van die teks op eietydse wyse te artikuleer, maar behoort ook reeds die Christosentriese fokus van die teks na vore te bring.

Toepaslikheid blyk een aspek te wees wat grootliks ontbreek in die prediking van AP-Kerk predikante vanuit die aartsvaderverhale (vgl. 3.5). Navorser is van mening dat indien predikers in die AP-Kerk groter aandag daaraan gee om die toepassings vanuit aartsvaderverhale aan die Persoon, werk of boodskap van Christus te verbind (vgl. 2.5.5.1 en 2.6.2.5), dit baie daartoe kan bydra om preke vanuit die aartsvaderverhale meer Christosentries te maak. Dit behoort ook die pneumatologiese dimensie waarvolgens gelowiges se verbintenis aan die Persoon en werk van Christus deur middel van die Heilige Gees beklemtoon word, te bevorder (vgl. 2.6.2.5). Toepassings wat pneumatologies verbind word aan die Persoon, werk en boodskap van Christus sal bydra daartoe dat daar wegbeweeg word van die gedagte dat Christosentriese prediking slegs te doen het met die regverdigmakende werk van Jesus Christus. So ’n benadering sal ook Christus se heiligmakende werk beklemtoon as deel van Christosentriese prediking.

Lewin se model vir sosiale verandering is gebruik om te probeer verklaar waarom verandering vir AP-Kerkpredikers moeilik is en ’n moontlike optrede voor te stel om verandering ten opsigte van Christosentriese prediking te bevorder (vgl. 4.4).

Ten einde die leemtes wat in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is aan te spreek, sal in hoofstuk vyf gepoog word om deur middel van terugskouing na die hermeneutiese en empiriese navorsing riglyne te formuleer vir die praktyk van Christosentriese prediking in die AP-Kerk na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50.

# HOOFSTUK 5

## RIGLYNE VIR EFFEKTIEWE EN SKRIFGETROUE CHRISTOSENTRIESE PREDIKING (Toegespits op Genesis 12-50)

### 5.1 Inleiding

Uiteindelik kom Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag in hierdie hoofstuk aan die orde: *Hoe behoort ons te reageer?* In hoofstuk twee is gepoog om basisteoretiese perspektiewe vir Christosentriese prediking na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50 te bied. Hierna is die praktyk van Christosentriese prediking in die AP-Kerk, na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50, ondersoek deur preke en oordenkings vanuit hierdie gedeeltes, soos gelewer deur AP-Kerkleraars, te ontleed (vgl. Hoofstuk 3). Vervolgens is met vyf van die leraars wie se preke ontleed is, onderhoude gevoer ten einde vas te stel in watter mate gebruik gemaak is van basisteoretiese beginsels ten opsigte van Christosentriese prediking. In hierdie hoofstuk sal nou gepoog word om deur middel van terugskouing na die hermeneutiese en empiriese navorsing bepaalde, Skrifgetroue riglyne te formuleer vir die praktyk van Christosentriese prediking in die AP-Kerk na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50. Hierdie riglyne het ten doel om uitvoering te gee aan die definisie vir Christosentriese prediking waartoe in hoofstuk 2 (vgl. 2.5.5.9) gekom is, naamlik:

*Christosentriese prediking vind plaas wanneer die boodskap van 'n teks, hetsy Ou of Nuwe Testament, op grond van 'n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand, op 'n geloofwaardige, verklarende wyse geïntegreer word met die klimaks van God se openbaring in die Persoon, werk en/of onderwysing van Jesus Christus, die ewige Logos waarvan die ganse Skrif getuig.*

### 5.2 Riglyne vir verantwoordelike Christosentriese prediking toegespits op Genesis 12-50

#### 5.2.1 Vertrekpunte

##### 5.2.1.1 Die unieke karakter van die Ou Testament

Die prediker se siening van die Ou Testament is van deurslaggewende belang vir verantwoordelike, Skrifgetroue Christosentriese prediking. Daar behoort van die veronderstelling uitgegaan te word dat die Ou Testament wesenlik Christelik van karakter is (vgl. 2.5.2.1). Beide Christus en die apostels het die Ou Testament uit die staanspoor as Christelik hanteer. Wanneer predikers in die AP-Kerk dus met die Ou Testament, spesifiek die aartsvaderverhale besig is, sal dit Christosentriese prediking dien deur die Ou

Testament uit die staanspoor as Christelik te hanteer. Sodoende sal die Ou Testament se getuienis oor Christus nie vanuit die Nuwe Testament in die Ou Testament ingelees word nie, maar juis vanuit die Ou-Testamentiese teks self na vore kom. Deur te erken dat die Ou Testament wesenlik Christelik van karakter is, word die prediker dus verplig om na die getuienis van die Ou Testament self te luister ten einde te hoor wat dit oor Christus sê.

### 5.2.1.2 Die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament

’n Vertrekpunt wat hand aan hand gaan met die veronderstelling dat die Ou Testament Christelik van karakter is, is dat daar ’n eenheid bestaan tussen die Ou en die Nuwe Testament (vgl. 2.5.2.2). Jesus Christus bind die boodskappe van hierdie twee Testamente tot ’n eenheid saam. Hy vorm die middelpunt van die twee Testamente waarin alle spanningslyne saamgetrek word. Aangesien die Bybel God se Woord is, vorm die Bybel ’n eenheid, sodat elke afsonderlike gedeelte ’n spesifieke plek het binne dit wat deur die groter geheel verkondig word. Wanneer AP-Kerkpredikers die Ou Testament sien as ’n eenheid met die Nuwe Testament, behoort selfs die aartsvaderverhale nooit gelees en gepreek te word sonder om te vra wat die betekenis daarvan binne die groter geheel is nie.

### 5.2.1.3 Een boodskap

Wie die Ou en die Nuwe Testament as eenheid beskou en as sodanig hanteer, behoort op grond van die eenheid van die Woord, ook te erken dat die Woord gevolglik slegs een boodskap bevat (vgl. 2.5.2.3). Hierdie boodskap is God se verlossingsboodskap aan die mens soos vergestalt in Jesus Christus. Hierdie waarheid is deur Christus self bevestig tydens sy aardse bediening. Aangesien ook die Ou Testament God se besondere heilsopenbaring bevat, het ons in die Ou Testament ten diepste te doen met God se bedoeling soos uiteindelik beliggaam in Christus. Dit lei tot die besef dat die goddelike Outeur se bedoeling met ’n bepaalde teks nie beperk kan word tot die menslike outeur se verstaan en belewing daarvan nie. Wanneer AP-Kerkpredikers in hul hantering van die aartsvaderverhale in die Ou Testament die “een boodskap” van die Skrif as vertrekpunt neem, sal dit lei tot die besef dat ’n teks nog nie werklik verstaan en, wat betekenis betref, nog nie ten volle uitgeput is wanneer dit nie in die lig van hierdie een boodskap, naamlik Jesus Christus die ewige Logos van God, verstaan en verklaar word nie.

### 5.2.1.4 Verreken die heilshistoriese ontplooiing

Ten einde hierdie een boodskap te beklemtoon, is dit nodig om die heilshistoriese ontplooiing te verreken, ook wanneer vanuit die aartsvaderverhale gewerk word (vgl. 2.5.2.4). Die koms van Jesus Christus in die volheid van die tyd, vorm en bepaal die wyse waarop God die geskiedenis laat ontplooi. Die heilsgeskiedenis is dus ’n reis waarin God met sy volk onderweg is en deur sy woorde en dade met hulle in gesprek is. God se dade van oordeel en seën behoort beskou te word as integrerende deel van die

heilsgeskiedenis aangesien God se dade van oordeel die noodsaak na verlossing beklemtoon en sy seën in die verlossing deur Jesus Christus 'n hoogtepunt bereik het. Die heilshistoriese ontplooiing is inderdaad nie reglynig nie, maar geskied op organiese wyse. Die heilsgeskiedenis word deur die Nuwe Testament aanvaar en dit bou daarop voort. Hierdie heilsgeskiedenis kan in twaalf groot tydvakke opgedeel word (vgl. 2.5.2.4 Tabel 1). 'n Belangrike vraag wat predikers ook in die hantering van die aartsvaderverhale behoort te vra, is: *Waarom is hierdie teks belangrik vir die voortgang van die heilshistoriese ontplooiing?*

### 5.2.2 Hermeneuties

#### 5.2.2.1 Noodsaaklike voorveronderstellings by eksegese (vgl. 2.5.3.4.1)

Geen hermeneutiese of eksegetiese metode is sonder voorveronderstellings nie. Die volgende voorveronderstellings by die eksegetiese proses is belangrik aangesien dit die prediker in staat stel om uit die staanspoor op 'n verantwoordelike, Skrifgegronde wyse vanuit 'n spesifieke teks na Christus te beweeg:

i) Die oorsaaklike werking van die transendente God in die geskiedenis behoort erken te word. God is in beheer van die geskiedenis.

ii) God laat Hom nie inperk deur die analogie van gebeure nie, maar werk soms op verrassend unieke wyse (bv. Sara se swangerskap op hoë ouderdom). Wanneer binne die konteks van 'n Bybelse wêreldbeskouing opgetree word, kan die beginsel van analogie aanvaar dat unieke gebeure in die verlede plaasgevind het en dat dit steeds in die teenswoordige tyd plaasvind.

iii) Die Bybelse teks behoort nie uit die staanspoor bevraagteken te word nie, maar eerder aanvaar te word, tensy die teendeel duidelik bewys kan word.

iv) Vanweë die gereformeerde agtergrond van die predikers, behoort die vyf *sola* van die reformasie, naamlik genade alleen, Christus alleen, die Skrif alleen, geloof alleen en aan God alleen die eer, ook as voorveronderstellings te dien by die eksegese van 'n teks.

#### 5.2.2.2 Literêre interpretasie

Literêre interpretasie van 'n teks vorm die eerste onderafdeling van 'n holistiese histories-kritiese benadering (vgl. 2.5.3.4.2). Hiervolgens behoort 'n teks deeglik geëksegetiseer te word deur middel van 'n grammatikale, sintaktiese en semantiese studie van die teks. Die gedagte of literêre eenheid behoort bepaal en verreken te word. Die genre van 'n teks behoort vasgestel te word, aangesien elke genre uniek is en 'n spesifieke hermeneutiese aanslag vereis. Narratiewe kan nie geïsoleer word van die konteks waarin hulle staan nie. Die volgende kontekste is belangrik: Afdelingkonteks, boekkonteks, kanonieke konteks, die onmiddellike en historiese kontekste. Aandag moet aan die detail in 'n teks gegee word. Die narratiewe genre, waaronder die aartsvaderverhale val, het bepaalde karaktereienskappe wat behoorlik

verreken behoort te word (vgl. 2.4.2). Indien hierdie karaktereienskappe nie in ag geneem word nie, kan dit gebeur dat die prediker op onbelangrike detail in die teks konsentreer en gevolglik op 'n dwaalweg beland ten opsigte van die boodskap van die teks. Uiteindelik het dit ook 'n invloed op Christosentriese prediking deurdat die fokuspunt van 'n teks vanwaar daar op verantwoordelike wyse na Christus beweeg kan word, misgekyk word.

Dit is belangrik om sekere uniek-verkennende vrae aan narratiewe stof te stel, naamlik: *Hoeveel tonele is daar? Met watter toneel (scene) het ek te doen en hoe pas hierdie toneel in binne die geheel van die toneelstuk (act)? Watter ander strukture kan waargeneem word? Wie is die hoofkarakters en hoe word hulle beskryf? Word die karakters gekontrasteer met mekaar of is daar parallelle tussen sekere karakters en vorige karakters, of is hulle voorafskaduwings van latere figure? Wat is die spanningslyn wat wag op ontknoping? Onthul die dialoog die spanningslyn, of evaluasie van 'n spesifieke optrede? Suggereer die verlangsaming van die pas dat die verteller iets wil beklemtoon? Wat is die spesifieke stelling wat deur die narratief gemaak word?*

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Indien die verskillende kontekste waarin die teks staan (vgl. 2.5.3.4.2) in ag geneem word, word dit duidelik dat hierdie narratief deel uitmaak van die Abrahamsiklus (Gen. 11:27-22:24) [vgl. Smit, 1988:191; Greidanus, 2007:195]. Uit die chiastiese opbou van die Abrahamsiklus, is daar 'n parallelle ontwikkeling tussen Genesis 12:1-9 en Genesis 22:1-19 (vgl. Greidanus, 2007:195). In Genesis 12 kry Abraham opdrag om sy verlede prys te gee, maar in Genesis 22 kry hy opdrag om sy toekoms (Isak/nageslag) op te offer (vgl. Von Rad, 1972:239; Müller, 1982:38). Abraham se vertroue op God se beloftes, al lyk dit asof God sy beloftes nie gaan nakom nie, word getoets (vgl. Von Rad, 1972:239; Greidanus, 2007:195). Die plasing van die teks in die lig van die voorafgaande, spanningbelaaide verhaal oor Isak se geboorte, laat die opdrag van God om Isak te gaan offer, uiters wreed lyk. God se handeling in die verhaal word deur die alomteenwoordige verteller (vgl. Von Rad, 1972:239; Greidanus, 1999a:298) beklemtoon deur "God" voor die werkwoord te plaas in vers 1 (vgl. Van Selms, 1979b:21; Müller, 1982:37). Dat God besig was om Abraham se geloof te toets, maak dit duidelik dat God nie regtig van Abraham 'n kinderoffer verwag het nie. Abraham was egter nie hiervan bewus nie (Greidanus, 2007:196; vgl. Müller, 1982:38-39). Die karakterbeskrywing van Isak as "jou seun, jou enigste, wat jy liefhet", beklemtoon die enorme omvang van hierdie opdrag (Greidanus, 2007:196). "Die "toets" moet iets demonstreer, openbaar" (Müller, 1982:38; vgl. Van Selms, 1979b:21).

Die verteller vertraag die pas tydens twee geleenthede. Eerstens tydens die voorbereidings vir die tog en tweedens tydens die klimaks van die konflik waar Abraham gereed maak om Isak te offer (vers 9-11) [vgl. Von Rad, 1972:241; Smit, 1988:191; Greidanus, 1999a:298; 2007:196]. Repetisie word gebruik om sleutelkonsepte te beklemtoon, byvoorbeeld die herhaling van "seun" beklemtoon die verskriklike

omvang van die opdrag. Veral die herhaling van die woord "voorsien", is betekenisvol (vgl. Müller, 1982:39; Greidanus, 1999a:298; 2007:196). Brueggemann (1982:186) voer strukturele gronde aan as bewys vir die belangrikheid van vers 8. Die storielyn is enkelvoudig. Vir 'n uiteensetting hiervan, kan Greidanus (2007:197-198) geraadpleeg word. Die spanning bereik 'n duidelike hoogtepunt in vers 10-11 (vgl. Van Selms, 1979b:23) en word ontlont wanneer God self 'n offerram voorsien. Deur verse 15-19, wat 'n later byvoeging tot die verhaal is, word die verhaal verbind aan die belofte-motief kenmerkend van die Abrahamnarratiewe (Von Rad, 1972:242).

**5.2.2.3 Historiese interpretasie**

Historiese interpretasie het ten doel om die betekenis van 'n teks binne sy eie historiese en kulturele konteks te bepaal (vgl. 2.5.3.4.3). Historiese vrae met betrekking tot die outeur, die eerste hoorders, die tyd, die sosiale en geografiese plasing en doel van die skrywe, is baie belangrik. Die gaping tussen die eerste hoorders en die eietydse hermeneut behoort verreken te word. Ten einde 'n teks histories te interpreteer, is die volgende vyf vrae belangrik: *Wie is die skrywer? Aan wie (geadresseerdes)? Wanneer? Waar? en Waarom?* Ten opsigte van Ou Testament narratiewe is antwoord op al hierdie vrae nie altyd moontlik nie. Die vrae na die geadresseerdes en die rede vir die skrywe, is die belangrikste. Elke narratief en karakter behoort binne die groter konteks van die koms van God se koninkryk geplaas en geïnterpreteer te word. Wanneer 'n prediker behoorlik aandag gee aan hierdie aspek van die holisties histories-kritiese eksegese, behoort dit 'n te vinnige en kunsmatige oorgang na Christus wat nie in die boodskap van die teks gegrond is nie, te voorkom. Veral die slaggat van allegorie behoort deur noukeurige aandag aan hierdie stap, vermy te word.

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

<u>Skrywer:</u> Tradisioneel is daar baie sterk ondersteuning vir die Mosaïese outeurskap van Genesis (vgl. Van Seters, 1998:5; Longman, 2005:43-45; McEntire, 2008:8-11). Tog is daar ook sterk argumente teen 'n uitsluitlik Mosaïese outeurskap van Genesis en word aangevoer dat Genesis waarskynlik die produk van redaksionele verwerking deur verskillende redakteurs is (vgl. Van Seters, 1998:5-7; Longman, 2005:45-58; McEntire, 2008:11-24). In die lig hiervan is Von Rad (1972:238) van mening dat Genesis 22:1-19 waarskynlik 'n redaksionele verwerking is van die oorspronklike verhaal deur die Elohis. Uiteindelik klaar Dillard & Longman (1994:40; vgl. ook Lasor et al., 1996:9; Hill & Walton, 2000:64) die saak op wanneer hulle die outeurskap as "substansieel/wesenlik Mosaïes" beskryf.
<u>Geadresseerdes:</u> Verwysings na die brandoffer en sinspeling op die Paasfees in vers 13 waarin gesê word dat Abraham 'n ram in die plek van sy seun geoffer het, dui daarop dat die verhaal moontlik gerig is aan Israel in die land Kanaän (Greidanus, 1999a:301). In die lig hiervan, kry die vraag na waarom God Abraham opdrag gegee het om sy kind te offer, groter prominensie aangesien die volk toe reeds bewus was van die verbod op menslike offers. Westermann (1986a:199), Keller (2002:48-49) en Wenham (vgl.

Greidanus, 1999a:301) is van mening dat die antwoord op die vraag geleë is in die wet wat voorskryf dat alle eersgebore seuns aan God gegee moes word (Ex. 22:29). God tree dus binne sy eie grense op (vgl. Clowney, 1988:53-54). In sy genade het God ook voorgeskryf hoe die eersgebore seuns losgekoop kon word deur die offer van ’n lam (Ex. 12) of selfs duiwe in gevalle waar ouers nie ’n lam kon bekostig nie (Lev. 12:8) [vgl. Müller, 1982:40-41; Greidanus, 1999a:301]. Israel het waarskynlik met Isak geïdentifiseer[1] (vgl. Von Rad, 1972:244-245). Indien hy sou sterf, sou daar nie ’n volk genaamd Israel gewees het nie. Die ram het gesterf sodat Isak kon leef. Die punt van die verhaal is nie om Abraham as navolgenswaardige voorbeeld van geloofsgehoorsaamheid aan die volk voor te hou nie

<u>Wanneer geskryf:</u> Onseker. Tog is daar aanduidings dat hoewel die aartsvaderverhale toe reeds in mondelinge vorm bestaan het, dit eers in die tyd van Moses neergeskryf is (Lasor et al., 1996:9). Die patriargale era is egter pre-eksilies (Lasor et al., 1996:40). Historiese tydplasing: Ongeveer tussen 2000-1500 v. C (Lasor et al, 1996:46; Hill & Walton, 2000:54, 66; vgl. Kaiser, 1998:51-75).

<u>Waar:</u> Onseker.

<u>Waarom:</u> Om die betroubaarheid van God, ten spyte van die eise wat Hy soms aan sy kinders stel, by die volk te beklemtoon (vgl. Smit, 1988:201). Deur hierdie verhaal wil die verteller die volk Israel daarop wys dat God voorsien (vgl. Wenham, 1994:109; Brueggemann, 1982:186). Die volk het sy bestaan te danke daaraan dat God deur sy getroue voorsiening vir Isak in die lewe gehou het deur ’n offerram in sy plek te voorsien. Die verteller het ten doel om Israel te verseker dat die getroue Verbondsgod vertrou kan word om vir hulle verlossing te voorsien (Greidanus, 2007:201).

### 5.2.2.4 Teologiese interpretasie

Teologiese interpretasie hanteer die vraag: *Wat openbaar God oor Homself en sy wil in hierdie teksgedeelte?* (vgl. 2.5.3.4.4). Die hermeneut behoort versigtig te wees om nie “van buite” ’n bepaalde teologie op ’n teks af te dwing nie. Die teologie van ’n teks behoort vanuit die teks self afgelei te word. Daarom is dit belangrik dat teologiese interpretasie voorafgegaan word deur literêre en historiese interpretasie. Sonder behoorlike teologiese interpretasie waardeur die boodskap van die Ou Testament verbind word aan God se uiteindelike selfopenbaring in Jesus Christus, word maklik in die slaggat van antroposentriese prediking getrap. Ou-Testamentiese narratiewe het ’n duidelik teosentriese fokus en doelwit, naamlik om God se handelinge met sy skepping en sy volk te beklemtoon, maar hierdie handeling bereik ’n hoogtepunt in die Persoon, werk en boodskap van Jesus Christus. Ten einde te kom tot Skrifgetroue teologiese interpretasie van ’n teks, is dit ook nodig dat predikers in die AP-Kerk deeglik bewus sal wees van die unieke aard van Hebreeuse geskiedskrywing waarvolgens slegs sekere geskiedkundige feite deur die skrywers geselekteer word wat dan op interpretatiewe wyse aangebied of op kerugmatiese wyse toegepas word (vgl. 2.4.1).

[1] Navorser dra kennis van Reinder Bos (1992) se proefskrif *Identificatie-mogelijkheden in preken uit het Oude Testament*, maar kon dit nie besigtig nie.

Wanneer ’n aartsvader verhaal teosentries verklaar word, behoort so ’n teks uiteindelik ook Christosentries verklaar te word aangesien Christus die ewige Logos van God is. Christus was immers uit die staanspoor deel van God se heilsopenbaring. Christosentriese verklaring van die Ou Testament komplementeer juis die teosentriese verklaring daarvan. Christosentriese verklaring behoort te fokus op elke aspek van Christus se werk. Christosentriese interpretasie verpersoonlik die boodskap van die Ou Testament en kan gevolglik ook nie los van die werking van die Heilige Gees verstaan word nie.

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Behalwe dat God een van die karakters binne die verhaal is, is Hy deurgaans die sentrale figuur in die verhaal (Greidanus, 1999a:302). God word deurgaans as die handelende en voorsienende God voorgestel. Hy is die protagonis (Greidanus, 2007:198). Wat die teks dus oor God sê, is dat Hy ’n God is wat konstant betrokke is in die lewe van sy volk en dat Hy in hulle behoeftes voorsien. Abraham word opgeroep om te vertrou op die God wat alleen in staat is om Isak as’t ware uit die dood aan hom terug te gee (vgl. Müller, 1982:39-40). Deur sy voorsiening is God die Een wat verlossing vir sy volk bewerk.

Gesien in die lig daarvan dat heilshistoriese ontplooiing een van die sewe wyses is waarop hierdie teks gepreek kan word (vgl. Smit, 1988:198; Greidanus, 1999a:308-313; 2007:201-205), is hierdie verhaal strategies ten opsigte van die heilshistoriese ontplooiing. Dit is nie net die lewe van ’n enkele kind wat in gevaar is nie, maar die hele toekoms wat deur God aan Abraham beloof is (vgl. Clowney, 1988:52). Nie slegs Isak of Israel se voortbestaan is in gevaar nie, maar ook die koms van die Messias wat uit die kind van die belofte gebore sou word en die uiteindelike ingaan van al die volke in God se koninkryk (Greidanus, 1999a:307). Ten einde hierdie teks ook Christosentries te interpreteer, behoort die sentrale stukrag binne die teks, naamlik dat God voorsien (in dié geval ’n brandoffer sodat Isak/Israel kan lewe) [vgl. Greidanus, 1999a:308), in ag geneem word. Hermeneuties word dus gekies ten gunste van God se voorsiening as doel en sentrale stukrag van die narratief (vgl. Greidanus, 2007:199-201) teenoor ’n invalshoek waarin Abraham as “pedagogie-in-die-geloof” voorgehou word (vgl. Smit, 1988:202). Laasgenoemde standpunt loop gevaar om in die slaggat van eksemplariese prediking te trap deurdat Abraham se geloof voorgehou word as die volmaakte voorbeeld wat nagestreef moet word (vgl. Greidanus, 1999a:303-304). Trimp (1988:74-106; vgl. Strydom, 1989:114-116) wys juis op die gevare van “pedagogie-in-die-geloof” of *exemplum*-behandeling van Ou-Testamentiese karakters.

### 5.2.3 Van die Ou Testament na Christus

#### 5.2.3.1 Bepaling van die spesifieke aspek van die mens se in-sonde-gevalle toestand waarop die teks fokus (vgl. 2.5.4.1 – 2.5.4.2)

Die vraag na die doel van 'n teks is 'n kritiese deel van die hermeneutiese proses: *Watter menslike tekortkoming (aspek van sy gevallenheid) het die Heilige Gees genoodsaak om 'n spesifieke skrifgedeelte te inspireer?* Dit is die vraag wat die gevalle toestandfokus van 'n teksgedeelte na vore bring en sodoende die doel daarvan openbaar. Die voordeel daarvan om die FGT (fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand) van 'n teks te aksentueer, is dat dit antroposentriese prediking teëwerk en Christosentriese prediking bevorder deur God se verlossingswerk, naamlik herstel van die gevalle toestand, in Christus op die voorgrond bring. Die FGT help ook om die afstand tussen die eerste en eietydse hoorders te oorbrug op 'n wyse wat steeds getrou is aan die boodskap van die teks.

Die volgende vier vrae help om die FGT van 'n teks te bepaal: *Wat sê die teks? Watter geestelike nood/behoefte(s) word deur die teks aangespreek (binne sy konteks)? Hoe verwoord hierdie teks die bedoeling van of die behoefte na verlossing? Watter geestelike nood/behoefte(s) het hoorders in gemeen met hulle aan wie, of oor wie die teks geskryf is?*

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Greidanus (2007:199-201) meen dat die doel van hierdie teksgedeelte is om Israel daarop te wys dat hulle leef op grond van die genade van God waarvolgens Hy 'n plaasvervangende offer voorsien sodat Isak/Israel kan leef. Die mens se onvermoë om sy eie redding te bewerk en sy afhanklikheid van God vir die voorsiening van 'n losprys ten einde te lewe en verlos te wees, word as FGT geïdentifiseer aangesien dit ooreenkom met die doel van die teksgedeelte (vgl. 5.2.2.3).

**5.2.3.2 Kies 'n sinvolle, verantwoordelike en teksbegronde oorgang**

Ten einde sinvol vanuit die aartsvaderverhale na Christus te beweeg, is dit belangrik vir predikers in die AP-Kerk om eers 'n teks binne sy historiese konteks te verstaan, daarna binne die kanonieke en heilshistoriese konteks. Die volgende sewe wyses word voorgestel ten einde 'n sinvolle, verantwoordelike en teksbegronde oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus te bewerk, nadat 'n teks volgens die holistiese histories-kritiese wyse geëksegetiseer is: Heilshistoriese ontplooiing (vgl. 2.5.5.1), belofte-vervulling (vgl. 2.5.5.2), tipologie (vgl. 2.5.5.3), analogie (2.5.5.4), langer (deurlopende) temas (vgl. 2.5.5.5), Nuwe-Testamentiese verwysings (2.5.5.6) en kontras (vgl. 2.5.5.7).

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Hoewel daar meer as een manier is om sinvol vanuit hierdie teks na Christus te beweeg (vgl. vgl. Smit, 1988:192-201; Greidanus, 1999a:308-313; 2007:201-205), word die weg van heilshistoriese ontplooiing gekies. Holistiese histories-kritiese interpretasie van die teks (vgl. 5.2.2.2 – 5.2.2.4) het die boodskap van die teks blootgelê as: God voorsien 'n ram as plaasbekledende offer vir Isak/Israel, of anders gestel: God

voorsien die losprys vir verlossing (vgl. Greidanus, 1999a:308). Die gedagte van ’n losprys ontwikkel in die Ou Testament in ’n hele aantal kultiese offers as betaling vir sonde. In die volheid van die tyd het God egter sy eniggebore Seun gegee as verlangde en volmaakte Losprys vir sy uitverkore kinders se verlossing (vgl. Greidanus, 1999a:308).

#### 5.2.3.3 Vrae wat die keuse van ’n oorgang vergemaklik

Om uit te vind watter een van die sewe voorgestelde weë (vgl. 5.2.3.2) vir ’n bepaalde aartsvaderverhaal gevolg behoort te word ten einde die boodskap van die verhaal by Christus uit te bring, behoort predikers in die AP-Kerk sekere vrae ten opsigte van die teks te vra. Dit is egter belangrik dat hierdie vrae eers gevra word nadat daar op ’n holisties histories-kritiese met die teks omgegaan en die boodskap daarvan vasgestel is:

- i) Op watter wyse stel die teks die mens se behoefte na verlossing bloot?
- ii) Op watter wyse stel die teks die vorm of voorsiening van verlossing bloot?
- iii) Op watter wyse stel die teks middele van verlossing bloot?
- iv) Op watter wyse stel die teks die kenmerke en vrug van verlossing bloot?
- v) Hoe vergestalt Christus dit waarvan die teks getuig?
- vi) Hoe voltooi/vervul Christus dit waarvan die teks getuig?
- vii) Hoe verander Christus die (oorspronklike) verstaan van die teks?
- viii) Op watter wyse verdiep Christus die boodskap van die teks?

#### 5.2.3.4 Wees bedag op slaggate

Hoewel ’n sinvolle, verantwoordelike en teksbegronde oorgang vanuit die aartsvadernarratiewe na Christus die mees verantwoordelike wyse is, is daar tog sekere slaggate waarop predikers binne die AP-Kerk bedag behoort te wees. Indien in een van hierdie slaggate getrap word, kan dit Christosentriese prediking ontspoor en die boodskap vervlak. Van die vernaamste slaggate wat vermy behoort te word tydens Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale, is onder meer (vgl. 2.5.5.1-2.5.5.7):

- i) Allegorie
- ii) Moralisme
- iii) Eksemplarisme (behalwe waar ’n karakter spesifiek bedoel is om as *exemplum* te dien)
- iv) Miskenning van bepaalde kontekste waarin ’n teks staan
- v) Oorbeklemtoning van óf die mikro -, óf die makro-konteks
- vi) Die soektog na direkte verwysings na Christus in ’n teks
- vii) Ignorering van die historiese konteks van ’n teks
- viii) Christonomisme

ix) Wanneer die Ou Testament bloot as belofte en die Nuwe Testament as vervulling daarvan gesien word, kan dit daartoe lei dat die Ou Testament sy relevansie verloor

x) Inlegkunde

xi) Die willekeurige en onverantwoordelike hantering van tipologie

### 5.2.4 Homileties

#### 5.2.4.1 Verklarende prediking die beste middel tot verantwoordelike Christosentriese prediking

Verklarende prediking bestaan uit die kommunikering van ’n Bybelse konsep, afgelei vanuit en oorgedra deur middel van historiese, grammatiese en literêre studie van ’n teksgedeelte binne sy konteks wat in die eerste plek deur die Heilige Gees op die prediker van toepassing gemaak word en deur die prediker uiteindelik op die hoorders en hulle situasie (vgl. 2.6.1.2). Hierdie metode is die beste middel tot verantwoordelike Christosentriese prediking aangesien dit onder andere grense aan die prediker stel en hom nie toelaat om sy eie boodskap, vreemd aan die teks, te verkondig nie. Duidelike parameters word vir die prediker gestel waarvolgens daar vanuit, maar steeds binne die raamwerk van die teks, na Christus beweeg kan word. Hierdie metode vereis integriteit aangesien die prediker die verantwoordelikheid het om die oorspronklike outeur en uiteindelik die Goddelike Outeur se bedoeling weer te gee. Hierdie metode help ook om slaggate wat vermy behoort te word, makliker te identifiseer. Hierdie metode gee vrymoedigheid om die Bybel as Woord van God te verkondig met Christus as die uiteindelike vergestalting daarvan.

#### 5.2.4.2 Keuse en vasstelling van die preekteks

’n Preekteks behoort ’n logiese, afgeslote gedagte en literêre eenheid te wees (vgl. 2.6.2.1). AP-Kerkpredikers behoort veral daarop bedag te wees dat so ’n eenheid dikwels meer as een paragraaf beslaan of selfs oor verskeie hoofstukke strek. Daar moet gewaak word teen fragmentering aangesien dit predikers op ’n dwaalspoor kan bring ten opsigte van die boodskap van die narratief wat uiteindelik kan lei tot Christosentriese prediking wat nie meer getrou aan die boodskap van die teks is nie.

*Toegepas op Genesis 22*

Genesis 22 bevat twee duidelike tekens wat die prediker help om vers 1-19 as tekstuele eenheid te identifiseer (vgl. Greidanus, 1999a:295). Die uitdrukking “Na hierdie dinge” in vers 1 en vers 20 is ’n duidelike teken van tydsverandering wat die begin en die einde van die verhaal aantoon (vgl. Davidson, 2000:233). Hoewel Von Rad (1972:238) van mening is dat vers 1-19 ’n samestelling van twee narratiewe is, met vers 1-14 as die primêre narratief, betwyfel Wenham (1994:102-103) die sekondêre aard van vers

vers 15-18. Nietemin bied die komplekse samestelling van die narratief ’n uitdaging vir die verstaan daarvan. Vers 1-19 vorm ’n logiese, afgeslote gedagte- en literêre eenheid.

**5.2.4.3 Tema- en doelformulering**

Die tema van ’n teks fokus op die vraag: *Wat word gesê?* Die doel van ’n teksgedeelte word vasgestel deur te vra: *Waarom sê die teks wat dit sê?* Die doel van ’n teksgedeelte openbaar ook die relevansie daarvan. Die formulering van ’n tema en doel kan nie los van die FGT van ’n teks geskied nie, aangesien hierdie fokus beheer wat in ’n bepaalde teks gesê word. Die vasstel van die intrige binne ’n narratief is van groot hulp in die bepaling van die tema van daardie narratief. Ten einde Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale te vergemaklik, is dit belangrik dat die eksegetiese (tekstuele) tema nie net so oorgeneem word as homiletiese tema nie, maar dat die homiletiese tema kerugmaties (Christus-verkondigend) geformuleer en toegespits sal word op die behoeftes van die eietydse hoorders. Die homiletiese tema behoort reeds die Christosentriese aard van die preek aan te dui. Dieselfde geld ten opsigte van die doel van ’n teksgedeelte. Indien die doel van ’n teksgedeelte beheer word deur die teks se fokus op ’n aspek van die mens in sy in-sonde-gevallenheid, het ook die aartsvaderverhale ten doel om iets te sê oor Christus aangesien Hy alleen bevryding bring vir die mens in sy gevalle toestand.

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

<u>Eksegetiese (tekstuele) tema:</u> Hoewel Genesis 22:1-19 begin met die aankondiging dat die gebeure daarin vervat, bedoel was as ’n toets vir Abraham se geloof, is dit duidelik dat dit bloot ter inligting genoem word aangesien al die klem in die narratief op die feit val dat God voorsien. In die lig van die holistiese histories-kritiese eksegese, kan die volgende eksegetiese tema vir die teksgedeelte geformuleer word: *Die HERE voorsien ’n brandofferram sodat Isak (Israel) kan lewe* (vgl. Greidanus, 2007:200).
<u>Doelwit van die teks:</u> Nadat die eksegetiese tema vir ’n teksgedeelte vasgestel is, behoort die doelwit waarmee die skrywer ’n spesifieke teksgedeelte neergepen het, geformuleer te word. Hierdie doelwit word gewoonlik afgelei uit die eksegetiese tema met inagneming van die historiese omstandighede waarin Israel die narratief gehoor het (Greidanus, 1999a:305). In die lig van die eksegetiese tema, kan daar dus drie moontlike doelwitte vir hierdie teks afgelei word, naamlik:

i) Om Israel te leer dat hulle hul bestaan te danke het aan die genade van die troue Verbondsgod
ii) oO Israel te beweeg tot dankbaarheid vir die feit dat God in sy genade ’n plaasbekledende offer voorsien
iii) Om Israel aan te moedig om hul troue Verbondsgod ten volle te vertrou dat daar voorsien sal word in hul nood om verlossing.

Homiletiese tema: Die eksegetiese tema behoort nou so verander te word dat die boodskap nie slegs op die historiese Israel en hulle omstandighede toegespits is nie, maar dat die volk van God oor alle eeue daarby ingesluit word. Verder behoort die eksegetiese tema verder verbreed/verander te word sodat dit ook ’n bepaalde aspek van Christus se Persoon, werk of boodskap insluit. Gevolglik word die volgende homiletiese tema geformuleer: *Die HERE voorsien sy (O)fferlam sodat sy kinders kan lewe.*
Doelwit van die preek: Hoewel daar drie moontlike tekstuele doelwitte vir die teksgedeelte geformuleer is (sien *Doelwit van die teks* hierbo), is dit nodig om slegs een te kies ten einde te verhoed dat ’n preek se fokus te breed is. Uiteindelik sou daar in die lig van die drie moontlike tekstuele doelwitte, drie preke uit hierdie teksgedeelte gemaak kon word. Ter wille van ’n skerp gefokusde boodskap, word slegs een gekies en in ooreenstemming met die homiletiese tema, soos volg geformuleer: *Om die volk van God aan te moedig om ten volle en te alle tye op die troue Verbondsgod te vertrou vir hulle redding.*

### 5.2.4.4 Die aard en vorm van die preek

Hoewel dit groot waarde het om die aard van preke uit narratiewe stof ook verhalend te hou, bestaan die gevaar dat so ’n preek kan ontaard in die blote oorvertel van die teks sonder dat die boodskap en doel van die teks uitgelig word (vgl. 2.6.2.4). Die narratiewe aard vir preke uit die aartsvaderverhale, is die mees geskikte vir die genre, maar dit behoort predikers in die AP-Kerk te baat indien hulle moeite doen om die aard van die preek te laat ooreenkom met die doelwit van die teksgedeelte. Indien die doelwit byvoorbeeld bemoediging is, behoort die preek ook van ’n bemoedigende aard te wees. In lyn met die narratiewe aard sal daar in die preek gepoog word om ’n spanningslyn en ontknoping in te bou. Deur op die doelwit van gedeeltes uit die aartsvadernarratiewe te konsentreer, sal voorkom dat die verhaal bloot in ’n ander vorm oorvertel word. Uiteindelik sal dit die van groot hulp wees vir predikers om werklik Christosentries te wees deur op die doel te fokus ten einde die aard van die preek te bepaal.

Uiteindelik behoort predikers ’n preekvorm te kies wat dienend is tot die tema, doel en aard van die teksgedeelte. Daar is nie een spesifieke preekvorm wat meer geskik is vir Christosentriese prediking as ’n ander nie. Indien die tema, doel en aard van ’n preek reeds die Christosentriese fokus van ’n teks aksentueer, behoort die beste vorm vir die preek gekies te word wat hierdie fokus die effektiefste kommunikeer.

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Gesien in die lig van die feit dat die narratiewe aard vir ’n preek die wenslikste is wanneer daar uit narratiewe stof gepreek word, sal daar tydens hierdie preek ook van die narratiewe aard tesame met ’n didaktiese elemente gebruik gemaak word. Daar word gekies vir ’n induktiewe preekvorm aangesien heilshistoriese ontplooiing gekies is as weg om vanuit die teks na Christus te beweeg. Gevolglik sal die

preek dus die hoorders stelselmatig, deur middel van ’n spanningslyn en ontknoping, bring tot die ontdekking van Christus as die hoogtepunt van die boodskap.

#### 5.2.4.5 Toepaslikheid

’n Skrifgedeelte word eers behoorlik verstaan en toegeëien as sy betekenis vir die aktuele konkrete situasie in die gemeente herken word (vgl. 2.6.2.5). Toepassings behoort te fokus op die intellek en die hart van die hoorder sodat dit lewensverandering tot gevolg het. Ware verandering vereis immers ’n nuwe equilibrium (vgl. 4.4). Predikers in die AP-Kerk behoort bedag te wees daarop om nie toepassings vanuit die aartsvaderverhale te laat verval in die aksentuering van een of twee morele lessies nie. Gelowiges behoort te besef dat ware verandering slegs moontlik is in en deur Jesus Christus. Deur die werking van die Heilige Gees kry die gelowige deel aan Christus se weldade en is verandering gevolglik moontlik. In die hantering van historiese narratiewe behoort gewaak te word teen antroposentriese prediking wat lei tot toepassings wat nie verbind word aan die Persoon, werk of boodskap van Jesus Christus nie. Ongeag hoe Christosentries die res van die preek is, indien AP-Kerkpredikers nie die toepassings wat vanuit die aartsvaderverhale afgelei word, verbind aan en laat voortvloei uit die voltooide werk van Jesus Christus nie, vernietig dit die Christosentriese aard van so ’n preek. Christus se voltooide werk en gevolglik ook die Heilige Gees wat ons laat deel in sy weldade, is onontbeerlik; nie net vir gelowiges se regverdigmaking nie, maar ook vir hul heiligmaking. Die imperatief tot geloofsgehoorsaamheid behoort voort te vloei uit die indikatief van die verlossing in Christus.

*Toegepas op Genesis 22:1-19*

Na aanleiding van die homiletiese tema van die teks, naamlik *Die HERE voorsien die (O)fferlam sodat sy kinders kan lewe* en met die doelwit van die preek, naamlik *Om die volk van God aan te moedig om ten volle en te alle tye op die troue Verbondsgod te vertrou vir hulle redding* in gedagte, word gefokus op die aktuele vraag: *Vertrou die mens God genoeg om sy redding geheel en al aan Hom oor te laat?* Uiteindelik kan net God voorsien wat nodig is sodat sy volk kan lewe.

### 5.3 ’n Voorbeeld van ’n Christosentriese preek uit Genesis 22:1-19

Vervolgens word gepoog om al bogenoemde elemente, soos toegepas op Genesis 22:1-19, in preekvorm te verwerk:

<u>Tema:</u> *Die HERE voorsien die (O)fferlam sodat sy kinders kan lewe.*
<u>Teksvers:</u> Vers 8a.

*<u>Inleiding</u>*

Mense in Suid-Afrika sukkel om die polisiediens te vertrou. Nie net is hulle dikwels deel van korrupsie en misdaad in ons land nie, maar skakel jy hulle, gebeur dit selde dat daar regtig op ons versoeke gereageer word. Baie mense sal vir jou sê dat hulle nie op die polisie kan staatmaak om hulle te hulp te kom tydens ’n krisis nie, maar kan dit ook van God gesê word? Kan God nog vertrou word om vir ons verlossing te voorsien? Uit Genesis 22 wil God vandag vir ons op hierdie vraag ’n antwoord gee.

*Toekoms op die spel!*

“Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.” Wat ’n versoek! Kan dit waar wees? Is dit moontlik dat God, pas nadat Hy Isak aan Abraham gegee het soos ons in hoofstuk 21 lees, kan eis dat hy hom nou weer aan Hom moet teruggee? Wat van die belofte in Genesis 12? God het tog beloof dat Hy vir Abraham ’n groot nasie sou maak en nou lyk dit asof Hy daardie belofte van Hom tot niet wil maak! Miskien het Abraham gewonder oor die wysheid van sy besluit om Hagar en Ismael weg te stuur, want as God dan nou hierdie seun van hom eis, sy enigste vir wie hy so lief is, hoe sal daar dan ’n nageslag kan wees? Sy hele toekoms is op die spel! Kan ons nie vanoggend lekker saampraat nie? Hoor ons nie gereeld hoe donker die toekoms in Suid-Afrika is nie? Ons beleef dit aan eie lyf met die ekonomiese krisis, die kwyning van die Christendom, al die geweld en korrupsie. Soms, as dit so erg raak, kan ’n mens amper nie help om te wonder of God nog in staat is om sy kinders te midde van hierdie chaos te verlos nie.

Al Abraham se vrae het hom egter nie verhoed om gehoorsaam te wees aan God se opdrag nie. Hoe moeilik dit ook al vir hom moes wees, het hy die volgende oggend opgestaan en met amper meganiese reëlmaat alles reggekry vir die brandoffer – die vuur en die hout, sy esel opgesaal en saam met Isak en sy dienaars die tog na Moria aangepak. Drie dae lank het die reis geduur. Drie dae waarin Abraham waarskynlik oor en oor gestoei het met die vraag: Waarom hierdie opdrag? Waarom die seun van die belofte? Waarom my toekoms? Isak was die fokuspunt van Abraham se hoop. In hom was die belofte van God vir ’n groot nageslag beliggaam.

Natuurlik was hier meer op die spel as bloot Abraham se toekoms. In Genesis 12:3 het God beloof: “in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word”. Uiteindelik het God se eis om Isak te offer ook hierdie belofte op die spel geplaas. Sonder Isak sou daar nie ’n nageslag vir Abraham wees nie en sonder ’n nageslag, sou dit vir hom onmoontlik wees om ’n seën vir die nasies te wees. Die seën vir die nasies en gevolglik verlossing van die mensdom is op die spel! Verstaan ons werklik die implikasie hiervan? Ú en mý verlossing was op die spel!

Isak maak dit nou nie juis makliker wanneer hy in vers 7 wou weet waar die lam vir brandoffer vandaan gaan kom nie. Hoe beantwoord ’n pa hierdie vraag? Hy kan mos nie vir hom sê: Jy, my seun, is die lam vir die brandoffer nie! Abraham se antwoord weerspieël egter vir ons sy geloof in God se voorsiening.

Hoe onmoontlik die situasie ook al gelyk het, hy het vas geglo dat hierdie God wat met Hom 'n verbond gesluit het, sy beloftes sal nakom. Dit was al waaraan hy kon vashou en daarom antwoord hy: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." Hierdie antwoord was nie 'n wit leuentjie nie, maar 'n uitdrukking van sy onwrikbare vertroue in God wat sal voorsien.

In groot detail beskryf die verteller hoe Abraham die altaar bou, die hout daarop plaas en dan, nadat hy vir Isak vasgemaak het, hom bo-op die hout plaas. Abraham steek sy hand uit en neem die mes om sy seun mee te slag. 'n Mens kan nie anders as om asem op te hou nie! Gaan God voorsien? Gaan Hy toelaat dat Isak doodgemaak word? Ons weet wat gaan gebeur, want ons ken die storie baie goed, maar Abraham en Isak se ingewande het waarskynlik inmekaargekrimp van spanning!

*God voorsien 'n plaasvervanger vir Isak*

Op daardie oomblik klink die stem van die Engel van die Here soos 'n simfonie uit die hemel: Abraham, Abraham, moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie. Dit alles was 'n toets vir Abraham se geloof, lees ons in vers 1. 'n Toets waarin Abraham bly vashou het aan die trou van God en sy vermoë om te voorsien. Abraham se geloof in die voorsiening van God, word bevestig. Wanneer hy sy oë opslaan sien hy 'n ram wat met sy horings in 'n bos verstrengel geraak het. Abraham verstaan. God het voorsien. Hy het 'n plaasbekledende offer voorsien sodat sy seun Isak kan leef. Hy neem die ram en offer dit as 'n brandoffer *in die plek van sy seun*.

In vers 14 lees ons: "En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word." 'Vandag' is opvallend. God het nie net toe voorsien nie. Keer op keer in die geskiedenis van God se volk val die klem op God se voorsiening. Abraham het maar net weer bevestiging gekry dat hierdie Verbondsgod vertrou kan word om te voorsien, al lyk dit menslik onmoontlik. Hierdie God het voorsien en gesorg dat die kind van die belofte se lewe gespaar is. Hy het nie net Abraham se toekoms verseker nie, maar ten diepste het Hy ook die toekoms van al sy mense verseker.

Israel, wat na hierdie verhaal geluister het, het natuurlik die implikasies van hierdie geskiedenis terdeë besef. As Isak moes sterf, dan was daar nie 'n Israel nie! Die volk Israel het dus sy bestaan te danke aan die feit dat God 'n offerlam voorsien het sodat Isak kon lewe. Deur die voorsiening van 'n plaasbekledende offerlam, het die HERE aan Isak en gevolglik aan Israel, lewe gegee.

*God gee lewe deur die (O)fferlam*

Dwarsdeur die geskiedenis van Israel word die boodskap van Genesis 22 beklemtoon: God voorsien die offerlam sodat sy volk kan lewe. In Egipte moes die Paaslam geslag word sodat die eersgeborenes in Israel die verskrikking van die doodsengel gespaar kon word. Later het God beveel dat elke eersgeborene in Israel aan Hom gewy moes word. Alleen deur 'n lam in die plek van die eersgeborenes te offer, sou

hulle losgekoop kon word. God beveel selfs die volk om as skuldoffer ’n lam te offer as versoening sodat sy volk kan lewe. Soos ’n refrein klink dit deur die geskiedenis: God voorsien ’n offerlam sodat sy volk kan lewe!

In Johannes 1:29 weergalm hierdie boodskap tot aan die uithoeke van die aarde wanneer Johannes die Here Jesus na hom sien aankom en verklaar: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” Hoe verwarrend sou hierdie woorde nie gewees het sonder die geskiedenis van die offerande op Moria nie? Nou gaan daar egter ’n lig op! Die boodskap is vir eeue reeds in hulle geheue vasgebrand: God voorsien sodat sy kinders kan lewe. Hy voorsien ’n lam, sy Lam, dié Lam!

U sien dus: In Jesus het ons die eintlike Offerlam van Genesis 22. Wie die Nuwe Testament lees teen die agtergrond van die Ou Testament sou verwag dat die lydensbeker by Jesus verby moes gaan. Juis dit is egter die verstommende. Terwyl God die seun van Abraham en elke eersgebore seun van Israel gespaar het, het Hy sy eie Seun nie gespaar nie. Hy het Hom nie gespaar nie, sodat sy kinders, soos Isak, die brandofferaltaar van die sonde gespaar kon bly. Die HERE het sy Offerlam voorsien sodat sy mense uit alle tale, volke, stamme en nasies kan lewe, vir ewig kan lewe! Sy bloed het gevloei as versoening vir ons sondes.

Vanaf vers 16 spreek God vir die laaste keer met Abraham en herhaal die beloftes wat Hy reeds tydens die roeping van Abraham aan hom gemaak het. Onder andere verklaar die HERE in vers 18: “En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word”. Hierdie belofte is ten diepste vervul toe Christus as Lam van God ter slagting gelei is en sy lewe gegee het as ’n losprys vir baie, soos ons lees in Markus 10:45. Elkeen wat in Hom glo uit elke volk en stam en nasie, sê Johannes 3:16, het die ewige lewe.

Jesus se offeraltaar, Golgota, lê tweeduisend jaar in die verlede, kan jy antwoord. Ja, ons kan so maklik vergeet wat dit vandag vir ons beteken. Ons kyk om ons rond en ons sien hoe die Kerk bedreig word deur liefdeloosheid, verskeurdheid, dwaalleer en selfs ongeloof. Ons sien hoe die ekonomie agteruitgaan en plakkerskampe by die dag groter word. Dalk staan jy self elke dag by ’n verkeerslig – smagtend na mense se weggooikos net om van jou hongerpyne ontslae te raak. Ons beleef korrupsie, diskriminasie en toenemende onrus. Waar gaan ons kinders werk kry? Hoe lank gaan ons nog die rekeninge kan bly betaal? Nee, ons praat nie van luukses nie; dit gaan oor die heel basiese behoeftes soos vervoer, water en elektrisiteit. Ek kom klaar nie uit met my pensioen wat weens die dalende rentekoers al meer as gehalveer het nie.

Op jou eie manier kan elkeen van ons vandag voel hoe ons op die offeraltaar geplaas word. Party gesinne soos by Marikana of op plase in ons land reken dat hulle al klaar geslag is. Kyk net al die chaos. Kyk net al die geliefdes wat begrawe moes word. Maak jy die koerant oop, is dit moord op moord op moord! Waarheen lei alles hier in ons geliefde, mooie Suid-Afrika? Stort ons toekoms nou uiteindelik in duie

soos die doemprofete voorspel? Maak dit nog sin om hier in Suid-Afrika te woon? As dit só gaan met Christene, maak dit dan sin om Christen te wil wees? Ons geloof word getoets, nie waar nie?

Juis daarom is dit nodig om vandag onwrikbaar te bly vashou aan God wat voorsien. Hy wat sý Offerlam gegee het, wat inderdaad sy eie Seun as Offerlam nie gespaar het nie, maar Hom vir ons oorgegee het, hoe sal Hy sy Kerk sommer maar net in die steek laat in ‘n tyd soos hierdie? Die raaisel van Genesis 22 moet vir jou en my aan die dink sit. Dit moet ons gedurig herinner: ons God, die troue Verbondsgod, kan vertrou word om te voorsien vir ons verlossing, vandag nog.

Met sy hemelvaart het Christus belowe dat Hy deur sy Gees met ons sal wees, al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld. Hy weet hoe om met ons medelye te hê. Hy verstaan ons vrese ons angs, want onthou in Getsémané was sy sweet ook soos bloeddruppels as gevolg van sy angs. Immers, Hy weet presies wat ondraaglike lyding is. Jesus weet wat dit beteken om op die offeraltaar geslag te word, terwyl nie alleen die tydelike nie, maar die ewige lewe op die spel staan.

*Slot*

Of ons nog sterk staan of nie, of ons nog moed hou of nie, of jy selfs Christen wil wees of nie, God spoor ons deur sy Gees vandag aan om Hóm te vertrou vir die voorsiening van ons verlossing. Die Suid-Afrikaanse polisiediens mag dalk nie vertrou word om vir ons verlossing te voorsien nie, maar nie God nie. In sy getrouheid het Hy sy Offerlam, sy geliefde Seun, gegee sodat ons kan lewe. Sal Hy wat hierin getrou is dan nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Mag die Heilige Gees ons te midde van ons krisisse en benoudhede gedurig daaraan herinner dat dit die moeite werd is om aan te hou glo dat God regtigwaar die redding sal voorsien sodat ons kan lewe. Amen.

## 5.4 Samevattende gevolgtrekking

As antwoord op die vraag: *Hoe behoort ons te reageer?*, is die volgende riglyne neergelê wat Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale (Gen. 12-50) vir predikers in die AP-Kerk behoort te vergemaklik:

i) Die volgende vertrekpunte is belangrik vir Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale (5.2.1):

- Die Ou Testament is wesenlik Christelik van karakter (vgl. 5.2.1.1)
- Die Ou en die Nuwe Testamente vorm ’n eenheid met Jesus Christus as middelpunt. Elke teks behoort gevolglik altyd gelees te word as deel van die groter geheel (vgl. 5.2.1.2).

- Op grond van die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament, het die Woord en gevolglik ook die aartsvaderverhale in die Ou Testament, slegs een boodskap, naamlik Jesus Christus (vgl. 5.2.1.3).
- Die heilshistoriese ontplooiing (5.2.1.4) behoort verreken te word aangesien dit die een boodskap van die Skrif beklemtoon. Die volgende vraag behoort beantwoord te word: *Waarom is hierdie teks belangrik vir die voorgang van die heilshistoriese ontplooiing?*

ii) Hermeneutiese riglyne (5.2.2):

- God is in beheer van die verloop van die geskiedenis; Hy tree soms op 'n unieke manier, vreemd aan die menslike ervaring, op; Bybeltekste behoort nie uit die staanspoor bevraagteken te word nie en die vyf *Sola* van die reformasie, word aangetoon as noodsaaklike voorveronderstellings in die hermeneutiese proses (vgl. 5.2.2.1).
- Literêre interpretasie vorm die eerste stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode. Dit geskied deur middel van grammatikale, sintaktiese en semantiese studie van die teks. Ten opsigte van die narratiewe genre is die verrekening van narratiewe karaktereienskappe baie belangrik ten einde die boodskap van die teks te bepaal (vgl. 5.2.2.2).
- Historiese interpretasie vorm die tweede stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode. Hiervolgens word die betekenis van 'n teks binne sy historiese en kulturele konteks bepaal (vgl. 5.2.2.3).
- Teologiese interpretasie vorm die laaste stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode en hanteer die vraag: *Wat sê die teks oor God?* Deur eers aandag te gee aan die literêre en historiese interpretasie van 'n teks, word inlegkunde tydens teologiese interpretasie voorkom. Uiteindelik loop teologiese interpretasie uit op Christosentriese interpretasie aangesien Christus uit die staanspoor deel van God se selfopenbaring is as die ewige Logos (vgl. 5.2.2.4).

iii) Van die Ou Testament na Christus (5.2.3):

- Ten einde 'n sinvolle oorgang van die Ou Testament na Christus te bewerk, is dit allereers nodig dat die teks se fokus op die in-sonde-gevalle toestand van die mens, bepaal word (vgl. 5.2.3.1). Dit bring Christus onmiddellik in die gesigsveld van die teks.
- Daarna behoort een van die sewe voorgestelde weë gekies word sodat 'n sinvolle, verantwoordelike en teksgebonde oorgang na Christus bewerk kan word (vgl. 5.2.3.2).
- Agt vrae is geïdentifiseer wat, nadat 'n teks volgens die holistiese histories-kritiese wyse geëksegetiseer is, aan die teks gevra kan word ten einde die keuse vir 'n oorgang na Christus te vergemaklik (vgl. 5.2.3.3).
- Uiteindelik is die belangrikste slaggate waarop predikers in die AP-Kerk bedag behoort te wees wanneer vanuit die aartsvaderverhale gepreek word, uitgelig (vgl. 5.2.3.4).

iv) Homiletiese riglyne (5.2.4):

- Verklarende prediking is aangedui as metode wat Christosentriese prediking die beste dien aangesien dit die prediker begrens tot die boodskap van die teks (vgl. 5.2.4.1). Verklarende prediking het die voordeel dat dit die prediker help om vanuit die teks self na Christus te beweeg.
- In die keuse en vasstel van 'n preekteks is dit belangrik dat 'n logiese, afgeslote gedagte- en literêre eenheid gekies word (vgl. 5.2.4.3). Dit verhoed fragmentering – veral ten opsigte van die aartsvaderverhale.
- Noukeurige aandag aan die formulering van 'n preek se tema en doel is van groot waarde vir Christosentriese prediking (vgl. 5.2.4.3). Beide behoort so geformuleer te word dat dit dadelik die Christosentriese fokus van 'n teks na vore bring.
- Die aard van die preek behoort aan te sluit by die doel waarvoor 'n narratief neergeskryf is (vgl. 5.2.4.4). Uiteindelik behoort 'n preekvorm gekies te word wat die tema, doel en aard van die preek die beste dien.
- Toepaslikheid kan 'n preek se Christosentrisiteit maak of breek (vgl. 5.2.4.5). Toepassing behoort altyd verbind te wees aan en voortvloei uit die voltooide werk van Jesus Christus.

Ten slotte is 'n voorbeeld gegee van 'n Christosentriese preek uit Genesis 22:1-19 waarin gepoog is om uiting te gee aan bogenoemde riglyne (vgl. 5.3).

In hoofstuk 6 sal daar 'n oorsig gebied word oor die navorsingswerk as geheel. Elke hoofstuk sal kortliks saamgevat en uiteindelik sal daar tot 'n finale bevinding gekom word.

# HOOFSTUK 6

## SLOT

### 6.1 ’n Terugblik

Die navorsingsverslag kan nou saamgevat word. In hierdie verslag is die volgende sentrale teoretiese argument ondersoek:

*’n Duidelik omskrewe Christosentriese benadering wat teologies en hermeneuties verantwoord is, kan moontlik daartoe bydra om postmoderne mense tot die ontdekking van Jesus Christus te lei na aanleiding van gedeeltes uit Genesis 12-50. Met ander woorde, hierdie gedeeltes moet so gepreek word dat Christus Jesus alleen daaraan ware betekenis kan gee* (1.4).

Hierdie argument het ten agtergrond die AP-Kerk se kerkorde artikel 42.4 (1.1.1), naamlik: “Die inhoud van die prediking moet steeds die verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees en moet teologies verantwoord en Christosentries wees.” Verder plaas die moderne neiging om die Ou Testament los te maak van die Nuwe Testament in die verstaanproses druk op predikers, ook op AP-Kerkpredikers om nie Christus en sy verlossingswerk as boodskap van die Ou Testament te verkondig nie. Dit is onseker wat presies AP-Kerkpredikers onder die term ‘Christosentriese prediking’ verstaan (1.1.2), veral ten opsigte van die aartsvaderverhale (Gen. 12-50). Die mate waarin predikers in die AP-Kerk van ’n duidelik omskrewe Christosentriese benadering gebruik maak, spesifiek ten opsigte van die Ou Testament, was onseker, daarom het die sentrale navorsingsvraag vir hierdie verslag soos volg gelui:

*In watter mate beantwoord prediking uit die Ou Testament (met besondere fokus op gedeeltes Gen. 12-50) by die AP-Kerk aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking?* (1.2)

Metodologies is volgens Osmer se prakties-teologiese model gewerk waarvolgens die volgende vier vrae beantwoord behoort te word, naamlik:

i) Wat is aan die gebeur? Hierdie vraag behels die beskrywend-empiriese taak.
ii) Waarom is dit aan die gebeur? Hierdie vraag behels die interpretatiewe taak.
iii) Wat behoort te gebeur? Hierdie vraag fokus op die normatiewe taak.
iv) Hoe behoort ons te reageer? Hierdie vraag behels die pragmatiese taak.

Deur De Wet se kritiek op Zerfass se model ook van toepassing te maak op Osmer, is vraag iii) eerste behandel (1.5).

### 6.2 Hermeneuties en normatief

Volgens Osmer se aangepaste model, is die hermeneutiese en normatiewe vraag, naamlik *Wat behoort te gebeur*, aan die orde gestel in hoofstuk 2. Die bydrae van hoofstuk 2 kan soos volg saamgevat word:

Aangesien hierdie studie toespits is op die aartsvaderverhale, is daar eerstens gefokus op die aard en eienskappe van die Hebreeuse narratiewe. Die rol wat geskiedkundigheid in die interpretasie speel, asook literêre eienskappe van hierdie narratiewe, is ondersoek (vgl. 2.2 – 2.4).

Vervolgens is die hermeneutiese uitdaging wat Christosentriese prediking stel, ondersoek en uiteengesit (vgl. 2.5). Die gevaar wat die postmoderne paradigma vir die hermeneuse inhou, is uitgelig en sekere bepalende oorwegings vir die hermeneutiek is geaksentueer (vgl. 2.5.1 – 2.5.2). Die noodsaak vir Christosentriese prediking om rekening te hou met die heilshistoriese ontplooiing, is bespreek (vgl. 2.5.2.4) en dit blyk dat behoorlike Christosentriese interpretasie nie los van die heilshistoriese ontplooiing kan plaasvind nie. ’n Belangrike onderdeel van die hermeneutiese proses, is die keuse vir ’n eksegetiese metode. Eerstens is die rol wat die Heilige Gees en geloof tydens die interpretasie van ’n teks speel, uitgelig (vgl. 2.5.3.1 -2.5.3.2). Weens die leemtes en gevare wat die histories-kritiese metode inhou, is daar besluit op Greidanus se holistiese histories-kritiese model aangesien dit blyk ’n goeie samevoeging te wees van die grammaties-historiese en histories-kritiese modelle (vgl. 2.5.3.3 – 2.5.3.4). Volgens Navorser word in hierdie model eksegeties op die mees verantwoordelike wyse met die Skrif omgegaan. Hierna is die belangrikheid van die bepaling van ’n teks se gevalle toestandfokus bespreek (vgl. 2.5.4.1), aangesien dit die Christosentriese fokus van ’n teks duidelik na vore bring. Verskillende sinvolle, dog teksgetroue, metodes is bespreek waarvolgens sinvol en geloofwaardig van die Ou-Testamentiese boodskap na die Nuwe Testament beweeg kan word (vgl. 2.5.5.1 – 2.5.5.7). Verskeie slaggate wat elk van hierdie metodes inhou, is uitgelig. Uiteindelik is ’n eie definisie vir Christosentriese prediking geformuleer (vgl. 2.5.5.8), naamlik:

*Christosentriese prediking vind plaas wanneer die boodskap van ’n teks, hetsy Ou of Nuwe Testament, op grond van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand, op ’n geloofwaardige, verklarende wyse geïntegreer word met die klimaks van God se openbaring in die Persoon, werk en/of onderwysing van Jesus Christus, die ewige Logos waarvan die ganse Skrif getuig.*

Ten slotte is die homiletiese uitdaging vir Christosentriese prediking gehanteer (vgl. 2.6). In hierdie afdeling is aangetoon dat verklarende (expository) prediking, veral gesien in die postmoderne paradigma, die beste homiletiese middel is vir Christosentriese prediking vanuit die Ou Testament aangesien dit getrou is aan die Bybelse teks en daarom gesaghebbend is (vgl. 2.6.1). Uiteindelik is aangetoon hoe die verskillende aspekte van verklarende prediking op die narratiewe tekste van die Ou Testament van toepassing gemaak behoort te word ten einde nie net in die hermeneuse nie, maar ook in die homilie Christosentries te wees (vgl. 2.6.2).

Vanuit die hermeneutiese en normatiewe beginsels in hierdie hoofstuk (2), is die volgende kriteria as riglyne vir die beoordeling van die preke deur AP-Kerkpredikers (vgl. 3), gestel:

i) Holistiese histories-kritiese (literêre, historiese en teologiese) interpretasie van die teks (vgl. 2.4.2; 2.5.3.4 en 2.6.2.2).
ii) Bepaling van ’n teks se fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand [FGT] (vgl. 2.5.4.1).
iii) Keuse vir ’n sinvolle oorgang vanuit die Ou-Testamentiese teks na Christus (vgl. 2.5.5).
iv) Identifisering van moontlike slaggate wat vermy behoort te word (vgl. 2.5.5).
v) Vasstel van die preekteks (vgl. 2.6.2.1).
vi) Tema- (eksegeties en homileties) en doelformulering (2.6.2.3).
vii) Aard en vorm van die preek (vgl. 2.6.2.4).
viii) Toepaslikheid (2.6.2.5).

Voortvloeiend hieruit is ses temas afgelei aan die hand waarvan onderhoude met AP-Kerkpredikers wie se preke ontleed is, in hoofstuk 4 gevoer sou word. Die doel van hierdie onderhoude was om vas te stel in watter mate AP-Kerkpredikers bewustelik met ’n basisteorie oor Christosentriese prediking werk tydens prediking uit die aartsvaderverhale. Hierdie temas is (vgl. Bylae 17):

i) Vasstel van die preekboodskap
ii) Die narratiewe stof van die Ou Testament (vgl. 2.2 – 2.4)
iii) Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament (vgl. 2.5.2)
iv) Hermeneutiese aspekte (vgl. 2.5.3)
v) Oorgang van die Ou Testament na Christus (vgl. 2.5.4 – 2.5.5)
vi) Homiletiese aspekte (vgl. 2.6)

## 6.3 Empiries en interpretatief

Tweedens het, volgens Osmer se aangepaste model, die vrae *Wat is aan die gebeur?* en *Waarom is dit aan die gebeur?* in wisselwerking met mekaar in hoofstukke 3 en 4 aan die orde gekom. Hierdie bydrae kan soos volg saamgevat word:

Die biografiese inligting (3.2) van die deelnemende predikers wie se preke ontleed is (3.4), toon aan dat geselekteerde preke en oordenkings moontlik verteenwoordigend kan wees van die deursnee AP-Kerk prediker, aangesien daar ’n goeie balans bestaan ten opsigte van die ouderdom van predikers en hulle ervaring. Die feit dat opleidingsinstansies verskil, kan ook bydra om ’n geheelbeeld te kry aangesien die meeste predikers hulle opleiding aan óf die AP-Kerk, óf die NG-Kerk, óf die Gereformeerde Kerk se opleidingsinstansies gehad het.

Tydens die ontleding van geselekteerde preke (3.4) en oordenkings deur AP-Kerkleraars, soos uitgesaai deur ’n openbare uitsaaier, is vasgestel dat die praktyk van Christosentriese prediking vanuit die patriargale narratiewe gedurende die tydperk 2002-2012, soos volg in die betrokke preke daar uitsien:

- Hoewel daar enkele gevalle is waar die stellings in die boodskap nie gegrond was in die teks nie, is die stellings oorwegend gegrond in die teks en in ooreenstemming met die res van die Skrif.
- In sommige preke en oordenkings is die historiese konteks wel verreken, maar in die algemeen bestaan daar ’n leemte. Die gevolg van die miskenning van die historiese konteks is dat die FGT (fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand) nie altyd reg geïdentifiseer word nie en dat die prediker dus nie sinvol vanuit die teks na Christus kan beweeg nie.
- Sommige preke het wel daarin geslaag om ’n geldige FGT vas te stel.
- Slegs drie preke en oordenkings het daarin geslaag om die heilshistoriese plasing van die teks effektief te hanteer.
- Slegs vyf preke en oordenkings het kenmerke van die narratiewe genre in ag geneem tydens interpretasie van die teks.
- In sommige preke en oordenkings is baie sinvol vanuit die teks na Christus beweeg deur gebruik te maak van deurlopende temas, analogie, tipologie, die verbond, heilshistoriese ontplooiing, kontras en Nuwe-Testamentiese verwysings; tog was daar ook gevalle waar allegorie en verkeerde toepassing van tipologie voorgekom het.
- Vyf preke en oordenkings was glad nie Christosentries nie, of Christus is bloot as nagedagte bygevoeg. Soms is Hy slegs as voorbeeld voorgehou. Aangesien die sentrale tema nie altyd in Christus opgelos word nie, is Hy nie altyd die klimaks van die boodskap nie.
- Die gevolg daarvan dat die sentrale tema nie altyd in Christus opgelos word nie, is dat die toepassings dikwels verval in moralisme en dat predikers in die slaggat van antroposentriese prediking trap. Karakters in die teks word soms bloot as navolgenswaardige voorbeelde hanteer.
- Heelwat preke en oordenkings ly gebrek aan konkrete toepassings. Hierdie probleem sou opgelos kon word wanneer die boodskap duideliker in die Persoon en voltooide werk van Jesus Christus gegrond was.

Hieruit is die volgende interpretatiewe afleidings gemaak:

- Sodra predikers nie die historiese konteks van ’n teks verreken nie, lei dit daartoe dat ’n foutiewe FGT vir ’n teks geïdentifiseer word en word daar nie sinvol vanuit die teks na Christus beweeg nie.
- Sodra die heilshistoriese plasing van ’n teks in ag geneem word, word daar sinvol vanuit die teks na Christus beweeg.

- Aangesien tipologie die weg is wat in die meeste preke gebruik is om vanuit die teks na Christus te beweeg, is dit moontlik dat AP-Kerkleraars geneig is om tipologie as belangrikste (en eerste) weg te beskou waarvolgens vanuit die teks na Christus beweeg behoort te word.
- Wanneer die sentrale tema van die preek of oordenking nie in Christus opgelos word nie, vorm Christus nie die klimaks van die boodskap nie.
- Sodra die sentrale tema van ’n preek of oordenking nie in Christus opgelos word nie, trap AP-Kerkpredikers in die slaggat van moralisme en antroposentriese prediking ten opsigte van die toepassings wat gemaak word in hul preke en oordenkings.
- Die gebrek aan toepassings in sommige preke en oordenkings deur AP-Kerkleraars, is moontlik die gevolg daarvan dat die boodskap van die teks nie verbind word aan die Persoon, werk of boodskap van Jesus Christus nie.

In diepte onderhoude met vyf van die ses AP-Kerkpredikers wie se preke en oordenkings ontleed is (4.3), het die volgende aan die lig gebring:

*Hantering van die Ou-Testamentiese narratiewe stof (4.3.2)*

Dit blyk dat die deelnemende AP-Kerkpredikante nie regtig die Ou-Testamentiese narratiewe stof anders hanteer as ander genres in die Skrif nie. Dit kan moontlik ’n rede wees waarom sommige preke uit die narratiewe stof ’n gebrek het aan diepgang en soms op bysake in die teks fokus. Die gebrek aan aandag aan die literêre eienskappe van die narratiewe is moontlik ’n uitvloeisel van predikante se opleiding. Wanneer daar op die spesifieke eienskappe van Ou-Testamentiese narratiewe gefokus word, behoort dit by te dra daartoe dat tot die kern van die boodskap in die narratief deurgedring word. Dit kan vir die prediker ’n aanduiding gee van hoe om sinvol vanuit die teks na Christus te beweeg. Dat die historisiteit van die narratiewe stof vir predikers uit ’n NG Kerkagtergrond minder belangrik is as vir die wat uit die AP-Kerk of Gereformeerde Kerk agtergrond kom, is moontlik ’n gevolg van verskille tussen die onderskeie tradisies ten opsigte van Skrifbeskouing.

*Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament (4.3.3)*

Dit is moontlik dat predikante in die AP-Kerk, ongeag ouderdom of opleidingsagtergrond, die Ou en die Nuwe Testament as ’n eenheid sien weens die amptelike Skrifbeskouing van die AP-Kerk. Tog is deelnemers huiwerig om die Ou Testament uit die staanspoor as Christelik te klassifiseer (hoewel hulle erken dat dit tog getuig van Jesus Christus). Dit kan moontlik ’n hindernis wees vir Christosentriese prediking aangesien dit predikers laat huiwer om na Christus oor te gaan as ’n teks (volgens die deelnemer) nie in die eerste plek bedoel is om Christelik geïnterpreteer te word nie. Ten einde meer Christosentries te preek, is dit belangrik dat AP-Kerkpredikante groter begrip sal hê daarvoor dat die

boodskap oor Jesus Christus as die meta-narratief van die Skrif beskryf kan word. Die aartsvaderverhale behoort dan nie in isolasie hiervan geïnterpreteer te word nie.

*Hermeneutiese aspekte (4.3.4)*

Indien AP-Kerkpredikers meer aandag gee aan die heilshistoriese plasing van ’n teks tydens die hermeneutiese proses, spesifiek die aartsvaderverhale, behoort dit as die oorgang vanuit die teks na Christus te dien, aangesien dit die teks binne die oorkoepelende boodskap van die Skrif plaas.

Hoewel teologiese interpretasie tereg beklemtoon kan word, behoort predikers te onthou dat dit nie los beskou kan word van die literêre en historiese interpretasie nie. Wanneer die teologiese interpretasie losgemaak word van of verhef word bo die literêre en historiese interpretasie van ’n teks, lei dit maklik tot arbitrêre Christusprediking omdat dit gevaar loop om die oorspronklike bedoeling van ’n teks te ignoreer. Die bewustheid dat God meer bedoel het tydens sy openbaring aan die menslike skrywers as waarvan die skrywers bewus was, behoort AP-Kerkpredikers juis aan te moedig om uiteindelik by Christus uit te kom in die verklaring van die aartsvaderverhale. Dat die bedoeling van die Goddelike Outeur deur al die deelnemers dieselfde gesien word, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die Goddelike inspirasie van die Skrif nog konsekwent gehandhaaf word in die AP-Kerk.

Navorser is van mening dat ’n miskenning daarvan dat elke teks op ’n bepaalde aspek van die mens se in-sonde-gevalle toestand fokus (FGT), Christosentriese prediking vanuit die aartsvaderverhale geweldig bemoeilik. Uiteindelik kan dit uitloop op ’n miskenning van Christus as die ewige Logos, die fokus van die hele Skrif wat juis gekom het om die mens uit sy in-sonde-gevalle toestand te red. Indien die teks se FGT misken word, loop prediking in die AP-Kerk gevaar om antroposentries en moralisties te raak.

Dat van die uitdrukkings in die veld van die Hermeneutiek vreemd was vir die deelnemers, is moontlik toe te skryf daaraan dat ouer predikante weens ’n gebrek aan belangstelling en die jonger predikante weens ’n oorlaaide werkslading, nie meer so op hoogte van die nuutste ontwikkelings in die veld is nie.

*Oorgang van die Ou Testament na Christus (4.3.5)*

Die AP-Kerk se besluit (vgl. AP-Kerk Kerkorde, 2012:42) noodsaak predikante om ’n oorgang vanuit die Ou Testament na Christus te bewerk, maar bied nie duidelike riglyne vir hierdie komplekse proses nie. Dit kan lei tot onsekerheid en gedwongenheid in Ou-Testamentiese Christusprediking. Dit is moontlik dat ’n gebrek aan ’n goed gedefinieerde teorie vir Christosentriese prediking tot gevolg het dat daar soveel onsekerheid bestaan onder predikante rakende hierdie komplekse proses. Hierdie saak kry waarskynlik te min aandag tydens opleiding.

Die twee vrae wat Deelnemer 1 aan ’n teks vra, naamlik: *Hoe stel God Homself in die teks bekend?* en *Hoe het Hy Homself ten volle in Christus geopenbaar?* , sou sinvol benut kon word ten einde ’n oorgang na Christus vanuit Ou Testament tekste te bewerk. Dit plaas onmiddellik die boodskap van die teks, ook die aartsvaderverhale, binne die breër konteks van God se openbaring in Christus.

Deur ’n teks eers deeglik binne sy historiese konteks te verklaar, soos deur Deelnemer 3 voorgestel, het die voordeel dat dit ’n te haastige, ondeurdagte en ongegronde oorgang na Christus voorkom en dat Hy gevolglik nie in ’n teks gedwing word nie.

Indien Deelnemer 5 se mening dat Christus bloot die dinge wat deur God vereis word, “makliker maak”, verteenwoordigend is van ’n sekere groep predikante in die AP-Kerk, dui dit op ’n wanbegrip ten opsigte van die Persoon en werk van Jesus Christus. So ’n wanbegrip hou groot gevaar in vir Christosentriese prediking in die AP-Kerk. Wanneer Christus se soenverdienste op hierdie wyse beskou word, stroop dit Christus nie net van sy regverdigmakende krag nie, maar ook van sy heiligmakende krag. Christus word bloot die Een wat dit vir gelowiges “makliker maak” om aan God se vereistes te voldoen. Uiteindelik staan dit in stryd met die reformatoriese uitspraak, *soli gratia*, deurdat die mens steeds verantwoordelik gehou word vir sy eie redding. Indien hierdie siening oor die persoon en werk van Jesus Christus dus byvoorbeeld op ’n teks soos Genesis 22 van toepassing gemaak sou word, sou dit daartoe lei dat hoorders aangemoedig word om uit hul eie soos Abraham te glo en as dit vir hulle moeilik is, kan hulle na Christus gaan vir hulp. Gevolglik eindig ’n prediker met ’n antroposentriese, moralistiese boodskap. Die AP-Kerk behoort dus tydens die opleiding van voornemende predikante klem te lê op ’n behoorlike verstaan van die Persoon, werk en boodskap van Christus.

’n Benadering waarin van duidelik geformuleerde, goed deurdagte en verantwoordelike wyses gebruik gemaak word om die oorgang na Christus te bewerk, sou Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale kon dien. Dit sal AP-Kerkpredikante help om minder geforseerd, maar op ’n meer verantwoordelike wyse die oorgang na Christus te bewerk. Deur sekere goed gedefinieerde slaggate vir AP-Kerkpredikante uit te lig waarvan elkeen homself deeglik behoort te vergewis, behoort Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale minder gedwonge, meer geloofwaardig en uiteindelik meer getrou aan die boodskap van die teks te wees.

*Homiletiese aspekte (4.3.6)*

Indien verklarende prediking reg benut word, behoort dit daartoe te lei dat aartsvaderverhale se diepste en rykste betekenis blootgelê word. Wanneer hierdie betekenis blootgelê word, behoort baie makliker en op ’n meer verantwoordelike wyse beweeg te word na Christus aangesien die oorgang in die boodskap van die teks gegrond bly.

Vir die ouer deelnemers was daar nie regtig ’n onderskeid tussen ’n eksegetiese en homiletiese tema nie terwyl jonger deelnemers, hoewel deeglik van die onderskeid bewus, nie veel aandag daaraan skenk tydens die homiletiese proses nie. Die enigste merkbare verskil tussen predikante wat voor die skeiding met die NG Kerk in 1987 opgelei is en die wat by die AP Akademie hul opleiding ontvang het, is dat laasgenoemde groter klem daarop lê dat Christusverkondiging reeds deel behoort te wees van die homiletiese tema. Navorser is van mening dat die gebrek aan ’n duidelike onderskeid tussen ’n eksegetiese en homiletiese tema, Christosentriese prediking in die AP-Kerk uit die aartsvaderverhale, nadelig beïnvloed. ’n Behoorlike eksegetiese tema sal daartoe bydra dat literêre, historiese en teologiese interpretasie van ’n teks tot sy reg kom. ’n Behoorlike, kerugmaties geformuleerde homiletiese tema, behoort eerstens die boodskap van die teks op eietydse wyse te artikuleer, maar behoort ook reeds die Christosentriese fokus van die teks na vore te bring.

Toepaslikheid blyk een aspek te wees wat grootliks ontbreek in die prediking van AP-Kerkpredikante vanuit die aartsvaderverhale. Navorser is van mening dat indien predikers in die AP-Kerk groter aandag daaraan gee om die toepassings vanuit aartsvaderverhale aan die Persoon, werk of boodskap van Christus te verbind, dit baie daartoe kan bydra om preke vanuit die aartsvaderverhale meer Christosentries te maak. Dit behoort ook die pneumatologiese dimensie, waarvolgens gelowiges se verbintenis aan die Persoon en werk van Christus deur middel van die Heilige Gees beklemtoon word, te bevorder. Toepassings wat pneumatologies verbind word aan die Persoon, werk en boodskap van Christus sal bydra daartoe dat wegbeweeg word van die gedagte dat Christosentriese prediking slegs te doen het met die regverdigmakende werk van Jesus Christus. So ’n benadering sal ook Christus se heiligmakende werk beklemtoon as deel van Christosentriese prediking.

Ten slotte is Lewin se model vir sosiale verandering gebruik om te probeer verklaar waarom verandering vir AP-Kerkpredikers moeilik is en ’n moontlike optrede voor te stel om verandering ten opsigte van Christosentriese prediking te bevorder (vgl. 4.4).

## 6.4 Strategies

Uiteindelik is Osmer se pragmatiese vraag, naamlik: *Hoe behoort ons te reageer?* in hoofstuk 5 behandel. Die volgende riglyne is neergelê wat Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale (Gen. 12-50) vir predikers in die AP-Kerk behoort te vergemaklik:

i) Die volgende vertrekpunte is belangrik vir Christosentriese prediking uit die aartsvaderverhale (5.2.1):
   - Die Ou Testament is wesenlik Christelik van karakter (vgl. 5.2.1.1)

- Die Ou en die Nuwe Testamente vorm 'n eenheid met Jesus Christus as middelpunt. Elke teks behoort gevolglik altyd gelees te word as deel van die groter geheel (vgl. 5.2.1.2).
- Op grond van bogenoemde eenheid, het die Woord en gevolglik ook die aartsvaderverhale in die Ou Testament, slegs een boodskap, naamlik Jesus Christus (vgl. 5.2.1.3).
- Die heilshistoriese ontplooiing (5.2.1.4) behoort verreken te word aangesien dit die een boodskap van die Skrif beklemtoon. Die volgende vraag behoort beantwoord te word: *Waarom is hierdie teks belangrik vir die voorgang van die heilshistoriese ontplooiing?*

ii) Hermeneutiese riglyne (5.2.2):

- God is in beheer van die verloop van die geskiedenis; Hy tree soms op 'n unieke manier, vreemd aan die menslike ervaring, op; dat Bybeltekste behoort nie uit die staanspoor bevraagteken te word nie en die vyf *Sola* van die reformasie, word aangetoon as noodsaaklike voorveronderstellings in die hermeneutiese proses (vgl. 5.2.2.1).
- Literêre interpretasie vorm die eerste stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode. Dit geskied deur 'n grammatikale, sintaktiese en semantiese studie van die teks. Vir die narratiewe genre is die verrekening van narratiewe karaktereienskappe baie belangrik ten einde die boodskap van die teks te bepaal (vgl. 5.2.2.2).
- Historiese interpretasie vorm die tweede stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode. Hiervolgens word die betekenis van 'n teks binne sy historiese en kulturele konteks bepaal (vgl. 5.2.2.3).
- Teologiese interpretasie vorm die laaste stap van 'n holistiese histories-kritiese eksegetiese metode en hanteer die vraag: *Wat sê die teks oor God?* Deur eers aandag te gee aan die literêre en historiese interpretasie van 'n teks, voorkom inlegkunde tydens teologiese interpretasie. Uiteindelik loop teologiese interpretasie uit op Christosentriese interpretasie aangesien Christus uit die staanspoor deel van God se selfopenbaring is as die ewige Logos (vgl. 5.2.2.4).

iii) Van die Ou Testament na Christus (5.2.3):

- Ten einde 'n sinvolle oorgang van die Ou Testament na Christus te bewerk, is dit eerstens nodig dat die teks se fokus op die in-sonde-gevalle toestand van die mens, bepaal word (vgl. 5.2.3.1). Dit bring Christus onmiddellik in die gesigsveld van die teks.
- Daarna behoort een van die sewe voorgestelde weë gekies word sodat 'n sinvolle, verantwoordelike en teksgebonde oorgang na Christus bewerk kan word (vgl. 5.2.3.2).
- Agt vrae is geïdentifiseer wat, nadat 'n teks volgens die holisties histories-kritiese wyse geëksegetiseer is, aan die teks gestel kan word ten einde die keuse vir 'n oorgang na Christus te vergemaklik (vgl. 5.2.3.3).
- Uiteindelik is die belangrikste slaggate waarop predikers in die AP-Kerk bedag behoort te wees wanneer vanuit die aartsvaderverhale gepreek word, uitgelig (vgl. 5.2.3.4).

iv) Homiletiese riglyne (5.2.4):

- Verklarende prediking is aangedui as metode wat Christosentriese prediking die beste dien aangesien dit die prediker begrens tot die boodskap van die teks (vgl. 5.2.4.1). Verklarende prediking help die prediker om vanuit die teks self na Christus te beweeg.
- In die keuse en vasstel van 'n preekteks is dit belangrik dat 'n logiese, afgeslote gedagte- en literêre eenheid gekies word (vgl. 5.2.4.3). Dit voorkom fragmentering, veral ten opsigte van die aartsvaderverhale.
- Noukeurige aandag aan die formulering van 'n preek se tema en doel is van groot waarde vir Christosentriese prediking (vgl. 5.2.4.3). Beide behoort so geformuleer te word dat dit reeds die Christosentriese fokus van 'n teks na vore bring.
- Die aard van die preek behoort aan te sluit by die doel waarvoor 'n narratief neergeskryf is (vgl. 5.2.4.4). Uiteindelik behoort 'n preekvorm gekies te word wat die tema, doel en aard van die preek die beste dien.
- Toepaslikheid kan 'n preek se Christosentrisiteit maak of breek (vgl. 5.2.4.5). Toepassing behoort altyd verbind te wees aan en voortvloei uit die voltooide werk van Jesus Christus.

Ten slotte is 'n voorbeeld gegee van 'n Christosentriese preek uit Genesis 22:1-19 waarin gepoog is om te voldoen aan bogenoemde riglyne (vgl. 5.3).

## 6.5 Finale bevinding

Die sentrale navorsingsvraag vir hierdie studie het soos volg gelui:

*In watter mate beantwoord prediking uit die Ou Testament (met besondere fokus op gedeeltes Gen. 12-50) by die AP-Kerk aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking?*

In hierdie studie is bevind dat deelnemende AP-Kerkpredikante se prediking uit die Ou Testament (spesifiek gedeeltes uit Gen. 12-50) nie werklik aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking beantwoord nie. 'n Duidelik omskrewe Christosentriese benadering waarin die basiese beginsels vir verantwoordelike Christosentriese prediking uitgestip word, sal Ou Testamentprediking in die AP-Kerk, spesifiek uit die aartsvaderverhale (Gen. 12-50), se Christosentrisiteit verhoog.

## 6.6 Moontlike terreine vir verdere navorsing

Die onderwerp van Christosentriese prediking kan moeilik uitgeput word. Die volgende moontlike navorsingsvrae toon terreine vir verdere navorsing:

6.6.1 In watter mate beantwoord prediking uit die Nuwe Testament binne die AP-Kerk aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking?

6.6.2 In watter mate beantwoord prediking uit die Ou Testament binne ander Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika aan die basiese beginsels van Christosentriese prediking?

6.6.3 Hoe kan die basiese beginsels van Christosentriese prediking aangewend word om ook die liturgiese orde binne die AP-Kerk Christosentries te rig?

# BRONNELYS

Aland, K., Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M., Bruce, M. & Wikgren, A. *eds*. 1983. The Greek New Testament. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft. Logos Library Systems version 2.1.

Arthurs, J.D. 2006. Preaching the Old Testament narratives. (*In* Gibson, S.M. *ed*. Preaching the Old Testament. Grand Rapids, MI: Baker Books. p.73-86).

Baars, A. 2007. Christusprediking vanuit het Oude Testament. *Theologia Reformata*, 50(3): 242-266

Babbie, E. 2008. The basics for social research. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.

Babbie, E.R., Mouton, J., Payze, C.,Vorster, J., Boshoff, N., Prozesky, H. 2001. The practice of social research: South African ed. Cape Town: Oxford University Press.

Baily, K.D. 1987. Methods of social research. New York, NY: The Free Press.

Bar-Efrat, S. 1989. Narrative art in the Bible. Sheffield: Almond Press.

Beale, G.K. & Carson, D.A. *eds*. 2007. Commentary on the New Testament use of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Baker Academy.

Beale, G.K. 2011. A New Testament Biblical theology: The unfolding of the Old Testament in the New. Grand Rapids, MI: Baker Academy.

Berlin, A. 1983. Poetics and interpretation of Biblical narrative. Sheffield: Almond Press.

Schenker. A. *ed.* 1997. Biblia Hebraica Stuttgartensia. Fifth corrected edition, Deutsche Bibelgesellschaft: Stuttgart.

Bos, R. 2008. We have heard that God is with you: Preaching the Old Testament (Kindle weergawe). Grand Rapids, MI : Eerdmans. Beskikbaar: http://www.amazon.com

Bosman, J. 2007. Vooronderstellings by die beradene. 'n Pastorale studie. Potchefstroom: NWU (Ph.D. proefskrif).

Bright, J. 1967. The authority of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Baker.

Broadhurst, J. 2006. Preaching Christ from the Old Testament. http://www.preaching.com/resources/articles/11547805/ . Toegang: 26/06/2012.

Brueggemann, W. 1982. Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching. Genesis. Atlanta: John Knox Press.

Bruggen, J van. 1993. Lucas: Het evangelie als voorgeschiedenis. Kampen: Kok.

Bruggen, J van. 2006. Romeinen: Christenen tussen stad en synagoge. Kampen: Kok.

Burge, K. 2009. What's the Point? Moving from exegetical to homiletical. http://www.preaching.com/resources/articles/11622943/ Toegang: 26/06/2012.

Buttrick, D.G. 1987. Homiletic moves and structures. Philadelphia: Fortress Press.

Buttrick, D.G. 1988. Preaching Jesus Christ. Philadelphia: Fortress Press.

Buczynski, A. 2000. Examples of effective evangelism. (*In* Carson, D.A. *ed.* Telling The Truth: Evangelizing Postmoderns. Grand Rapids, MI: Zondervan. p. 315-321).

Bybel . 1953 (1933). Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad: Bybelgenootskap.

Byrne, B. 1996. Romans. Sacra Pagina Series vol. 6. Collegeville, MN: The Liturgical Press.

Carrick, J. 2002. The imperative of preaching: A theology of sacred rhetoric. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

Carson, D.A. 2010. Genesis 50; Luke 3; Job 16 – 17; 1 Corinthians 4. http://thegospelcoalition.org/blogs/loveofgod/2010/02/17/genesis-50-luke-3-job-16-%E2%80%93-17-1-corinthians-4/ Toegang: 14/09/2012.

Chapell, B. 1995. Components of expository preaching. *Preaching*, 10(16): 4-1. http://www.preaching.com/resources/articles/11563760/ Toegang: 26/06/2012.

Chapell, B. 1996. When narrative is not enough. *Presbyterion*, 22 (1): 3-16.

Chapell, B. 2001. (*In* Duduit, M. What is expository preaching? An interview with Bryan Chapell. http://www.preaching.com/resources/articles/11565737/ Toegang: 26/06/2012).

Chapell, B. 2004. The future of expository preaching. *Presbyterion*, 30(2): 65-80.

Chapell, B. 2005. Christ-Centered Preaching: redeeming the expository sermon. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Baker.

Childs, B.S. 1974. Exodus: A commentary. London: SCM Press Limited.

Childs, B.S. 1993. Biblical theology of the Old and New Testaments. Minneapolis: Fortress Press.

Ciampa, R.E. & Rosner, B.S. 2007. 1 Corinthians. (*In* Beale, G.K. & Carson, D.A. *eds*. Commentary on the New Testament use of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Baker Academy. p. 695-752).

Cilliers, J.H. 1996. Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J.H. 2000. Die genade van gehoorsaamheid. Wellington: Lux Verbi.

Cilliers, J.H. 2008a. Preaching between assimilation and separation: Perspectives on church and state in South African society. Paper delivered at the Homiletics Seminar for Danish Pastors held in Copenhagen, 19-20 June 2008: 1-18 http://academic.sun.ac.za/tsv/Profiles/Profile_documents/Johan_Cilliers_PREACHING_BETWEEN_ASSIMILATION_AND_SEPERATION.pdf Toegang: 21/02/2012.

Cilliers, J.H. 2008b. Skrifbeskouing en Skrifhantering: perspektiewe op ‘n hermeneutiek van verwagting. *Verbum et Ecclesia*, 29(1): 62-76.

Clements, R.E. 1978. Old Testament theology. A fresh approach. London: Marshall, Morgan & Scott.

Clowney, E.P. 1986. Preaching Christ from all the Scriptures. (*In* Logan, S.T. *ed.* The preacher and preaching: reviving the art in the twentieth century. Phillipsburg, NJ: P & R. p. 163-191).

Clowney, E. P. 1988. The unfolding mystery. Discovering Christ in the Old Testament. Philipsburg, New Jersey: P&R.

Clowney, E.P. 2003. Preaching Christ in all of Scripture. Wheaton, Illinois: Crossway Books.

Craddock, F.B. 1985. Preaching. Nashville, TN: Abingdon.

Craddock, F.B. 1990. Luke. Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching. Louisville: John Knox Press.

Cranfield, C.E.B. 1975. The International Critical Commentary: A critical and exegetical commentary on the epistle to the Romans. Edinburgh: T&T Clark Limited.

Davidson, J. 2000. The eschatology of Genesis 22. *Journal of the Adventist Theological Society*, 11(1-2): 232-247.

Davidson, R. 1979. Genesis 12-50. Cambridge: Cambridge University Press.

Davies, D.R. 2006. The Word became fresh. Fearn, Tain, Ross-shire (Scotland): Christian focus.

Davies, W.D. & Allison, D.C. 1988. A critical and exegetical commentary on the gospel according to St. Matthew. Edinburgh: T&T Clark Limited.

DBA Handboek. 2009. Die Bybel in Afrikaans. 'n Direkte vertaling (DBA). Afdeling C: Narratiewe merkers. http://www.cebita.org/cebita/abv/werkboek/5%20C%20NARRATIEWE%20MERKERS%20071204.htm Toegang: 03/03/2012.

De Bruyn, J.J. 2005. Christologie van die Eerste Testament met spesifieke verwysing na die Psalms. 'n Praktiese toespitsing op Ps. 110. Pretoria: UP (M.Th verhandeling).

De Bruyn, J.J. 2009. Die Christologie van die *Psalter* binne die konteks van die koningspsalms?: 'n praktiese toespitsing op Psalms 45 en 110. Pretoria: UP (Ph.D. proefskrif).

Deist, F.E. 1978. Heuristics, hermeneutics and authority in the study of Scripture. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.

Deist, F.E. 1994. Ervaring, rede en metode in Skrifluitleg. Pretoria: RGN.

Deist, F.E. & Burden J.J. 1980. Die ABC van Bybeluitleg. Pretoria: Van Schaik.

Deist, F.E. & Le Roux, J.H. 1987. Rewolusie en reïnterpretasie. Kaapstad: Tafelberg.

De Klerk, B.J. & Van Rensburg, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese publikasies.

De Klerk, B.J. 2010. Die Heilige Gees en die prediking in die erediens. *In die Skriflig*, 44(2): 455-473.

Deuel, D.C. s.a. Suggestions for interpreting Old Testament narratives. http://www.google.com/gwt/x?source=m&u=http%3A%2F%2Fwww.tms.edu/tmsj/tmsj2c.pdf&wsi=96830c86dcb2681d&ei=tl3rT6-oOouB1gayvLTUDA&wsc=eb&ct=pg1&whp=30 Toegang: 27/06/2012.

De Vaux, R. 1961. Ancient Israel. Its life and institutions. London: Darton, Longman & Todd.

De Wet, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in die prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1): 57-87.

De Wet, FW. 2007. Jesus Christus, die Gekruisigde as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel in die homiletiese proses. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 48(3&4): 457-470.

De Wet, F.W. 2011. Hoe lieflik is die Lig: 'n Verkenning van die dieptevlak van die homiletiese proses. Potchefstroom: Potchefstroomse teologiese publikasies.

De Wet, F.W. 2012. Verrekening van die kragveld van die verbond in die inkleding van die kommunikatiewe driehoeksverhouding tussen teks, hoorder en prediker. *In die Skriflig*, 46(1): Art. #47, 9 bladsye. http://www.indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/viewFile/47/533 Toegang: 28/11/2012.

Dijk, K.1955. De dienst der prediking. Kampen: Kok.

Dillard, R.B. & Longman III, T. 1994. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Dingemans, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Hermeneutische homilitiek. Kampen: Kok.

Dreyer, Y. 1998. Pastorale interaksie met vroue. 'n Prakties-teologiese begronding. Pretoria: UP (D.D. proefskrif).

Driscoll, M. s.a. Genesis. Meditations on Moses' Mosaic. http://cdn.marshill.com/files/collection/documents/genesis_9079_document.pdf Toegang: 12/09/2012.

Duncan, L. 1999. Gen. 16:1-16. Faith wavering. http://www.fpcjackson.org/resources/sermons/genesis/genesis_vols%203and4/19bGenesis.htm Toegang: 12/09/2012.

Eksegese. 2012. Studiegids B.Th 1-3. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. Ongepubliseerd.

Evaluasie: Klaspreek. 2012. Amptelike evaluasievorm tydens klaspreek. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Ongepubliseerd).

Evaluasie: Kritgeleentheid. 2012. Amptelike evaluasievorm tydens kritgeleentheid. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Ongepubliseerd).

Fant jr., G.C. 2010. God as author: A Biblical approach to narrative. Nashville: B&H Academic Publishing Group.

Fabiny, T. 2009. Typology: Pros and cons in Biblical hermeneutics and literary criticism (from Leonard Goppelt to Northrop Frye). *RILCE*, 25(1): 138-152.

Fee, G.D. & Stuart, D. 2003. How to read the Bible for all its worth. Paperback ed. A guide to understanding the Bible. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Ferguson, S.B. 1986. Exegesis. (*In* Logan, S.T. *ed.* The preacher and preaching: reviving the art in the twentieth century. Phillipsburg, NJ : P & R. p. 192-211)

Fretheim, T.E. 1991. Exodus. Louisville: John Knox Press.

Fitzmyer, J.A. 1985. The Anchor Bible. The gospel according to Luke (x-xxiv). New York, NY: Doubleday.

Fitzmyer, J.A. 1993. The Anchor Bible. Romans: A new translation with introduction and commentary. New York, NY: Doubleday.

Fokkelman, J.P. 1975. Narrative art in Genesis: Specimens of stylistic and structural analysis. Assen: Van Gorcum.

France, R.T. 1985. The gospel according to Matthew: An introduction and commentary. Leicester: InterVarsity Press.

Gamble, R.C. 2009. The whole counsel of God. Vol. 1. God's mighty acts in the Old Testament. Phillipsburg, New Jersey: P&R.

Gispen, W.H. 1979. Commentaar op het Oude Testament. Genesis II. Kampen: Kok.

Glenny, E. 1997. Typology: A summary of the present evangelical discussion. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 40(4): 627-638.

Goldingay, J. 1980. The patriarchs in Scripture and history. (*In* Millard, A.R. & Wiseman, D.J. *eds.* Essays on the patriarchal narratives. Leicester: InterVarsity Press. p. 11-42).

Goldsworthy, G. s.a. Hermeneutics and Christ. http://beginningwithmoses.org/bt-articles/204/hermeneutics-and-christ Toegang: 26/06/2012.

Goldsworthy, G. 2000. Preaching the whole Bible as Christian literature. The application of Biblical theology to expository preaching. Leicester: Eerdmans.

Goldsworthy, G. 2002. Biblical theology as the heartbeat of effective ministry. (*In* Hafemann, S.J. *ed.* Biblical theology. Downers Grove, IL: InterVarsity Press. p. 280-286).

Goldsworthy, G. 2006. Gospel-centered hermeneutics: Biblical-theological foundations and principles. Nottingham: Apollos.

Goldsworthy, G. 2012. Christ-centered Biblical theology: Hermeneutical foundations and principles. Nottingham: Apollos.

Gordon, D.T. 2009. Why Johny can't preach. The media have shaped the messengers. Phillipsburg, NJ: P&R.

Greidanus, S. 1970. Sola Scriptura: Problems and principles in preaching historical texts. Toronto: Wedge Publishing Foundation.

Greidanus, S. 1988. The modern preacher and the ancient text: interpreting and preaching Biblical literature. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Greidanus, S. 1999a. Preaching Christ from the Old Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Greidanus, S. 1999b. The necessity of preaching Christ also from the Old Testament. *Calvin Theological Journal*, 34(1): 188-197.

Greidanus, S. 2004. Preaching Christ from the Old Testament. *Bibliotheca Sacra*, 161(641): 3-13.

Greidanus, S. 2007. Preaching Christ from Genesis: Foundations for expository preaching. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Greidanus, S. 2008a. Detecting plot lines: The key to preaching the Genesis narratives. *Calvin Theological Journal*, 43(1): 64-77.

Greidanus, S. 2008b. (*In* Michael Duduit. Preaching Christ from the Old Testament: An interview with Sydney Greidanus. Internet: http://www.preaching.com/resources/articles/11584086/ Toegang: 26/06/2012).

Groenewald, A. 2008. Verhouding Ou en Nuwe Testament 02: "Beim Alten Testament geht es um das Fundament". http://teo.co.za/artikel/articles/23/1/Verhouding-Ou-en-Nuwe-Testament-02/Bladsy1.html Toegang: 04/07/2012.

Groenewald, E.P. 1989. Die Evangelie volgens Lukas. Kaapstad: Lux Verbi.

Gundry, R.H. 1994. Matthew: A commentary on his handbook for a mixed Church under persecution. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Gunneweg, A.H.J. 1978. Understanding the Old Testament. London/Philadelphia: SCM/Westminster.

Haasbroek, D. 2001. Die wonder van Jesus in die Ou Testament. Meyerton: DH Trust.

Haasbroek, D. 2003. Is Jesus in Psalms? Meyerton: DH Trust.

Hamilton, V.P. 1990. The book of Genesis. Chapters 1-17. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Hamilton, V.P. 1995. The book of Genesis. Chapters 18-50. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Handelinge van die eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk. 1987. Pretoria.

Heidelbergse Kategismus. 2006. (*In* Kommissie vir Formuliere en Liturgie. Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk. Pretoria: Lig in duisternis).

Henry, M. 1991. Matthew Henry's Commentary on the Bible. Peabody, MA: Hendrickson Publishers. Logos Library Systems, version 2.1.

Heyns, J.A. 1972. Die Skrif as daad van gehoorsaamheid. *NGTT*, 13(1): 1-19.

Heyns, L.M., Pieterse, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis.

Hill, A.E. & Walton, J.H. 2000. A survey of the Old Testament. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Hinson, D.F. 1990. History of Israel. Old Testament introduction 1. Revised ed. London: Holy Trinity Church.

Hoekstra, T. 1926. Gereformeerde Homiletiek. Wageningen: Zomer en Keuning.

Homiletiek. 2012. Studiegids B.Th 1-3. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Ongepubliseerd).

Houtman, C. 1996. Historical commentary on the Old Testament: Exodus. Kampen: Kok.

Human, D.J. 2008a. Meditatio: Jesus en die Ou Testament1. http://teo.co.za/artikel/articles/39/1/Meditatio-Jesus-en-die-Ou-Testament-I/Bladsy1.html Toegang: 04/07/2012.

Human, D.J. 2008b. Meditatio: Jesus en die Ou Testament2. http://teo.co.za/artikel/articles/38/1/Meditatio-Jesus-en-die-Ou-Testament-II/Bladsy1.html Toegang: 04/07/2012.

Hwang, J. 2005. Sermon forms as a dimension of communication in the current worship context in the South Korean Churches. Pretoria : UP (Ph.D. thesis).

Janse van Rensburg, J. 2003. Narrative preaching: theory and praxis of a new way of preaching. *Acta Theologica*, Supplementum 4. Bloemfontein: UFS.

Janse van Rensburg, J. 2007a. Navorsingsmetodologie. (Ongepubliseerd).

Janse van Rensburg, J. 2007b. Prediking uit die Ou Testament. *Acta Theologica*, 27(2): 105-127.

Johnson, D.E. 2007. Him we proclaim. Preaching Christ from all the Scriptures. Phillipsburg, NJ: P&R.

Johnson, L.T. 1991. The gospel of Luke. Sacra Pagina Series vol. 3. Collegeville, Minesota: The Liturgical Press.

Jonker, W.D. 1966. Die brief aan die Romeine. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

Jonker. W.D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jordaan, G.J.C., Janse van Rensburg, F. & Breed, D.G. 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese. *In die Skriflig*, 45(2 & 3): 225-258.

Kaiser, W.C. jr. 1981. Toward an exegetical theology: Biblical exegesis for preaching and teaching. Grand Rapids, MI: Baker Bookhouse.

Kaiser, W.C. jr. & Silva, M. 1994. An introduction to Biblical hermeneutics: The search for meaning. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

Kaiser, W.C. jr. 1998. A history of Israel. From Bronze Age through the Jewish wars. Nashville, TN: Broadman & Holman.

Kaiser, W.C. jr. 2003. Preaching and teaching from the Old Testament: A guide for the Church. Grand Rapids, MI: Baker Publishing Group.

Kaiser, W.C. jr. 2008. Must every Christian lesson or sermon focus on Christ? http://www.preaching.com/resources/articles/11584088/ Toegang: 26/06/2012.

Keller, T.J. 2002. Preaching the gospel in a post-modern world. D.Min program: RTS. http://www.eucatastrophe.com/blog/wp-content/uploads/2006/12/keller-on-preaching-syllabus.pdf (Unpublished).

Keller, T.J. 2008. The gospel in all its forms. *Leadership Journal*, 29(2): 75-78.

Keller, T.J. 2011. (*In* Collin Hansen. TGC Asks about cautions for Christ-Centered OT teaching. http://thegospelcoalition.org/blogs/tgc/2011/05/11/tgc-asks-about-cautions-for-christ-centered-ot-teaching/ Toegang: 31/07/2011).

Kloosterman, N.D. 2006. The ‘redemptive-movement hermeneutic’ and the sufficiency of Scripture in the light of the history of dogma. *Mid-America Journal of Theology*, 17: 191-209.

Kommissie vir kerkleer en Christelike etiek van die AP Kerk. 2010. Ontmoetingsgesprek. Pretoria: Lig in Duisternis.

Kommissie vir kerkregtelike sake van die AP Kerk. 2008. Kerkorde, bepalings, ordereëls vir vergaderings, bylaes en sinodebesluite 2008. Pretoria: Lig in duisternis.

Krabbendam, H. 1986. Hermeneutics and preaching. (*In* Logan, S.T. *ed.* The preacher and preaching: reviving the art in the twentieth century. Phillipsburg, NJ : P & R. p. 212-245).

Kritsonis, A. 2004-2005. Comparison of change theories. *International Journal of Scholarly Academic Intellectual Diversity*, 8 (1): 1-7. http://ebookbrowse.com/comparison-of-change-theories-pdf-d201375339 Toegang: 12/11/2012.

Lasor, W.S., Hubbard, D.A., Busch, F.W. 1996. Old Testament survey: The message, form, and background of the Old Testament. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Long, T.G. 1989. The witness of preaching. Louisville, KT: Westminster / John Kox.

Long, J. 2000. Generating hope: A strategy for reaching the postmodern generation. (*In* Carson, D.A. *ed.* Telling the truth: Evangelizing postmoderns. Grand Rapids, MI: Zondervan. p. 322-335).

Long, V. Phillips. 1994. The art of Biblical history. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Le Roux, J.H. 1993. A story of two ways. Pretoria: Verba Vitae.

Le Roux, J.H. 2002. Andries van Aarde se vaderlose Jesus. *HTS*, 58(1): 77-99.

Le Roux, J.H. 2008a. Verhouding Ou en Nuwe Testament 00: proloog. Verstaan woorde in hul konteks. http://teo.co.za/artikel/articles/25/1/Verhouding-Ou-en-Nuwe-Testament-00-Proloog/Bladsy1.html Toegang: 04/07/2012.

Le Roux, J.H. 2008b. Verhouding Ou en Nuwe Testament 01: Die Immanuelteken in Jesaja en Matteus. http://teo.co.za/artikel/articles/24/1/Verhouding-Ou-en-Nuwe-Testament-01/Bladsy1.html Toegang: 04/07/2012.

Longman III, T. 2005. How to read Genesis. Downers Grove, IL.: InterVarsity Press.

Louw, D. 2010. Kommentaar op Andries van Aarde se vaderlose Jesus en Jurie le Roux se resensie daarop. http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/193-kommentaar-op-andries-van-aarde-se-vaderlose-jesus-deur-jurie-le-roux.html . Toegang: 03/07/2012.

Marshall, I.H. 1978. The New International Greek Testament Commentary. The gospel of Luke: A commentary on the Greek Text. Exeter: Paternoster Press.

Mathewson, S.D. 2002. The art of preaching Old Testament narrative. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

McEntire, M. 2008. Struggling with God: An introduction to the Pentateuch. Macon, GA: Mercer University Press.

McKane, W. 1979. Studies in the patriarchal narratives. Edinburgh: Handsel Press.

McKeown, J. 2008. Genesis: The two horizons Old Testament commentary. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Merrill, E.H. 1991. A historical survey of the Old Testament. Grand Rapid, MI: Baker Books.

Merrill, E.H. 2008. Kingdom of priests: A history of Old Testament Israel. Grand Rapid, MI: Baker Books.

Mickelsen, A.B. 1963. Interpreting the Bible. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Moo, D.J. 1996. The New International Commentary on the New Testament: The epistle to the Romans. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Morris, C.L. 1974. The gospel according to St. Luke: An introduction and commentary. London: InterVarsity Press.

Motyer, A. 1996. Look to the Rock. An Old Testament background to our understanding of Christ. Leicester: InterVarsity Press.

Motyer, J.A. 2005. The message of Exodus. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Mulder, F. 2007. Die ontkenning van Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood – 'n Teologiese agtergrond. Referaat gelewer by die VCHO. Pretoria: VCHO. http://ebookbrowse.com/ontkenning-van-jesus-se-liggaamlike-opstanding-uit-die-dood-ferdie-mulder-pdf-d115198759 Toegang: 07/08/2012.

Müller, J.A. 1982. Derde Lydensondag: Gen. 22:1-18. (*In* Burger, C.W., Müller, J.A. & Smit, D.J. *reds.* Woord teen die Lig 2: Riglyne vir lydensprediking. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers. p. 37-44).

Murray, D. 2011. (*In* Collin Hansen. TGC Asks about cautions for Christ-Centered OT teaching. http://thegospelcoalition.org/blogs/tgc/2011/05/11/tgc-asks-about-cautions-for-christ-centered-ot-teaching/ Toegang: 31/07/2011).

Nederlandse Geloofsbelydenis. 2006. (*In* Kommissie vir Formuliere en Liturgie. Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk. Pretoria: Lig in duisternis).

Neuman, W.L. 1997. Social research methods: Qualitative and quantitative approaches. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

NG Kerk Ring van Pretoria-Oos. 2005. Bevinding van ondersoekkommissie oor klag teen prof. Jurie le Roux. http://www.kerkweb.org/node/1170 . Toegang: 03/07/2012.

Odendaal, J.W.S. 2006. Die Skrifbeskouing van die vroeë kerkvaders uit Afrika (veral Tertullianus en Augustinus) en hulle relevansie vir Suidelike Afrika. Pretoria: UP. (M.A. verhandeling).

Olyott, S. 2005. Preaching, pure and simple. Bryntirion, Wales: Bryntirion Press.

Osborne, G. 2005. Historical narrative and truth in the Bible. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 48(4): 673-688. http://www.etsjets.org/files/JETS-PDFs/48/48-4/JETS_48-4_673-688.pdf Toegang: 03/10/2012.

Osborne, G. 2006. The hermeneutical spiral: A comprehensive introduction to Biblical interpretation. 2nd ed. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Peels, H.G.L. 2009. Hoe leest gij? Een *lectio christiana* van het Oude Testament. *Theologia Reformata*, 52(3): 236-259.

Phillips, G.Y., Janse van Rensburg, F. & Van Rooy, H.F. 2012. Developing an integrated approach to interpret New Testament use of the Old Testament. *In die Skriflig*, 46(2): Art. #50, 10 bladsye. http://www.indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/viewFile/50/694 Toegang: 28/11/2012.

Pieterse, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1985. Verwoording en prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 2011. Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die praktiese teologie. *In die Skriflig*, 45(4): 719-738.

Poe, H.L. 1996. Preaching the exalted Christ. http://www.preaching.com/resources/articles/11563835/ Toegang: 26/06/2012.

Poythress, V.S. 1999. God centered Biblical interpretation. Phillipsburg, New Jersey: P&R.

Pratt, R.L. jr. 1990. He gave us stories. The Bible students guide to interpreting Old Testament narratives. Phillipsburg, New Jersey: P&R.

Provan, I.W., Long, V. Philips & Longman III, T. 2003. A Biblical history of Israel. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Perdue, L.G. 1994. The collapse of history: Reconstructing Old Testament theology. Minneapolis: Fortress Press.

Ridderbos, H.N. 1950. De komst van het koninkrijk. Kampen: Kok.

Robbertze, H.C.G. s.a. Ou Testament 1. Hermeneutiek en metodiek van eksegese. Klasaantekeninge. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Ongepubliseerd).

Robbertze, H.C.G. 2003. Prediking van die Ou Testament in die Christelike erediens. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 39(3): 149-159.

Robbertze, H.C.G. 2006. Prediking van die Ou Testament in die Christelike erediens. Voordrag gelewer tydens die AP Kerk se predikantekonferensie. Pretoria. (Ongepubliseerd).

Robbins, S.P. 2001. Organizational behavior. Upper Saddle River, NJ: Prentice-Hall.

Robinson, H.W. 1974. What is expository preaching? *Bibliotheca Sacra*, 131 (521): 55-60.

Robinson, H.W. 1984. Homiletics and hermeneutics. (*In* Radmacher, E.D. & Preus, R.D. *eds.* Hermeneutics, inerrancy, and the Bible. Grand Rapids, MI: Zondervan. p. 801-815).

Robinson, H.W. 1993. Bursting out of sermon block. *Leadership Journal*, 14(4): 94-99.

Robinson, H.W. 1994. Preaching to everyone in particular. *Leadership Journal*, 15(4): 99-103.

Robinson, H.W. 1995. Self-inflicted sermon wounds. *Leadership Journal*, 16(4): 64.

Robinson, H.W. 1997. The heresy of application. *Leadership Journal*, 18(4): 21-27. Christianity today. http://homepage.mac.com/bpirwin/knox/PDF%20Files/Application%28Robinson%29.pdf . Toegang; 26/06/2012.

Robinson, H.W. 2001a. Expository preaching: Principles & practice. 2nd ed. Leicester: InterVarsity Press.

Robinson, H.W. 2001b. Expository preaching in a narrative world: An interview with Haddon Robinson. http://www.preaching.com/resources/articles/11565763/ Toegang: 11/07/2012.

Robinson, H.W. 2001c. The shapes sermons take. http://www.preaching.com/resources/articles/11565764/ Toegang: 26/06/2012.

Sakelys vir die eerste sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk. 1987. Pretoria.

Sarna, N.M. 1989. The JPS Torah Commentary: Genesis. Philadelphia: The Jewish Publication Society.

Schilder, H.J. 1983. Het schrift dat niet verslijt: Opstellen over het Oude Testament. Kampen: Uitgeverij Van Den Berg.

Seifrid, M.A. 2007. Romans. (Beale, G.K. & Carson, D.A. *eds*. Commentary on the New Testament use of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Baker Academy. p. 607-694).

Smit, D.J. 1988. Gen. 22:1-19. (*In* Burger, C.W., Müller, J.A. & Smit, J.A. *reds.* Woord teen die Lig II/3: Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. p. 189-202).

Smith, K.G. 2010. Review of Richard Osmer, *Practical Theology : An Introduction*. *Conspectus : The Journal of the South African Theological Seminary*, (10): 99-113. http://www.satsonline.org/images/Smith_ReviewOfOsmer_PracticalTheology.pdf Toegang: 02/11/2012.

Smith, S.W. 2008. Christology of preaching. *Southwestern Journal of Theology*, 50(2): 134-145.

Snyman, S.D. 2007. Die Ou Testament en/in die Kerk van Jesus Christus? *Verbum et Ecclesia* 28(1): 244-258.

Strydom, M.C. 1989. Eksemplaries-heilshistories? Voortsetting van ’n onvoltooide gesprek. Bloemfontein: VCHO.

Theron, H.S. s.a. Klasaantekeninge. Nuwe Testament Hermeneutiek. Bylae 3. Ander hermeneutiese rigtings. Pretoria: Afrikaanse Protestantse Akademie. (Ongepubliseerd).

Thirion, W.G. 1999. ’n Prakties-teologiese model vir die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament. Pretoria: UP (D.D. proefskrif).

Tipton, L.G. 2011. The Gospel and redemptive historical hermeneutics. (*In* Muether, J & Olinger, D. *eds.* Confident of beter things. Willow Grove, PA : Committee for the Historian of the Orthodox Presbyterian Church. p. 185-214).

Trimp, C. 1976. Communicatie en ambtelijke dienst. Groningen: De Vuurbaak.

Trimp, C. 1988. Heilsgeschiedenis en prediking: hervatting van een onvoltooid gesprek. Kampen: Van den Berg.

Universiteit van Pretoria. 1996. Departementele aantekeninge Hebreeuse 210 of 220. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerd).

Van der Walt, B.J. 2009. Probleme rondom die verklaring van die Bybel in die gereformeerde teologie: ’n Christelik-filosofiese besinning. *In die Skriflig*, 43(1): 1-29.

Van der Walt, T. 1962. Die Koninkryk van God – naby! Kampen: Kok.

Van der Walt, T. 2008. Hoe moet ’n gereformeerde teoloog met die Bybel omgaan? *In die Skriflig*, 42(4): 755-771.

VanGemeren, W.A. 1995. The progress of redemption. The story of salvation from creation to the New Jerusalem. Paperback ed. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Vanhoozer, K.J. 1998. Is there a meaning in this text? Grand Rapids, MI: Zondervan.

Vanhoozer, K.J . 2000. Exegesis and hermeneutics. (*In* Alexander, T.D. & Rosner, B.S. *eds.* New Dictionary of Biblical Theology. Leicester: InterVarsity Press. p. 52-64).

Van Rooy, H.F. 2001. Christusprediking uit die Ou Testament. 'n Nuwe benadering tot 'n ou probleem. *In die Skriflig*, 35(1): 81-99.

Van Selms, A. 1979a. Genesis deel 1. 3rd print. Nijkerk: Callenbach BV.

Van Selms, A. 1979b. Genesis deel 2. 3rd print. Nijkerk: Callenbach BV.

Van Seters, J. 1983. In search of history: Historiography in the ancient word and the origins of Biblical history. New Haven and London: Yale University Press.

Van Seters, J. 1992. Prologue to history: The Yahwist as historian in Genesis. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Van Seters, J. 1998. The Pentateuch. (*In* McKenzie, S.L. & Graham, M.P. *eds*. The Hebrew Bible today: an introduction to critical issues. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press. p. 3-52).

Venter, C.J.H. 2001. Verklarende (expository) prediking – 'n revaluering. *In die Skriflig*, 35(4): 513-536.

Venter, C.J.H. 2004a. Die Woord van God – toepaslik *preek* of toepaslik *maak*? 'n Homiletiese ondersoek. *In die Skriflig*, 38(4): 473-493.

Venter, C.J.H. 2004b. Preek net Christus - en Hom alleen! (*In* Die Kerkblad, April 2004. p. 28-29. http://www.gksa.co.za/Kerkblad/Kerkblad%20April%2004.pdf Toegang: 19/07/2012).

Verhoef, P.H. 1973. Metodiek van die eksegese. Elsiesrivier Kaap: NG Kerk-Uitgewers.

Verhoef, P.H. 1977. Die weg en brug tussen Ou-Testamentiese teks en prediking. *NGTT*, 18(2): 145-157.

Verhoef, P.A. 1981. Metodiek van die eksegese. Tweede hersiene en uitgebreide weergawe. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Von Rad, G. 1972. Genesis. London: SCM Press Ltd.

Von Rad, G. 1980. God at work in Israel. Nashville, Tennessee: Abingdon.

Vos, C.J.A. 1995. Die blye tyding. Homiletiek uit ’n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

Vos, G. 1980. Redemptive history and Biblical interpretation. The shorter writings of Geerhardus Vos. Gaffin, R.B. *ed.* Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

Vosloo, W. & Jansen van Rensburg, F. (reds.). 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Walhout, C. 1985. Texts and actions. (*In* Lundin, R., Thiselton, A.C. & Walhout, C. *eds.* The responsibility of hermeneutics. Grand Rapids, MI: Eerdmans. p. 31-77).

Walton, J.H. 2001. The NIV application commentary. Genesis. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Walvoord, J.F. & Zuck, R.B. 1983. The Bible Knowledge Commentary. Wheaton, Illinois: Scripture Press Publications, Inc. Logos Library Systems, version 2.1.

Watke, B. K. 2001. Genesis: A commentary. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Webber, R.E. 2002. The younger evangelicals: Facing the challenges of the new world. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Webber, R.E. 2008. Who gets to narrate the world? Contending for the Christian story in an age of rivals. Downers Grové, IL: InterVarsity Press.

Wells, D.F. 2005. Above all earthly powers. Christ in a postmodern world. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wenham, G. 1987. Word Biblical Commentary. Genesis 1-15. Nashville: Thomas Nelson.

Wenham, G. 1994. Word Biblical Commentary. Genesis 16-50. Nashville: Thomas Nelson.

Westermann, C. 1979. What does the Old Testament say about God? London: SPCK.

Westermann, C. 1986a. Genesis I. Een praktische bijbelverklaring. Kampen: Kok.

Westermann, C. 1986b. Genesis II. Een praktische bijbelverklaring. Kampen: Kok.

Westermann, C. 1987. Genesis. A practical commentary. Text and interpretation. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Weyerman, A.M. 2001. Christ-Centered preaching. *Currents in Theology and Mission*, 28(6): 594-599.

Whitelaw, T. 1961. The Pulpit Commentary. Volume 1. Genesis. Eksodus. Spence, H.D.M. & Exell, J.S. *eds*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wright, C.J.H. 2007. Salvation belong to our God: Celebrating the Bible's central story. Downers Grove: InterVarsity Press.

Zimmerli, W. 1978. Old Testament theology in outline. Edinburgh: T&T Clark Ltd.

Zuck, R.B. & Merrill, E.H. 1991. A Biblical theology of the Old Testament. Chicago: Moody Press.

**Bylae 1. Deelnemer 2 (soos ontvang van deelnemer)**

**Teks: Genesis 17:1-14, 24-27 en Galasiërs 3:6-29 (HK So 27)**

Waarom DOOP? Dit is die vraag wat in ons dae so dikwels gevra word, veral omdat daar soveel kontroversie bestaan oor o.a. die hoeveelheid water by die doop? Moet volwassenes alleen gedoop word? Wat van die doop voor of na die bekering? Wat van die sogenaamde gehoorsaamheidsdoop? En selfs wat van onderdompeling of besprinkeling? Om al hierdie vrae aanvaarbaar te beantwoord sal ‘n reeks lesings of preke benodig word. Vanaand gaan ek egter klem lê op hoe belangrik die doop werklik is vir die gelowige Christen en selfs ook wat die betekenis van water is by die toediening van die doop. Om die doop eers werklik te verstaan moet ons eers ‘n breë oorsig oor die sakramente of heilige tekens en seëls in die Ou sowel as die Nuwe Testament kry. Die twee sakramente waarvan sprake is in die Bybel is die Nagmaal en die Doop. Dit is hier nodig dat ons **dìt** weet dat albei sakramente in die Ou Testamentiese tyd BLOEDTEKENS was naamlik die Pasga en die Besnydenis. Bloedtekens in die Ou Testament was dan eintlik offertekens waarin daar doodgemaak of ernstig seergemaak is.
Albei het gestaan in die teken van diep godsdienstige verbondssluiting, aanbidding, oorgawe en in werklikheid ‘n toekomsblik op die offer van Jesus aan die kruis wat nog moes kom al het hulle dit in daardie tydperk nie volledig so verstaan nie.
In die Nuwe Testamentiese tyd sterf Jesus aan die kruis en alle bloedoffers en tekens sluit daar by die kruis af, omdat Jesus se kruisdood die volmaakte offer en bloedstorting was. Daarna verander alle bloedtekens in voedseltekens wat nuwe lewe en krag versimboliseer. Die Pasga word: Nagmaal! Wat versimboliseer: Geloofsherinnering aan die kruisdood en opstanding van Jesus Christus – ‘n voedselteken wat nuwe lewe bring.

Die Besnydenis word: Doop wat die afwassing van die sonde versimboleer en die nuwe verbond bevestig van die ware Israel naamlik hulle wat Jesus as Verlosser aanvaar, weergebore is en uitsien na die hemelse Kanaän waar ons ewig sal lewe! Kom ons gee ‘n oomblik aandag aan:

**Die besnydenis, die doop en die verbond**

God staan op ‘n dag voor Abraham en rig ‘n verbond tussen God en Abraham op. VERBOND is eintlik ‘n Bybelse term vir ‘n KONTRAK. ‘n KONTRAK is tog iets wat daargestel word tussen twee of meer partye. ‘n Mens kan tog nie ‘n VERBOND, ‘n KONTRAK bloot met jouself opstel nie! In Gen. 17:7 en die volgende verse rig God ‘n verbond op tussen God aan die een kant en Abraham en sy nageslag aan die ander kant. Ons lees dan ook in vers 7:

*“Ek sal my verbond oprig tussen My en Jou en jou NAGESLAG na jou*
*in hulle geslagte …”.*

Met ander woorde: ‘n Verbond tussen God en Israel. Die twee partye is God, aan die een kant en Abraham en sy nageslag aan die anderkant. Die woord nageslag klink dan verder in Gen. 17 soos ‘n klok

wat voordurend lui! Dit wil ek graag beklemtoon! Die nageslag as Israel moet gedurig in ons gesprek vanaand in gedagte gehou word! Die volgende woorde in vers 7 lui dan so: … (Ek rig my verbond op) *"as 'n ewige, EWIGE verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou".* En so word die nageslag nl. Israel beklemtoon. Ons lees byvoorbeeld ook in vers 9 die woorde:

*"Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou, van geslag tot geslag".*

Ook duidelik word dit in Gen. 17 gestel dat hierdie verbond nie kan verval of vergaan met die tyd nie. Dit is en bly 'n EWIGE KONTRAK. Dan kom God met die inhoud van die verbond in vers 7 en 8 dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God sal wees. Dit is die eerste en belangrike punt in die ooreenkoms of verbond. God sal vir Israel 'n ewige God wees, - die enigste God! 'n Tweede punt van die inhoud van die verbond is die belofte dat Abraham en sy nageslag die hele land Kanaän as ewige besitting sou ontvang. As Abraham en sy nageslag die VERBOND sou hou en eerbiedig, sal God Abraham en sy nageslag eerbiedig en seën!

Enige kontrak, of verbond in die geval, moet tog wettig gemaak word deur die ondertekening van die kontrak. So word die besnydenis as die wettige ondertekening van die verbond ingestel. 'n Bloedteken wat alleen die man kon dra as teken van hierdie heilige verbond. In Gen. 17:10 sê God dan aan Abraham:

*"Dit is my verbond",* (of ook vertaal met): *"Dit is die TEKEN van my verbond – al wat manlik onder julle is moet besny word".*

In vers 12 kom die verbasende opdrag ook:

*"'n Seuntjie van agt dae moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie – die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet dan my verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond".*

Behalwe vir die klein seuntjies wat besny moes word op agt dae is dit opvallend dat Gen. 17:24-27 die volgende meld:

*"En Abraham was nege-en-negentig jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is. Op dieselfde dag is Abraham en sy seun Ismael besny en al die manne van sy huis – die wat in sy huis gebore en die wat van vreemdelinge met geld gekoop is, is saam met hom besny".*

**Wat beteken dit?**

Dit is duidelik dat sodra jy 'n slaaf of dienskneg koop moet hy onderrig word om die God van Abraham as sy God te aanvaar en so word al die manne besny as teken van die verbond ongeag hul ouderdom as nágéslág van Abraham. Dit is wat God vereis het in die Ou Testamentiese dae en elkeen wat besny is moes streng hou by die wette van God en die geloof in God na die voorbeeld van Abraham! Opvallend is dit dat die vrou nie 'n tekendraer van die verbond was nie.

Dit is asof God sanksie verleen het aan die vernedering van die vrou! Die vrou het dus amper gelyk gestaan as ‘n besitting van die man en is so selfs in alle godsdienstige handelinge teruggeskuif in ‘n posisie van vernedering.

Kom ons praat nou oor die Doop wat in die Nuwe Testamentiese tyd beslag kry as die heilige teken en seël van die nuwe geslag van ‘n nuwe Israel:

Jesus het met sy koms na die wêreld ‘n nuwe era ingelui as Seun van God wat na hierdie wêreld gekom het om ons te verlos. Ja, Hy het gekom om vir ons die hemelpoorte oop te sluit deur dié drastiese stap deur Homself te laat offer as God se offerlam waarop die sonde van die wêreld uitgegiet is. Die verlossing wat Jesus bied is ‘n uitnodiging aan elkeen wat Hom as Verlosser aanneem in te skep in ‘n nuwe Israel met die belofte van ‘n Ewige hemelse Kanaän! So kom Jesus met die uitbreiding van Israel tot ‘n nuwe Israel uit alle volke en nasies van die wêreld wat inkoop in die Verlossingsplan van God in Jesus Christus. Selfs die posisie van die vrou verander. Jesus doen moeite om die vrou te verhef in haar ereposisie. Hy word uit die vrou gebore; Hy laat die vrou toe in godsdienstige byeenkomste. Die vrou word geëer as sy sy VOETE was of olie op sy hoof en voete uitgiet en as Hy opvaar hemel toe is Maria, sy moeder verwelkom in die gesamentlikke gebed en wag op die belofte van die Vader. Vroue word daarna hartlik verwelkom in die geestelike byeenkomste waarin hulle aktief deelneem. Met die uitstorting van die Heilige Gees maak Lukas moeite om op te noem hoeveel volksverteenwoordigers van ander volke nou deel word van die kerk en groot klem word gelê op die uitstorting van die Heilige Gees op Cornelius en sy mense wat dan ook sóós op Pinksterdag gedoop word. Jesus eis dan ook in Mat. 28:19:

*“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”.*

Die teken van die nuwe Israel naamlik die doop, word dus duidelik die teken wat die besnydenis vervang en uitgebrei na gelowiges uit alle volke asook die vrou! In Joh. 3:16 lees ons dan ook wat Jesus aan Nikodémus sê nl.:

*“Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat élkéén wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê!”* Paulus gee die volle prentjie in enkele woorde as hy in Gal. 3 oor Abraham en nou ook die nuwe Israel .praat. Hoor wat sê Paulus in Gal 3:7-9:

*“Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham”.*
*En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: “In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is,*
*geseën word saam met die gelowige Abraham …”*

En dan lees ons in dieselfde hoofstuk vanaf vers 23 tot 27:

*"maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.*
*"Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus: want julle almal wat in Christus GEDOOP is, het julle met Christus beklee".*

Luister nou mooi wat Paulus verder sê van die ander volke, van die vrou, van die slaaf, van die vryman, ja en ook van die man as hy verder skryf in Gal. 3:28 en 29. Luister mooi wat Paulus sê:

*"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman niie, daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus.*
*En as julle aan Christus behoort is jùlle die nageslag van Abraham*
*en volgens die belofte erfgename" –*

Erfgename waarvan? Natuurlik van die VERBOND! Wat bedoel Paulus dan verder met erfgename? Dit is dat Jesus nou die nuwe verbondsteken en beloftes daarvan vaslê in die heilige teken en seël – DIE DOOP in die plek van die besnydenis. Die bloedteken naamlik, die besnydenis, word vervang met die lewegewende simbool van water – die Doop! Alle mense uit alle volke sê Paulus tog in Gal 3 – Hulle wat glo en oorgee aan Jesus word nou die ware Israel. So ook, waar die vrou in die Ou Testament uitgelaat is met die besnydenis word sy nou ook ingelaat in die doop wat die besnydenis vervang. Wat 'n bevrydende dankbaarheidsgedagte lê nou nie daarin opgesluit nie!? Nou kan 'n mens verstaan waarom Jesus in Lukas 16:15 en 16 sê:

*"Gaan die héle wêreld in en verkondig die evanglie aan die <u>ganse</u> mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word, maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word".* Ons erfenis lê dan in die hemelse Kanaän in die ewige lewe! Elkeen wat deur belydenis van sonde en aanvaarding van Jesus as Verlosser na Hom, Jesus, toe kom ervaar God se volle vergifnis van sonde en word so kinders van God vir ewig. In Joh. 1:12 lê die klem tog op die volgende:

*"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo".*

Hiervan is die doop nou die heilige teken en seël. Let op: <u>Die doop red jou nie</u>. Die Geloof en oorgawe aan Christus Jesus red jou. Die doop is slegs die teken en seël dat jy gered is. My vraag aan jou vanaand is: Is jy GERED? Kan jy dus getuig daarvan dat jy nuut gemaak is, deur die geloof in Christus!? Dan is die DOOP 'n openbare teken en seël wat jou bystaan in die versterking van jou GELOOF. Kom nou! Maak seker dat jy deel het aan die nuwe Israel waarmee God 'n verbond het, - 'n verbond met elke gelowige asook die belofte in die verbond waar God jou God is en Hy aan jou verseker dat jy die hemelse Kanaän vir ewig kan ingaan en erfgenaam daarvan is.

Amen

**Bylae 2. Deelnemer 2 (soos ontvang van deelnemer)**

**Teks: Genesis 17:7 – 14, 23 – 27 en Galasiërs 3:13 – 29(HK V/A 69-71)**

Het die doop vir u vanaand nog enige betekenis? Hoe min van ons mense is daar wat werklik die doop, hoe dit ookal plaasgevind het verstáán en in die troos daarvan LEWE!? Dit geld nie net van die onverskilliges wat buitendien niks van die heerlikheid van die evangelie verstaan nie. Dit geld ook van die getroue kerkmense wat wel die troos van die doop soek. Waarom? Want ons LEWE so min uit die wondergenade van die doop.
Vanaand wil ek nie uitwei oor die doopmetodes, of die hoeveelheid water waarmee gedoop word, of selfs oor die kinderdoop of volwassedoop nie. Daar is soveel verskille hieroor in kerke dat dit liewer by daardie kerke tuishoort om self daaroor te besin. Vir ons gaan dit vanaand slegs oor die feit: WAAROM die DOOP?

Om die doop as ‘n sakrament, ‘n heilige teken en seël te verstaan, dink ek, moet ons daar vér in die Ou Testamentiese boek Genesis begin waar God ‘n verbond met Abraham gesluit het. God stel in Gen. 17 ‘n bloedteken en seël in as teken en handeling om die nageslag van Abraham, die volk Israel, voortdurend daaraan te herinner dat hulle volk van God is wat God altyd as God erken en aanbid. Daarom die plegtige en aangrypende oomblik as God met Abraham praat in Gen. 17. Kom ons let stap vir stap op wat hier gebeur:-

God kom by Abraham en sluit ‘n hemelse kontrak (of in Bybelse taal ‘n verbond) met hom. God self is die een party in hierdie kontrak en Abraham en sy nageslag naamlik die Israeliete is die ander party. So lees ons in Gen. 17:7 dan die volgende: *“Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond”.* Let op: Hierdie verbond is ‘n ewige verbond met bepaalde voorwaardes tussen God en die Israeliete, die aardse nageslag van Abraham! En dan gee die Here die inhoud van hierdie verbond naamlik soos dit verder lees in Gen. 17:7: *“om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag na jou!”* Veelseggend is nou die gebruik van die word NAGESLAG wat soos ‘n klok lui in ons teksverse. Nageslag ... nageslag ... NAGESLAG! Kyk maar weer na Gen. 17:9 waar daar o.a. weer staan: *“Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou van geslag tot geslag”.* As ons later by die doop kom sal u merk dat in Gal. 3 die nageslag van Abraham in verband gebring word met die doop. In Gen. 17 kom die belofte ook van God dat Hy Hom verbind in die verbond dat die nageslag van Abraham die hele land Kanaän deur sy toedoen vir Israel in besit sal neem! Israel moet in God glo en getrou bly aan Hom. In Gen. 17:8 staan hierdie woorde: *“En Ek sal aan jou en jou nageslag na jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees!”*

Wat nou van die heilige teken en seël? Soos jou trouring ‘n teken van die feit is dat jy in ‘n huwelik bevestig is en dat dit jou voortdurend herinner aan die verbond of kontrak wat jy met jou huweliksmaat

aangeknoop het, so stel God ook 'n teken in as heilige verbintenis aan hierdie verbond tussen God en Abraham en Abraham se nageslag. Hierdie teken gaan gepaard met BLOED soos al die ou Testamentiese godsdiensgebruike.
Ons lees dan ook in Gen. 17:13: *"die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet dan My verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond".* So word die besnydenis 'n bloedteken van die verbond wat blywend onder Israel toegepas moes word. Interessant is dit dat die besnydenis 'n bloedteken was wat net betrekking gehad het op die man as destydse patriag van die huis van gelowiges. Die vrou is toe as vernederde wese nie beskore om die teken van die verbond te dra nie, maar moes onderdanig buig onder haar man se geloofsbeloftes en getrouheid aan die verbond.

Heidene kon nie hierdie teken met dieselfde inhoud en betekenis dra as die gelowige Israeliet nie. As 'n heiden van buite wel gekoop word om slaaf, dienskneg of dienaar in die gelowige Israeliet se huis te word, moet hy ook glo en buig in geloof voor die God van Abraham en besny word. Ons lees in Gen. 17:10, 12, 13 en 14: *"Dit is my verbond wat julle moet* hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: *Al wat manlik onder julle is, moet besny word – 'n seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie – die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is moet sekerlik besny word. So moet dan my verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond. En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie – dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek".* Het u nou ook opgemerk dat 'n seuntjie van 8 dae oud ook besny moes word. Natuurlik om twee redes:

Een: Dit is 'n veilige tyd om die besnydenis aan 'n kind toe te dien en
Twee: Die moeder van die kind is as onrein geag na die geboorte vir sewe dae en die ouerpaar kon eers op die agste dag in die openbaar verskyn, rein genoeg om hul seuntjie te laat besny.

In die gelowige huis moes alle manspersone, klein en groot die verbondsteken ontvang. In Gen. 17:24 tot 26 kry ons die volgende feite: *"En Abraham was negen-en-negentig jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is. En sy seun Ismael was dertien jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is. Op daardie selfde dag is Abraham en sy seun Ismael besny".*

Wat beteken dit nou alles? Niemand, oud of jonk, groot of klein, slaaf of vryman van hulle wat in die God van Abrham glo mag die teken van die verbond gering ag of ignoreer nie.
In die Ou Testamentiese Israel was dit onaanvaarbaar en selfs met die dood gestraf. Heilig, ja, heilig is die verbondsteken geag!!

Nou kom Jesus in die Nuwe Testamentiese tyd om die verbond nuut te maak as Verlosser om die ewige lewe as ewige Kanaän vir ons los te koop met Sy bloed aan die kruis. Hy bestyg die kruis om 'n einde te maak aan alle bloedtekens van die Ou Testamentiese tyd om dit te vervang met voedsel en watertekens wat lewe bring vir almal wat in Hom as Verlosser glo – Hy die Seun van God wat ons loskoop uit die helse verlorenheid tot 'n ewige lewe in die hemelse Kanaän. Nou gaan ons ook nie meer gebuk onder die bloedoffer wat gebring moet word vir vergifnis en genade van God nie, maar Jesus stort Sy bloed finaal as bloedoffer aan die kruis en was, vir hulle wat glo, alle sondes totaal weg. Johannes sê dan ook in 1 Joh. 1:7: *"en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde".* En hiervan word die doop in die Nuwe Testamentiese tyd die heilige teken en seël. As Jesus self dan die teken instel wil Hy dat dit gedoen word in die naam van die Vader (God) en die Seun (God) en die Heilige Gees (God). En weet u, Paulus wys aan die Galasiers 'n baie belangrike ding uit in Galasiers 3 as hy praat oor Abraham se geloof, wat hom gered het - hom die Vader van die verbond van God gemaak het om vir die nageslag van Abraham, Kanaän as ewige besitting te gee en God vir die Israeliet **God** te laat wees. So stel Paulus dit dan duidelik dat elke gelowige in Christus Jesus deel word van die nuwe Israel en erfgenaam word van 'n nuwe verbond! God wil ons God wees - en dit word verkondig deur die doop. Die doop word dan die openbare verkondiging van my geloof en kindskap in Christus Jesus met die ewige lewe as erfenis. So word ek gedoop as kind van God en dit versterk ook my geloof. Paulus druk dit so uit in Gal. 3:25 tot 29: *"Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is júlle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename".* Waw!! Hier stel Paulus dit dan duidelik:

Een: Die doop verkondig ons kindskap van God!
Twee: Die doop verkondig dat ons beklee word met Jesus!
Drie; Die doop verklaar dat die gelowige die geestelike nageslag is van Abraham om:-
Vier: erfgename van die verbond van God met ons, as nuwe Israel, te word!

So verkondig die doop dat hy wat glo die ewige Kanaän, ja die ewige lewe be-erf! En as Paulus dit skryf val dit my ook op dat juis in die belofte in Gal. 3, twee wonderlike sake ontsluier word, nl. dat:

Eerstens is die vrou nie meer die nederige, half verworpe wese soos sy in die Ou Testament voorgestel word nie maar dat sy volkome verhef is tot mede-erfgenaam, - in gelyke sin met die man, en so God se versekering het van haar ewige kindskap van God. En tweedens word die volkere nie meer uitgeskakel nie, maar word ook nou volkome gered as hulle tot geloof kom in Christus Jesus!! Daarom ook die onthulling in Gal. 3:28 en 29: *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus".* Die DOOP beklemtoon dus

hierdie volkome verlossing wat Jesus vir ons aan die kruis ontwortel het. Sy bloed aan die kruis sluit die bloedteken van die besnydenis af met die waterbad van die DOOP!! Is dit nie iets om uitbundig dankbaar oor te word nie?

Miskien verstaan so baie Christene dit nie so nie. Hulle vind doopplegtighede in die erediens as vervelig en wil liewer by die preek of die AMEN uitkom, en sus die gewete met: EK WAS DAREM IN DIE KERK! Wie geleer het om die taal van die doop te verstaan, sal telkens by die bediening van die doop oorstelp staan oor die GEWELD van die onhoorbare verkondiging van God se genade wat daar van die doop uitgaan! Die Heidelbergse Kategismes antwoord die doopvrae dan ook onder andere so: "Dit is die sigbare teken wat aandui dat ons van God vergewing van sondes uit genade ontvang terwille van die bloed van Christus wat Hy in Sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het, en dan ook om deur die Heilige Gees vernuwe en tot lede van Christus geheilig te wees, sodat ons hoe langer hoe meer die sonde afsterwe om in 'n godsalige onberispelike lewe te wandel". En jy? Wat beteken die doop vir jou?? AMEN.

**Bylae 3. Deelnemer 1 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 22**

Broeder en suster, liewe jongmens, niemand van ons hou tog van toetse nie. Niemand van ons hou van eksamen skryf – waar jou kennis getoets word en jy jou kennis op papier moet neerskryf nie. Nog minder, sê baie mense, dit is nie so lekker om te leer vir daardie toets nie of om uiteindelik daardie toets te gaan skryf nie. Baie van ons hou nie eens van daardie bekende "monkey puzzle" net om die A B of C te merk nie. Toets te skryf is nie 'n baie lekker ding nie. Hoekom? Want toetse bring baie spanning, stres. Die spanning dat ons dalk hierdie toets kan druip, dat ons uiteindelik kan faal in hierdie toets. Daarom hoor ons so baie mense vandag sê dat toetse eintlik 'n onding is, want 'n toets bring te veel spanning vir 'n kind. Dit is nie goed vir jou gesondheid nie. Daarom dat ons skole dan ingerig word om eerder take in te gee.

Maar as ons dan vanmôre eintlik met onsself eerlik moes wees, moes ons vir onsself gesê het dat 'n toets 'n noodsaaklike ding is, want hoe anders gaan 'n mens 'n kind kan toets volgens sy kennis? Hoe gaan 'n mens kan weet dat 'n kind sy werk ken as jy nie 'n toets aan hom kan gee nie? Hoe anders kan die onderwysers, die persoon wat aan daardie kinders die klasse gee, hoe anders gaan hulle kan sien dat hulle goed klas gegee het? M.a.w. toetse is belangrik. Twee doele vir die onderwyser en vir die kind: 'n Goeie onderwyser wil sien in die toets dat hy goed klas gegee het, het hy die bal raak geslaan, vir 'n kind sien hy vir homself of ken ek hierdie werk, waar staan my kennis met hierdie werk.

Al bring toetse soveel spanning, al is 'n mens so bang oor wat jou kennis uiteindelik gaan weerspieël in hierdie toets, bly die toets steeds een van die maniere waarop 'n kind en die onderwyser kan sien of hy sy studiemetode effektief gedoen het. Terwyl toetse soms soveel spanning en depressie bring, bring dit 'n mens op die plek in jou studies en ook by die skool waar jy is. Uiteindelik op daardie plek waar jy kan sê: Sien, ek ken hierdie werk. Ek het geleer. Ek het hierdie studieloopbaan deurgemaak. Nou staan ek op hierdie plek waar ek getoets kan word, rekenskap gaan gee, sodat ek uiteindelik kan sê: Sien, ek het aandag gegee, ek ken my werk. Daarom kan ek dan ook aan die mense daarbuite gaan sê: Ek is nou reg om aan te gaan, voort te bou, te vorder. Daarom kan ons sê, broeder en suster, die suksesvolle voltooiing van 'n toets wys aan ons dat ons gereed is om aan te beweeg na 'n nuwe horison van ondersoek.

As ons nou 'n toets of 'n eksamen op ons geloof moet toepas, as ons dan vanmôre vir mekaar moet sê, broeders en susters, het ons al ooit daaraan gedink dat ons Hemelse Vader ook belangstel daarin dat ek groei in my geloof? Dink u nie ook dat ons vanmôre kan sê dat dit eintlik reg en bloot natuurlik is, dat God, die volmaakte Onderwyser, ook ons opregtheid en ons geloof en hom sal beproef nie, sal toets nie? Trouens, Jesus het dit ook gedoen hier op aarde. Ons lees in Mat. 16:13-17 hoe Jesus sy dissipels getoets het en gevra het: Wie sê julle is Ek? Jesus stel sy dissipels se kennis op die proef. Hulle wil weet of hulle

teen die tyd Hom, Jesus Christus, erken as die Verlosser.  Die Verlosser wat ons as mense van ons sondes kom verlos.  Met ander woorde, Jesus beproef hierdie dissipels, sy kinders.  Hy beproef hulle kennis.

Maar dan het ons vanmôre hier in Gen. 22 gelees hoe God Abraham se geloof op die proef gestel het.  Ons kan dan vanoggend vra: Maar hoe is dit moontlik dat God wat so regverdig is en soveel kere in die Woord sê dat Hy ’n liefdevolle God is, hoe is dit moontlik dat Hy dan toelaat dat die slegte dinge oor ons pad kom, sodat ons beproef word?  Broer en suster, die verskil lê daar in die verskil tussen die beproewing en versoeking.  God beproef, Satan versoek.  Wanneer die Satan versoek, is dit om een doel en dit is om my in die afgrond in te dryf.  Om my weg van God en sy genade te kry.  Wanneer die Satan ons in die versoeking lei, is dit altyd om een rede en dit is om die slegte in ons na vore te bring.  Maar wanneer die Here ons beproef, wanneer God oor ons pad kom en ons beproef, doen Hy dit altyd om die goeie in ons weer na vore te bring.  Dit is nie God wat ons versoek om die slegte, die sonde te doen nie.  Jak. 1:13 sê dit tog baie duidelik: Laat niemand wat in versoeking kom sê: Ek word deur God versoek nie, want God kan nie deur die kwaad versoek word nie en self versoek Hy ook niemand nie.

Geliefdes, dis nie God wat ons versoek nie.  Alles wat Hy in my lewe verrig, alles wat Hy in my lewe doen, doen Hy omdat Hy vir my lief is.  Dit is sy liefde vir my wat Hom dring om op te tree soos wat Hy optree.  Daarom lees ons hier in Gen. 22 hoe God Abraham se geloof op die proef kom stel.  Hoe Hy Abraham se geloof toets.  En dit is dan uit hierdie ondervinding wat Abraham met God gehad het dat ons gaan hoor hoe ons ook ons lewens kan inrig, wat ons daaruit kan leer.

Hierdie gedeelte in Gen. 22 leer ons dan veral drie dinge.  Wat is die doel van beproewing?  Waarom beproef die Here ons?  Verder leer ons ook hoe moet ek optree wanneer ek beproef word.  En laastens kan hierdie gebeure in Gen. 22 ons ook aanspoor in ons geloof, volharding.  En daarom, kom ons hoor dan vanmôre, aan die hand van hierdie drie punte, hoe dit gekom het dat God vir Abraham se geloof op die proef gestel het.

As ons nou dink aan die gebeure van Gen. 12 af.  Van Gen. 12 af het die Here aan Abraham gesê: Jy is my vriend, die een wat ek vertrou en jy kan my vertrou.  Van daar het die Here begin om ’n verbond met Abraham te sluit.  In liefde met hom te handel.  Van Gen. 12 af het die Here vir hom gesê: Jy sal ’n geseënde man wees.  Ons lees dan ook van daar af hoe Abraham vir so lank kinderloos was, hoe sy vrou by hom aangedring het om ’n kind te verwek by sy slavin en dan hoe Abraham uiteindelik ’n seun gekry het, Ismael.  Maar dan ook lees ons hoe Abraham moes afskeid neem van Ismael, maar hoe die Here altyddeur, deur al hierdie gebeure, getrou gebly het aan sy Woord en Abraham wat bly glo het in sy God.

En dan lees ons in Gen. 21 dat Sara swanger geword het.  Uiteindelik ’n seun gebaar het.  En nou dat Abraham hierdie seun het, nou dat hy ontvang het dit wat hy begeer het en dit wat die Here aan hom belowe het.  Nou dat hy dit ontvang het wat hy so lank geglo het God vir hom sal gee, nou dat Abraham

’n seun het, nou dat hy gekry het wat hy wou hê, hoe lyk sy geloof nou? Het Abraham maar net in God geglo omdat hy iets van Hom wou hê? Omdat hy maar net gehoop het as hy in God glo en bly glo in Hom, hy wel ’n seun van God sal ontvang? Of was sy geloof in God opreg? Het hy werklik vertrou in die Here? Het hy werklik God liefgehad, geglo in Hom? Dis dan wat ons in Gen. 22 kom lees.

Nou dat hy ’n seun het, lees ons hoe God Abraham se geloof in Hom op die proef kom stel, sy geloof kom toets, sodat Abraham as ’n ryker mens later uit hierdie beproewing kon stap. Want wanneer God Abraham se geloof kom toets, besef Abraham hoe sy verhouding met die Here lyk. Dat sy verhouding met God geken kan word as ’n verhouding wat waar, opreg is, gegrond is op sy liefde vir die Here. Deur hierdie toets kon Abraham tot die besef kom dat hy nie eers sy familie voor God stel nie. Deur hierdie beproewing kon Abraham ook sien dat sy geloof en liefde vir God waar en opreg is en nie gebaseer is op ’n valse geloof, ’n geloof wat net waar en opreg is solank hy iets uit God se verhouding met hom kan kry nie. Vir Abraham het God altyd eerste gekom en dan al die ander dinge daarna. Een ding kan ons vanoggend sê, ons hoef nie eers daaroor te twyfel en te wonder nie, Abraham se geloof in God was nie ’n afgewaterde, goedkoop, gemaklike geloof nie, want om getoets te word, daardie toets af te lê om jou eie seun te gaan offer omdat die Here jou beveel het daartoe en te glo dat die Here uitkoms ook in daardie situasie sal gee, dis nie ’n goedkoop geloof nie, ’n maklike geloof nie. ’n Geloof wat maar net gebaseer is op die lekker of dit wat die Here vir my gaan gee nie.

Broer en suster, ons hoef nie te wonder waarom ons geloof deur God beproef word nie. Hy het ’n doel daarmee en daardie doel is nie onbekend nie. Wanneer ons geloof beproef word, leer ken ons ons verhouding met die Here. Kom ons werklik tot die insig hoe ons geloof in God lyk en groei ons uiteindelik in ons verhouding met die Here. Dit is wat Abraham vir ons kom leer. As ons Abraham weer as voorbeeld moet neem. Abraham het nooit aan God verskonings gemaak en aangebied waarom hy nie sy seun moet offer nie. Hy het nooit aan God gesê: Dis teen die wet, die wet van die Here, om jou eie kind te gaan slag en dan te offer nie. Nee, Abraham het God gehoorsaam, reggemaak op die daad om sy seun Isak te gaan offer. Hy het geweet wat God van hom verwag en daarom het hy dit gedoen soos wat God hom beveel het om te doen.

Verder het Abraham ook nooit God gevra om hierdie dinge uit te stel nie. Te vra: Here, wag maar nog so bietjie. Kan ek nie nog maar eers my kind ’n bietjie beter leer ken nie? Nee, Abraham het die volgende oggend opgestaan, dadelik begin klaarmaak om na die plek te gaan wat God hom aangewys het om sy seun te gaan slag en te offer. Hy het al sy werk laat staan. Dadelik begin met die werk wat God hom gegee het om te doen. Hy het nie eers na sy vrou toe gegaan en daar ’n vergadering met haar belê om uit te vind hoe hy die situasie moet hanteer nie. Hy het ook nie al die mense in die omgewing bymekaargemaak en geroep en hulle vertel wat hy op pad was om te gaan doen nie. Net om so later te kon hoor en daarin te kon roem met die woorde: Het julle gesien hoe groot my geloof in God is? Ek was selfs bereid om my eie seun te offer. Hy het geen behoefte daarin gehad dat mense tog moes sien watter

groot offer hy aan God gaan bring nie. Nee, hierdie man van geloof en gehoorsaamheid, het nie getwyfel in God se Woord nie. Hy het geweet wat God van hom verwag en daarom aarsel hy glad nie.

Abraham het ook nie na die versoekings van die duiwel geluister nie. Daar was so baie tyd in daardie drie dae wat hy en sy seun gestap het waarin sy seun hom baie vrae kon vra en kon sê hy is moeg. Waarom moet ons nou stap waarheen ons stap? Soos wat hy ook dan gevra het: Waar is die offerlam? Baie geleentheid waar Abraham se moed, geloof gekelder kon word, kon ingee. Waar hy voor die versoeking kon val om uiteindelik nie te luister na die wil van die Here nie. Maar steeds bly Abraham getrou. En dan lees ons in vers 12, net toe hy sy seun wou slag, kom God na Abraham en sê en roep: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie. Doen hom niks aan nie, want nou weet Ek, want nou weet ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van my nie terug sal hou nie. Die Here sê aan Abraham: Nou dat jy hierdie volle weg gestap het, nou weet Ek, Ek wat God is, dat jy in my glo, dat jy My vertrou. Dat jou verhouding met My reg is. Soos wat ons dan in Gen. 12 gelees het, dat ons vriendskap gebou is op vertroue, wedersydse vertroue.

Broer en suster, hoe lyk ons verhouding met die Here vanmôre? Hoe lyk ons verhouding wanneer ons getoets word? Is ons maar net die mense wat altyd in teëspoed, in ongerief aan die negatiewe vashou? Altyd net mor en kla oor die teëspoed wat in ons lewens oor ons gebring word? Kla ons maar net altyd wanneer dinge nie gaan soos wat dit moet gaan, soos wat ek gedink het dit moet gaan nie? Is ek maar 'n klaende mens oor die lewe wat die Here vir my gegee het? Of is ons soos Abraham – 'n gelowige met geloof en vertroue op God? Hanteer ons teëspoed met 'n harde stem sodat almal moet hoor hoe swaar ons kry en almal rondom ons tog ons maar net moet jammer kry?

Of dra ons ons kruis met 'n blye hart, want ons weet aan wie ons behoort. Ons weet dat ons glo in God wat teëspoed en voorspoed in sy hand vashou. Is dit hoe ons beproewings in ons lewens hanteer? Is dit hoe ons die beproewings gaan hanteer wat oor ons pad gaan kom in hierdie nuwe jaar? Geliefdes, God is die besitter van alle krag. Hy is die Een wat ons toerus en ook uitkoms gee vir ons lewenstaak van elke dag. Hy gee ons ook die krag om dit te voltooi wat Hy ons beveel het om te doen. Ja, Hy beproef ons geloof, Hy toets ons, maar Hy rus ons ook toe om hierdie toets te slaag.

Dit was tog die onderwysing wat die Here Jesus aan sy dissipels ook gegee het. Hy het dan ook vir hulle gesê: As die wêreld, as die Satan, as hulle lewensomstandighede, as dit Jesus Christus vervolg het, sal dit nie ook waar wees van ons lewens dat die wêreld, die Satan en al sy magte, maar ook ons lewensomstandighede ons sal vervolg en versoek nie? Is dit nie ook waar dat al het Jesus Christus hier op aarde gelewe en as Hy versoek was, hoeveel te meer sal ons nie ook versoek word nie? Maar, het Jesus ons ook geleer en dit is waar die toets kom, glo, vertrou ons daarin? Jesus het gesê: Julle is nie alleen nie. 'n Trooster, die Heilige Gees sal na julle gestuur word wat julle sal toerus, vertroos vir die dae waar ons voor versoekings, beproewings sal kom. Dae wat ons sal weet dat God ons ook kan beproef soos Hy vir

Abraham beproef het, want Hy is elke dag aktief besig in elkeen van ons se lewens, sodat ons lewens by geestelike groei sal uitkom. Nie net sal stagneer by waar ons nou is nie, nie net sal kan sê: Dit is die dinge wat ek geleer het en hier het ek nou die kennis en ek is maar tevrede daarmee nie. Nee, sodat ek ook na daardie toets kan sê: Ek het hierdie dinge geleer, ek is getoets daarvolgens, ek is gereed om nou aan te beweeg. Gereed om te groei soos wat Abraham gegroei het.

Met hierdie toets daar op die berg Moria, het God Abraham se geloof en vertroue in Hom getoets. Abraham het bly glo, bly vertrou. Vandag lewe ons soveel jaar later. Vandag vra die Here dieselfde van ons. Hy vra van ons dat ons bly glo in Hom al gaan dit swaar in ons lewens. Al is die tye nie altyd goed in ons lewens nie. Dat ons sal bly vertrou al gaan ek deur beproewings. Daarom die uitnodiging, soos Hy aan Abraham ook gesê het, glo vandag in My, vertrou op Hom in hierdie jaar. Hoor wat sê Hy: Al pynig die smarte, martel die leed ons, ons kan weet Jesus Christus het ons duur gekoop. Ons sal nie verlore gaan deur die versoekings en beproewings wat oor ons pad kom nie. Christus het reeds vir my lewe betaal. Maak nie saak wat oor my pad kom nie, niks kan my uit sy hand uit gryp nie. Daarom dat ons ook vanmôre saam kan sê: Hierdie Verlosser, hierdie Jesus Christus wat ons lewens duur gekoop het, sluit vir my ’n nuwe deur oop in my lewe, sodat in hierdie verwarde wêreld Hy weer vir my hoop, vertroue, geloof kan gee.

Daarom, mag dit ook in hierdie jaar vir ons ’n waarheid wees dat ons ook, te midde van alles wat vir ons voorlê, te midde van al die voorspellings wat hulle ook vir ons oor TV oor die nuus en ook in die koerante gaan gee, te midde van al daardie beproewings en versoekings, dat ons steeds kan sê: Ja, ek word beproef, ek word versoek net soos Abraham, maar ek bly glo, bly vertrou. Ek behoort aan die Een wat my duur gekoop het. Ek het ’n toekoms, die ewige lewe. Amen.

**Bylae 4. Deelnemer 1 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 12:1-4**

Geliefde, ons sê altyd, veral ons as Gereformeerdes, dat ons elke versie in die Bybel in konteks moet lees. Elke versie en die Bybel en elke hoofstuk in die Bybel maak deel uit van die groter prentjie, van die groter geheel.

Ons het vanoggend Gen. 12 saam gelees. Gen. 12 staan ook in konteks, staan ook teen die agtergrond van 'n hele klompie gebeure.

Die boek Genesis begin met die skeppings verhaal, dan volg die gebeure in die paradys. Ons lees hoe Adam en Eva se een seun die ander vermoor. Dan volg die geskiedenis hoe dit gekom het dat Noag 'n ark moes bou, hoe God aan Noag gesê het dat die wêreld boos was, vol sonde en dat hy as God die hele wêreld onder water gaan sit, maar dat Hy Noag en sy gesin uit hierdie vreeslike vloed gaan red. En dit het God ook gedoen. En van uit Noag en sy huisgesin, sy kinders, Sem, Gam en Jafet red God die mens en laat Hy hom voortbestaan.

Maar dan val die mens weer in sonde. Die mens wil God oor homself wees. Wil homself regeer sodat hy self kan besluit wat reg en wat verkeerd is. Wat toelaatbaar is en wat nie toelaatbaar is nie, wat moreel korrek is en wat moreel verkeerd is. Die mens het weer na Noag en die sonde vloed in sy bose sonde verval en begin om die toring van Babel te bou. Die mens het weer met al sy bose aktiwiteite begin. En dit is dan in Gen. 11 wat ons van die toppunt van die mens se verval lees. As ons lees hoe die mens homself wil verhoog en 'n toring bou sodat hy heerser oor homself kan wees. Maar, dan kom God in Gen. 12 die gedeelte wat ons dan vanoggend saamgelees het en God kom red die mensdom weer deur die huisgesin as hy Abraham roep om saam met sy huisgesin weg te trek na die land wat God aan hom sal gee.

Kom ons staan net eers bietjie stil by Abraham. Wie was Abraham gewees? Ons lees in Gen.11 en Jos. 24:2, dat Abraham die seun van Tera was. Tera was 'n afgodsdienaar gewees. Hy was nie 'n gelowige mens gewees nie. En dit is waarom die roeping van Abraham en sy huisgesin vir ons soveel betekenis dra. Abraham word as kind van 'n ongelowige gekies om as die vader van 'n volk te dien, waaruit die redder van die wêreld eendag gebore sou word. Dit is die agtergrond van Gen. 12. Dit is die konteks waarin ons hierdie hoofstuk moet lees. Die mens wat telkemale in die sonde verval het, God wat elke keer daardie sonde vernietig en God wat weer iemand kies waardeer hy weer 'n nuwe begin sal maak.

Gen. 12 wat dan gaan oor Abraham die kind van 'n vader wat afgode gedien het. Hoe hy deur God gekies word om saam met sy familie 'n nuwe begin te maak. Gen. 12 vertel dan vir ons dat God Abraham geroep

het om weg te trek. Om van die bekende land wat hy geken het, weg te trek en na ‘n nuwe land te trek sodat hy ‘n nuwe begin kan maak. Abraham het nie getrek soos baie mense vandag na ander lande trek, omdat hulle ontevrede met hulle eie land of omdat daar beter werksgeleenthede vir hulle in ‘n nuwe land lê nie. Met ander woorde omdat hulle die saak vir hulle self uitgemaak het om te trek nie. Abraham het getrek omdat God hom beveel het om te trek. Abraham moes op God se woord sy land verlaat en na ‘n vreemde land trek. Abraham word dus persoonlik deur God geroep. God kies Abraham vir Sy verlossings plan. Maar wat is Abraham se reaksie daarop? Ons gelese gedeelte sê vir ons dat Abraham gehoorsaam was en getrek het. Of Abraham eers gesit en wonder het of hy moes trek, of hy eers die woorde oordink het wat God aan hom gegee het en of hy dadelik getrek het, dit weet ons nie. Maar wat ons met sekerheid kan sê, is dat Abraham gehoorsaam aan God se bevel was. En dat hy hierdie nuwe lewe wat God aan hom gee, met geloof aangepak het. Soveel so dat die Hebreër skrywer Abraham se geloof as voorbeeld gebruik wanneer hy aan ons verduidelik wat geloof werklik is. In Heb. 11 lees ons hoe die skrywer sê dat geloof ‘n vaste vertroue is in die dinge wat ons hoop en ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Daarom dat die Hebreërs skrywer Abraham as voorbeeld gebruik wanneer hy van geloof praat. Want wie is daar wat ‘n beter voorbeeld van geloof kan gee as iemand wat alles, selfs sy familie agterlaat en na ‘n vreemde land trek, op grond van ‘n opdrag wat God aan hom gee. ‘n God wat sy pa en ma nie eers aanbid het nie. Maar steeds sê die Hebreërskrywer, Abraham se geloof was van so aard dat hy aan God se woord geglo het sonder om eers die eindresultaat te sien. Abraham het net geglo en God se bevel gehoorsaam.

So word Abraham en sy gesin dan die boustene waarop God sy verlossingsplan begin. Die Here het met Abraham en sy gesin ‘n verbond gesluit en as teken daarvan het God die besnydenis dan gegee. Dis vanuit die gesin wat God sy verlossingsplan dan in werking stel. Want vanuit die gesin moes die wet van God uitgedra word en oorgedra word. Die wet van God moes van geslag tot geslag aan ander oorgedra word, so lees ons in Deut. 6. Sodat elkeen sou weet wie God is en wat Hy van ons as gehoorsame kinders van Hom verwag. So maak God dan die gesin die middelpunt waardeur en waarin Hy Sy volk in die gelowige kinders bewaar.

En dit het Hy ons weer kom bevestig in Jesus Christus. As Sy verlossingsplan die hoogtepunt in Jesus Christus bereik. Jesus Christus wat dan gebore word uit die stamboom van Abraham en Dawid. Jesus Christus wat ook mens word in die gesin van Josef en Maria. Hy ons enigste Verlosser, die Een wat die volkome seën vir ons gebring het. Hy bring redding vir die wêreld as Hy in ‘n gesin gebore word.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Gen. 12 staan in die einde van ‘n tyd waar die mens vir ewig verlore sou gaan. Maar dit staan ook in die begin van ‘n nuwe tyd. ‘n Tyd waarin God die gesin gebruik om Sy verlossingsplan in ons lewens ‘n werklikheid te maak. Hy’t Abraham en sy gesin gebruik om aan ons

uiteindelik die ewige verlossing te gee. Abraham het God gehoorsaam en sy gesin gelei na die Nuwe land wat hy nog nooit gesien het nie. Abraham het geglo dat God met hom en sy gesin sal wees.

Mag dit ook die waarheid vir ons gesinne inhou in die nuwe jaar. Dat ons God sal gehoorsaam en in Sy woord sou glo en dit ook sal uitleef in ons gesinne. Mag ons die genade ontvang om ook in ons gesinne deel van God se verlossingsplan vir ons lewens te wees en Hom na te volg, waar ons ook mag gaan. Kom ons bid saam.

**Bylae 5.  Deelnemer 1 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 16:1-4**

Geliefde, as ons gefrustreerd voel, bietjie ongeduldig is.  Dit is nou met die dinge wat meer is as met net die gewone ongeduld. Dalk met die kinders of manlief wat al weer die handdoek op die vloer gegooi het, of vroulief wat al weer oor die dinge wat nog steeds nie reg is in die huis nie, kla.  Dis dinge wat algemeen is.

Maar die ongeduld wat vanoggend hier ter sprake, is tipe ongeduld wat later soveel raak dat mens daarmee na God gaan en vra: Here skenk my die geduld, want ek weet nie meer hoe verder nie.  Ek is nou al so geïrriteerd, ongeduldig, mismoedig van ongeduld dat ek na niemand anders meer kan gaan as om net vir U te vra.  Skenk my die geduld om my situasie met rustigheid en kalmte te hanteer.  Maar geliefde, dit is nie waar dit gewoonlik stop nie.  Dit is nie gewoonlik waar hierdie gebed van ons stop nie.  Ons las gewoonlik nog so 'n ietsie by.  Bid ons nie dan gewoonlik, Here skenk my die geduld, die krag om hierdie situasie in my lewe te hanteer, maar Here maak asseblief vinnig, want ek het dit nou nodig.  Is dit nie maar die manier waarop ons almal geduld wil ontvang nie?

Bitter min mense het die geduld om te wag dat God dinge op Sy manier en op Sy tyd sal doen.  Iemand het eendag gesê, ek het nie naastenby so groot probleem met God se wil, as wat ek met Sy tydskedule 'n probleem het nie.  Dus het ek nie 'n probleem met die manier waarop Hy dinge doen nie, ek het net 'n probleem daarmee dat dit so stadig gebeur.  Ons is besige mense.  Ons het nie nog tyd om te sit en ginnegaap nie, dinge moet aangaan.

Geliefdes, as ons na ons teksgedeelte vanoggend kyk en terugkeer daarna, sien ons dat Abram en Sarai lank gewag het vir hulle kind om gebore te word.  Hierdie kind waarvoor hulle nou so lankal gewag het, sou die kind wees wat die begin aanteken van God se belofte aan Abram.  Maar omdat Abram en Sarai al oud begin word het, al die ouderdom in hulle lewens begin nader waar hulle nie meer kinders kon kry nie, het hulle ongeduldig geraak en wou hulle nie meer wag vir God se tydskedule nie.  Hierdie twee mense, Abram en Sarai, het die situasie waarin hulle was bekyk en logies begin redeneer en gesê: As ons nie nou iets rondom hierdie saak gaan doen nie, dan kan dit dalk te laat wees.

Klink dit nie vir ons bekend nie?  Hoeveel keer in ons lewens het ons nie al op daardie punt gekom wat ons sê: Here, kyk hoe gaan dit in my lewe.  Ek bekommer my.  Ek het onrus oor hierdie of daardie saak.  En dan kom lê ons met mooi woorde ons bekommernisse by God en sê daarby, maak nou soos U wil Here.  In U hande lê ek nou dit neer.  Maar net môreoggend neem ons weer daardie strydbyl op en wil ons self nou hierdie bekommernis, hierdie dinge wat ons so ongelukkig maak, dan wil ons hom weer by die Here gaan

afneem en sê: Nee wat, U vat te lank. Ek sal nou maar self hierdie saak uitsorteer. Het ons dit nie maar al almal gedoen nie, geliefdes?

As ons nou terugdink aan al daardie kere wat ons ongeduldig was met die tyd waarmee die Here werk, wat sou gebeur het as God vir ons gegee het wat ons op daardie stadium gevra het? Sou dit nie maar nege uit die tien kere tot ons nadeel gewees het nie? Neem nou maar vir Abram en Sarai. Hulle was angstig om God se plan vir hulle lewens te sien ontplooi. Hoe hierdie beloftes wat Hy aan hulle gemaak het, gaan ontvou. Hulle kom al ‘n lang pad en nou, nou staan Abram en Sarai se lewensjare al na die einde toe, maar steeds geen kinders nie, geen nageslag nie. Hulle moes trek en baie opofferings maak en noudat hulle dit gedoen het, noudat hulle hul nuwe lewe moet begin, nou is daar niemand om hierdie lewe mee te begin nie. Nou is daardie groot gesin wat God aan hulle belowe het, nog nie in sig nie. Daarom is Abram en Sarai kwesbaar. Vatbaar vir allerlei versoekings en is hulle te ongeduldig om te wag vir God en sy raadsplan. Hierdie ongeduld leer ons al van vroeg af in ons lewens.

Geliefde, alles in die heelal behoort aan God. Dit is Hy wat elke dingetjie, al lyk hy vir ons hoe klein, gemaak het. Dit is God wat elke blommetjie in die veld maak, elke blommetjie wat ook in die tuin staan. Dis Hy wat elke reëndruppel wat daarop drup, laat drup, maar dit is ook Hy wat gesorg het dat ons water in ons kraan het. Daar is niks wat hier en in die heelal bestaan sonder dat God dit in die lewe gegee het nie. Daar word niks in die heelal aan toeval oorgelaat nie. God is en bly in beheer van alles wat hier op aarde is al lyk dit vir ons hoe chaoties. En as God van alles hoof is, as Hy dit alles onderhou en in beheer daarvan is, is Hy mos ook in beheer van my geestelike lewe. Dan weet hy mos van al die dinge wat ons so ongeduldig maak. Van alles wat ons so ontstel. Dan weet Hy van al die emosionele kastyding waardeur ons as mens soms moet gaan.

Maar hoe wonderlik is God se genade nie. Al is ons as mense soms so ongeduldig, so haastig, bly God steeds die God van genade. Hy bly die genadige een wat al ons sonde vergewe het, ten spyte van ons eie wysheid. Ten spyte daarvan dat ons soms Hom so onregverdig beskuldig van alles wat verkeerd loop in ons lewens, bly Hy steeds die een wat op grond van Sy liefde vir ons, sy Seun stuur sodat ons weer die lewe kan kry.

As ons die verhaal van Abram en Sarai verder lees, sien ons dat God hulle steeds die genade gegee het. Ten spyte van hulle sonde, ten spyte van hulle ongeduld, het Hy steeds getrou gebly aan sy belofte dat Hy hulle en hulle nageslag ryklik sal seën. Wat hy ook gedoen het, toe Isak gebore is.

Geliefde, as ons dan vanoggend na ons eie lewe kyk. As ons sien hoe ons ook maar soms ongeduldig raak en nie wil wag op God se tyd en vir dit wat Hy vir ons lewens beplan nie, kan ons weet al is ons so ongeduldig,

so ontrou aan God, Hy bly getrou en regverdig.  Hy sal op sy tyd aan ons voorsien, soos wat Hy weet vir ons tot voordeel sal wees.

As ons maar na die geskiedenis van die volk wat uit Abraham gebore is, gaan kyk, dan sien ons dat die volk maar net so ongeduldig soos Abraham was.  Hulle het elke dag die Messias verwag.  Die Koning wat God aan hulle sou stuur om hulle finaal te verlos van al die mense wat hulle oor die eeue onderdruk het.  Maar God het Sy Seun op die regte tyd gestuur.  Die tyd wat Hy as God gereed gemaak het sodat Jesus gebore kon word. God was getrou aan Sy woord.  Hy het aan ons die Verlosser gestuur soos Hy al eeue terug belowe het. Maar toe Jesus gekom het, was die mense so besig om aan God voor te skryf wat Hy moet doen en waar Hy hulle moet uitred, dat hulle nie die redding raakgesien het wat God reeds aan hulle geskenk het nie.  En dit was ook Hy, hierdie Jesus wat vir ons gesê het: Moenie ongeduldig en bekommerd raak nie.  Nog ‘n klein tydjie en Ek sal weer met julle wees, maar bly steeds vertrou en glo dat Ek julle weer sal kom haal op die tyd wat Ek sal kies.

Geliefde, hierdie gedeelte wat ons vanoggend het, het soveel lesse waaruit mens kan leer.  Maar die een les wat die fondasie vir al hierdie lesse is, die een les wat ons uit hierdie gedeelte leer wat ons nooit moet vergeet nie, is dit: Vertrou op God en wag op Hom.  Hy sal bepaal die regte tyd, die regte manier van verlossing.

Amen

**Bylae 6. Deelnemer 6 (soos ontvang van deelnemer)**

**Teks: Genesis 16:1-16**

*Inleiding* In allerhande situasies raak ‘n mens soms paniekbevange: As daar nie meer geld is nie. As die kos op is. As die dinge in my huwelik nie meer wil uitwerk nie. As dit vir my voel dat ek beheer oor my kinders verloor het. As my verhouding met my ouers versuur het. As ek nie gesond wil word nie. Ens. ens.

En dan begin ons dikwels noodplanne maak. “Here, U het nou wel belowe dat U my nooit in die steek sal laat nie, maar op hierdie stadium lyk dit of U van my vergeet het, en daarom Here, voor dit te laat is, sal ek maar self aandag aan die saak gee.”

Ja ons maak so maklik ons **eie** planne. Volg so maklik ons eie kop. En op die ou einde vererger ons dikwels net die situasie. Maar tog deur al die emosies en trane, haastigheid en gejaag deur hoor ons nie as die Here hier in Genesis 16 sê: “Neem My op My Woord. Vertrou My. **Wees geduldig**!”

*Geloof eis ‘n vaste vertroue in dit waarin jy glo*

Inderdaad geloof eis ‘n vaste vertroue in dit waarin jy glo. In Gen 15 was dit Abram wat nie meer kon wag dat God se beloftes van ‘n nageslag en die beloofde land in vervulling sou gaan nie. Maar nou in Gen 16 is dit Sarai wat nie meer kan wag nie.

Ja Sarai is nou **moeg** gewag. En as niks gebeur nie, dink sy seker dat God nie iets aan die saak gaan doen nie. Daarom het Sarai gevoel dat dit tyd geword het dat sy self maar moet ingryp en vir God moet help.

En toe volg sy maar haar eie kop. Sy volg haar eie insigte. En sy dink sy doen die regte ding. Want sy sê immers in vers 2 vir haar man Abram: “Jy weet, die Here het my nie toegelaat om moeder te word nie.” En om Abram se naam en eer te red en ‘n nageslag vir hom te gee, dink sy ‘n noodplan uit. En dan roep sy vir Abram nader en gee haar slavin, Hagar, aan Abram as vrou.

En Abram stry nie. O nee, hy hou immers van die noodplan, want hy het mos ook nou lank genoeg gewag. Ag, ‘n mens kry tog begrip vir Abraham en Sara, **want iets van hulle ongeduld**, is seker in elkeen van ons. Ons weet dat God uitkoms sal gee, maar ons moet darem ‘n plan B en C uitdink, indien God nie betyds reageer nie.

Maar tog staan die boodskap van Genesis 16 vas: **Om paniekerig rond te hardloop en God se planne oor te neem, help niks nie**. Daarom sê Spreuke 3:5 onder andere: “Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie, op jou eie insig nie.” Want geloof vereis vertroue. Om nie te **twyfel** in dit wat die Here belowe nie.

Jakobus 1:2-8 sê onder andere ook: "Ag dit louter vreugde wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat beproewing van julle geloof lydsaamheid, bewerk. Maar die lydsaamheid, moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.

Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie – so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë."

*Ongeduld bring seer en verwyte*

En dit is wat Abram en Sarai nie wou doen nie. Sarai en Abram het vertrou op 'n vrou van Egipte, inplaas van op die God van die hemel en aarde. Ja, hierdie noodplan van Abram en Sarai, was nie God se wil nie en daarom verkeerd in sy oë. Vanuit Gen 17 en die res van die geskiedenis van Abram, kan ons sien dat God nie ingenome met hulle plan was nie.

Abram en Sarai het 'n geloofsprobleem gehad. Hulle het nie meer God onvoorwaardelik vertrou het nie.

En ons kan dalk vandag vir Abram en Saria maklik met klippe gooi. Want hoe kon hulle nie op God vertrou het nie? Maar, weet u, miskien moet ons onsself in hulle herken. U en my geloof in God kom ook baie maklik op 'n syspoor, omdat ons dikwels nie lankmoedigheid, geduld aan die dag lê nie.

En in hierdie proses kry ons seer, omdat ons nie bereid is om te wag nie, te wag op God se volmaakte oplossing vir u en my lewe en krisis nie. In hierdie proses beland ons geloof op 'n syspoor en begin ons in die proses om vir God oor allerhande dinge te verwyt.

Maar God werk anders as ons. Sy tyd is nie altyd ons tyd nie. Hy wil ons dikwels skool in ons geloof. Hy wil ons dikwels iets leer terwyl ons op Hom wag in vertroue. **Ja, in hierdie wag tyd, vorm die Here sy kind. Ja vorm Hy my om my iets van die lewe en van Hom en dalk van myself te leer.**

Want kom ons gaan kyk maar na die gevolge van Abram en Sarai se ongeduld. Die oomblik toe Hagar swanger raak, raak sy hoogmoedig teenoor Sarai. Sarai raak so jaloers en verwyt Abram, dat dit alles sy skuld is. Maar verder sien ons ook, net omdat Abram die hele situasie so sleg hanteer het, die arme Hagar weggejaag word en swaar moes kry in die woestyn. Maar die grootste gevolg van hul ongeduld, was die feit dat ons lees dat die nageslag van Ismael, mense sou wees wat nie in vrede met ander sou kon saamleef nie.

Inderdaad: Abram en Sarai het nooit aan die gevolge gedink toe hulle hul noodplan gemaak het nie!

Dink u en ek nog aan die gevolge van ons oorhaastige noodplanne? Dink ons dikwels aan die skade wat ons ander, en die koninkryk van God kan berokken?

*Geduld bring seën en vooruitsig*

Geliefdes, die Woord leer ons dat geloof en geduld gaan hand aan hand. Hoor wat sê Hebr. 6: 11 en 12: "Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar **navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is."**

Kom ons gaan kyk maar na al die beloftes in die Bybel. Konings, Profete, Priesters, selfs die dissipels in die Nuwe Testament, moes telkemale wag voordat die beloftes van God aan hulle in vervulling gegaan het. En elke keer was dit 'n kwessie van God se tydsberekening wat telkemale perfek was.

Neem byvoorbeeld die belofte van die Vader wat sy Seun gestuur het om verlossing te kom bewerk. Deur al die eeue is daar gewag. En op die regte tyd het die Vader sy Seun, Jesus Christus gestuur, om aan die kruis op Golgota verlossing uit die sonde 'n werklikheid te maak.

Om te dink: Toe Jesus mens kom word het, was die tyd perfek vir die uitbreiding van die Christendom!! Hoekom? Want op daardie tydstip in die destydse wêreld, het daar algehele vrede geheers. Daar was algehele rus. Die Romeinse ryk het die land en see getem van allerhande rowers. Daar was een taal, naamlik Grieks. Almal kon Grieks verstaan. En as gevolg van die Romeinse ryk was alle weë en paaie in 'n goeie toestand. Geen paspoort probleme nie.

Ja dit is alles faktore wat gunstig was in die verspreiding en verkondinging van die evangelie van onse Here Jesus Christus. Inderdaad: Daarom kan Gal: 4: 4 en 5 sê: "**Maar toe die volheid van die tyd gekom het**, m.a.w toe die regte tyd aangebreek het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om dié wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. So beskik, voorsien en sorg God op die **regte tyd**!

Geliefdes, om te wag op 'n antwoord van God is nie altyd maklik nie. Veral as ons dringend „n antwoord van Hom soek. Veral as ons in die dag van môre 'n antwoord moet gee.

Maar om te wag beteken nie om niks te doen nie. Dit beteken beslis ook nie, om God se planne vooruit te loop en self noodplanne uit te dink nie. Om te wag beteken, om in biddende afhanklikheid na God te gaan.

*Slot*

Daarom, wat is daar in u en my lewe wat ons eerder self wil doen en waarvoor ons eintlik moet wag sodat God die uitkoms gee? Weet vanoggend: **Ongeduld in die geloofslewe** bring twyfel, hartseer en verwyte. Genesis 16 is ‘n bewys daarvan. Maar geloofsvertroue in God se Woord en geduld daarby, bring seën en lewe in vooruitsig.

G’n wonder die Here self sê vir ons in Jesaja 28: 16: “Kyk, Ek lê in Sion ‘n grondsteen, ‘n beproefde steen, ‘n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie.”

AMEN

**Bylae 7. Deelnemer 2 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 17:1-19 en 18:1-15**

As ek vir mense vra: Wie het gelag, was dit Abraham of was dit Sara toe die Here gesê het dat Sara op haar ouderdom ‘n kind sou kry, is die antwoord wat ek kry deurgaans: Sara het gelag.

Maar weet u dis nie heeltemal die waarheid nie. As ons in die Bybel lees, dan sien ons Abraham het ook gelag. Abraham het gelag op sy knieë bewus daarvan dis onmoontlik om so kind te hê. Sara het ook gelag en dit was vir haar ‘n groot verleentheid. Kom ons lees vanmôre hier in Genesis. Gen. 17 vanaf die eerste vers. Ek wil nog ‘n lang gedeelte lees en
dit is uit Gen. 18. Dit is baie belangrik dat ons dit vanmôre saam lees. Van vers 1.

**Skriflesing volg.**

Die mens in ons tyd het geweldig skepties geraak, veral wanneer dit by godsdiens kom. Soos die wetenskap ontwikkel het, wil die mens al hoe meer alles verklaar. Vir die moderne mens is daar min hoop dat hy aan wonders sal glo, selfs al sou die onverklaarbare vlak voor sy oë plaasvind.

Wanneer ons dan die nuwe jaar ingaan sien mens dit so duidelik, selfs in ons eenvoudigste handelinge. So het ek al gestaan en kyk hoe ‘n persoon iemand ‘n voorspoedige Nuwejaar toewens en hoe daardie ontvanger van die goeie wense net maar grynslag en selfs antwoord: Ag man, vir my is daar nie meer iets soos voorspoed nie. My lewe is nou maar net ‘n mislukking. Ook ervaar ek dit nogal baie dat as jy vir iemand sou vertel van die wonder van genesing wat jy ervaar het en soos in my geval toe ek genees is twee en dertig jaar gelde van kanker, sien jy die skeptiese laggie en die weiering om te glo dat dit die waarheid. As ek dan nog na hierdie persoon toe gaan en nog byvoeg dat die spesialis destyds vir my slegs drie maande gegee het om te leef, word die skeptiese laggie net groter.

Die God van wonderwerke bestaan vir baie mense en selfs vir Christene glad nie meer nie. Twyfel en ongeloof is vandag die vernietiging van ons Christene se verhouding met die Here. Paulus het aan die Filippense ‘n wonderlike ding gesê oor gebed in Fil. 4: 6 en 7 as hy sê: Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en sinne bewaar, in Christus Jesus. En as ons dit hoor, sal elke gelowige kan sê: Ja maar ek bid, ek kan bid. Ek smeek ook en ek doen dit baie. Maar luister deeglik wat Paulus hier eintlik sê. Hy sê: Laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking, ja bekend word by God. En dit staan nie eintlik daar nie. Paulus se nog ‘n baie belangrike woord daarby. Hy sê: Danksegging. Luister nou weer: Laat julle begeerte in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

Almal weet hoe om te bid en selfs te smeek, maar sê ek dankie voordat God nog antwoord? Bid en smeek en ek, sê ek reeds dankie uit my hart, eerlik en opreg voordat daar nog ‘n teken bestaan dat God my gebed beantwoord? Glo ek so? Of het skeptisisme my ook al so beetgekry, dat my dankie baie huiwerig kom of dalk glad nie? Nee, die Christen se geloof in God se beloftes, dat Hy sal antwoord as ons in die Naam van Jesus bid, het totaal platgeval. Soos Abraham en Sara lag ons in ons mou oor die werklike uitvoering van God se beloftes. Ons wil eers sien voor ons glo. Isak de Villiers skryf die volgende oor Abraham en Sara se skeptiese lag. Hy sê: God belowe en Hy gee. Abraham het die fout gemaak wat ons dikwels maak, hy het God onderskat.

‘n Kind word gebore wat Isak genoem word, wat gelag beteken. Dis die gelag van ongeloof wat verander het in die gelag van vreugde. Die onmoontlike was toe al die tyd moontlik. Ons lag ook so soms meerwaardig soos Abraham en Sara en dink daar is niks te redde nie. Genadiglik omskep God dit mettertyd in ‘n dankbare, stil lag of uitbundige vreugde lag oor menigvuldige seëninge.

Glo jy nog of lag jy skepties agter jou hand? Die nuwe jaar roep jou tot ware geloof in God, die Vader van Jesus wat jou gaan lei oor berge en dale en jou oorwinnaar gaan maak in die naam van Jesus Christus. Die teks in Genesis oor die skeptiese lag van Abraham se nog iets wat seker die grootste boodskap van die teks is. Luister wat staan in Gen. 17: Toe val Abraham op sy aangesig - of dit kan ook vertaal word met op sy knieë - en lag en hy sê in sy hart... Al was hy so menslik skepties daar op sy knieë voor God, so skepties soos hy was, in diepe eerbied kom Abraham in oorgawe aan God. Selfs met sy ongeloofs-woorde in vers 18: Ag, mag Ismael – onthou dis die seun wat reeds gebore is – lewe voor U aangesig. Hy wil nou God se belofte afmaak. Daardie kind moet gebore word en sy naam moet Isak wees en nou sê Abraham vir hom: Ag, mag Israel lewe voor U aangesig. Want hy kan nie glo Isak sal gebore word nie. Voorwaar jou vrou, sê die Here, sal vir jou ‘n seun baar en jy moet hom Isak noem. Na ‘n jaar was Isak daar soos ons lees in Gen. 21. En dan lees ons hierdie groot aankondiging in vers 6. En Sara het gesê: ‘n Gelag het God my berei. Elkeen wat dit hoor sal oor my lag. En in vers 7 se Sara: Wie kon ooit aan Abraham voorspel het, Sara soog kinders, want ek het ‘n seun gebaar in my ouderdom.

Die wonder het gebeur, soos deur die eeue wonders gebeur as God beloof en as God werk. Ook in jou lewe moet jy, hoe skepties jy ook al is, jou knieë voor God van wonders buig en jy sal die hemelpoorte voor jou sien oopgaan. Abraham se groot fout was dat hy skepties was. Maar Abraham se wonderlike seëning het daarin gelê dat hy op sy knieë voor die Here gaan staan het: Here ek is skepties, ek lag. Maar kan dit wees.

As Jesus die twyfel in sy dissipels se oë sien voor sy Hemelvaart sê hy met krag in Mat. 28:20: Kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. En in Joh. 14:6 sê Jesus: Ek is die Weg en die waarheid en die lewe. As julle iets in My Naam vra, sal ek dit doen. Glo jy? Sien jy kans vir geloofsoorgawe in 2011? Amen

**Bylae 8. Deelnemer 4 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 22:1-14**

Geliefdes, waarom stel mens iemand op die proef? Om te sien hoe hy daarop reageer, of hy goed reageer. God stel Abraham hier op die proef op seker die heel moeilikste manier. Hy moet sy enigste wat hy liefhet, die kind van die belofte, gaan slag en as brandoffer aan God offer. Volgens 2 Kron 3:1 was Moria die plek waar Salomo die tempel bou. Die berg Moria en die land Moria was heel waarskynlik maar dieselfde plek. Indien dit so was, was Isak die eerste van die tien maal tienduisende offers wat op die plek gebring sou word.

Met hierdie opdrag aan Abraham vra God die heel hoogste offer wat deur ’n mens gebring kan word en dit is onvoorwaardelike gehoorsaamheid. En Abraham doen wat God eis. Al is die opdrag hoe vreemd, hoe onbegryplik, hoe verskriklik. Waarom vreemd? Omdat ’n mens se offer in God se oë ’n gruwel is en boonop neerkom op moord. Abraham sou sy eie kind moes slag en dan met vuur verbrand. Die opdrag was ook onbegryplik, want God het bedoel dat Isak die seun van die belofte moes wees in wie die verbond met Abraham voortgesit moes word. Na geweldige geloofstryd is hy gebore, deur ’n wonderwerking van God self uit ’n reeds verstorwe baarmoeder. Sy geboorte was eintlik al ’n opstanding uit die dood. Nou, na al die wonderlike dinge, die verskriklike opdrag dat Abraham as vader sy enigste wat hy so liefhet, moet offer. So pas moes hy Ismael wegjaag, nou ook vir Isak verloor en dan met bebloede moordenaarshande terugkom na Sara toe? Sy wat byna lewenslank vir hierdie kind gewag het? Here, dit kan tog nie?

Geliefdes, al is hierdie opdrag aan Abraham hoe vreemd, hoe onbegryplik, hoe verskriklik. Abraham het geen woord teëgepraat nie al het dit in sy hart gewoed. Slegs deur absolute selfverloëning kon hy sy emosies beteuel. Maar was onvoorwaardelike gehoorsaamheid dan nie reeds lewenslank sy beginsel nie? Geroep uit Ur van die Chaldeërs na ’n onbekende bestemming, moes hy bewys dat hy God meer liefhet as sy eie vader. Gestuur na Moria moes blyk dat hy God ook meer liefhet as sy enigste seun.

Aan die voet van Moria maak Abraham sy eerste geloofsuitspraak. Baie betekenisvol sê hy aan die dienaars wat moet agterbly: Ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom. Met ander woorde, ons sal terugkom. Hy sê dit in die geloof, nie om hulle te bluf nie. Tereg se Hebreërs 11:18: Abraham het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek. Hy was werklik van plan en gereed om Isak te offer, maar hy was net so absoluut oortuig van God se belofte-woord dat daar uit Isak ’n groot nageslag sou voortkom. Dan is daar mos net een moontlikheid wat oorbly, God sal Isak uit die dood opwek.

Kyk hoe verras die Ou Testament ons vandag. Geloof in die opstanding kom nie vir die eerste keer in die Nuwe Testament voor nie, maar by Abraham. Dis nie verniet dat hy genoem word, vader van die gelowiges nie.

Berg-op hoor ons Abraham se tweede geloofsuitspraak. Op Isak se pynlike vraag: My vader, hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir die brandoffer? Antwoord Abraham: God sal vir Homself die lam vir die brandoffer voorsien, my seun. Wat ’n weldeurdagte antwoord. Daarin was die Evangelie opgesluit vir alle eeue, alle geslagte. God sal vir Homself ’n Lam voorsien. Eers toe hy Isak vasbind besef die seun waar die offerlam vandaan kom. En hoe ongelooflik, daar is by hom geen verset, geen uitroep, geen worsteling nie. Gewillig laat hy hom bind, soos Christus eeue later in die tuin van Getsémané. Wie sal weet wat het daardie twee paar oë vir mekaar gesê toe Abraham sy seun op die hout neerlê? Hy neem die mes, onuitspreeklike emosies in twee harte. Die vaderhart wil skeur. Die kinderhart wag om deurboor te word. Meteens die dringende roep: Abraham, Abraham! En Abraham luister soos nog nooit in sy lewe nie. Moenie jou hand uitsteek nie en doen hom niks nie, want nou weet ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste van my nie teruggehou het nie.

Met daardie geloofsdaad, broeders en susters, het Abraham inderdaad sy offer gebring. Hy was daartoe bereid. En God het vir homself wonderbaarlik ’n brandoffer voorsien. ’n Ram wat nie net byderhand was nie, maar boonop maklik gegryp kon word. Isak hoef dus nie meer geoffer te word nie, maar daar moet beslis geoffer word. Die ram word net in Isak se plek geoffer.

Ja, hoe vreemd dit ook mag klink, die genadeverbond sluit straf in. Geen versoening sonder voldoening. Geen genade sonder betaling. God moes die dood eis as straf op die sonde. Daardie ram en al die plekbekledende offers deur die eeue heen, het heengewys na die eintlike plekbekledende Offer, wat deur God self voorsien is, Jesus Christus die gekruisigde.

Abraham het Isak ast’ware uit die dood terug ontvang omdat ’n ander in sy plek geoffer is, die ram. Die ram dan as tipe van Christus. So is Jesus die Lam van God, gebind en oorgelewer om ter wille van my sondes te sterwe. Die verbond van die genade, hou die belofte van ewige lewe, ja, maar dit hou ook in die bittere eis van die dood. Geen ewige lewe voordat daar nie gesterf is nie.

Ons wat tweeduisend jaar terug kyk begryp dat daar bokant sowel krip as kruis geskryf kan word: God voorsien vir homself ’n Lam. Sy Enigste wat hy liefhet het kom betaal met sy kosbare bloed vir die sondes, nie net vir Isak nie, maar van al God se uitverkore kinders. Sy Seun het self die hout gedra en is op Golgota op die hout neergelê. Daarna is Hy met ysterspykers aan die hout vasgeheg. Nie deur die bewende hande van ’n gebroke vader nie, maar deur liefdelose heiden-vingers, want sy Vader het hom verlaat.

Geliefde, as u deel wil hê aan daardie offer op Golgota, moet u uself ten volle verloën soos Abraham. Is u daartoe bereid? U het seker ook al ervaar dat God u op die proef stel? Verdra u dit geduldig, gelowig, ootmoedig? Of kla u aaneen, vol verwyte, selfs opstandig? Onthou, ook Abraham is nie net hierdie een keer beproef nie. God het hom dikwels op die proef gestel, maar dit was niks in vergelyking met die verpletterende opdrag om Isak te gaan slag en offer nie.

Wanneer God my roep om my Isak aan Hom oor te gee, moet ek bereid wees om met absolute selfverloëning alles aan Christus oor te gee. Met blymoedige onderworpenheid aan sy heilige wil , terwyl ek kinderlik gelowig berus. Sonder teëpraat, sonder vraagtekens.

Daardie Isak wat ek moet offer, kan enige iets of enige iemand wees wat met Christus in mededinging kom om die heerskappy oor my hart. Dit kan wees 'n familielid, my status, my betrekking, my belegging, my mooi liggaam. Selfs my boesemsonde waarmee ek nie wil breek nie.

Selfverloëning is egter nie die enigste eis nie. Die evangelie kom ook na my met die eis van die dood. Iets moet sterwe. Hoor hoe troos Romeine 8:13 ons: As julle deur die Heilige Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe. As God u op die proef stel, onthou, ons verdien eintlik niks minder nie as die ewige verdoemenis. Weet u hoe genadig is Hy? So genadig dat Hy vir Abraham dit gespaar het wat Hy bereid was om self te doen. Hy het naamlik sy eie Seun, sy enigste wat Hy liefhet met sy Goddelike liefde as offer gegee. En Hy het ons sy Gees gegee wat ons vergesel deur die donker doodsvallei tot in die ewige lewe, want Hy het vir Homself die Lam vir die brandoffer voorsien, soos wat Abraham geprofeteer het.

Amen

**Bylae 9. Deelnemer 6 (soos ontvang van deelnemer)**

**Teks: Genesis 22:1-18**

*Inleiding*

Liewe luisteraar, as daar nou een ding is waarvan kinders en studente glad nie van hou nie, dan is dit om eksamen te skryf!

Maar, kom ons vra eerder vanoggend wat is die doel van eksamen skryf. Ja wat is die doel van ‘n toets. Die doel van eksamen, die doel ‘n toets, **gaan nie noodwendig oor dit wat jy weet nie, maar dit gaan daaroor om aan jou te wys dit wat jy nog nie weet nie**. Dit is die doel van ‘n toets. Die doel van eksamen. Verder wys eksamen ook aan jou persoonlik, of jy werklik alles al mooi verstaan en begryp wat aan jou geleer is. Of jy dit al jou eie gemaak het.

En so was God ook besig in die lewe van Abraham en Sara. Om hulle te leer van kennis en vertroue in Hom. Ag, ons moet onthou, God het ‘n groot nageslag aan Abraham belowe. Dit het lank geneem voordat die belofte waar geword het. En na ‘n lang wag, het Sara toe swanger geword en ‘n Seun gebaar, met die naam van Isak. En nou in Gen 22 is dit vir Abraham en Sara weer eksamentyd.

En die doel van hierdie geloofstoets? Hierdie eksamen aan Abraham en Sara? God wil sien wat hulle in die leerskool van die lewe geleer het. Hy wil sien of hulle geleer het en of hulle weet wat dit beteken om te glo en geduldig te wees. God wil sien of hulle geleer het wat dit beteken om Hom, as Skepper, eerste in hul lewe te stel.

*‘n Onbegryplike opdrag aan Abraham*

Ag, vir enige ouer is Gen 22 sekerlik ‘n verskriklike geskiedenis. Om te dink, Abraham en Sara wag so lank vir ‘n kind. En "n ruk na die geboorte van die kind, kom God met ‘n onverstaanbare opdrag: “Abraham jy moet vir Isak, jou enigste seun, vir wie jy baie lief is, gaan offer!”

Ag wat moes nie alles deur Abraham se gedagtes gegaan het nie? Maar tog was Abraham gehoorsaam. Hy vertrek na Moria.

Inderdaad: Abraham is soos vers 1 sê, deur God op die proef gestel. Hy is besig om toets te skryf. Besig met eksamen. Al is dit nie vir hom lekker nie. Al is dit nie vir hom aangenaam nie. Hy moet toets skryf. Hy moet eksamen skryf. Want God weet hy het dit nodig.

As Abraham en Isak dan by Moria aankom, gaan net hy en Isak verder. En dan kom die vraag van Isak wat Abraham gevrees het: “My Vader, hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ‘n brandoffer?” Abraham antwoord dan dat die Here sy eie offerlam sal voorsien. Die heeltyd as die altaar

gebou word, dan moes Isak sekerlik gewonder het waar die offerlam is. Maar later moet hy met ‘n skok uitvind, dat hy eintlik die offerlam sou wees.

En dan ken ons die geskiedenis verder. Net voor Abraham vir Isak wil doodmaak, stop die Here hom, en ‘n ram word deur God voorsien om te offer.

*Die vraag bly: Waarom?*
Maar nou die vraag: Waarom? Waarom sou die Here dit van hom vra?

1. ‘n Geloofstoets
Eerstens omdat dit ‘n geloofstoets was.

Dit is so maklik om te sê dat ek God se kind is. Dit is so maklik om te sê ek is ‘n gelowige. Ek volg God Drie-enig! Dat ek deur Woord en Gees in sy diens staan! Maar weet u, om kind van God te wees. Om God te volg, dit vra om die prys te bereken soos Lukas 14 leer. Ja dit kos my my hele lewe. Dit kos my my eie-ek, my eie wil, my eie doelwitte. Dit kos dat ek in geloof die pad wat die Here uit sy Woord vir my uitwys sal stap, soos wat Abraham moes doen.

Ten spyte van die feit dat dit gelyk het of dit die einde van die belofte van ‘n nageslag vir Abraham sou wees, moet Abraham steeds in geloof aan God vashou. Vashou daaraan dat God nooit op sy beloftes sou terug gaan nie. Al het omstandighede iets anders gewys. Want vertroue in God vra dat ek deur die geloof sal wandel en nie deur aanskouing nie.

Ook u en ek spring nie eksamen in ons lewe vry nie. Daar is soms in ons lewe onverklaarbare dinge wat gebeur. Dinge wat mens voel onregverdig is. Dinge wat jou ook soms laat wonder of ‘n alwetende en almagtige God sulke dinge kan toelaat? Waarom moes ek my werk verloor? Waarom wil my huwelik nie uitwerk nie? Waarom wil probleme tussen pa en ma, probleme by die huis nie einde kry nie.

Ja inderdaad: Dit is eksamen tyd. Ja ons almal skryf een of ander tyd ‘n geloofstoets. En die doel daarvan? Dit is om vir my te wys wat ek nog nie weet nie. Dit is om vir my te wys wat ek nog moet leer.

2. Die Gewer en sy gawes
Maar tweedens wil hierdie geskiedenis van Abraham vir u en my ook daaraan herinner, dat dit so maklik kan gebeur dat God se gawes. God se seëninge. God se talente in jou lewe belangriker word as God self. Daarom die eksamen van my lewe. Die toets van my lewe wil vir my wys of God nog wel die kern en middelpunt van my bestaan is?

Abraham moes leer dat God steeds belangriker was as die belofte van ‘n nageslag. God moet in die middelpunt van Abraham se lewe staan. Dit sou so maklik vir Abraham en Sara kon gewees het om vir Isak as ‘n soort afgodjie te hanteer. Want hulle het dan immers so lank vir hom gewag. En nou is hy hier. Dit kon vir hulle so maklik wees om Isak en hul nageslag eerste te stel en vir God tweede. Hulle het mos nou wat hulle wou gehad het. Daarom is God mos nou nie meer nodig nie!

Nee, die Woord van God leer immers: Jy moet God lief hê bo alles!!

God gee aan ons geld, eiendom, ‘n werk, kinders en familie. En hoekom gee Hy dit aan ons? Hy gee dit aan ons om Hom daarmee te dien. Ons moet dit aanwend in sy koninkryk. Hy gebruik ons om sy getuies te wees. Gebruik ons om ‘n verskil in ander mense se lewens te maak. Die gevaar is net: Ek kan so maklik ‘n gawe wat God aan my gegee het, in my lewe vasgryp en vertroetel en so vergeet om die Gewer van hierdie gawe raak te sien. Ons kan so maklik ons loopbane, ons kinders, ons huwelike, ons vriende, ons taal en kultuur, selfs die kerk, bo God stel.

Maar nee, as gelowige moet ek God liefhê bo alles!!

*God gee alles, maar vra ook alles*

Derdens wil Gen. 22 ons vandag leer dat dit gaan ook oor my toegewydheid aan God en my prioriteite in die lewe. **Ja God gee alles aan ons maar Hy vra ook alles van ons**.

En Hy kan alles van ons vra want Hy het immers sy enigste gegee. Ja God die Vader het sy eie Seun, Jesus Christus, die offerlam gemaak. Dit sodat elkeen wat nou in Christus glo, se sonde skuld betaal is. Ja alleenlik deur Christus ontvang jy nou rus en vrede in die hart. Rus en vrede in ewigheidsterme.

**En daarom, dié mens wat werklik besef wat dit gekos het om hom/haar vry te maak van die mag van sonde, so mens kan nie anders as om in dankbaarheid uit te roep nie: “Here, hier is ek. Neem my lewe laat dit tot U eer wees, meer en meer!”**

Het u en ek al die geloofstoets geslaag? Is ons bereid om die eie-ek te kruisig, en Christus onvoorwaardelik te volg?

Aan die einde van die lewe van Abraham sien ons iets van hierdie toegewydheid, van hierdie offer wat God vra. Abraham het uiteindelik geleer waaroor ‘n verhouding met God gaan: God gee alles. Hy gee aan my sy liefde en teenwoordigheid. Hy gee aan my sy Seun. Hy gee aan my verlossing en die ewige lewe. Hy gee aan my die Heilige Gees.

En omdat dit ‘n “alles”-verhouding is, waarin God alles gee, vra God dus ook alles van my. Daar is niks wat ons vir die Here kan gee wat Hy nie alreeds vir ons gegee het nie. Daarom vra Hy van my my eie belange, my eie ambisies en my eie wil. Hy vra van my my tyd, my geld en my beroep. Hy vra van my my gesin en kinders. Hy vra van my niks minder as my eie lewe wat ek as ‘n offer voor Hom moet uitgiet, want dan is ek bruikbaar in sy diens. In sy koninkryk.

En waarom is ons dan dikwels so vol verskonings as dit kom by ons ouerskap. By ons dienswerk in die gemeenskap. Ons betrokkenheid by die kerk. Ons betrokkenheid by die nood van mense rondom ons? Hoe kry ons dit reg om ‘n God wat alles aan ons gegee het, eenkant toe te stoot as dit by Bybelstudie en gebed kom? Hoe kry ons dit reg??

*Slot*

Liewe luisteraar, Abraham het ‘n geloofstoets geskryf. En hy het geleer wat dit beteken om God onvoorwaardelik te dien en lief te hê.

Die vraag is net: Verstaan u en ek? Het ons al geleer wat dit beteken, om ons alles vir die Here te gee! AMEN

**Bylae 10. Deelnemer 2 (soos ontvang van deelnemer)**

**Teks: Genesis 22:1-18 en Romeine 12:1 en 2**

Jy het vanoggend besluit om na hierdie boodskap te luister – miskien omdat jy 'n gelowige Christen is en 'n behoefte het aan stilword voor God … óf miskien omdat die radio toevallig jou aandag getrek het toe jy verbystap. Jy weet alleen. Ek wil vanmôre sommer met die intrapslag jou onverdeelde aandag vra met 'n eienaardige vraag: "Het jy al in jou Christelike lewe aan die Here 'n offer gebring, wat jy met 'n swaar hart en met huiwering gebring het omdat die eis vir so 'n offer net onmenslik te groot was?" **-** Ek wens ek kon jou en ander se getuienis hoor oor so 'n offer! Belangriker nog: Graag sou ek wou hoor wat die gevolge van daardie offer vir jou was! God roep 'n mens soms juis om die onmoontlike offer aan Hom te bring. Dikwels om jou te leer wat die vrug is van gehoorsaamheid en dit is dikwels seëninge meer as wat jy ooit voor kon bid of dink. Natuurlik is ek nie gehoorsaam terwille van 'n prys wat ek moet ontvang nie, maar God vra gehoorsaamheid omdat ek Hom liefhet.

God toets jou ook dikwels in jou gehoorsaamheid of dit waarlik daar is omdat jy onvoorwaardelik Hom vertrou en totaal oorgegee aan Hom behoort. Ware en redelike godsdiens lê dan in 'n verhouding met God wat allesoorheersend is in liefde, dankbaarheid, genade en 'n lewe van vreugdevolle oorgawe. Paulus skryf bv. aan die Romeine wat ware Christelike godsdiens is deur sy woord in Rom. 12:1 en 2: ***"Ek vermaan julle dan"*** – in die Ou Vertaling.

En dan lees ons in die Nuwe Vertaling:

***"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God. Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en anneemlik en volmaak is".***

Hier spel Paulus dit duidelik uit dat God van my 'n geofferde lewe vra wat my denke, my lewe, ja selfs my liggaam vra! Dit is die wesenlike van gelowig Christen wees! Wat beteken dit? Niks anders as onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God en Sy Woord nie.

In Rome het sommige van die heidengodsdienste selfs gevra dat kinders op brandstapels geoffer moes word vir die heidenafgode. Wat 'n ontsaglike offereis?! Dit het Christene in Rome gewalg en verafsku. Nou gebruik Paulus die voorbeeld van algehele oorgawe in die vorm van totale offer as hy vir die Christen ware Christelike godsdiens, ja die wesenlike van die Christen se oorgawe aan God beskryf. 'n Offer van jouself ASOF jy jouself offer op 'n brandstapel. Waarom? Dit is wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. En nou vra Jesus jou om jouself in dankbaarheid vir jou verlossing jou hele menswees aan Hom te offer. Dit is tog wat mense doen as hulle in die huwelik tree. Hulle offer hulleself vir mekaar. EN hoe eerliker en meer hulle hulself toewy aan mekaar hoe meer groei hul liefde, geluk en

vrede met mekaar. God vra jou volledige toegewyde, of beter gesê, offer van jouself, en jy sal ervaar dat jou godsdiens nie enige straf inhou nie maar vryheid, vreugde en vrede!

Wat dan nou van Abraham wat die opdrag kry om sy seun te offer soos 'n dier? Kan jy jouself indink in wat in Abraham se hart moes plaasvind toe hy geworstel het met die bevel van God?! Hierdie seun van hom waarvoor hy en Sara hulle hele lewe lank gewag het! Eers toe hy nege-en-negentig jaar oud was is Isak, sy enigste, gebore. Hierdie seun van vreugde, ja, 'n wonderwerkseun – OP 'n BRANDSTAPEL??! "Hoe kan God so iets van 'n mens verwag?" -
Dit is sekerlik die vraag waarmee Abraham nagte lank geworstel het. Hoe Here, - HOE? – Maar Abraham het juis in die jarelange wag vir die geboorte van sy seun, ja, ook in die wegtrek na die onbekende nuwe land uit sy vaderland geleer om God te vertrou en te glo op so 'n wyse dat gehoorsaamheid vir hom 'n lewenswagwoord geword het.

MAAR!

Here my lieflingkind, my enigste, Isak OFFER?! - Waw – Here dis te erg! …

Weet u, die Bybel praat niks van Abraham se worsteling met hierdie eis van God nie. – Dink net 'n slag aan die dolksteek in Abraham se hart toe Isak in Gen. 22:7 vra: *"Pa? … Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?"* – 'n BRANDOFFER!! Dit is seker die ergste wat 'n vader ooit kan beleef. Wat sê 'n mens in daardie situasie? Wat doen jy? … 'n Mens sou verwag dat Abraham net daar alles sou los, … sy kind huistoe sou vat! OM daar sy hart te gaan uithuil omdat hy moes kies tussen sy liefde vir God en sy liefde vir sy seun – Ondenkbaar. Hy kon dalk, as ons sou moes kies, geredeneer het: God sal verstaan, Hy is mos genadig en het sekerlik begrip vir vaderliefde? Die ongelooflike gebeur egter. Hy vertrou God blindelings! Hy is blinderlings onvoorwaardelik gebind aan sy gehoorsaamheid aan God. Hy WEET net … GOD WEET BETER! En dan hoor jy Abraham sê: *"My seun, God sal sy eie offerlam voorsien"* (Gen. 22:8). Kan jy dit glo, dat 'n mensekind so onvoorwaardelik glo, … so onvoorwaardelik vertrou op God. <u>Dit is onvoorwaardelike gehoorsaamheid</u> – 'n vertroue op God al sien, voel en ervaar jy niks as net God se opdrag!! En as ek nou na **my** gehoorsaamheid aan God se Woord kyk, krimp ek ineen van verslaende skaamte.

Vir ons is dit te veel gevra: maar weet u, as jy gehoorsaam aan God is, is die resultaat verstommend! God het nie alleen 'n offerlam aan Abraham voorsien nie, maar Abraham tot in sy verste geslagte geseën. Hoor wat staan in Gen. 22:16-18*:* ***"Dit is Ek, die Here wat praat. Ek lê 'n eed af by Myself dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.***

***Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see.  Jou nageslag sal die stede van sy vyande in besit neem.  In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My GEHOORSAAM"***.

Jesus kom dan ook vir ons die hoogste vorm van gehoorsaamheid uitbeeld as Hy in gehoorsaamheid aan Sy VADER juis die offerlam, in ons plek, aan die kruis word om vir jou en my te verlos.

Wat beteken GEHOORSAAMHEID aan God nóú vir jóú?

Gehoorsaamheid aan God vra dikwels groot offers, maar as jy gehoorsaam is, baar dit groot VERRASSINGS!  Buig dus nou af in gehoorsaamheid aan dit wat God in jou hart lê om te doen.  Buig net so ook voor die eise van Sy Woord!

Onthou Abraham se geloofsgehoorsame woorde:  My seun, God sal sy eie offerlam voorsien.  "Sien jy Jesus in die antwoord?"

Amen

**Bylae 11. Deelnemer 5 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 25:28-34**

Lensies is, as ons dit reg verstaan, ’n tipe van ’n peulvrug wat geplant is, veral in Egipte het ons dit gekry. Dit was ’n baie belangrike voedselsoort vir die mense van daardie tyd. En as ons kyk na die lensie, dan sien ons dis ’n , ’n vlinderbloemige. Hierdie blommetjies wat die lensieplant dan nou gemaak het, was so ligpers, wit en geel blommetjie wat dan op ’n lang steel was en dan het ons twee of drie stele bymekaargekry en dan het ons ’n witgrys en rooibruin sade gekry. Nou hierdie sade is dan nou pap gekook. ’n Tipe van ’n sop of ’n potjiekos wat daarvan gemaak is. En dan baie keer wanneer dit nou maar swaar gegaan het met die mense, het hulle dan nou hierdie sade so gekook en nou deel van ’n brood gemaak. Hulle het suurdeeg en so aan saamgevoeg en dan het hulle op daardie wyse hierdie lensies in brood geplaas en dit geëet. Die heel bekendste en die heel lekkerste van die lot was dan nou juis die rooi lensie. Geurige kos vir ’n honger maag.

Isak was baie lief vir Esau. Rebekka weer vir Jakob. Esau was die man van die veld en Jakob het aan die rokspant van die moeder geleef. Esau was baie onverskillig en Jakob aan die ander kant was weer baie verantwoordelik. En daarom, daarom sien ons dat hier ’n interessante ding gebeur dat die eersgeboortereg dan verskuif van die een wat eersgeborene was, Esau, na Jakob. Jakob was nie veronderstel om dan juis die patriarg te wees nie. U sien, met die eersgeboortereg kom daar ’n voorreg, maar ook ’n verantwoordelikheid. Die eersgeborene was dan nou die hoof van die huis. Hy het twee keer meer as die ander kinders gekry. Hy was dan ook gewoonlik die geestelike hoof. Die stam- en familienaam is deur hom dan nou voortgesit. Eersgeboortereg is dan nou gegee aan elkeen wat in hierdie familie die naam moet dra. So sien ons dat Esau dit behoort te gewees het. En Jakob? Jakob steel dit weg. Jakob steel dit weg van hierdie onverskillige met ’n goeie rede, want Jakob was die een wat Gods oog gevang het. Jakob was die een wat God kon sien hier kan ek hom vertrou. Hier is ’n verantwoordelike. En hoewel Jakob soos ons gister gehoor het, weggehardloop het, weet ons God het in hom die potensiaal gesien en gee die eersgeboortereg aan hom oor.

U en ek vandag, as ons sê dat ons kinders van die Here is, as ons sê dat ons Christene is, dan beteken dit u en ek het die eersgeboortereg van God ontvang. Ons is die Esaue of die Jakobs. U sien, wanneer ek die Esau is as kind van die Here, dan is dit ek wat onverskillig met God leef. Is dit ek wat maklik daarvan sal wil afstand doen ter wille van die wêreld soos Esau gemaak het. Hy het sy eersgeboortereg het hy dan nou verag. Hy het dit eenkant toe geskuif. U en ek as eersgeborene kan ’n Jakob wees. Jakob wat met verantwoordelikheid juis die koninkryk van God opbou. Juis onder krag van die Heilige Gees die evangelie uitdra.

Ons sien dat ons ook baie keer skuld het aan Esau se sonde. En ek wil graag hê u moet mooi hoor en miskien dalk uself in Esau raaksien, sodat ons juis dit kan uitwys in hierdie oggend en dit kan bely. Ons

sien vir Esau raak wat die materialistiese en die kompeterende natuur bo die geestelike verantwoordelikheid kies. Miskien u en ek ook. Ons sien vir Esau raak wat vandag se behoeftes bo die ewige, geestelike behoeftes kies. Ons sien vir Esau wat die liggaamlike bevrediging bo die geestelike groei en diens kies. Ons sien vir Esau wat net vir homself, vir die hier en die nou lewe en die toekoms en sy familie en die verantwoordelikhede wat God hom wou gee as eersgeborene, verag. Miskien het u en ook hierdie verkeerde keuses al in ons lewe gemaak. Miskien te veel die hier en die nou beklemtoon in ons besluite. In plaas daarvan om daardie roeping en daardie dinge wat die Here van ons vra, te gaan uitleef.

God kom bevestig vanoggend dat elkeen wat My kind is, is my oogappel. Is die een aan wie Ek die eersgeboortereg oorhandig het. Die erfporsie is die ewige, die wonderlike van die hemele. Nou wil die Here maar net kom seker maak dat ons nie ’n Esau is nie, maar juis ’n Jakob. Dat ons daardie geestelike verantwoordelikhede sal opneem, daardie geestelike behoeftes eerste sal aanspreek. Daardie geestelike groei en diens sal nastreef en vir Jesus, die opgestane Here, sal leef. Amen.

**Bylae 12. Deelnemer 5 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 32:22-32**

Miskien dalk ’n vreemde gedeelte in hierdie tyd tussen die opstanding en die tyd wat Jesus dan nou aan sy dissipels verskyn het, dan die hemelvaart en later die uitstorting van die Heilige Gees. Miskien dalk vreemd om dan nou hierdie geskiedenis deel van Jakob aan te hoor. En tog, tog is hier ’n baie belangrike (boodskap) wat ons moet verstaan ook wanneer ons dink oor die opstanding en dit sien ons en hoor ons in vers 30: “Toe noem Jakob die plek Pniël, want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig en tog is my lewe gered.”

Van aangesig tot aangesig met God. Die opstanding van ons Here Jesus wil dat ons juis hierdie voorreg mag geniet, naamlik om van aangesig tot aangesig met God te kan kom. Toe Jesus sterf, skeur die voorhangsel in die tempel as ’n beeld vir ons sodat ons nou vrye toegang tot God het. Jakob ontmoet God op ’n besondere wyse. Jesus, na sy opstanding, wil hê dat sy dissipels en ook ons vandag, Hom moet ontmoet op ’n besondere wyse. U en ek kan voor God kom staan in vrymoedigheid, maar kom ons begin en leer hier van Jakob.

In Gen. 12:1-3 kom God na Abram toe en Hy roep vir Abram om die stamvader te wees, die geloofsvader te wees vir die volk van God. En as Hy dan nou vir Abram roep, roep Hy sy hele nageslag om deel te wees van hulle wat die volk Israel sou voorgaan as leiers, maar besonder as geestelike leiers. In Gen. 28:12-17 lees ons van Jakob se uitverkiesing. Lees ons van Jakob wat ’n doel ontvang. God kom roep vir Jakob besonderlik en sê: Jy is afgesonder vir My. Jy moet voorgaan sodat jou volk kan volg, sodat my volk My kan ken, sodat my volk van aangesig tot aangesig met My kán kom. Jakob word daarvoor geroep. Hy is daarvoor uitgekies. Alhoewel hy op ’n baie slinkse manier dan nou juis dit kon ontvang, hierdie roeping kon ontvang.

In 1 Pet. 2:9-10 lees ons van ons uitverkiesing. Lees ons van ons roeping waar God na ons toe kom en sê maar elkeen van julle as my kinders het ’n besondere roeping en daardie roeping begin in aangesig tot aangesig met die lewende God.

Kom ons kyk ’n bietjie wat het Jakob gedoen met sy roeping, met sy uitverkiesing. Ons lees en ons sien dat Jakob dan nou nalatig word. Daar is min getuienis van Jakob se verhouding met God wat ons ontvang uit die Woord. Ons lees maar net dat Jakob ’n vlugteling geword het. Hy het nalatig geword met sy godsdiens daar waar hy dan nou by die familie van Laban was. Jakob se huwelike en sy voorspoed getuig van ’n afskeep van God en ’n afskeep van sy roeping. Hy word nalatig oor God se plan met hom. Klink dit miskien bekend vir u en my? Ons wat uitgekies is, ons wat geroep is, ons wat die voorreg het om van aangesig tot aangesig voor God te kan staan. Miskien het ons ook nalatig geword en daarom moet u en ek

in hierdie oggend maar eerlik met onsself wees. En as ons nalatig is, dan wil die Here hê ons moet dit verander. Dan wil die Here met ons in ’n konfrontasie kom tree soos met ’n Jakob.

In Gen. 31:13 sien ons God kom na Jakob toe vir nog ’n keer en Hy roep hom weer. Hy roep hom om dan nou daardie aartsvader, godsdiensleier te wees vir die volk Israel. In Gen. 32:1-2 kom daar ’n bevestiging na Jakob dat God met hom is. En dan in dieselfde hoofstuk, vers 3-8, sien ons dat Jakob loop hom vas hier in ’n groot krisis. En daardie krisis se naam was Esau. Hy moes die broer wat hy verkul het, moes hy weer van aangesig tot aangesig sien. En God kom dan nou en berei vir Jakob voor. Jakob stuur sy mense deur die rivier om Esau tegemoet te gaan en bly alleen agter en bid. Hy roep God aan. Die God van sy voorvaders – van Abraham en van Isak. En hy pleit dat die, dat die woorde wat God na hulle gebring het, die beloftes wat Hy gemaak het, juis nou sal waar word vir hom, wanneer hy ook Esau tegemoetgaan. Hy bely sy afhanklikheid en hy bevestig God se grootheid in hierdie gebed. En toe? Toe tree hy in worsteling met God.

Van aangesig tot aangesig oor al die dinge wat in sy hart broei. Daardie vrae wat hom terughou. Daardie lank afwesig wees van God. Dit is die worsteling wat hy met God gehad het. En ons lees hier dat God eintlik kom erken het hy oorwin het. Hy wat Jakob is, oorwin het. Dit is tog nie dat hy oorwin het nie, maar dat God toegee. Dat God op ’n punt kom dat Hy sê: Nou is Jakob gereed. Hy was in aangesig tot aangesig met My en hierdie konfrontasie het hom geleer. Hierdie konfrontasie het hom weer sterk gemaak en hom die bereidwilligheid gegee om weer op te staan en sy roeping op te neem. En so sien ons: Jakob is verander. Van aangesig tot aangesig met God bring ’n verandering. Daar was ’n hartservaring met God. God word weer ’n stuk groot werklikheid vir Jakob. U sien, Jakob het vir God eenkant toe geskuif en Jakob het probeer weghardloop. Jakob het gevlug, nalatig geraak. En nou kom staan God weer voor hom met ’n hartservaring en Hy herstel vir Jakob. Jakob word Israel.

Israel verwys na die prins van God. Jakob word die prins wat God dan gebruik om sy koninkryk te herstel. Jakob is verander na hierdie aangesig tot aangesig ontmoeting met God. En nou is dit die Here Jesus wat voor u en my kom staan. Van aangesig tot aangesig ook vir ons konfronteer en sê: Het jy verander? Het jy dit reggemaak, het jy weer jou roeping opgeneem? Daardie nalatigheid in jou Godsdiens, het jy dit herstel? Want sien, Jesus het opgestaan juis daarvoor. Sodat u en ek van aangesig tot aangesig met Hom vandag kan wees. As dit ’n worsteling is, dan is dit so. Ons moet verander. Elke dag verbeter. En so wil die opgestane Here dit ook van u en my kom vra: Kom staan jy op. Kom staan hier voor My. Laat ons mekaar in die oë kyk, laat ons die sake uitmaak. Laat ons die roeping op jou skouers weer bevestig en jou bereidwillig uitstuur. Amen.

**Bylae 13. Deelnemer 5 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 37**

Josef het as ’n jong man in diep moeilikheid beland as gevolg van sy drome. Hy het in ’n huis grootgeword waar sy broers baie jaloers was op hom. Hy was die geliefde van sy pa, Jakob. Josef se droom het daartoe aanleiding gegee dat al die broers gedink het dat Jakob vir Josef ’n leiersposisie in die familie wou gee. Josef was nie gewild nie en toe Josef die laaste droom aan hulle vertel, was dit die laaste strooi en daarom het hulle die kans aangegryp om van hom ontslae te raak. Die droom het vertel dat almal voor hom, voor Josef dan, sal buig.

Drome fassineer die mens van die vroegste tye af, soos maar ook vir ons vandag. My droom laat my goed of sleg voel, bekommerd of opgewonde. Ons praat van drome ook in die sin dat dit wense is – strewes in die lewe en soms motiveer sulke drome ’n mens tot groter hoogtes. Josef se drome kon in die sin dalk verstaan word dat dit hom tot groter hoogtes wou lei. Dit is dalk sy droom gewees om eendag ’n koning te wees en voor wie almal sal buig. Drome, volgens Freud, is almal interpreteerbaar en is almal die waarmaak van ons wense. Dr. Latburry sê: Die stimulus vir ’n droom, kom van dinge wat die vorige dag gebeur het. Deur simbole, prentjies en beelde word die gebeure gebruik as die agtergrond waarop my hoop, vrese en diepste begeertes gebou word. Dit word ondersteun deur die ervarings in my lewe. Sommige teorieë stel dat drome afkomstig is van wat in my onderbewuste gebeur. My onderbewuste laat baie dinge in my lewe dan nou na vore kom. Sommige sielkundiges beweer dat dit is wat ek in my slaap gebruik om my probleme uit te sorteer. Sommige uitvinders en wetenskaplikes beweer dan ook dat baie van hulle idees kom in drome na hulle toe. Sommige drome is fantasieë, sommige is nagmerries, ander weer simpel. So is al ons drome maar verskillend.

Josef se drome egter was profeties. Die Genesis skrywers vertel dat die drome sy Goddelike doel uitgespel het. Dit was beskou as openbarings van God self. Josef se lewe het bevestig dat sy drome openbarings dan van God wel was, asook aan sy vader, sy broers, maar ook die hele volk van God. Vandag bespiegel ons baie oor die betekenisse van drome en tog mag ons nooit vergeet nie dat God vandag nog deur drome met ons as mens kan praat.

Wat is ons drome? Is hulle vreesaanjaend? Is hulle mooi en goed? Sal ons beter mense wees as ons drome waar word? Kom ons kyk ’n bietjie. Die oorsprong van Josef se drome, die grondslag van Josef se drome kom van sy pa af. Josef was die oudste seun van Jakob se geliefde vrou en daarom sal Josef alles wat aan sy vader behoort het, dan nou kry by sy dood. Sy pa gee vir hom ’n kleed wat juis hierdie verwagting onderstreep. Nou, as gevolg daarvan, is dit te wagte dat Josef sulke drome sal droom. As ons die sielkundiges se bespiegelinge aangaande drome dan aanvaar. As ons na Josef se lewe kyk, besef ons dat die drome openbaringe, profesieë en roepinge van God self was. Hierdie drome was almal mooi en het die goeie uitgewys.

Daarom, ons drome, die mooi drome, wat vertel dit vir ons? Is ons seker dat dit nie dalk God is wat dalk openbarings aan ons wil bring nie? Dalk roepinge wil gee of profesieë wil bekendmaak nie? Die oorsprong van ons drome mag as gevolg van ons omstandighede wees wel, ja, miskien ons vrese of ons wense, maar u en ek as kinders van die Here mag nooit vergeet nie: God kan in drome met ons kom praat en word Hy die oorsprong van ons drome. Drome het egter opofferings, vra maar vir Josef. Josef was baie naïef en het al sy drome aan sy familie vertel. Sy broers het niks daarvan gehou nie en het hom verwens. Selfs daaraan gedink om hom dood te maak. En tog gooi hulle hom in ’n put en later verkoop hulle Josef aan reisigers en op die ou eind beland hy in Potifar se huis in Egipte.

Josef se drome het hom alles laat verloor. Sy pa, ma, broers, inteendeel, hy word ’n slaaf en onregverdiglik in die tronk gegooi waar sy drome hom eers vêrder in die moeilikheid kry. En later weer daaruit. Sy lewe was hel as gevolg van sy drome. Tog het dit nie opgehou nie. Dit was openbarings van God oor sy roeping, oor sy doel. Ons drome laat ons ook besef dat God ons roep. Dat God Homself aan ons openbaar. Die probleem is omdat ons weet dat as ons na God luister deur ons drome en ons begin dit uitleef en doen, sal dit dalk moeilik raak in ons lewens. Daarom vergeet ons so graag sulke drome. Christene onder opdrag, mag nie die drome waardeur God met ons praat ignoreer nie. Kom ons luister na ons drome en hoor God se stem en doen wat Hy vra.

Die waarde van Josef se drome- Josef het deur sy drome te gehoorsaam, juis dit gedoen en geword wat God van hom wou hê. Josef het die hooggeplaaste in Egipte geword voor wie sy hele familie gebuig het, net soos sy drome dit uitgewys het. Josef het deur sy drome te gehoorsaam, die instrument in God se hand geword wat die volk Israel van ’n gewisse ondergang en hongersnood gered het. Die drome wat God gebruik om Hom aan ons te openbaar, het net waarde as ons daarop reageer. Natuurlik sal die drome wat die lelike van die lewe weerspieël net die slegte uit ons bring en ons laat afstomp van toegewing aan die drome. Wanneer ons die drome koester waar ons aanvoel dat dit God is wat met ons handel, moet ons daarop reageer. Daarom moet ons met mekaar daaroor praat. Moet ons met God daaroor praat en soek na die boodskap ook vir ons. Maar ook moet ons juis die dinge bedink wat daarbo is. Sien, selfs Josef se drome is deur die invloed en gesprekke van sy vader beïnvloed en so word ons as Christene onder opdrag daartoe geroep vanoggend, om juis ons dag so deur te bring dat dit weg baan vir God om Homself aan ons te openbaar, ons te roep en ons te gebruik.

Kom ons begin droom oor die hemel. Oor dit wat God kan doen, oor dit wat ek vir God kan doen. Nou, hier in my gesin, my familie, in my kerk, hier in my gemeenskap. U sien, as ons begin droom sal ons die openbaringe en roepinge van ons Here Jesus helder hoor. Al is dit met opoffering, ons sal wees dit wat God behaag. Amen.

**Bylae 14. Deelnemer 6 (soos van deelnemer ontvang)**

**Teks: Genesis 40:1-23**

*Inleiding*

Toe God die aarde geskape het, het Hy in sy raad besluit dat Hy die mens wil gebruik om oor die werke van sy hande te heers. Ja ons lees onder andere daarvan in Ps. 8. Dat Hy die mens sal roep om te arbei in sy koninkryk.

En nou is dit so dat God roep nie altyd die mees bekwame, of die slimste, of die invloedrykste mense nie.

*God roep mense*

Daar word dan ook dikwels die vraag gevra: Hoe kan ek as sondaar mens, mee werk aan die uitbreiding van God se koninkryk? Die antwoord: Deur te luister wat God in sy Woord sê en dit te gaan doen! Want dié mens wie se hart al venuwe is deur die Woord en Gees, vir so mens is niks in die lewe belangriker as God se Woord en sy opdragte nie.

En so lees ons in Genesis 40 van ‘n gewone sondaar mens met die naam van Josef. Josef wat deur die Here geroep is. Josef wat die wil van God gesoek het. Josef wat verleenthede deur die krag van God, omgeskakel het tot geleenthede waar God verheerlik is.

Ag ons ken die geskiedenis van Josef in die tronk. Onregverdig word hy in die tronk gegooi. Ja onregverdig omdat ‘n ander man se vrou na hom gekyk en hom gesoek het. En nou sit hy in die tronk – onskuldig. En dan lees ons in vers 1, dat ‘n ruk nadat hy in die tronk gegooi is, die skinker en die bakker van die koning, ook in die tronk gegooi word.

Maar tog sien ons die verskil duidelik. Tog sien ons die kontras: Die skinker en bakker word in die tronk gegooi omdat hulle verkeerd opgetree het of gesondig het teen hulle koning, maar Josef sit in die tronk omdat hy geweier het om **teen** God te sondig!

Stel uself vanoggend bietjie in die skoene van Josef? Wat sou u en ek in sy omstandighede gedoen het? Die kans is baie goed dat ons dadelik almal met wie ons praat en mee te doen kry, duidelik sou laat verstaan dat ons sit eintlik onregverdig in die tronk. Ons sou so maklik teenoor die bakker en die skinker afgepak het, oor die onregverdigheid van ons tronkstraf! Die onregverdigheid van die regstelsel.

Maar Josef, wat doen hy? Toe Josef die eerste geleentheid kry om God te eer en te verheerlik, het hy dit gedoen. Vers 8 bevestig dit, as Josef vir die bakker en skinker sê om hulle drome waaroor hulle ontstemd was, vir hom te vertel. **Want sy God sal dit vir hulle uitlê.**

Ja, so gebruik Josef hierdie geleentheid om die eer aan die Here te gee. Om mee te werk aan die uitbreiding van **sy** God se koninkryk! Josef het geweet: God belowe nie noodwendig dat Hy ons uit al ons aardse probleme gaan red nie. Nie in tydelike terme nie. Nee, maar God belowe wel dat Hy altyd by ons sal wees. Daarom sê Hebreërs 13:5 onder andere: "Wees tevrede met wat julle het, want God het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."

En dan lees ons, in Hoofstuk 41:1, dat dit twee jaar geneem het, voordat daar weer aan Josef gedink is. Want ewe skielik op 'n dag gaan die tronkdeure oop en word Josef geskeer, skoon aangetrek en verskyn hy voor die Farao, om ook dié se droom uit te lê. Mens kan nou seker dink dat na twee jaar moes Josef nie meer veel hoop gehad dat die skinker aan hom sou dink nie. Maar tog toe hy dit die minste verwag, het God dit so beskik dat Josef weer vrygelaat word.

Kan u en ek die boodskap van Josef se geskiedenis opmerk? Josef het nie opgetree en gehandel op grond van sy omstandighede en gemoedstoestand nie. Hy het nie soos baie van ons gewandel deur aanskouing nie, maar hy het gewandel deur sy geloof in God. Sy geloof en die wil van God het sy denke, gesindheid en keuses beheer.

En die uiteinde van alles? Josef het 'n verskil gemaak. 'n Verskil wat werklik saak maak, omdat hy God daardeur verheerlik het. Want wat help dit jy wen die hele wêreld maar jou eie siel ly skade?

Ook in u en my lewe kom daar soveel geleenthede daagliks op ons pad, waar ons in diens van God **moet** staan:

Daar waar mense rondom die braaivleisvure mekaar aftrek met negatiewe kommentaar, of opinies lig wat persoonlik is en seermaak – dat ek nie daaraan sal deel neem nie, maar dat ek die lig sal wees. In liefde teregwys waar nodig en sodoende Christus verheerlik en Hom as Here en Koning sal erken van die geselskap!

Waar iemand by die werk teenoor 'n kollega valse getuinis lewer of oneerlik optree – dat ek nie net my kop anderkant toe sal draai nie, maar so persoon sal voed met die gesonde woorde van die geloof! Of soos II Tim. 4:2 sê, dat ek die Woord sal verkondig tydig en ontydig. Dat ek deur die Woord sal weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering!

Ja daar is soveel geleenthede wat u en ek in diens van die Here moet staan. En hierdie geleenthede is meeste van die tyd nie geleenthede by die kerk nie, maar dit is geleenthede by die huis, by die werk, in my vriendekring.

Maar dit gaan van my as gelowige vra, om te luister wat God in sy Woord sê en dit te doen. Daarom gereelde omgang met God se Woord is en bly belangrik.

*Maak 'n verleentheid 'n geleentheid*

Geliefdes, probleme en verleenthede in ons lewe moet omskep word in geleenthede om God se Naam en sy Eer te verkondig.

En dis nie net Josef wat verleenthede gebruik het om God te verheerlik nie. Nee, ons lees in die Bybel van Abraham, Moses, Dawid, Daniël, Samuel. Ook lees ons van Paulus. Hoor net wat skryf hy onder leiding van die Heilige Gees in Filippense 1:12-14:

"En ek wil hê dat julle moet weet, ... , dat wat (ek) ... wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander, en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertroue gekry het, dit des te meer waag om die Wood onbevrees te spreek."

My swaarkry en menslike tekortkominge, wil my dikwels herinner aan die swaarkry van Christus vir my. Ja Jesus Christus die Seun van God, wat vir elkeen wat in Hom glo se sondeskuld gesterf het. Hy, Jesus Christus, het die lydings pad gestap, gesterf aan die kruis om dié wat in Hom glo 'n ewigheid in die hel te spaar. En o ja, die Bybel waarsku ook duidelik: Elkeen wat nie deur die geloof aan Christus verbind is nie, sal vir ewig, **sonder God,** die pad stap wat Christus gestap het! Vreeslik is dit, om sonder Christus te val in die hande van die lewende God.

Maar my probleme en menslike tekortkomings hou my dikwels nederig en naby aan die voete van Christus.

Ook dwing my probleme en my tekortkomings my, om vooruit te kyk na die ewige heerlikheid. So versterk probleme my geloof.

En soms wil my probleme en my tekortkomings God se krag en almag aan my kom wys.

En juis daarom het Josef, Abraham, Moses, Dawid, Daniël, Paulus en vele ander besef, dat daar meer agter leiding lê as bloot pyn en verdriet. Paulus onder andere het hierdie lyding van hom in die tronk in Rome, as geleentheid gesien om vir die Here te getuig!

Mag u en ek, soos Josef, nie deur aanskouing wandel nie, maar deur die geloof! Ja mag ons doen dit wat God in sy Woord sê.

*God rus toe om 'n verskil te maak*

Geliefdes, wanneer God mens roep om sy kind te wees, dan rus Hy jou ook toe om in sy diens te staan. Hy rus jou toe met gawes wat jy van die Heilige Gees ontvang. Gawes soos: Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

En Hy rus jou toe met sy gawes, om aan ander te gee wat Hy reeds aan jou gegee het. En hierdie geleenthede waar ons sy gawes moet uitdeel, mag nooit aan ander oorgelaat word nie. Dit is nie net die Predikant, ouderling, diaken of mede lidmaat se verantwoordelikheid nie. Nee, as jy in jou hart weet jy is kind van God, dan het jy die verantwoordelikheid om mee te werk aan die uitbreiding van God se koninkryk! Daarom: Gee aan ander wat God alreeds aan jou gegee het.

*Slot*

Verder, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, kom ons bedink dit eerder.

En wat ons geleer en ontvang het en gehoor het vanoggend uit die Woord, kom ons doen dit. En die God van vrede sal met ons wees. En so uit dankbaarheid, onderleiding van die Woord en Gees, arbei u en ek in God se koninkryk. AMEN

**Bylae 15. Deelnemer 3 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 41:39-51**

My hart is stukkend, ek is gebreek. Ja, ek sal vergewe, maar die seer sal ek nooit vergeet nie. Daar is baie soorte seer, maar die seerste seer is die seer wat mense mekaar aandoen. Kyk maar rond in die gemeenskap – daar waar u woon en werk. Sien hoe sukkel die mensdom om sy sondige, pynlike verlede te vergeet. Die ongehoorsame mens probeer alles in sy vermoë om nie die verlede se seer te onthou nie. Die vraag is, broeders en susters, hoe vergeet ek al my seer? Is ek moeg om elke jaar teleurgestel te word en onthou ek al die seer asof dit gister gebeur het? Het ek moed opgegee om te probeer vergeet, want wat help dit? Die seer is nou maar een maal deel van my lewe. Ek en die mense naby my moet dit so aanvaar.

Josef noem sy oudste seun Manasse, want het hy gesê, God het my alles laat vergeet. Al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het. Kom ons doen ’n ontleding van die pyn en hartseer van Josef. Ons lees daarvan in Gen. 37 en 39. Josef is die langverwagte seun van Jakob by sy lieflingvrou, Ragel. Jakob het Josef meer liefgehad as al sy ander kinders. Hierdie voortrekkery het aanleiding gegee tot Josef se verwaandheid. Dit het veroorsaak dat die jong Josef deur sy broers gehaat was. Sy broers het niks goeds van hom te sê gehad nie. Hulle noem hom die dromer. Hulle was jaloers op hom. Hy word deur hulle totaal verwerp. Die verwerping was so erg dat hulle hom wou vermoor. Net Ruben met sy eie motiewe, keer dat hulle hom nie vermoor nie, maar eerder in ’n put gooi. Josef word verder verneder as sy broers sy spogkleed van hom uittrek en dan word hy in ’n donker put gegooi. Terwyl Josef in die put was, het sy broers rustig eenkant gesit en eet. Daar kom handelaars verby en onder leiding van Juda word Josef aan hulle verkoop as slaaf.

Terug in Egipte word Josef verkoop aan Potifar. Hier maak Josef met die hulp van die Here groot opgang, totdat Potifar se vrou probeer om Josef te verlei. Josef bied weerstand en hardloop weg. Potifar se vrou kry ’n stuk van sy kleed beet. Haar toegeneentheid verander in haat en met die stuk van Josef se kleed in haar besit, is dit maklik om Josef by haar man met haar leuens aan te kla en te oortuig. Josef word weer eens verneder en in die tronk gegooi. Josef se drome is aan skerwe. Josef se drome was die beloftes wat hy van God ontvang het. Nou lyk dit vir Josef asof God se beloftes nie waar gaan word nie. Dit is maar net gewone dagdromery.

Wat het God aan jou beloof, my broeder en suster? Is ek so vasgevang in my pyn en my hartseer dat God se beloftes ook net dagdromery is? In die tronk, met die hulp van die Here, verklaar Josef die drome van die skinker en die bakker. Na ’n paar jaar word Josef vrygelaat uit die tronk en dan word hy voor Farao gebring. Hy verklaar met die hulp van God Farao se drome en word dadelik dan deur Farao as onderkoning aangestel. Nou is Josef in ’n magsposisie. Hy kan hom nou op almal wat hom seergemaak het wreek en laat wreek. Josef kan dus aan sy seuns oordra en hulle leer: Onthou die onreg en pyn wat

my aangedoen is deur my broers en Potifar se vrou. Julle moet dit gaan wreek. Josef kan kies: Of hy onthou sy pyn en neem wraak, of hy laat God al sy seer vergeet. As bewys van sy keuse, noem hy sy oudste seun Manasse, want God het my alles laat vergeet, al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.

Wat maak ons met ons opgehoopte pyn en hartseer van al die jare? Ja, hoe onthou ons nie die letsels van ons pyn en hartseer op ons siele nie? Ons onthou dit jaarin en jaaruit. Vertroetel die mense nie hulle pyn, kry hulle self nie so jammer dat ons nie God se beloftes onthou nie? Is God se beloftes aan ons maar net leë dagdrome? Of erger nog, as 'n mens die pyn en hartseer gebruik as 'n verskoning om sonde te doen.

Josef noem sy oudste seun Manasse, want het hy gesê, God het my alles laat vergeet, al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het. Wat leer God ons hier? God leer ons dit: My verhouding teenoor my pyn en hartseer word bepaal deur my geloof verhouding met God. Satan gebruik juis die broosheid van die mens, nie om jou God in die eerste stap te verwerp nie, nee, hy laat jou jou pyn en hartseer in die kleinste besonderhede onthou en sodoende vergeet jy van God en sy beloftes. Het u mooi gehoor? Ons kan van God en sy beloftes vergeet.

Josef noem sy oudste seun Manasse, want sy toekoms is vry van hartseer, want hy onthou God en God se beloftes. God se beloftes wat vervul is toe 'n ander Josef waarvan ons lees in Mat. 1:20-23 ook 'n kind, die verwagte Messias, se naam moes gee. Daar staan: Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie. Wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word. Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring en hulle sal Hom Immanuel noem. Die naam beteken: God by ons. Hy wat verneder, gespot en helse pyn verduur het, deur Satan versoek is, het nie wraak gesweer en Hom jammer gekry nie. Hy wat gebid het: Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat ek wil nie, maar wat U wil. Hy wat aan die kruis gespyker is en terwyl Hy aan die kruis gehang het geweier het om wyn te drink, want die wyn sou sy pyn verdoof het. Hy wil sy Vader se beloftes onthou. Hy sou sy hele lyding ten volle bewus wees van alles wat Hy moes deurmaak. Tot aan die einde het Hy gehoorsaam sy Vader se beloftes onthou. Hy kon uitroep: Dit is volbring.

My broeder en suster, onthou die pyn wat ons Here Jesus vir ons gedra het. Jesus Christus het die angel van my pyn en hartseer op Hom geneem, daarom kan ek nou sy las dra en sy beloftes onthou. Josef noem sy oudste seun Manasse, want het hy gesê, God het my alles laat vergeet, al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het. Ja, Jesus Christus het die angel van my pyn en hartseer op Hom geneem. Daarom kan ek nou sy las dra en sy beloftes onthou. Die pyn en hartseer is deur Jesus Christus oorwin. Wat beteken dit wanneer God sê Immanuel, God by ons? Dit beteken dat in my pyn en hartseer, God sy

beloftes my sal laat onthou. My broeder en suster, onthou Jesus Christus se beloftes. Mat. 28:20: Ek is by julle al die dae tot aan die voleindig van die wêreld. Heb. 13:5: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

Laat Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, die middelpunt van ons lewens wees. Ware Christenskap is nie sonder pyn en hartseer nie. Laat ons in teëspoed geduldig wees. Dis nie maklik nie, daarom moet ons onthou dat God alles, ook my pyn en my hartseer, vir my ten goede laat meewerk. En dat Hy van sy troon, my ewige heil en geluk, ook deur my pyn en hartseer bewerk. Josef noem sy oudste seun Manasse, want het hy gesê, God het my alles laat vergeet, al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het. In Fil. 3:14 sê die apostel Paulus: ek vergeet die dinge wat agter is, ek strek my uit na wat voor is en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. Met watter gesindheid gaan ons die res van die jaar in? Gaan ons die res van die jaar in met opgehoopte pyn en hartseer, wat ons laat moed opgee en ons van God en sy beloftes laat vergeet? Nee, kom laat ons as kinders van God die opgestane Christus se beloftes onthou. Jesus Christus wat weer gaan kom, versterk ons met die woorde: Die wat op die Here wag, kry nuwe krag, nuwe krag om ons hoë roeping van God in Christus Jesus gehoorsaam na te kom. Amen.

**Bylae 16. Deelnemer 4 (getranskribeer)**

**Teks: Genesis 50**

Geliefdes, is dit nie tragies nie, terwyl die eerste boek van die Bybel begin met die skepping van die wonderlike hemel daar bo, eindig die boek met 'n kis in Egipte. Die kis as simbool van die dood. Egipte as simbool van die slawehuis van die sonde. Maar kyk ook hoe wonderlik die boek Genesis begin met die lewende God wat die asem van die lewe in die mens geblaas het en die boek eindig met 'n mens, 'n mens wat gesterf het met 'n wens op sy lippe en 'n vêrgesig in sy oë. Hy was 'n merkwaardige man, daardie groot figuur uit die ou tyd – Josef, wat gedurende sy lewe die hoogste sporte bereik het, maar op sy sterfbed uiting gegee het aan 'n heilige ontevredenheid. 'n Onvergenoegdheid, daardie dag toe hy aan sy broers 'n vreemde opdrag gegee het. Daardie opdrag beteken doodeenvoudig: Ek behoort nie hier in Egipte nie, ek hoort in die land van die belofte.

Ons almal weet sy lewe was alles behalwe 'n maklike lewe, maar ten spyte van baie moeite en verdriet, drama en trane, is sy seunsdrome tog verwesenlik. Sy broers het voor hom gebuig, want hy het onderkoning geword. Sy eie volk het hy gered van hongersnood en uitwissing. Deur die Egiptenare is hy vereer as die behouer van die lewe. Sy bejaarde ou vader kon hy na baie jare weer sien en met sy broers is hy versoen. Waarlik, as daar op hierdie aarde iemand was wat kon terugkyk op 'n vrugbare en geseënde lewe, dan was dit Josef. En dit ten spyte van baie beproewinge. Maar hoe belangrik en skynbaar onmisbaar enige mens op aarde mag wees, vir elkeen kom eenmaal die dood, die einde van alles – ook vir Josef.

Toe dr. Verwoerd in 1966 op verraderlike wyse vermoor is, het daar 'n siddering deur ons volk gegaan. So was dit ook met die Egiptenare. Sonder Josef sou hulle hele volk en hulle pragtige beskawing waarskynlik tot niet gegaan het. Daarom, as daar ooit iemand was wat in Egipte 'n magtige monument tot 'n ewige nagedagtenis verdien het, dan was dit Josef. En dalk het hulle al begin beplan aan 'n indrukwekkende piramide, toe hulle skielik verneem ons onderkoning se wens was dat sy liggaam in 'n voorlopige graf geplaas moet word en sonder enige prag of praal. Sy lyk word wel gebalsem, maar daarna word die mummie in 'n kis neergelê, 'n kis met handvatsels. Is sy lewensreis dan nog nie beëindig nie? Sien u wat gebeur – almal het gedink hy gaan piramide toe, maar hy het gesê: My bestemming is die beloofde land.

Maar vierhonderd jaar lank moes die mummie wag. Toe sweepslae opklink oor die blink geswete rûe van Jakob se afstammelinge, het die kis met die mummie daarin vir die volk 'n prediking geword, 'n prediking wat sê: Hou goeie moed. Die God van Israel sal sekerlik op julle ag gee. Terwyl ek sterwend was, het ek self die uur van bevryding geprofeteer. En daardie groot ramp-nag vir koning en slaaf in Egipte, toe smartkrete uit elke Egiptiese huis opklink, toe gryp bewende hande vas aan die handvatsels van die kis en eerbiedig word Josef se gebalsemde oorskot saamgedra na die beloofde land. Israel trek,

die Godsvolk met hulle koning vooraan – ’n mummie in ’n kis en die slawevolk volg. ’n Dooie koning ja, maar deur sy laaste wens het hy sy volk vier eeue lank gewys op die toekoms van God.

U en ek en ons volk wat tans op ’n ander manier verdrukking ervaar in hierdie land wat God vir ons uitgemeet het, ’n land van melk en heuning en vleispotte, het ons ook ’n dooie koning, ’n lewelose volksleier? Nee, ons het die Lewensvors, Jesus Christus. Ons het nie ’n Josef wat in sy dood getuig van ’n land ver hiervandaan waarin God al sy beloftes waar sal maak nie. Nee, ons het Jesus Christus wat deur sy opstanding die eersteling is van die ontslapenes, maar as lewende koning aan die regterhand van God, alle mag in die hemel en op aarde besit en sy volgelinge wil lei na die nuwe aarde wat kom. Wat het die Israeliete saamgeneem op pad na die beloofde land? ’n Kis met ’n mummie. Ons het die Man met ’n doringkroon, of liewer, die Man met die koningskroon wat saam met ons trek al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

Laat ons altyd onthou: Ons lewe is net ’n voorlopige lewe. Die beste deel kom nog. Josef was op sy sterfbed ontevrede. Waarom? Want sy doelwit was die beloofde land. Is dit ook u doelwit? Kan u eerlik sê dat ook u verlang om heen te gaan en by Christus te wees? Of is die dood vir u ’n verskrikking? Waarom dan? Is dit omdat u lewe nog nie getuig van waaragtige bekering nie? O liewe sondaarmens, koop die tyd uit. Dit is nog genadetyd. Onthou, ook jy is duur gekoop. Dan moet ons ook onthou hierdie lewe is nog maar die begin. God se toekoms wag vir elke ware gelowige – die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde. Daar vloei nie die water van die Nylrivier nie, maar die water van die lewe – helder soos kristal wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. Hierdie toekoms is deur Christus oopgesluit toe Hy die dood oorwin en uit die graf opgestaan het.

Het u mooi gehoor? Hierdie lewe is nog maar die begin. Vir ons elkeen is die kritiese vraag: Hoe lank gaan ek lewe? Solank soos oumagrootjie of maar net so lank soos Fransie of gaan ek sterf in die fleur van my lewe, dalk in my middeljare? Maar die belangrikste is, sal ek dan so gereed wees soos my Godvresende oupa om my God te ontmoet? Sal ek vooraf geleentheid hê om my roeping en verkiesing vas te maak, my sondes te bely, my roetswart verlede voor God se voete te lê, sodat ek verseker kan wees van volkome vergifnis? Of, sal ek binne ’n oogwink sterf deur ’n rower se koeël of ’n massiewe beroerte of ’n aankomende dronk bestuurder, of ’n bliksemstraal uit die hemel? As ek op so ’n wyse sterf, is daar nie geleentheid vir berou nie. Jesus Christus het egter nie net die toekoms vir ons oopgesluit toe Hy dood en graf oorwin het nie, Hy het ons ook sy Gees gegee om ons elkeen intussen te troos en ewig by ons te bly. By ons elkeen in al ons beproewinge, al ons verdrukking, al ons smarte.

Hoe tragies eindig die eerste Bybelboek met ’n kis in Egipte, maar hoe heerlik eindig die laaste Bybelboek met die herskepping in Openbaring 21 en 22. Die nuwe Jerusalem met sy poorte van pêrels en sy strate van goud. Ek wil u dus herinner aan daardie gevleuelde woord van Paulus wat gesê het: Indien ons slegs vir hierdie lewe op Christus hoop, is ons die beklaenswaardigste van alle skepsele. Geliefde,

hou daarom u oog gevestig op Jesus Christus. Hy wat as dié behouder van die lewe, nie slegs twee volke soos Josef van uitwissing gered het nie, maar elke uitverkore kind van God. Hy wat alle lof en eer en roem op aarde moes ontvang het, maar verkies het om aan ’n vloekpaal te hang, sodat die doodsengel by ons sal verbygaan en ons vol lewensblydskap die pelgrimsreis na ons beloofde bestemming sal aanpak en voltooi. Amen.

**Bylae 17**

**Temas vir onderhoude met deelnemende predikante**

1. **Vasstel van die preekboodskap.**

2. **Die narratiewe stof van die Ou Testament**
   - i) Wat verander die wete dat ’n teks binne die narratiewe genre val aan u omgang met die teks?
   - ii) Hoe verander die historisiteit al dan nie van ’n teks, u interpretasie daarvan?
   - iii) In hoe ’n mate gee u aandag aan die literêre eienskappe, soos byvoorbeeld die karakters, karakterisering, plot, spanning, vokalisasie, ensovoorts, van ’n narratiewe teks tydens die hermeneutiese proses?
3. **Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament.**
   - i) Hoe sien u die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament? Sien u dit as sub-Christelik, nie-Christelik, voor-Christelik of Christelik? Waarom?
   - ii) Waarom, indien enigsins, sou u sê kan ons praat van ’n “meta-narratief” van die Skrif?
4. **Hermeneuties**
   - i) Watter rol speel die heilshistoriese plasing en heilshistoriese ontvouing van ’n teks tydens die hermeneutiese proses?
   - ii) Aan watter sake gee u veral aandag tydens die eksegese van ’n narratiewe teks?
   - iii) Hoe funksioneer die volgende tydens die interpretasieproses: Literêre interpretasie, historiese interpretasie en teologiese interpretasie?
   - iv) Wat is, volgens u, die verhouding tussen die Goddelike Outeur se bedoeling met ’n teks en die menslike outeur se bedoeling?
   - v) Dink u die menslike outeur begryp altyd die bedoeling van die Goddelike outeur ten volle? Kon lg. dalk meer bedoel het as dit waarvan die oorspronklike outeur bewus is?
   - vi) Watter rol, sou u sê, speel die mens se in-sonde-gevalle toestand met die noodsaak en bedoeling van ’n teks?
   - vii) Verduidelik Chapell se “fokus op die mens se in-sonde-gevalle toestand” van elke teks. Hou sou u te werk gaan om die FTG van ’n teks te bepaal?
5. **Oorgang van die Ou Testament na Christus**
   - i) Indien u met ’n Ou-Testamentiese teks werk, dink u dit is nodig om altyd by Christus uit te kom?
   - ii) Indien wel, hoe kom u by Christus uit?
   - iii) Watter slaggate probeer u vermy wanneer u ’n Ou-Testamentiese teks Christosentries interpreteer?
6. **Homileties**
   - i) Waarom, indien enigsins, sou u sê is verklarende prediking noodsaaklik vir Christosentriese prediking?

ii) Hoe verander u eksegetiese tema wanneer jy dit in ’n homiletiese tema omsit of bly dit maar dieselfde?

iii) Waarom dink u speel die formulering van ’n goeie homiletiese tema ’n belangrike rol in Christosentriese prediking?

iv) Hoe besluit u watter toepassings om te maak vanuit die teks?

v) In watter mate, dink u, sou Christosentriese prediking die wyse waarop ons ’n teks op hoorders se lewens toepas, beïnvloed?

vi) Hoe verhoed u dat toepassings nie verval in moralisme nie?